MOEDERS SE FASILITERING VAN HUL VOORSKOOLSE KINDERS SE EMOSIONELE ONTWIKKELING: 'N KINDERREGTE- PERSPEKTIEF

deur

ANGELIQUE ALBERTYN

Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in Maatskaplike Werk in die Fakuliteit Lettere en Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch.

Studieleier: Professor S Green

Desember 2012

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Deur hierdie proefskrif elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die alleenouteur daarvan is (behalwe in die mate uitdruklik anders aangedui), dat reproduksie en publikasie daarvan deur die Universiteit van Stellenbosch nie derdepartyregte sal skend nie en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: Desember 2012

Kopiereg © 2012 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

DANKBETUIGINGS

Ek wil graag die volgende persone bedank:

- My ouers – Dankie vir die geleentheid om my meestersgraad te kon doen en al die finansiële sowel as emosionele bystand
- Martin – Dankie vir al jou liefde en ondersteuning, en dat jy elke week na my klagtes geluister het en my weer moed in gepraat het
- Mevrou Weyers, my redigeerder, wat van die eerste dag af my gerus gestel het, die wêreld se geduld gehad het en my geleer het om taalkundig korrek te skryf
- My studieleier, professor Sulina Green, vir u leiding, voorstelle en bystand
- Die betrokke gesinsorgorganisasie, wat deelnemers aan my beskikbaar gestel het

Aan God, wat elke oomblik van elke dag my gebede aanhoor!

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Die emosionele ontwikkeling van ‘n voorskoolse kind is belangrik omdat dit dien as ‘n basis vir latere emosionele ontwikkeling. Suid-Afrikaanse beleid en wetgewing beklemtoon ook die beskerming van voorskoolse kinders en die voorsiening van programme wat ontwikkeling in hierdie ouderdomsgroep fasiliteer wat op die belangrikheid hiervan dui. Moeders is dikwels die versorgers wat emosionele ontwikkeling van voorskoolse kinders fasiliteer. Daarom is ‘n studie na die kennis wat moeders oor beskik om hierdie ontwikkeling te fasiliteer uitgevoer om areas vir vermeerdering van kennis te kan identifiseer.

‘n Verkennende en beskrywende studie is met 30 moeders wat die primêre versorgers van hul voorskoolse kinders is, onderneem. ‘n Semi-gestruktureerde onderhoud is met elke moeder gevoer, waarin kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe vrae gevra is oor basiese voorskoolse emosionele ontwikkeling om moeders se kennis, persepsies en behoefte aan kennis te ondersoek. Moeders se kennis van die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005 is ook ondersoek.

Daar is bevind dat moeders oor goeie kennis beskik rakende die basiese emosionele ontwikkeling van ‘n voorskoolse kind. Alhoewel kennis van basiese emosionele ontwikkeling goed was, het meeste moeders meegedeel dat hulle oor ‘n behoefte aan verdere kennis beskik. Deurdat slegs basiese emosionele ontwikkeling ondersoek is, moet verdere studies onderneem word om sekondêre ontwikkeling te ondersoek en daarvolgens moet programme saamgestel word om areas waar kennis onderbreek, aan te vul.

Ten spyte daarvan dat moeders se kennis van basiese voorskoolse emosionele ontwikkeling in hierdie studie goed was, was kennis van die Kinderwet 38 van 2005 min. Die Kinderwet 38 van 2005 word nasionaal toegepas op moeders met kinders en daarom is dit belangrik dat moeders van hierdie Wet kennis dra. In hierdie studie is‘n behoefte aan hierdie kennis rakende die Kinderwet 38 van 2005 aangedui en is die verbetering van kennis ten opsigte van die Kinderwet 38 van 2005 as ‘n aanbeveling vir dienslewering deur maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies gemaak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SUMMARY

The emotional development of a preschool child is of great importance, since it serves as a basis for later emotional development. South African policy and legislation emphasizes the protection of preschool children and the provision of programmes that support the development of preschool children. Mothers are often the caregivers of preschool children and need to facilitate the emotional development of their preschool child. Therefore a study that examines mothers' knowledge of the facilitation of preschool emotional development was conducted.

An exploratory and descriptive study was conducted with 30 mothers that served as the primary caregiver of a preschool child or children. A semi-structured interview was conducted with each mother where quantitative as well as qualitative questions were asked. These questions were based on basic preschool emotional development in order to study mothers' knowledge, perception and needs regarding preschool basic emotional development. Mothers' knowledge of the Child Care Act 38 of 2005 was also researched.

In this study mothers had good knowledge of basic preschool emotional development, but regardless of this knowledge, most mothers still had a need to learn more about preschool emotional development. Since only basic preschool emotional development was assessed, a study that investigates secondary emotional development needs to be conducted in order to create programmes that enhance knowledge of preschool emotional development.

Regardless of mothers' good knowledge of basic preschool emotional development, knowledge of the Child Care Act 38 of 2005 was poor. The Child Care Act 38 of 2005 is a national legal document that is applicable to all mothers and therefore it is important that mothers have knowledge regarding the content of this document. In this study mothers also indicated a need to learn more about the Child Care Act 38 of 2005, therefore the improvement of knowledge of the Child Care Act 38 of 2005 is a recommendation for service delivery for social workers at welfare organisations.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUD

HOOFSTUK 1 1

INLEIDING TOT DIE STUDIE 1

1.1 MOTIVERING VIR DIE STUDIE 1

1.2 PROBLEEMSTELLING 4

1.4 KLARIFISERING VAN KONSEPTE EN TERME 5

1.4.1 Moeders 5

1.4.2 Voorskoolse kinders 6

1.4.3 Kennis 6

1.4.4 Emosionele ontwikkeling 6

1.4.5 ‘n Kinderregte-perspektief 7

1.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE 7

1.5.1 Navorsingsbenadering 7

1.5.2 Navorsingsontwerp 8

1.5.3 Navorsingsmetode 9

1.5.3.1 Literatuurstudie 9

1.5.3.2 Steekproefprosedure 10

1.5.3.3 Populasie 10

1.5.3.4 Insluitingskriteria 11

1.5.3.5 Proses van steekproeftrekking 11

1.5.4 Metode van data-insameling 12

1.5.4.1 Navorsingsinstrument 12

1.5.4.2 Loodsstudie 13

1.5.4.3 Metode van data-analise 13

1.6 ETIESE ASPEKTE 14

1.7 BEPERKING VAN DIE STUDIE 14

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.8 AANBIEDING 15

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2 17

'N WETLIKE OORSIG RAKENDE DIE REGTE VAN 'N VOORSKOOLSE KIND 17

2. 1 INLEIDING 17

2.2 DIE BEVREDIGING VAN BASIESE BEHOEFTES VAN KINDERS VIR KINDERONTWIKKELING: DIE INVLOED VAN DIE SUID-AFRIKAANSE GRONDWET EN DIE KONVENSIE OOR DIE REGTE VAN DIE KIND 18

2.2.1 Basiese behoeftes van kinders 18

2.2.2 Die verwantskap tussen die Konvensie oor die Regte van die Kind en die Handves van Menseregte 18

2.2.3 Die invloed van die Konvensie oor die Regte van die Kind en die Handves van Menseregte op die regte van 'n voorskoolse Suid-Afrikaanse kind 19

2.3 DIE WITSKRIF VIR MAATSKAPLIKE WELSYN EN DIE BESKERMING EN BEVORDERING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE KIND SE ONTWIKKELING 22

2.3.1 Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn en die huishoudelike omgewing van 'n voorskoolse kind 23

2.3.2 Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn en kinderontwikkeling 24

2.4 DIE INVLOED VAN DIE KINDERWET OP DIE GESONDE EMOSIONELE ONTWIKKELING VAN KINDERS 25

2.4.1 Die beste belang van die kind 26

2.4.2 Ouers as versorgers se regte 30

2.4.3 Hofbevele om sorg en beskerming aan kinders te verskaf 31

2.5 DIE WYSIGING OP DIE KINDERWET EN DIE JONG KIND SE ONTWIKKELING 32

2.5.1 Die Wysiging op die Kinderwet en die implementering van vroeëkindontwikkelingsprogramme 32

2.5.2 Die Wysiging op die Kinderwet en die aard van vroeëkindontwikkelingsprogramme 34

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.6 DIE GROENSKRIF VIR FAMILIES EN DIE SKEPPING VAN GUNSTIGE OMSTANDIGHEDE VIR KINDERONTWIKKELING 35

2.6.1 Die invloed van die huishoudelike omgewing op die vroeë kind se emosionele ontwikkeling 36

2.6.2 Die Groenskrif vir Families en die skepping van gunstige huishoudelike omgewings vir kinderontwikkeling 37

2.6.3 Die aard van intervensieprogramme voorbehou in die Groenskrif vir Families 39

2.7 SAMEVATTING 40

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3 41

'N VOORSKOOLSE KIND SE EMOSIONELE ONTWIKKELING: TEORIEë EN PERSPEKTIEWE 41

3.1 INLEIDING 41

3.2 DIE MENSLIKE ONTWIKKELINGSPERSPEKTIEF 41

3.3 ERIKSON SE PSIGOSOSIALE TEORIE 43

3.3.1 Die babastadium 46

3.3.1.1 Sosiale gehegtheid 46

3.3.1.2 Emosionele ontwikkeling 47

3.3.2 Die kleuterjare 48

3.3.2.1 Fantasiespel 48

3.3.2.2 Self-kontrole (Selfbeheer) 49

3.3.3 Die vroeë skooljare 50

3.3.3.1 Geslagsrol-identifikasie 50

3.3.3.2 Vroeë morele ontwikkeling 51

3.3.3.3 Groepspel 51

3.3.3.4 Selfwaarde (Die selfkonsep) 52

3.4 Psigososiale krisisse 52

3.4.1 Die babastadium: Vertroue teenoor wantroue 53

3.4.2 Die kleuterjare: Outonomie teenoor skaamte en twyfel 53

3.4.3 Die vroeë skooljare: Inisiatief teenoor skuld 54

3.4 DIE PSIGOBIOLOGIESE BENADERING TOT EMOSIE 55

3.5 FREUD SE PSIGOANALITIESE TEORIE 55

3.5.1 Freud se psigoanalitiese teorie en die fases van ontwikkeling in 'n voorskoolse kind 55

3.5.1.1 Die orale fase van ontwikkeling 56

3.5.1.2 Die anale fase van ontwikkeling 57

3.5.1.3 Die falliese fase van ontwikkeling 58

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.5.2 Freud se psigoanalitiese teorie: Die id, ego en die superego 60

3.5.2.1 Die id 60

3.5.2.2 Die ego 61

3.5.2.3 Die superego 61

3.5.2.4 Beskermingsmeganismes 62

3.6 BANDURA SE SOSIALE LEERTEORIE 63

3.6.1 Definiëring en verduideliking van die sosiale leerteorie 63

3.6.2 Die leerproses van gedrag deur middel van reaksies op gedrag en gevolge van gedrag 64

3.6.3 Die aanleer van gedrag deur middel van modellering (observasie-leer) 65

3.7 DIE EKOLOGIESE SISTEEMTEORIE 66

3.7.1 Die ekologiese perspektief 66

3.7.2 Die sisteemteorie 67

3.7.2.1 Definisie van ‘n sisteem 67

3.7.2.2 Die breër netwerke van sisteme 68

3.7.2.3 Die funksionering van sisteme 71

3.7.3 Die ekologiese sisteemteorie 72

3.8 SAMEVATTING 72

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4 73

DIE PROSES VAN BASIESE EMOSIONELE ONTWIKKELING IN 'N VOORSKOOLSE KIND EN DIE INVLOED VAN DIE MOEDER AS VERSORGER 73

4.1 INLEIDING 73

4.2 DIE VORMING VAN DIE VERSORGER-BABA-BAND 74

4.2.1 Die belangrikheid van die versorger-baba-band en die invloed van die versorger 74

4.2.2 Mylpale in die ontwikkeling van die versorger-baba-band 75

4.2.3 Stadiums in die ontwikkeling van die versorger-baba-band 76

4.2.4 Die meting van die aard van die versorger-baba-band 78

4.3 DIE PROSES VAN BASIESE EMOSIONELE ONTWIKKELING IN 'N VOORSKOOLSE KIND EN DIE INVLOED VAN DIE VERSORGER AS FASILITEERDER 80

4.3.1 Die ontwikkeling van droefheid en die invloed van die versorger 80

4.3.1.1 Huil as 'n teken van droefheid 81

4.3.1.2 Die redes waarom mense huil 81

4.3.1.3 Die fisiologiese reaksie wanneer mense huil 82

4.3.1.4 Huilgedrag in babas 83

4.3.2 Die ontwikkeling van vreugde en die invloed van die versorger 83

4.3.2.1 Die glimlag as 'n uitdrukking van vreugde 84

4.3.2.2 Die invloed van die baba se glimlag op die moeder as versorger 85

4.3.3 Die ontwikkeling van aggressie en die invloed van die versorger 87

4.3.3.1 Die ontwikkeling van aggressie in die voorskoolse kind 87

4.3.3.2 Bydraende faktore tot aggressie in kinders en die invloed van die versorger (ouer) 88

4.3.3.3. Die toetsing van aggressie in die voorskoolse kind 89

4.3.4 Die ontwikkeling van angs en die invloed van die versorger 90

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.4.1 Vrese en die ontwikkeling van angs 91

4.3.4.2 Die ontwikkeling van vrees en ‘n gevoel van angstigheid in kinders... 91

4.3.4.3 Die toetsing van vrees en angstige ervarings in kinders 93

4.4 DIE PROSES VAN SOSIALE VERWYSING EN DIE INVLOED VAN DIE MOEDER AS VERSORGER 95

4.4.1 Die proses van sosiale verwysing 95

4.4.2 Die invloed van die moeder as versorger in die proses van sosiale verwysing..... 96

4.5. DIE PROSES VAN EMOSIONELE REGULASIE EN DIE INVLOED VAN DIE MOEDER AS VERSORGER 97

4.5.1 Definiëring van emosionele regulasie 97

4.5.2 Die rol van die moeder as versorger 98

4.5.3 Die invloed van konteks op emosionele regulering..... 99

4.5.4 Navorsingstudies rakende emosionele regulasie strategieë in kinders 100

4.6 TEMPERAMENT EN DIE INVLOED VAN DIE MOEDER AS VERSORGER 101

4.6.1 Die voorkoms van ‘n temperament in voorskoolse kinders 101

4.6.2 Die meting van ‘n temperament in die voorskoolse kind 101

4.7 DIE INVLOED VAN ‘N KLEUTERSKOOL OP ‘N VOORSKOOLSE KIND SE ONTWIKKELING 104

4.8 SAMEVATTING 106

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5 107

'N EMPIRIESE ONDERSOEK NA WAT MOEDERS SE KENNIS VAN BASIESE VOORSKOOLSE EMOSIONELE ONTWIKKELING IS 107

5.1 INLEIDING 107

5.2 DIE NAVORSINGSPROSES 107

5.3 BEVINDINGE VAN DIE STUDIE: PROFIEL VAN DEELNEMERS 108

5.3.1 Ouderdom 110

5.3.2 Huwelikstatus 112

5.3.3 Opvoedkundige kwalifikasie: Hoogste skoolstanderd geslaag 113

5.3.4 Werksomstandighede van deelnemers 114

5.3.5 Huishoudelike inkomste van deelnemer per maand 115

5.3.6 Aantal kinders versorg vanaf geboorte tot en met 6 jaar 115

5.3.7 Aantal versorgde kinders in 'n kleuterskool 116

5.4 BEVINDINGE VAN STUDIE: KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE RESULTATE 117

5.4.1 Redes waarom babas huil 118

5.4.2 Redes waarom voorskoolse kinders huil 119

5.4.3 Aanduiding dat 'n baba gelukkig is 120

5.4.4 Dinge waarvoor babas bang is 121

5.4.5 Die verhouding tussen die moeder se interaksie met ander persone en die baba se reaksie (gevoelens) 124

5.4.6 Deelnemers se persepsie van die meer aggressiewe geslag by kinders 125

5.4.7 Deelnemers se persepsie van eie kinders se vlak van aggressie 125

5.4.8 Meting van eie kinders se aggressie 126

5.4.9 Emosionele regulasievermoëns van 'n tweejarige 127

5.4.10 Motivering vir aanduiding van emosionele regulasievermoëns van 'n tweejarige 128

5.4.11 Persepsie van eie kinders se temperament 130

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.4.12 Meting van eie kinders se temperament 131

5.4.13 Die eerste emosie wat ‘n baba wys..... 132

5.4.14 Die identifisering van die emosionele toestand van ‘n baba 133

5.4.15 Die belangrikheid van die aandag van die moeders as versorgers in die eerste jaar na die baba se geboorte 134

5.4.16 Redes vir die belangrikheid van die aandag van moeders as versorgers in die eerste jaar na geboorte 136

5.4.17 Gunstige omgewings vir kinderontwikkeling..... 137

5.4.18 Die belangrikheid van emosionele ontwikkeling in ‘n voorskoolse kind 138

5.4.19 Redes vir die belangrikheid van voorskoolse emosionele ontwikkeling. 140

5.4.20 Moeders se behoefte aan kennis ten opsigte van voorskoolse emosionele ontwikkeling 142

5.4.21 Motivering vir moeder se behoefte aan kennis oor voorskoolse emosionele ontwikkeling 143

5.4.22 Verskaffers van kennis oor voorskoolse emosionele ontwikkeling aan moeders..... 145

5.4.23 Moeders se optrede teenoor kinders in voorskoolse jare en latere verhoudings van die kind..... 146

5.4.24 Waarom versorger se gedrag teenoor die kind in die voorskoolse jare dien as ’n basis vir latere verhoudings 147

5.4.25 Moeders se kennis oor vereistes van Suid-Afrikaanse Kinderwet (38 van 2005) vir gunstige omgewings vir kinderontwikkeling..... 149

5.4.26 Kennis van die Kinderwet 38 van 2005..... 151

5.4.27 Moeders se behoefte aan kennis oor die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005 152

5.4.28 Redes waarom deelnemers meer wil leer oor die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005..... 153

5.5 SAMEVATTING 155

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 6 156

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS 156

6.1 INLEIDING 156

6.2 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS 157

6.2.1 Profiel van die deelnemers: Identifiserende besonderhede 157

6.2.1.1 Ouderdom 157

6.2.1.2 Huwelikstatus 158

6.2.1.3 Opvoedkundige kwalifikasie 158

6.2.1.4 Werksomstandighede en huishoudelike inkomste per maand 158

6.2.1.5 Aantal kinders versorg en aantal versorgde kinders in ’n kleuterskool 159

6.2.2 Kennis oor die redes waarom ‘n baba huil 159

6.2.3 Kennis oor die redes waarom ‘n voorskoolse kind huil 160

6.2.4 Maniere waarop ‘n baba wys dat hy/sy gelukkig is 160

6.2.5 Dinge waarvoor ‘n baba vanaf geboorte tot en met twaalf maande bang is 161

6.2.6 Interaksie met ander persone en die baba se reaksie 162

6.2.7 Moeders se persepsies rakende hulle eie kinders se aggressie 162

6.2.8 Emosionele regulasievermoëns van ‘n tweejarige kind 163

6.2.9 Moeders se persepsie van hulle eie kinders se temperament 163

6.2.10 Maniere waarop ‘n baba emosie wys 164

6.2.11 Belangrikheid van die aandag van die moeder in die eerste jaar na die baba se geboorte 164

6.2.12 Gunstige omgewings vir kinderontwikkeling 165

6.2.13 Die belangrikheid van voorskoolse emosionele ontwikkeling 165

6.2.14 Moeders se behoefte aan kennis oor voorskoolse emosionele ontwikkeling 166

6.2.15 Optrede teenoor die kind en latere verhoudings 166

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.16 Kennis van die Kinderwet 38 van 2005 167

6.2.17 Moeders se behoefte aan kennis oor die Kinderwet 38 van 2005 167

6.3 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING 168

6.4 SAMEVATTING 168

BIBLIOGRAFIE 170

BYLAE 1 193

BYLAE 2 196

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LYS VAN FIGURE

Figuur 3.1 Die interaksie tussen sisteme 68

Figuur 3.2 Die breër network van sisteme 70

Figuur 5.1 Ouderdomme van deelnemers 111

Figuur 5.2 Huwelikstatus van deelnemers 112

Figuur 5.3 Hoogste skoolstanderd geslaag 113

Figuur 5.4 Werksomstandighede van deelnemers 114

Figuur 5.5 Huishoudelike inkomste van deelnemer per maand 115

Figuur 5.6 Aantal kinders vanaf geboorte tot en met ses jaar versorg 116

Figuur 5.7 Die aantal versorgde kinders wat in ’n kleuterskool was 117

Figuur 5.8 Deelnemers se persepsie van die geslag wat meer aggressief voorkom 125

Figuur 5.9 Die belangrikheid van die aandag van moeders as versorgers se aandag in die eerste jaar na geboorte 135

Figuur 5.10 Die belangrikheid van emosionele ontwikkeling in ‘n voorskoolse kind 139

Figuur 5.11 Moeders se kennis oor die vereistes van die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005 se gunstige omgewings vir kinderontwikkeling 150

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LYS VAN TABELLE

Tabel 3.1 Die psigososiale lewensfases en gepaardgaande ontwikkelingstake 45

Tabel 3.2 Emosionele gedrag van ‘n baba 47

Tabel 4.1 Die opeenvolgende stadiums in die ontwikkeling van die versorger-baba band 77

Tabel 4.2 Vrese in die voorskoolse kind vanaf geboorte tot en met ses jaar 92

Tabel 4.3 Thomas en Chess se model: Die nege dimensies van die temperament 102

Tabel 4.4 Klassifikasies van ‘n temperament: 3 Tipes kinders 103

Tabel 5.1 Profiel van deelnemers 109

Tabel 5.2 Profiel van deelnemers *vervolg* 110

Tabel 5.3 Deelnemers (moeders) se kennis van die redes waarom babas huil 118

Tabel 5.4 Moeders se response op die redes waarom voorskoolse kinders huil 119

Tabel 5.5 Aanduiding dat ‘n baba gelukkig is 121

Tabel 5.6 Dinge waarvoor babas bang is 122

Tabel 5.7 Verhouding tussen moeder se interaksie met ander persone en die baba se reaksie (gevoelens) 124

Tabel 5.8 Deelnemers se persepsie van eie kinders se vlak van aggressie 126

Tabel 5.9 Aggressiewe gedrag wat deelnemers se kinders getoon het 127

Tabel 5.10 Emosionele regulasievermoëns van ‘n tweejarige 128

Tabel 5.11 Motiverings vir aanduiding van emosionele regulasievermoëns van ‘n tweejarige 129

Tabel 5.12 Deelnemers se persepsie van hulle kinders se temperament 130

Tabel 5.13 Rede vir klassifikasie van eie kind se temperament: Maklik 131

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5.14 Rede vir klassifikasie van eie kind se temperament: Moeilik 132

Tabel 5.15 Die eerste emosie wat ‘n baba wys 133

Tabel 5.16 Aanduiding van hoe baba voel 134

Tabel 5.17 Redes vir die belangrikheid van die aandag van moeders as versorgers in die eerste jaar na geboorte 136

Tabel 5.18 Gunstige omgewings vir kinderontwikkeling 137

Tabel 5.19 Redes vir die belangrikheid van voorskoolse emosionele ontwikkeling 141

Tabel 5.20 Moeders se behoefte aan kennis ten opsigte van voorskoolse emosionele ontwikkeling 143

Tabel 5.21 Motivering vir moeder se behoefte aan kennis oor voorskoolse emosionele ontwikkeling 144

Tabel 5.22 Verskaffers van kennis oor voorskoolse emosionele ontwikkeling aan moeders 145

Tabel 5.23 Versorger se gedrag teenoor die kind in die voorskoolse jare en die basis vir latere verhoudings 146

Tabel 5.24 Waarom versorger se gedrag teenoor die kind in die voorskoolse jare dien as ’n basis vir latere verhoudings 148

Tabel 5.25 Kennis van die Kinderwet 38 van 2005 151

Tabel 5.26 Moeders se behoefte aan kennis oor die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005 152

Tabel 5.27 Redes waarom deelnemers meer wil leer oor die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005 154

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

INLEIDING TOT DIE STUDIE

1.1 MOTIVERING VIR DIE STUDIE

Menslike ontwikkeling kan in vier basiese kategorieë verdeel word, naamlik fisiologiese, sosiale, kognitiewe en emosionele ontwikkeling (Atkinson, Atkinson, Smith & Bem, 1990; Hayes, 2000; Berk, 2009). Emosionele ontwikkeling verwys na ’n geleidelike toename in die kapasiteit om die volle reeks van emosies te ervaar, uit te druk en te interpreteer (VandenBos, 2007:325). Volgens Sigmund Freud geskied die grondslagfase vir emosionele ontwikkeling reeds in die vroeë kinderjare (Fonagy, 2005:77; Wait, Meyer & Loxton, 2005:34). Verbrokkeling van ‘n kind se emosionele ontwikkeling kan reeds in die eerste paar maande na geboorte geskied (Toman, 1960:139). Onherstelbare emosionele skade kan teen drie maande plaasvind (Toman, 1960:139). Omdat emosionele ervarings ook die fisiese welstand van die kind beïnvloed (Berk, 2009:401), is dit belangrik om te verseker dat gesonde emosionele ontwikkeling in die voorskoolse kind gefasiliteer word.

Ouers (moeders) is belangrik vir hul kinders se emosionele ontwikkeling (Von Salisch, 2001:310). Die rede hiervoor is dat moeders as primêre figure vir die ondersteuning van hul kinders in tye van pyn, angs of distres dien (Von Salisch, 2001:311). Die verhouding wat tussen die moeder en die kind ontwikkel, is die verhouding wat die kind die meeste beïnvloed (Craig, 1992:187). Daarom is dit belangrik dat hierdie verhouding in die kind se behoefte aan gesonde emosionele ontwikkeling voorsien. Daar is bevind dat kennis en insig rakende ‘n kind en sy of haar ontwikkelingsfase ‘n voorvereiste vir ‘n pro-aktiewe benadering tot ouerskap is (Grobbelaar & Ryke, 2004:81). Omdat moeders dikwels die primêre versorgers van voorskoolse kinders is, sal die kennis van moeders (as versorgers) van hul voorskoolse kind se emosionele ontwikkeling as basis kan dien om positiewe emosionele ontwikkeling in hul voorskoolse kind te fasiliteer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Kennis van kinderontwikkeling verhoog die aard van sorg wat aan ‘n voorskoolse kind verskaf word (Stevens, 1984:241). ‘n Tekort aan kennis by die moeder as versorger van die kind, kan tot ‘n laer vlak van ontwikkeling in die kind lei (Stevens, 1984:237). Beperkte kennis en begrip rakende die emosionele ontwikkeling van ‘n voorskoolse kind en verwagte gedrag van daardie kind, kan frustrasie en swak bindings tussen die moeder en die kind tot gevolg hê. Hierdie beperkte kennis kan ook tot wrede ouerskapstyle en kindermishandeling lei (Glascoe & MacLean, 1990:280; Craig, 1992:202; Adejuwon, 2005:108; Morawska & Sanders, 2005:3; Smith, 2010:382). Laasgenoemde gedrag van die moeder kan die voorskoolse kind se emosionele ontwikkeling negatief beïnvloed.

Kennis van kinderontwikkeling stel moeders in staat om gesonde emosionele ontwikkeling te fasiliteer. Moeders wat oor minder kennis rakende hul kind se ontwikkeling beskik, is meer geneig om hul rol as versorger as stresvol te beskou (Adejuwon, 2005:108). Moeders wat wel oor kennis rakende hul kind se ontwikkeling beskik, reageer met meer insig teenoor ‘n kind wat inisiatief neem (Morawska & Sanders, 2005:3). Navorsing het bevind dat ouers (moeders) hul eie kennis rakende hul kind se ontwikkeling as onvoldoende beskou het of dat ouers nie oor die nodige kennis beskik om gesonde kinderontwikkeling te fasiliteer nie (Stevens, 1984:237; Glascoe & MacLean, 1990:280; Grobbelaar & Ryke, 2004:82,88; Adejuwon, 2005:107-108; Rikhy, Tough, Trute, Benzies, Kehler & Johnston, 2010) en daarom sukkel om ‘n verhouding met hul kind te vestig (Grobbelaar & Ryke, 2004:88). Om hierdie rede is ‘n ondersoek na moeders se kennis van hul voorskoolse kind se emosionele ontwikkeling nodig, aangesien kennis as ‘n basis vir die fasilitering van emosionele ontwikkeling dien.

Afgesien van die duidelike korrelasie tussen kennis van kinderontwikkeling en verhoogde versorgingskapasiteit, vereis die Suid-Afrikaanse wetgewing (soos vervat in die Republiek van Suid-Afrika se Kinderwet 38 van 2005) ook dat ‘n versorger (moeder) haar kind se welstand moet beskerm en bevorder. Onvoldoende kennis van kinderontwikkeling verlaag die kapasiteit van die moeder as versorger om die kind se welstand te beskerm en te bevorder (Stevens, 1984; Glascoe & MacLean, 1990; Craig, 1992; Morawska & Sanders, 2005; Berk, 2009). ’n Hele gedeelte van die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) word afgestaan aan die bespreking van die beskerming van kinders en hulle behoeftes (Republic of South Africa, 1997:62-69).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn noem dat kinders tussen die ouderdom van geboorte en ses jaar die kwesbaarste groep is (Republic of South Africa, 1997:63). Daarom moet moeders van kinders wat binne hierdie ouderdomsgroep val, kennis dra van hul kinders se emosionele ontwikkeling om dit te kan fasiliteer.

Die Handves van Menseregte (hoofstuk 2) van die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996) maak voorsiening vir die aanspreek van behoeftes en beskerming van die land se kinders (Republic of South Africa, 1996a:1255). Suid-Afrika het ook ’n Kinderwet (Republic of South Africa, 2005) wat gronde stel vir die beskerming van die land se kinders en die bevordering van gesonde ontwikkeling van kinders in Suid-Afrika. Daarom is dit ook vanuit ‘n wetlike perspektief belangrik dat moeders kennis sal dra van hul voorskoolse kind se emosionele ontwikkeling om dit te kan fasiliteer.

In die Suid-Afrikaanse beleid en wetgewing word klem op ‘n gesonde omgewing vir die ontwikkeling van ‘n kind geplaas (South African Human Rights Commission, 2011:20,26,28,40). Hierdie vereiste word ondersteun in die literatuur deurdat bevindinge toon dat ‘n goeie kwaliteit-omgewing optimale ontwikkeling van ‘n jong kind ondersteun (Marshall, 2004:166). Die huishoudelike omgewing is een van die belangrikste bydraende faktore in kinders se ontwikkeling (Morawska & Sander, 2005:3). Daarom moet moeders se kennis as basis dien om positiewe omgewings vir kinderontwikkeling te skep.

Daar bestaan ‘n leemte in die Suid-Afrikaanse literatuur oor moeders se kennis van hul rol as versorger in die fasilitering van gesonde emosionele ontwikkeling in hul voorskoolse kind. In die literatuur kon geen studie gevind word wat presies hierdie onderwerp ondersoek nie. Navorsingstudies wat wel gedoen is, handel oor aspekte rondom hierdie onderwerp, byvoorbeeld die behoeftes van ouers aan kennis (Grobbelaar & Ryke, 2004), die rol van nasorg of kleuterskoolfasiliteite in kinderontwikkeling (Hiedemann & Joesch, 2002; Marshall, 2004), die risikofaktore verbonde aan moedersubstansiemisbruik (Damgaard, Jensen, Petersen, Skakkebaek, Toppari & Main, 2007; Ovens, 2009) en die aard van emosionele ontwikkeling in ‘n voorskoolse kind (Borgquist, 1906; Messinger, Cassel, Acosta, Ambadar & Cohn, 2008; Murray, De Rosnay, Pearson, Bergeron, Schofield, Royal-Lawson & Cooper, 2008; Van den Akker, Dekovic, Prinzie & Asscher, 2010). Daarom is dit belangrik dat hierdie studie ondersoek instel na die aard van moeders se kennis van hul

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voorskoolse kind se emosionele ontwikkeling (vir die fasilitering daarvan) in ‘n Suid-Afrikaanse konteks.

Wanneer daar na nasionale beleid en wetgewing van Suid-Afrika gekyk word, word gesonde ontwikkeling van kinders beklemtoon. Voorkomings- en vroeë intervensieprogramme word vereis vir die gesonde ontwikkeling van ‘n voorskoolse kind (Republic of South Africa, 1997; Republic of South Africa, 2007). Die leemte in die bestaande literatuur, asook die verskansing van kinderregte en die beskerming en bevordering van gesonde ontwikkeling van kinders binne die Suid-Afrikaanse wetgewing, dien as motivering vir hierdie studie.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Dit is duidelik uit die voorafgaande uiteengesette bevindinge deur ander navorsers dat moeders oor kennis moet beskik om voorskoolse kinders se emosionele ontwikkeling te kan fasiliteer (Stevens, 1984:241; Glascoe & MacLean, 1990; Craig, 1992; Morawska & Sanders, 2005; Berk, 2009). Fasilitering van gesonde kinderontwikkeling is ook ‘n wetlike vereiste (Republic of South Africa, 1996a:1255; Republic of South Africa, 2005; South African Human Rights Commission, 2011:20,26,28,40). Baie navorsing is gedoen rondom soortgelyke onderwerpe (Borgquist, 1906; Hiedemann & Joesch, 2002; Grobbelaar & Ryke, 2004; Marshall, 2004; Damgaard, et al., 2007; Messinger et al., 2008; Murray et al., 2008; Ovens, 2009; Van den Akker et al., 2010), maar ‘n studie wat moeders se kennis as basis vir die fasilitering van voorskoolse kinders se emosionele ontwikkeling vanuit ‘n Suid-Afrikaanse kinderregte-benadering ondersoek, is nog nie gedoen nie. Om hierdie rede is navorsing vanuit ‘n kinderregte-benadering relevant om begrip te kry vir die aard en omvang van moeders se kennis om basiese voorskoolse emosionele ontwikkeling te kan fasiliteer.

1.3 DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die doel van hierdie navorsing is om te bepaal hoe moeders as versorgers van hul voorskoolse kind hulle kennis oor basiese emosionele ontwikkeling kan gebruik om

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

emosionele ontwikkeling te fasiliteer, en om riglyne vir die beplanning van intervensieprogramme vir ouerskapsopleiding in gesinsorgorganisasies aan te bied.

Die doelwitte vir hierdie studie is die volgende:

- om ’n oorsig te gee van die beleid en wetgewing van kinderbeskerming en -bevordering in Suid-Afrika;
- om die emosionele ontwikkeling van ’n voorskoolse kind met behulp van ontwikkelingsteorieë te beskryf;
- om die rol van die moeder as versorger, vir die fasilitering van die voorskoolse kind se basiese emosionele ontwikkeling, te beskryf;
- om empiries te ondersoek wat moeders se kennis van die basiese emosionele ontwikkeling van hul voorskoolse kind is om dit te kan fasiliteer;
- om riglyne deur middel van aanbevelings vir ouerskapsopleidingprogramme aan maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies te verskaf.

1.4 KLARIFISERING VAN KONSEPTE EN TERME

Die volgende konsepte word vir die doeleindes van hierdie studie geklarifiseer.

1.4.1 Moeders

Die moederfiguur is ‘n persoon wat die moeder-rol in die verhouding met ‘n kind vervul (VandenBos, 2007:594). Die moeder word beskryf as ‘n vrou wat ‘n ouer van ‘n kind is of optree as ‘n moeder teenoor ‘n kind (Oxford Advanced Learner’s Dictionary, 2005:956). Moeders is dikwels die versorgers van kinders (Landman, 2009).

Vir die doeleindes van hierdie studie word moeders beskou as ‘n vrou(ens) met een of meer kinders (Beknopte Verklarende Woordeboek, 1989:313) bo die ouderdom van ses jaar, juis omdat die kennis van moeders wat reeds ‘n voorskoolse kind grootgemaak het, ondersoek moet word om te bepaal oor watter kennis die moeder beskik het om gesonde emosionele ontwikkeling te kon fasiliteer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wanneer daar in hierdie studie verwys word na moeders, verwys dit na die vertolking van die moeder se rol as ‘n versorger van die kind, en nie slegs die biologiese/ wettiese komponent van moederskap nie.

1.4.2 Voorskoolse kinders

’n Kind verwys na ’n persoon onder die ouderdom van agtien jaar (Republic of South Africa, 2005:20). ‘n Voorskoolse kind is ‘n kind onder die ouderdom wanneer verpligte opvoeding/ onderwys begin (Collins Dictionary, 2003:1284). Voorskoolse kinders is gewoonlik tussen die ouderdom van geboorte en ses jaar (Wait et al., 2006:71,95,115). In hierdie studie sal ‘n voorskoolse kind gesien word as ‘n kind tussen die ouderdom van geboorte en ses jaar, voordat die kind die verpligte laerskoolonderwys-stadium betree.

1.4.3 Kennis

Kennis beteken om ’n goeie begrip te hê (Beknopte Verklarende Woordeboek, 1989:215). Dit verwys na die informasie, begrip en vaardighede wat ‘n mens deur opvoeding en ervaring ontvang (Oxford Advanced Learner’s Dictionary, 2005:902), asook die begrip vir ‘n spesifieke feit of situasie (Oxford Advanced Learner’s Dictionary, 2005:902). In hierdie studie verwys kennis na ’n moeder as versorger se begrip rakende haar voorskoolse kind se basiese emosionele ontwikkeling en haar rol as moeder in hierdie ontwikkeling.

1.4.4 Emosionele ontwikkeling

Emosionele ontwikkeling word beskryf as die geleidelike toename in die kapasiteit om die volle reeks van emosies te ervaar, uit te druk en te interpreteer (VandenBos, 2007:325; Corsini, 2002:325). Hierdie studie fokus op die basiese emosionele ontwikkeling wat in ‘n voorskoolse kind geskied. Basiese emosionele ontwikkeling word op laasgenoemde definisie toegepas. Dit behels die geleidelike toename in die kapasiteit om die basiese reeks van emosies te ervaar, uit te druk en te interpreteer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Basiese emosies verwys na emosies soos vreugde, droefheid, woede, vrees, belangstelling, verbasing, walging, aanvaarding en afwagting (Jordaan & Jordaan, 1998; Deater-Deckard, Lefrancois, Hardman, Reid, Sirios & Spencer, 2002; Berk, 2009). In hierdie studie verwys die basiese emosionele ontwikkeling na ‘n kind se toename in die kapasiteit om vreugde, droefheid, woede en vrees te ervaar, uit te druk en te interpreteer. Daar is verskeie emosies wat ervaar kan word, asook ‘n wye reeks van meer komplekse emosies, maar vir ‘n realistiese ondersoek van moeders se kennis word basiese emosies in hierdie studie toegepas en ondersoek.

1.4.5 ‘n Kinderregte-perspektief

Om die term “kinderregte-perspektief“ beter te verstaan, sal die konsepte van “kind“, “reg“ en “perspektief“ kortliks omskryf word.

‘n Kind word beskou as ‘n persoon onder die ouderdom van agtien jaar (Republic of South Africa, 2005). In hierdie studie is die fokus op die voorskoolse kind. ‘n Reg verwys na ‘n belang wat deur wetgewing beskerm word (Barker, 2003:373). ‘n Perspektief verwys na ‘n sekere houding teenoor iets, of ‘n manier van dink oor iets (Oxford Advanced Learner’s Dictionary, 2005:1085).

In hierdie studie verwys ‘n kinderregte-perspektief na die manier van dink en die sienings wat rakende voorskoolse kinders se regte gevorm word. Hierdie sienings rakende kinderregte verwys na die reg vir elke kind in Suid-Afrika op ’n gesonde basiese emosionele ontwikkeling in ’n gunstige omgewing.

1.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Vir die doel van hierdie studie is ‘n sorgvuldige literatuurstudie gedoen. Die navorsingsbenadering, navorsingsontwerp, navorsingsmetode en metode van data-analise van hierdie studie sal volgende bespreek word.

1.5.1 Navorsingsbenadering

Hierdie studie het gebruik gemaak van ‘n gemengde navorsingsbenadering (Creswell, 2009:28) wat kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe metodes van data-insameling

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

insluit. De Vos, Strydom, Fouché & Delport (2011) gee ‘n sorgvuldige beskrywing van ‘n kwantitatiewe benadering. ‘n Kwantitatiewe benadering word beskryf as die meting van objektiewe feite, die fokus op veranderlikes, statistiese analise van data en objektiwiteit van die navorser (Brynard & Hanekom, 1997:29; Creswell, 2009:27; Gravetter & Forzano, 2009:147; De Vos et al., 2011:91). Aangesien hierdie studie onder andere poog om vas te stel wat die kennis van moeders van hul voorskoolse kinders se basiese emosionele ontwikkeling is (om dit te kan fasiliteer), was ‘n kwantitatiewe benadering tot data-insameling benut.

‘n Kwalitatiewe benadering aan die ander kant stel die navorser in staat om die sosiale realiteit deur middel van ‘n interaktiewe proses te ondersoek (Brynard & Hanekom, 1997:29; Cresswell, 2009:26; De Vos et al., 2011:91). Alhoewel hierdie studie die ondersoek van objektiewe feite insluit, sal die uitsluiting van ‘n kwalitatiewe benadering die interpretasie van data beperk. ‘n Kwalitatiewe benadering sal ‘n wyer begrip rakende moeders se persepsies en behoeftes met betrekking tot ‘n voorskoolse kind se basiese emosionele ontwikkeling verskaf (Rubin, 1983:341). Daarom is daar van ‘n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings gebruik gemaak om tot die bereiking van die doel en doelwitte vir hierdie studie by te dra.

1.5.2 Navorsingsontwerp

‘n Verkennende studie word beskryf as ‘n studie wat die navorser se insig ten opsigte van ‘n spesifieke situasie verbreed (Creswell, 2009:26; De Vos et al., 2011). Die nut vir so ‘n studie kan ontwikkel as gevolg van ‘n tekort aan basiese informasie in ‘n nuwe area van belangstelling (De Vos et al., 2011:95). Aangesien daar ‘n leemte in die literatuur bestaan rakende moeders as versorgers se kennis en fasilitering van hul voorskoolse kind se basiese emosionele ontwikkeling, is ‘n verkennende studie geskik om nuwe data in te samel. Hierdie verkennende studie is kwantitatief van aard.

Omdat daar in hierdie studie ‘n prentjie geskep sal word van die huidige situasie rakende moeders se kennis van hul voorskoolse kind se basiese emosionele ontwikkeling, sal dit ook as ‘n beskrywende studie dien (Gravetter & Forzano, 2009:149; De Vos et al., 2011:95). Die beskrywende studie is beide kwantitatief en kwalitatief van aard.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die doel van hierdie studie is basies sowel as toegepas, aangesien dit kennis wil verbreed, maar ook riglyne vir intervensies wil skep (Brynard & Hanekom, 1997:5; De Vos et al., 2011).

1.5.3 Navorsingsmetode

Vir die doeleindes van hierdie studie is ‘n literatuur- en empiriese studie uitgevoer. Die literatuurstudie het die navorser oriënteer rakende die onderwerp, en die empiriese studie het die kennis waaroor moeders beskik (rakende hul voorskoolse kind se basiese emosionele ontwikkeling), ondersoek.

1.5.3.1 Literatuurstudie

‘n Literatuurstudie verskaf ‘n breër begrip ten opsigte van die onderwerp wat tydens die navorsing ondersoek word. Dit help om die onderwerp te fokus sodat onnodige soektogte vermy kan word (De Vos et al., 2011). Deur resente literatuur te bestudeer, kan die navorser bepaal watter studies en navorsingsondersoeke reeds afgelê is om duplikasie van studies te vermy. Die literatuurstudie help die navorser om leemtes in die bestaande literatuur rakende die onderwerp te identifiseer (Black, 1999:23-24; Gravetter & Forzano, 2009:48; De Vos et al., 2011:134-135).

Deur ‘n literatuurstudie het die navorser besef dat daar ‘n leemte in die Suid-Afrikaanse literatuur bestaan rakende moeders as versorgers se kennis van hul voorskoolse kind se basiese emosionele ontwikkeling. Die Suid-Afrikaanse beleid en wetgewing wat bestudeer is, het aangedui dat gesonde emosionele ontwikkeling in voorskoolse kinders gefasiliteer moet word. Die nut van moeders se kennis as basis vir die fasilitering van basiese emosionele ontwikkeling word wel deur die literatuur ondersteun. Dus het die leemte ten opsigte van die kennis van Suid-Afrikaanse moeders van hul voorskoolse kind se emosionele ontwikkeling as motivering vir die studie gedien. Laasgenoemde motivering en bepaalde onderwerp is met behulp van ‘n literatuurstudie geïdentifiseer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.5.3.2 Steekproefprosedure

Die navorser het van nie-ewekansige steekproeftrekking gebruik gemaak. Nie-ewekansige steekproeftrekking behels dat elke element van die populasie in die steekproef onbekend is (Bless, Higson-Smith & Kagee, 2006:100). Dit is dus onmoontlik om al die verteenwoordigende elemente van die populasie in die steekproef te bepaal.

Daar word na drie soorte nie-ewekansige steekproeftrekkings verwys (Bless et al., 2006:101). Hierdie soorte steekproeftrekkings sluit in beskikbaarheid-steekproeftrekking, doelbewuste steekproeftrekking en kwota-steekproeftrekking (Bless et al., 2006:101). Die steekproeftrekking wat vir hierdie studie benut is, behels die doelbewuste trekking van ‘n steekproef. Die steekproeftrekking is gebaseer op die navorser se oordeelsvermoë ten opsigte van die verteenwoordiging van die populasie in die steekproef (Black, 1999:124; Bless et al., 2006:106). ‘n Doelbewuste steekproef is getrek van moeders met kinders bo die ouderdom van ses jaar, waar die versorger van die kinders aan die nodige insluitingskriteria vir die studie voldoen het. Een-en-tagtig deelnemers wat aan die insluitingskriteria voldoen, is deur ‘n gesinsorg-organisasie na die navorser verwys.

1.5.3.3 Populasie

’n Populasie verteenwoordig alle moontlike persone wat aan die nodige kriteria voldoen om deel van die navorsingstudie te vorm (Black, 1999:111; Bless et al., 2006:98). Die populasie vir hierdie studie is vanuit twee woonbuurte in Stellenbosch verkry. Hierdie persone is dikwels Afrikaanssprekend en verdien meestal ‘n inkomste van minder as R5000 per maand per huishouding. Die persone wat die populasie uitmaak, het deel gevorm van ‘n kinder- en gesinsorgvereniging in Stellenbosch. Die fokus is op moeders geplaas. In hierdie studie verteenwoordig moeders met ‘n kind bo die ouderdom van ses jaar, wat as ’n versorger vir die kind dien, wat in bogenoemde area woon en deel van die kliëntebasis van die betrokke kinder – en gesinsorgorganisasie in Stellenbosch is, die populasie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.5.3.4 Insluitingskriteria

Wanneer ‘n steekproef getrek word, moet die steekproef alle elemente van die populasie wat ondersoek word, insluit (Bless et al., 2006). Daarom is dit nodig dat ‘n insluitingskriteria bepaal word vir persone wat aan hierdie studie deelneem om seker te maak dat die persone wat deelneem, wel deel van die beoogde populasie vorm.

Die insluitingskriteria vir hierdie studie behels die volgende:

- Die persoon moet ‘n Suid-Afrikaanse burger wees.
- Die persoon moet vroulik wees.
- Die persoon moet een of meer kinders van die ouderdom ses jaar of ouer hê en moet dien as ’n versorger vir die kind.
- Die persoon moet deel van die kliëntebasis van die betrokke kinder- en gesinsorgorganisasies vir die studie wees.
- Die persoon moet in die gekose area vir die studie woon.

1.5.3.5 Proses van steekproeftrekking

Al die persone wat deel vorm van die fokus van die studie en van wie die navorser informasie wil verkry, word die populasie genoem. Aangesien dit nie moontlik vir die navorser is om die hele populasie tydens die studie te betrek nie, het die navorser van ’n steekproef gebruik gemaak (Black, 1999:116; Bless et al., 2006:100; De Vos et al., 2011:48). ‘n Steekproef verwys na die persone wat aan die navorsing deelneem. Hierdie persone voldoen aan die vereistes om deel te vorm van die populasie volgens die insluitingskriteria (Bless et al., 2006:98). Alhoewel hierdie studie se resultate nie tot die hele populasie ge-ekstrapoleer kan word nie (’n doelbewuste steekproef word getrek), verskaf dit ’n tendens en ’n riglyn vir intervensie-areas rakende moeders se kennis. Die steekproef in hierdie studie het bestaan uit een-en-tagtig moeders wat aan die insluitingskriteria voldoen en deur ‘n kinder- en gesinsorgorganisasie in Stellenbosch aan die navorser voorgelê is, van waaruit dertig in die studie betrek is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.5.4 Metode van data-insameling

Data kan geklassifiseer word volgens die metode wat gebruik is om dit in te win (Bless el al., 2006:111). Die proses van data-insameling is baie belangrik wanneer sosiale navorsing gedoen word (Blaikie, 2000:30). Hierdie studie het gebruik gemaak van primêre data, aangesien data wat ingewin is, direk verband hou met die doel van die navorsing en om die navorsingsvraag: "Wat is moeders as versorgers se kennis van hul voorskoolse kind se basiese emosionele ontwikkeling?" te beantwoord (Bless et al., 2006:112).

Die navorsingsinstrument en die metode van data-analise sal in die volgende gedeelte bespreek word.

1.5.4.1 Navorsingsinstrument

Data is ingesamel deur van 'n semi-gestruktureerde vraelys gebruik te maak. Hierdie vraelys is gebaseer op moeders as versorgers se kennis en fasilitering van hul voorskoolse kind se basiese emosionele ontwikkeling. Bestaande literatuur rakende 'n voorskoolse kind se basiese emosionele ontwikkeling, asook die rol van die moeder in hierdie ontwikkeling, het as basis vir die samestelling van die vraelys gedien. Moeders se kennis van laasgenoemde aspekte is deur middel van hierdie vraelys ondersoek. Vrae is aan die moeders as deelnemers gestel en die navorser het die vraelys vervolgens ingevul.

Vrae is gebaseer op bestaande navorsing rakende voorskoolse kinders se basiese emosionele ontwikkeling en die invloed van die moeder as versorger daarop, om moeders se kennis, persepsies en behoeftes rakende hierdie inligting te ondersoek. Vir laasgenoemde doeleinde is daar van geslote vrae gebruik gemaak. Die vraelys het ook oop vrae ingesluit om kwalitatiewe data te verkry. Hierdie oop vrae het moeders se persepsie van hul voorskoolse kind se basiese emosionele ontwikkeling ondersoek, asook moeders se behoefte aan kennis rakende laasgenoemde aspekte. Die vraelys het dus van kwantitatiewe en kwalitaiewe data-insamelingsmetodes gebruik gemaak.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bless et al. (2006:119) noem verskeie voordele wat ‘n semi-gestruktureerde vraelys vir die navorsingsproses inhou. ‘n Voordeel van so ‘n vraelys is dat data by persone wat nie kan lees en skryf nie, ingewin kan word omdat die navorser die vrae vra en die vraelys namens die deelnemer invul. ‘n Semi-gestruktureerde vraelys voorkom misverstande of verkeerde interpretasies van vrae, aangesien die navorser die vrae aan die deelnemers kan verduidelik en duideliker antwoorde kan verkry. Die navorser kan ook deur ‘n semi-gestruktureerde vraelys saam met die deelnemer te voltooi, seker maak dat die vraelys deeglik en volledig ingevul word.

1.5.4.2 Loodsstudie

De Vos et al. (2011) bespreek sienings van ’n loodsstudie om die waarde van so ‘n studie te beklemtoon. Onder andere word daar verwys na Barker (2003:327-328) se definisie dat ’n loodsstudie ’n prosedure is waarvolgens die geldigheid van die navorsingsinstrument getoets word. Dit word getoets deur eers die instrument op ’n klein groepie deelnemers vanuit die geoormerkte populasie toe te pas. Daarna sal bepaal word of die instrument geskik is of nie.

In hierdie studie is die vraelys eers met vyf van die deelnemers voltooi om te bepaal of die vraelys toepaslik is, geskik is en toets wat dit poog om te toets, naamlik die kennis, persepsies en behoeftes van moeders as versorgers in die fasilitering van hul voorskoolse kind se basiese emosionele ontwikkeling. Indien die vraelys sou bewys om onsuksesvol te wees, sou dit aangepas word om aan die kriteria van die studie te voldoen en dus beter response van die deelnemers te verkry. In hierdie studie was die vraelys egter voldoende, en is dit met verdere deelnemers voltooi.

1.5.4.3 Metode van data-analise

Die data-analiseproses is die proses wat die navorser in staat stel om bevindinge van die steekproef tot die groter populasie te ekstrapoleer (Bless et al., 2006:163). Data wat deur middel van ’n semi-gestruktureerde vraelys ingewin is, is met die hand verwerk, sowel as in die program “Excell“ ingevoer, en persentasies en tendense is deur middel van tabelle en figure voorgestel. Die response van kwalitatiewe vrae is in die vorm van ‘n skripsie getranskribeer (May, 1993:104-105) en deur middel van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tema-analises geanaliseer. Data sal nie tot die groter populasie ge-ekstrapoleer word nie, maar slegs tendense voorstel wat as riglyn vir intervensies in gesinsorgorganisasies sal dien. Na afloop van die data-verwerking is die resultate met ‘n monster van die deelnemers bespreek en is daar gesamentlik oor die resultate reflekteer.

1.6 ETIESE ASPEKTE

De Vos et al. (2011) is van mening dat navorsing op wedersydse vertroue, aanvaarding, samewerking en verwagtinge tussen alle betrokke partye gebaseer moet wees. Dit was dus van belang dat die navorser by die Suid-Afrikaanse beroepsraad moes registreer om aan die etiese kode wat deelnemers beskerm en bemagtig, te onderskryf. Daar is vir etiese klaring by die Universiteit van Stellenbosch aansoek gedoen om te verseker dat die studie aan die etiese riglyne voldoen. Belangrike etiese aspekte in hierdie studie het behels dat deelnemers (moeders) die reg tot konfidentialiteit het en dat hul persoonlike data en inligting nie aan onbetrokke partye bekend gemaak sal word nie. Die doel van die studie is ook deeglik aan elke deelnemer verduidelik, waar die deelnemer die vrywillige keuse gegee is om deel te neem al dan nie (Bylae 1). Die studie het gepoog om geen skade aan enige deelnemer te berokken nie en die navorser onderneem dat data wat ingesamel is, eerlik, korrek en sorgvuldig verwerk is. Bevindinge is weergegee soos deur deelnemers verskaf en resultate is nie gemanipuleer of aangepas nie (Bless et al., 2006: 139-146).

1.7 BEPERKING VAN DIE STUDIE

Hierdie studie fokus slegs op moeders en die invloed van die vader op die voorskoolse kind se emosionele ontwikkeling word nie ondersoek nie. Die invloed van die vader en die aard van die kennis van die vader rakende sy voorskoolse kind se basiese emosionele ontwikkeling kan wel relevant wees.

Die populasie bestaan slegs uit dele van die Stellenbosch areas en daarom kan resultate nie op die breër Suid-Afrika toegepas word nie. Daar word gebruik gemaak van ‘n nie-ewekansige steekproeftrekking wat nie kan verseker dat alle elemente van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die populasie in die steekproef verskyn nie. Deurdat daar van doelbewuste steekproeftrekking gebruik gemaak is, kan die bevindinge nie tot die groter populasie in hierdie studie ge-ekstrapoleer word nie.

1.8 AANBIEDING

Hierdie studie bestaan uit ses hoofstukke.

Hoofstuk 1 bestaan uit die motivering vir die studie, die probleemstelling, die doelstelling en doelwitte vir die studie, die navorsingsbenadering, asook die navorsingsmetodologie. Daar word ook verwys na belangrike etiese aspekte rakende hierdie studie sowel as die beperkinge wat die studie inhou.

Hoofstuk 2 verskaf ’n oorsig van die beleid- en wetlike aspekte van kinderbeskerming en –bevordering in Suid-Afrika.

Hoofstuk 3 is gebaseer op teorieë wat die basiese emosionele ontwikkeling in voorskoolse kinders beskryf en poog om verskeie sienings rakende hierdie ontwikkeling te verskaf.

Hoofstuk 4 fokus op die aspekte van ‘n voorskoolse kind se basiese emosionele ontwikkeling waarop in die literatuur die meeste gekonsentreer word. Hierdie hoofstuk beskryf en verduidelik hierdie aspekte en verwys ook na die rol van die moeder as versorger.

Hoofstuk 5 bestaan uit ‘n empiriese ondersoek na moeders se kennis rakende hul voorskoolse kind se basiese emosionele ontwikkeling vir die fasilitering daarvan. Fokus word op die verwerking van data, analisering van data en rapportering van die resultate geplaas.

Hoofstuk 6 bestaan uit die gevolgtrekkings en aanbevelings wat gemaak kan word op grond van die bevindinge van die studie ten opsigte van die kennis van moeders van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hul voorskoolse kind se basiese emosionele ontwikkeling en ook ten opsigte van hulle invloed as versorgers daarop.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2

'N WETLIKE OORSIG RAKENDE DIE REGTE VAN 'N VOORSKOOLSE KIND

2. 1 INLEIDING

Daar is tans ongeveer 49.9 miljoen mense wat in Suid-Afrika woon, waarvan 18.6 miljoen kinders is (South African Human Rights Commission, 2011:2). Lulu Xingwana, Suid-Afrikaanse Minister vir Vroue, Kinders en Mense met gestremdhede, is van mening dat die kinderjare 'n gelukkige tyd vir kinders moet wees. Die kinderjare moet geleenthede bied vir groei, leer, ontwikkeling, ontvang van liefde en sorg, en 'n gevoel van sekuriteit en beskerming (South African Human Rights Commission, 2011).

Die Kommissaris van Menseregte, Lindiwe Mokato (South African Human Rights Commission, 2011), verwys na die rol van die land se regering in die beskerming van kinders en die bevordering van hul welstand. Sy maak die stelling dat Suid-Afrika as 'n nasie die verantwoordelikheid het om seker te maak dat die regering, as die primêre bron vir die bevordering en beskerming van die land se kinderregte, die nodige dienste lewer (South African Human Rights Commission, 2011).

In hierdie hoofstuk sal die eerste doelwit vir die studie bereik word, naamlik om 'n oorsig te gee van die beleid en wetgewing van kinderbeskerming en -bevordering in Suid-Afrika.Vir die bevordering van kinders se welstand moet verskeie areas van kinderbeskerming deur die Suid-Afrikaanse beleid en wetgewing aangespreek word. Hierdie areas in die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996), sowel as die Konvensie oor die Regte van die Kind, sal in hierdie hoofstuk bespreek word. Aandag sal geskenk word aan die invloed van die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) op die bevordering en beskerming van die land se kinders. Die Kinderwet 38 van 2005 en die wysiging op hierdie Wet (41 van 2007) sal ook bespreek word. Laastens sal gekyk word na die Groenskrif vir Families (2011), wat tot die skepping van 'n gunstige huishoudelike omgewing vir kinderontwikkeling wil bydra.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.2 DIE BEVREDIGING VAN BASIESE BEHOEFTES VAN KINDERS VIR KINDERONTWIKKELING: DIE INVLOED VAN DIE SUID-AFRIKAANSE GRONDWET EN DIE KONVENSIE OOR DIE REGTE VAN DIE KIND

In die volgende gedeelte gaan die basiese behoeftes van kinders bespreek word. Aandag sal ook gegee word aan die wyse waarop internasionale en nasionale beleid en wetgewing regte voorbehou wat kinders se basiese behoeftes bevredig.

2.2.1 Basiese behoeftes van kinders

Abraham Maslow (1954) het ‘n hiërargiese struktuur vir die ontwikkeling van die mens (en dus die kind) voorgestel. Hierdie hiërargiese struktuur word Maslow se hiërargie van behoeftes genoem (Huitt, 2007; Poston, 2009:348). Volgens Maslow moet ‘n kind se fisiologiese behoeftes eers bevredig word voordat ‘n kind emosioneel, kognitief of sosiaal kan ontwikkel (Huitt, 2007; Poston, 2009:348). Hierdie basiese behoeftes sluit onder andere in hongerte, dors en die behoefte aan skuiling en beskerming (Toman, 1960:137; Huitt, 2007; Poston, 2009:348). Moeders as versorgers beskik nie altyd oor die nodige bronne om hierdie basiese behoeftes van hul kinders te bevredig nie (South African Human Rights Commission, 2011:4). Daarom moet die Suid-Afrikaanse beleid en wetgewing ‘n rol speel in die ondersteuning van versorgers se vermoë om in kinders se basiese behoeftes te voorsien.

2.2.2 Die verwantskap tussen die Konvensie oor die Regte van die Kind en die Handves van Menseregte

In die volgende gedeelte sal die Konvensie oor die Regte van die Kind en die Suid-Afrikaanse Handves van Menseregte bespreek word. Die Konvensie oor die Regte van die Kind is amptelik in 1989 deur die Verenigde Nasies as ’n beleidsdokument aanvaar. Hierdie internasionale dokument beklemtoon dat die regte van kinders beskerm en voorbehou moet word, en gee ‘n uiteensetting van die regte waaroor kinders moet beskik (South African Human Rights Commission, 2011). Omdat hierdie regte van kinders ook vir die Suid-Afrikaanse samelewing belangrik is, is die beleidsdokument op 16 Junie 1995 in Suid-Afrika geratifiseer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die invloed van die Konvensie oor die Regte van die Kind word duidelik in die Grondwet van Suid-Afrika (108 van 1996) in hoofstuk 2 in die Handves van Menseregte weerspieël (Republic of South Africa, 1996a). Hierdie Handves bevat die regte waaroor alle Suid-Afrikaanse burgers, insluitend kinders, beskik. In 2011 het die Suid-Afrikaanse Mense Regte Kommissie weer hierdie dokument bespreek om die regte van die Suid-Afrikaanse kind te evalueer en het dit waarde toegevoeg vir die implementering van kinderbeskerming-prosedures in Suid-Afrika.

Die regte waaroor kinders beskik, beskerm hulle teen leed en emosionele skade en is in hul beste belang. Aangesien die regte wat in die Konvensie oor die Regte van die Kind en die Handves van Menseregte voorgehou word, baie dieselfde is, sal hierdie twee dokumente gesamentlik bespreek word.

2.2.3 Die invloed van die Konvensie oor die Regte van die Kind en die Handves van Menseregte op die regte van ‘n voorskoolse Suid-Afrikaanse kind

Volgens artikel 27(1) van die Handves van Menseregte het alle persone die reg van toegang tot voldoende kos en water. In artikel 28 staan daar dat elke kind die reg het tot basiese voeding (Republic of South Africa, 1996a:1255; South African Human Rights Commission, 2011:20). Dit vorm dus deel van die regering se verpligtinge om aan die basiese behoeftes van kinders te voldoen, juis omdat dit in die land se beleid en wetgewing as ‘n reg van ‘n kind beklemtoon word. In artikel 27(1) van die Grondwet (1996) word dit gestel dat alle Suid-Afrikaanse burgers die reg tot sosiale sekuriteit het. Sosiale sekuriteit verwys na die regeringsisteem wat geldelike bystand bied aan mense wat oor ‘n onvoldoende inkomste, of geen inkomste, beskik nie (Barker, 2003:406). Daarom vorm dit deel van die regering se verantwoordelikheid om versorgers by te staan om in kinders se basiese behoeftes te voorsien, deur geldelike bystand aan hulle te bied.

Die Suid-Afrikaanse Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het ’n bestaansbeveiliging-sisteem in plek gestel (2006) met die langtermyndoel om tot ’n regverdige en gelyke samelewing by te dra (SASSA, 2007:6). Hierdie bestaansbeveiliging-sisteem sluit in die verskaffing van finansiële ondersteuning aan bepaalde burgers deur middel van ’n toelae. Primêre versorgers van kinders kan so ’n toelae verkry, indien hulle aan die insluitingskriteria vir laasgenoemde toelae voldoen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie kriteria behels dat die primêre versorger van die kind ’n Suid-Afrikaanse burger moet wees, dat die kind na 31 Desember 1993 gebore moet wees, dat die versorger self nie meer as R31200 ’n jaar verdien nie, of saam met ’n eggenoot nie meer as R62400 ’n jaar verdien nie, en dat die persoon wel die primêre versorger van die kind is. Hierdie toelae is ’n bepaalde bedrag geld wat maandeliks aan die primêre versorger (wat minder as ’n bepaalde minimum inkomste per jaar verdien) van ’n kind uitbetaal word (SASSA, 2011:13). Dit sluit aan by SASSA se visie om persone in nood te ondersteun (SASSA, 2011:2). Die doel van hierdie toelae is om ondersteuning aan versorgers te verskaf sodat daar in hulle kinders se basiese behoeftes vir ontwikkeling voorsien kan word. Hierdie ondersteuning geskied deur middel van finansiële bystand wat aan die versorgers van ‘n behoeftige kind verskaf word (SASSA, 2011:13) en hulle in staat stel om kos, klere en skuiling aan die kind te kan verskaf. Sodoende kan die basiese fisiologiese behoeftes van die kind bevredig word en word die basis vir verdere emosionele ontwikkeling gevorm.

Artikel 27 van die Konvensie oor die Regte van die Kind erken die reg van elke kind tot ‘n lewenstandaard wat voorsiening maak vir sy/ haar fisiese, psigiese/ emosionele, spirituele, morele en sosiale ontwikkeling (South African Human Rights Commission, 2011:20). Hierdie artikel beklemtoon dat die ouers (moeders) van kinders, of die ander primêre versorger(s), die verantwoordelikheid het om binne hul eie finansiële vermoëns, die gepaste omstandighede aan die kind te verskaf om gesond te kan ontwikkel (South African Human Rights Commission, 2011:20). Indien versorgers se vermoëns ontoereikend is om ‘n gepaste omgewing vir kinderontwikkeling te skep, sal die regering sodanige ouers en versorgers tot die beste van hul kapasiteit in hierdie opset ondersteun. Die bystand wat deur die regering aan versorgers gebied word, kan materiële bystand behels, asook programme wat deur welsynsorganisasies geloods word, soos byvoorbeeld die “trotse ouers”- program. Programme wat geloods word, help versorgers om aan kinders se behoeftes te voldoen en om ‘n gepaste omgewing vir kinderontwikkeling te skep (South African Human Rights Commission, 2011:20).

Alle kinders het die reg tot voldoende behuising (Republic of South Africa, 1996a:1255). Alhoewel hierdie reg ‘n duur een is om deur die nasionale regering gewaarborg te word, dra dit tog by tot die skepping van gunstige omstandighede vir kinderontwikkeling. Artikel 27(1) van die Konvensie oor die Regte van die Kind verwys na die reg tot ‘n aanvaarbare standaard van lewe vir die kind, wat dus die reg

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tot basiese behuising (soos in die Grondwet) voorbehou. Dit bevestig die belangrikheid dat kinders in gunstige omstandighede moet woon waar hulle groei en ontwikkeling bevorder word en voorsiening vir kos, water en behuising vir die kind gemaak word (Harden & Whittaker, 2011:1392; South African Human Rights Commission, 2011:20). In artikel 11, 27(1) en 28(1) van die Republiek van Suid-Afrika se Grondwet, sowel as artikel 24 van die Konvensie oor die Regte van die Kind, word die reg van ‘n kind tot die hoogste bereikbare standaard van gesondheid beklemtoon (Republic of South Africa, 1996a:1255; South African Human Rights Commission, 2011:30). Sonder kos, water en behuising is die algehele gesondheid van enige mens in gedrang. Alhoewel die regering ondersteuning gee aan versorgers om in die basiese behoeftes van kinders te voorsien, is dit steeds die versorger se verantwoordelikheid om hierdie toestande aan die kind vir gesonde ontwikkeling te voorsien.

Volgens artikel 18(2) van die Konvensie oor die Regte van die Kind sal die regering toepaslike dienste aan ouers en versorgers lewer ten opsigte van hul verantwoordelikheid om ‘n kind groot te maak. Artikel 18 (1-2) van die Konvensie oor die Regte van die Kind bevestig dat ouers of versorgers ‘n verantwoordelikheid het vir die grootmaak en ontwikkeling van hul kind en dat die beste belang van die kind vir hierdie versorgers as basis moet dien (South African Human Rights Commission, 2011:50). Navorsing het bevind dat versorgers (moeders) hul eie kennis rakende hul kind se ontwikkeling as onvoldoende beskou het of kennis rakende hierdie proses benodig (Stevens, 1984:237; Glascoe & MacLean, 1990:280, Grobbelaar & Ryke, 2004:82, 88, 91; Adejuwon, 2005:101, 109; Rikhy et al., 2010). Daarom is dit belangrik dat formele instellings bystand rakende die kennis van die fasiliteringsproses in kinderontwikkeling aan versorgers sal verskaf. Daar sal deur formele instansies, soos kerke en welsynsorganisasiesinrigtings, fasiliteite en dienste beskikbaar gestel word vir die versorging van kinders, die grootmaak van kinders en die beskerming van kinders se regte in die proses van kinderontwikkeling. Laasgenoemde regte van kinders behels die reg tot vroeëkindontwikkelingsprogramme en opvoeding (South African Human Rights Commission, 2011:40).

Wanneer kinders versorg en grootgemaak word, moet hulle teen mishandeling en verwaarlosing beskerm word. In artikel 28(1) van die Suid-Afrikaanse Grondwet,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

asook artikel 19 van die Konvensie oor die Regte van die Kind, word die kind se reg tot beskerming teen alle vorms van mishandeling en geweld voorbehou. Hierdie mishandeling sluit fisiese en geestelike/ emosionele verwaarlosing, uitbuiting en seksuele mishandeling in (Republic of South Africa, 1996a: 1255; South African Human Rights Commission, 2011:54).

Verdere regte van die kind wat in die SA-Grondwet uiteengesit is, sluit in die reg tot ‘n naam en nasionaliteit (South African Human Rights Commission, 2011:60). Wait et al. (2005) skryf oor die psigososiale stadiums van ontwikkeling in ’n mens se lewe. Self-evaluasie en ontwikkeling van ’n identiteit is deel van ’n kind se emosionele ontwikkeling in verskillende stadiums (Wait et al., 2005:20). ’n Naam en ’n nasionaliteit verskaf ’n mate van identiteit aan ’n kind en is dus nodig vir die gesonde emosionele ontwikkeling van die kind. Versorgers van kinders moet sorg dat kinders se geboorte geregistreer word om te verseker dat kinders oor hierdie nasionale identiteit beskik.

Dit is dus duidelik dat beleid en wetgewing voorsiening maak vir die beskerming van kinderregte om gesonde kinderontwikkeling te kan bevorder. Gedeeltes van die Grondwet en die Konvensie oor die Regte van die Kind wat op die regte van kinders gebaseer is, onderskryf gesonde kinderontwikkeling en die bevordering daarvan as belangrik. Die Minister van Vroue, Kinders en Mense met gestremdhede stel dit soos volg: Ons belegging in ons kinders vandag sal die vrugte van sosiale justisie en bevorderde menslike kapitaal dra in dekades om te kom. Dit is dus ‘n wyse en volhoubare belegging (South African Human Rights Commission, 2011).

2.3 DIE WITSKRIF VIR MAATSKAPLIKE WELSYN EN DIE BESKERMING EN BEVORDERING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE KIND SE ONTWIKKELING

Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (Republic of South Africa, 1997) is nog ’n Suid-Afrikaanse beleidsdokument wat die welstand van Suid-Afrikaanse kinders vooropstel. Hierdie dokument sal volgende bespreek word. Dit bevat gronde vir die beskerming van kinderwelstand en die bevordering van gesonde kinderontwikkeling in gunstige omstandighede wat geskep moet word (deur versorgers) vir die kind. In

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die volgende gedeelte sal die verwantskap tussen die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) en dié van gunstige huishoudelike omgewings vir kinderontwikkeling, asook die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn en die fasilitering van gesonde kinderontwikkeling, bespreek word.

2.3.1 Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn en die huishoudelike omgewing van 'n voorskoolse kind

Die welstand van kinders is afhanklik van die vermoë van huishoudings om effektief te kan funksioneer (Republic of South Africa, 1997:62). Kinders is kwesbaar en moet daarom grootword in 'n vertroetelende en veilige huishoudelike omgewing wat hul bestaan, ontwikkeling, beskerming en deelname in 'n familie- sowel as sosiale lewe sal verseker (Republic of South Africa, 1997:62). Huishoudings wat versorging aan kinders verskaf, bied nie slegs vir die kind 'n gevoel van "behoort" nie, maar is ook verantwoordelik vir die verskaffing van waardes en lewensvaardighede aan die kind (Republic of South Africa, 1997:62). Huishoudelike omgewings skep sekuriteit, stel perke vir gedrag en verskaf 'n begrip van dissipline aan die kind (Republic of South Africa, 1997:62). Al hierdie faktore speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling en gesonde emosionele ontwikkeling van 'n kind.

Probleme waaraan kinders soms in hul huishoudelike omgewings blootgestel word, sluit in alkohol- of dwelmmisbruik, kommunikasie- en verhoudingsprobleme, ouerskapsprobleme, huishoudelike geweld en 'n tekort aan ondersteuning vir die huishouding sowel as die kind (Republic of South Africa, 1997:62). Kinders word deur geweld getraumatiseer (Republic of South Africa, 1997:62) en gesonde emosionele ontwikkeling word deur laasgenoemde faktore ingeperk. Dit is belangrik dat die nasionale beleid en wetgewing kinders teen erge blootstelling aan hierdie omstandighede beskerm om emosionele skade van kinders te vermy. Die huishoudelike omgewings waarin versorgers van kinders hulself bevind, is dikwels nie geskik om gesonde kinderontwikkeling te fasiliteer nie, en hulp van die staat is nodig om gepaste omgewings te skep en kinders te beskerm (Republic of South Africa, 1997:62-63).

'n Tekort aan die vereiste kennis rakende lewensvaardighede het onstabiele huishoudelike omgewings tot gevolg (Republic of South Africa, 1997:63). Kinders

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat in hierdie onstabiele huishoudelike omgewings grootword, kan gesien word as "kinders in moeilike omstandighede", 'n uitdrukking wat verwys na kinders wie se basiese behoeftes nie bevredig word nie (Republic of South Africa, 1997:63). Kinders vanaf geboorte tot en met ses jaar is die kwesbaarste groep en benodig dikwels vroeëkindontwikkelingsdienste (Republic of South Africa, 1997:63). Aangesien versorgers van kinders hulle gesonde emosionele ontwikkeling moet fasiliteer en dikwels nie oor die kennis of bronne beskik om die proses te fasiliteer nie, word die bystand van die regering in gemeenskappe benodig om toepaslike fasiliteite hiervoor beskikbaar te stel. Artikel 29(1) van die Konvensie oor die Regte van die Kind beklemtoon dat die staat verwag dat alle jong kinders opvoeding sal ontvang om ontwikkeling te bevorder (South African Human Rights Commission, 2011:40). Die Konvensie oor die Regte van die Kind verwys daarna dat elke kind die reg tot maksimum ontwikkeling het. Daarom is dit belangrik dat die staat by wyse van welsynsfasiliteite versorgers moet bystaan in die fasilitering van gesonde ontwikkeling, maar ook dat die onus op die versorger rus om te verseker dat gesonde kinderontwikkeling gefasiliteer word en die nodige dienste van die regering geïmplementeer word.

2.3.2 Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn en kinderontwikkeling

Vanuit die bostaande beskrywings in die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) is dit duidelik dat beleid kinderontwikkeling en gesonde emosionele ontwikkeling van 'n kind as belangrik beskou. Die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) beklemtoon dat die regering wil verseker dat dienste aan kinders gelewer word wat die bestaan, beskerming en ontwikkeling van Suid-Afrikaanse kinders sal bevorder. Daarom moet versorgers kennis dra van hul rol in die fasilitering van die gesonde ontwikkeling van hul kind om aan wetlike vereistes te voldoen.

Op 15 September 2009 is daar'n vergadering deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en die Departement van Gesondheid gehou rakende die implementering van die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997) wat op vroeëkindontwikkeling gebaseer is. 'n Opsomming van die aanbieding word op die parlementêre moniteringsgroep se webtuiste deur dr. Ihron Rensburg aangebied. In hierdie aanbieding word daarna verwys dat ongeveer 40% van Suid-Afrikaanse kinders in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

omstandighede grootword waar hul aan armoede en verwaarlosing blootgestel word (Rensburg, 2011:1). Sodanige kinders het die hoogste risiko om verswakte groei te ondergaan, swak in skoolomstandighede aan te pas en selfs in die skoolsisteem uit te val (Rensburg, 2011:1). Dit is vervolgens ‘n prioriteit vir die Departement van Onderwys om ‘n plan saam te stel om die vroeë leerbehoeftes van kinders aan te spreek (Rensburg, 2011). Intervensies kan die effek van deprivasie op die kind moontlik herstel om gesonde ontwikkeling te bewerkstellig (Rensburg, 2011:2).

Die vroeëkindontwikkelingsprogramme wat deur die regering geloods word, is deeglik beplan. Die beleid ten opsigte van programme vir kinders vanaf geboorte tot en met nege jaar maak voorsiening vir die aktiewe deelname van die kinders se ouers en versorgers (Rensburg, 2011:2). Die doel van vroeëkindontwikkelingsprogramme is om kinders se regte te beskerm en om hulle te help om hulle volle kognitiewe, emosionele, sosiale en fisiese potensiaal wat die vier areas van menslike ontwikkeling dek, te bereik (Rensburg, 2011:2). Riglyne vir die verskaffing van vroeëkindontwikkelingsprogramme word in die beleid vir vroeëkindontwikkeling (1996) en die Witskrif vir Onderwys en Opleiding (1994) vervat. Dit is duidelik dat die regering die belangrikheid van die kind se vroeë ontwikkeling beklemtoon en besorg is oor die fasilitering daarvan. Daarom moet moeders as versorgers hul rol in die proses deeglik vertolk om aan die wetlike vereistes wat deur die regering en die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn neergelê is, te voldoen.

2.4 DIE INVLOED VAN DIE KINDERWET OP DIE GESONDE EMOSIONELE ONTWIKKELING VAN KINDERS

In 1997 het die Minister van Maatskaplike Ontwikkeling versoek dat die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie die Kinderwet (74 van 1983) ondersoek. Die uitkoms was dat die Kinderwet (74 van 1983) nie beskou is as ‘n wet wat op ‘n menseregtebenadering gebaseer is nie (Parliamentary Monitoring Group, 2009). Die nuwe Kinderwet 38 van 2005 is nou meer gefokus op die regte van kinders en wat in die beste belang van die kind is (Parliamentary Monitoring Group, 2009). Hierdie nuwe Kinderwet 38 van 2005 sal volgende bespreek word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die doel van die Kinderwet 38 van 2005 is om uitvoering te gee aan sekere regte van kinders, soos in die Grondwet (1996) uiteengesit. Beginsels rakende die versorging en beskerming van kinders is aangespreek (Republic of South Africa, 2005:16-38). Die verantwoordelikhede van die ouer of versorger, sowel as die regte van daardie ouer of versorger, is duidelik beskryf (Republic of South Africa, 2005:38-54). Die regering moet die regte van kinders respekteer, beskerm, bevorder en bereik deur middel van beleide en wetlike dokumentasie (Republic of South Africa, 2005).

Daar is verskeie artikels in die Kinderwet 38 van 2005 wat met die gesonde ontwikkeling van ‘n kind verband hou, naamlik artikel sewe, artikel agtien, artikel ses-en-veertig, artikel honderd-en-vyftig en artikel honderd-ses-en-vyftig. Elk van hierdie artikels en die gepaardgaande belangrikheid vir gesonde kinderontwikkeling sal vervolgens bespreek word.

2.4.1 Die beste belang van die kind

In die Kinderwet 38 van 2005, artikel sewe, word daar vereistes gestel wat die beste belang van die kind aanspreek (Republic of South Africa, 2005:32-34). Hierdie vereistes beskerm die kind en fasiliteer positiewe emosionele ontwikkeling in kinders. In die volgende gedeelte gaan die vereistes in artikel sewe bespreek word met bewyse vanuit die literatuur wat die meriete hiervan ondersteun. Wanneer die beste belang van die kind bepaal word, moet daar gekyk word na:

- ***Die aard van die persoonlike verhoudings tussen die kind en sy/ haar ouers, of die kind en enige ander versorger of toepaslike persoon***

Die verhouding wat ’n kind met sy of haar moeder vorm, dien as ‘n basis vir die ontwikkeling van die kind se persoonlikheid (Cook, 2012). Die aard van hierdie verhouding is belangrik wanneer die beste belang van die kind bepaal word in die beskerming van kinders en bevordering van kinderwelstand. Moeders is primêre figure vir ondersteuning in tye van pyn, angs of paniek (Von Salisch, 2001:311). Daarom is die aard van die verhouding tussen die moeder en die kind ‘n belangrike faktor om in ag te neem wanneer die beste belang van die kind bepaal word,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aangesien dit sal bydra tot die graad van ondersteuning wat die kind in die verhouding sal ervaar. Indien ‘n kind nie ‘n warm, positiewe verhouding met sy/ haar moeder as versorger ervaar nie, kan dit die risiko vir die ontwikkeling van sosiale en gedragsprobleme in die kind laat toeneem (Rikhy et al., 2010). Ouers wat ‘n noue verhouding met hul kind ervaar, is meer geneig om hul eie kind as goed aanpasbaar te beskou en om nie beheerprobleme in hul kind te rapporteer nie. Hul beskou hul kind se vermoë om onafhanklik te funksioneer, as baie goed (Kandel, 1990:183).

- ***Die houding van die ouer(s) as versorger teenoor die kind***

Die houding en waardes wat ’n ouer van ’n voorskoolse kind deur middel van ouerskapmetodes toon, het ’n groot effek op die persoonlikheidsontwikkeling van die kind (Craig, 1992). Moeders wat gereeld aggressief teenoor hul kinders optree, is geneig om kinders te hê wat meer aggressief optree en wangedrag toon (Von Salisch, 2001:312). Ouers wat op hul kind se behoeftes ingestel is, reageer meer gereeld op daardie behoeftes. Laasgenoemde kinders is meer geneig om ‘n hoër selfbeeld, beter kognitiewe ontwikkeling en minder gedragsprobleme te hê (Morawska & Sanders, 2005:3).

- ***Die vermoë van die ouer of versorger om in die kind se behoeftes, ook verwysend na emosionele en intellektuele behoeftes, te voorsien***

Die moeder se sorg speel ’n sentrale rol in die kind se emosionele ontwikkeling (Landman, 2009). Dit is dus van belang dat die moeder oor die vermoë moet beskik om na die kind te kan omsien, sodat gesonde emosionele ontwikkeling van die kind kan geskied. Kennis en insig rakende die kind en die ontwikkelingsfase waarin die kind homself bevind, verbeter die kanse van ‘n goeie ouer-kind-verhouding en is ‘n voorvereiste vir ‘n pro-aktiewe benadering tot ouerskap wat die fasilitering van positiewe emosionele ontwikkeling in die kind bevorder (Grobbelaar & Ryke, 2004:82, 88). Kennis van kinderontwikkeling verhoog die aard van sorg wat aan ‘n voorskoolse kind verskaf word (Stevens, 1984:241). ‘n Tekort aan hierdie kennis by

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die moeder as versorger kan tot ‘n laer vlak van ontwikkeling in die kind lei (Stevens, 1984:237). Daarom moet moeders as versorgers oor kennis beskik rakende hul kind se emosionele ontwikkeling om dit positief te kan fasiliteer en sodoende in die kind se behoeftes te kan voorsien.

- ***Die waarskynlike effek op die kind na enige verandering in die kind se omstandighede***

Die tydperk vanaf die ouderdom ses maande tot en met vier-en-twintig maande word as ‘n kritieke tyd vir die vesting van die versorger-baba-band beskou. As die baba in hierdie tydperk van die bindingsfiguur geskei word, kan dit traumaties vir die baba wees (Wait et al., 2006:82). Wanneer kinderbeskerming toegepas word, moet daar bepaal word of ’n kind van sy of haar moeder verwyder moet word vir beskerming, en of ander intervensie-opsies eerder oorweeg moet word.

Kinders se ontwikkelingstatus hou nou verband met die kwaliteit van die huishoudelike omgewing (Garrett, Ferron, Ng’Andu, Bryant & Harbin, 1994:159). Daarom is dit belangrik dat kinders se huidige omstandighede eers oorweeg moet word, en daarna bepaal moet word of dit in die beste belang van die kind is om die kind vanuit hierdie omstandighede te verwyder. Indien die versorger nie aan die kind se behoefte aan ‘n gunstige omgewing vir kinderontwikkeling kan voldoen nie, moet die kind egter verwyder word en in ‘n omgewing wat dit wel vir die kind kan bied, geplaas word (Republic of South Africa, 2005:104-108).

- ***Die kind se fisieke en emosionele sekerheid, asook sy of haar emosionele, sosiale, kognitiewe en kulturele ontwikkeling***

Die kwaliteit van die versorger en die baba se interaksie in die vroeë maande van ontwikkeling vorm die basis vir emosionele sekuriteit by die baba (Bowlby, 1969). Psigo-analitiese teorieë, sowel as etiologiese teorieë, het bevind dat innerlike gevoelens van sekuriteit alle aspekte van sielkundige ontwikkeling van kinders

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bevorder (Berk, 2009). Dit is dus van belang dat die kind ’n mate van sekuriteit in die verhouding met sy of haar moeder as versorger ervaar. Elke kind het die reg om in ‘n omgewing wat aan die kind se behoefte aan gesonde ontwikkeling voldoen, groot te word (Republic of South Africa, 1996a:1255). Indien ‘n kind nie in ‘n omgewing wat tot die bevordering van sosiale, kognitiewe, emosionele en kulturele ontwikkeling van die kind bydra, grootword nie, mag die kind uit daardie omgewing verwyder word (Republic of South Africa, 2005:96-98, 104-106). Daarom is dit vir versorgers belangrik om daarop te let dat hul omstandighede wat tot die positewe ontwikkeling van hul kind bydra skep, sodat hul kind in hul sorg kan bly.

- ***Die kind se behoefte om in ’n stabiele gesinsomgewing groot te word***

Die invloede op ’n kind se mikrovlak van funksionering, soos die invloede van die moeder en die gesin, het die kragtigste uitwerking op die kind (Bar-On, Maree & Elias, 2006:41). Om positiewe emosionele ontwikkeling van die kind te bevorder en die kind teen skade te beskerm, moet daarna omgesien word dat kinders in ’n stabiele huishoudelike omgewing grootword. Huishoudelike omgewings skep sekuriteit, stel perke vir gedrag en verskaf ‘n geleentheid vir dissipline aan die kind (Republic of South Africa, 1997:62). Al hierdie faktore speel ‘n belangrike rol in die ontwikkeling, veral gesonde emosionele ontwikkeling, van ‘n kind. Indien ‘n kind in ‘n omgewing grootword waar die ouers as versorgers kroniese tekens van depressie of stres toon en min positiewe emosies toon, kan dit tot ‘n hoë vlak van onverdiende skuldgevoelens by die kind bydra wat die emosionele ontwikkeling van die kind negatief kan beïnvloed (Von Salisch, 2001:312). As gevolg van die invloed wat die gesinsomgewing op die kind het, moet beleid en wetgewing verseker dat kinders aan positiewe omstandighede blootgestel word om gesonde emosionele ontwikkeling in kinders te bewerkstellig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- ***Die behoefte om die kind te beskerm teen fisieke of sielkundige leed wat kan ontstaan as gevolg van mishandeling of verwaarlosing***

Om ’n kind teen fisieke en sielkundige leed te kan beskerm, is dit belangrik dat die moeder as versorger die kind se ontwikkeling en gedrag verstaan. Beperkte kennis en begrip rakende die emosionele ontwikkeling van ’n voorskoolse kind en die verwagte gedrag van daardie kind, kan tot frustrasie, swak bindings tussen die ouer en die kind, wrede ouerskapstyle en kindermishandeling lei (Glascoe & MacLean, 1990:280; Craig, 1992; Berk, 2009). Sake is aangemeld waar kinders vermoor word as hulle te veel huil, misvorm gebore word of selfs tekens van imperfeksie toon (Hampton, 1993:1). Kinders wat emosioneel of fisies mishandel word, toon dikwels ‘n onvermoë om te floreer en hul gemoedstoestand word dikwels as “geïrriteerd“ beskou (McKendrick & Hoffmann, 1990:192). Sommige kinders het ‘n soort gevriesde staar op hulle gesig of toon probleme by die skool (McKendrick & Hoffmann, 1990:192). ‘n Groot aantal kinders word beïnvloed deur geweld wat tussen hulle eie familie-lede geskied (McKendrick & Hoffmann, 1990:203). Baie ouers (versorgers) wat hul kind mishandel, is nie voorberei op die werklikheid van ouerskap nie, of dra nie kennis van hul kind se behoeftes of hul kind se ontwikkeling nie (McKendrick & Hoffmann, 1990:204). Daarom is dit belangrik dat beleid en wetgewing kinders teen enige vorm van kindermishandeling beskerm en intervensie verskaf aan versorgers wat tekens van kindermishandeling toon (Republic of South Africa, 2007).

2.4.2 Ouers as versorgers se regte

Artikel agtien van die Kinderwet 38 van 2005 (Republic of South Africa, 2005:38) verwys na die regte van die ouers as versorgers van ’n kind, asook hul verantwoordelikhede teenoor ’n kind. Hierdie deel in die Kinderwet is van belang, aangesien dit ouers van kinders verplig om na die behoeftes van hul kind om te sien. Verantwoordelikhede van ouers behels onder andere die volgende:

- Die ouer moet die kind versorg.
- Die ouer moet kontak met die kind behou.
- Die ouer moet as ’n voog vir die kind optree.
- Die ouer moet tot die onderhoud van die kind bydra.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ouers beskik nie altyd oor die vermoë om in al die bogenoemde en ander behoeftes van hul kind te voorsien nie. ’n Kind wie se behoeftes nie bevredig word nie, staan bekend as ’n sorgbehoewende kind (Republic of South Africa, 2005). Die Kinderwet 38 van 2005 stel gronde wat evaluering van sorgbehoewende kinders moontlik maak. Kinders wat volgens artikel 150 van die Kinderwet 38 van 2005 (Republic of South Africa, 2005: 96) sorgbehoewend is, is kinders wat:

- verwaarloos of sonder enige visuele vorm van ondersteuning en supervisie is;
- gedrag wat nie deur die ouer beheer kan word nie, toon;
- op straat lewe of vir geld bedel vir ’n lewe;
- uitgebuit is of in omstandighede wat die kind aan uitbuiting blootstel, lewe;
- in ’n toestand van fisiese of psigiese verwaarlosing is.

Indien ’n kind as sorgbehoewend geklassifiseer word, kan die kind volgens artikel 150 van die Kinderwet 38 van 2005 van haar/sy moeder of huishouding verwyder word. Wanneer ’n kind sorg benodig, kan die Suid-Afrikaanse hofstelsel intree om die kind te help om die nodige sorg te verkry om sodoende die ontwikkeling van die kind te bevorder.

2.4.3 Hofbevele om sorg en beskerming aan kinders te verskaf

Die Suid-Afrikaanse kinderhof kan sekere bevele maak wanneer ’n kind as sorgbehoewend geklassifiseer word en sorg sowel as beskerming benodig. Artikel 156 in die huidige Suid-Afrikaanse Kinderwet (Republic of South Africa, 2005:104-106) bevat bevele wat deur die hof gemaak kan word om kinders te beskerm en aan hulle die nodige sorg te verskaf. Hierdie bevele is gebaseer op artikel 46 in die Kinderwet 38 van 2005 (Republic of South Africa, 2005:58-60) en bestaan onder andere uit die volgende:

- Die hof kan beveel dat die kind in alternatiewe sorg geplaas word, byvoorbeeld by ’n pleegouer, ’n jeugsentrum of ’n tydelike plek van veiligheid vir die kind.
- Die hof kan beveel dat die kind deur ’n ander party aangeneem word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Die hof kan beveel dat voorkomingsdienste, intervensiedienste of beide in die huishouding of met toepassing op die moeder en die kind geïmplementeer moet word.
- Die hof kan beveel dat die ouer, die kind, of beide vir professionele berading moet gaan.
- Die hof kan beveel dat ’n lid van die huishouding uit die huis verwyder moet word.
- Die hof kan vereis dat ’n hospitaal omsien na ’n kind wat vermoedelik mishandel of verwaarloos is.

Bogenoemde beskrywings van die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005 toon duidelik dat kinders se welstand en ontwikkeling vanuit ’n wetlike perspektief beskerm en bevorder word. Verdere wetlike gronde vir die beskerming van kinders en bevordering van emosionele ontwikkeling word in die Wysiging op die Kinderwet 41 van 2007 aangedui.

2.5 DIE WYSIGING OP DIE KINDERWET EN DIE JONG KIND SE ONTWIKKELING

Die Wysiging op die Kinderwet 41 van 2007 maak spesifiek voorsiening vir die ontwikkeling van die jong kind. Artikels 91 tot 95 (Republic of South Africa, 2007:28-32) bespreek wetlike intervensies ten opsigte van vroeëkindontwikkeling. In die volgende gedeelte gaan die Wysiging op die Kinderwet (41 van 2007) en die implementering van vroeëkindontwikkelingsprogramme, asook die Wysiging op die Kinderwet (41 van 2007) en die aard van vroeëkindontwikkelingsprogramme, bespreek word.

2.5.1 Die Wysiging op die Kinderwet en die implementering van vroeëkindontwikkelingsprogramme

In artikel 91 (Republic of South Africa, 2007:28) word die term ‘vroeëkindontwikkeling‘ omskryf. Vir die doeleindes van hierdie wet verwys vroeëkindontwikkeling na die proses van emosionele, kognitiewe, sensoriese,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

spirituele, morele, fisiese, sosiale en kommunikasie-ontwikkeling van kinders van geboorte af tot en met die skoolgaande ouderdom. Vroeëkindontwikkelingsdienste verwys na die dienste wat op die bevordering van kinders se vroeë ontwikkeling fokus en word op ’n gereelde basis tot en met die skoolgaande ouderdom van kinders aan hulle verskaf. Hierdie dienste word deur ’n persoon wat nie die kind se ouer of versorger is nie, aangebied. Hierdie programme verskaf leer en ondersteuning aan die kind wat op die kind se ontwikkkelingsfase en ouderdom van toepassing is (Republic of South Africa, 2007:28).

Artikels 92 tot en met 95 bespreek die strategieë vir die toepassing van vroeëkindontwikkelingsprogramme, die norme en standaarde vir daardie programme sowel as die vereiste van registrasie vir die aanbieder van so ’n program. Enige vroeëkindontwikkelingsprogram wat aangebied word, moet in ooreenstemming met die Kinderwet 38 van 2005 en die Wysiging op die Kinderwet 41 van 2007 wees. Dit moet met ander woorde die beskerming en bevordering van kinderregte voorbehou (Republic of South Africa, 2007).

Kinderbeskerming word in die Wysiging op die Kinderwet 41 van 2007 beklemtoon. In artikel 106 van die Wysigingswet 41 van 2007 (Republic of South Africa, 2007:42) word norme en standaarde vir kinderbeskerming gestel, wat die volgende behels: die volledige assessering van ‘n kind, voorkomings- en vroeë intervensieprogramme vir die kind, terapeutiese programme, nasorgfasiliteite, familieherenigings- en -herintegrasieprogramme, pleegsorgdienste, integrasie in alternatiewe sorg, aannemingsdienste, en die voorsiening van beskerming in huishoudings waar kinders die hoof van die huishouding is (Republic of South Africa, 2007:42).

Vroeëkindontwikkelingsprogramme moet voorsiening maak vir gepaste ontwikkelingsgeleenthede, sodat kinders hul volle potensiaal kan besef en bereik (Republic of South Africa, 2007:30). Daar moet konstruktief na kinders omgesien word en ondersteuning en sekuriteit moet deur middel van programaanbieding aan kinders verskaf word (Republic of South Africa, 2007). Vroeëkindontwikkelingsprogramme moet die ontwikkeling van positiewe sosiale gedrag in kinders verseker en die kind se kulturele agtergrond in ag neem en respekteer (Republic of South Africa, 2007:30).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.5.2 Die Wysiging op die Kinderwet en die aard van vroeëkindontwikkelingsprogramme

Om skade aan die welstand en ontwikkeling van kinders van versorgers te voorkom, maak die wet voorsiening vir voorkomings- sowel as intervensiedienste wat aan kinders sowel as hul versorgers, voogde of ouers gelewer word. Die aard van hierdie programme word in artikels 143-147 van die Wysiging op die Kinderwet 41 van 2007 bespreek (Republic of South Africa, 2007:54-58). Laasgenoemde programme behels dat die kind se familiestruktuur behou moet word (Republic of South Africa, 2007). Tydens intervensie moet ouers die gepaste ouerskapvaardighede ontwikkel deur middel van die programme wat aan hulle aangebied word (Republic of South Africa, 2007). Die kapasiteit van ouers as versorgers om die welstand van hul kind te beveilig, en te volhard in dit wat die beste vir hul kind is, word ook in dienslewering aangespreek (Republic of South Africa, 2007:56). Ouers word in hierdie programme aangeraai om van positiewe en nie van gewelddadige vorms van dissiplinering gebruik te maak nie (Republic of South Africa, 2007:54).

Die doel van voorkoming- en vroeë intervensieprogramme is om sielkundige, rehabilitasie- en terapeutiese dienste aan kinders aan te bied en om gepaste interpersoonlike verhoudinge in die huishoudelike omgewing aan te moedig (Republic of South Africa, 2007:56). Voorkomings- en vroeë intervensieprogramme poog om kinderverwaarlosing, -uitbuiting, -mishandeling en/of onvoldoende supervisie van kinders te voorkom en om hierdie aspekte tydens dienslewering aan te spreek (Republic of South Africa, 2007:56). Programme poog om die herhaling van huishoudelike omgewingsprobleme wat die kind se ontwikkeling kan benadeel, uit te skakel (Republic of South Africa, 2007:56). Hierdie programme poog om indien veilig, gepas en moontlik, die kind in die huishoudelike omgewing te hou en die huishoudelike omgewing te verbeter in plaas daarvan om die kind daaruit te verwyder (Republic of South Africa, 2007:56).

In artikel 148 (Republic of South Africa, 2007:58) word daarna verwys dat die hof hierdie intervensiedienste mag beveel voordat ’n kind permanent uit sy of haar ouerhuis verwyder word. Die aard van hierdie intervensieprogramme (Republic of South Africa, 2007:56) behels die volgende:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Ondersteuning word aan families (huishoudings) gebied om die basiese behoeftes van die kind te kan bevredig (kos, water, behuising, sanitasie).
- Huishoudings word bemagtig om basiese benodigdhede vir hulself in te win.
- Informasie word aan families verskaf wat hul in staat stel om van die nodige dienste gebruik te maak.
- Vroeëkindontwikkelingsprogramme (opleiding deur verskaffing van kennis, begrip en verhoging van ouerskapsvaardighede en kennis) word voorsien.
- Kinderontwikkeling word bevorder.

Alle voorkomings- en vroeë intervensieprogramme moet die deelname van families, gesinne, ouers, versorgers en kinders in die probleemoplossingsproses voorop stel (Republic of South Africa, 2007:58).

Bogenoemde bespreking van die Wysiging op die Kinderwet 41 van 2007 toon dat die ontwikkeling van die jong kind vir die Suid-Afrikaanse beleid en wetgewing van belang is. Soos die Bernard van Leer Foundation dit stel: Kinders is ons toekoms. Wat met kinders in die eerste dae, weke en maande na geboorte gebeur, affekteer kinders se ontwikkeling, die ontwikkeling van die samelewing en die ontwikkeling van die wêreld (Bernard van Leer Foundation, 2004:1).

Dit is belangrik dat versorgers positiewe ontwikkeling in hul voorskoolse kind fasiliteer omdat hulle ‘n belangrike rol in die ontwikkeling van hul kind speel, en omdat die Wet die poging tot gesonde ontwikkelingstrategieë van sodanige versorgers vereis.

2.6 DIE GROENSKRIF VIR FAMILIES EN DIE SKEPPING VAN GUNSTIGE OMSTANDIGHEDE VIR KINDERONTWIKKELING

In die volgende gedeelte gaan die invloed van die huishoudelike omgewing op die kind se vroeë emosionele ontwikkeling, die Groenskrif vir Families (The Green Paper on Families) en die skepping van gunstige huishoudelike omgewings vir kinderontwikkeling asook die aard van intervensieprogramme wat in die Groenskrif vir Families vervat is, bespreek word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.6.1 Die invloed van die huishoudelike omgewing op die vroeë kind se emosionele ontwikkeling

Kinders se direkte huishoudelike omgewing behels dikwels die teenwoordigheid van hul ouers as hul primêre versorgers. Ouers vorm deel van die jong kind se vroeë huishoudelike omgewing. Die kwaliteit van die vroeë huishoudelike omgewing dien as ‘n basis vir die voorspelling van die jong kind se kognitiewe, akademiese en gedragsontwikkeling (Harden & Whittaker, 2011:1392). Indien ‘n kind aan ‘n goeie kwaliteit- huishoudelike omgewing in die vroeë jare vanaf geboorte blootgestel word, bevorder dit die welstand van die voorskoolse kind (Harden & Whittaker, 2011:1392). Hoër vlakke van emosionele ondersteuning in die huishouding het laer vlakke van gedragsprobleme en hoër vlakke van sosiale vaardighede tot gevolg (Harden & Whittaker, 2011:1392). Indien ‘n kind in die vroeë jare van ontwikkeling uit die huis verwyder word om in alternatiewe sorg geplaas te word, en ‘n tekort aan emosionele ondersteuning in die proses ervaar, voorspel dit moontlike gedragsprobleme in die kind se verdere ontwikkeling (Harden & Whittaker, 2011:1392).

Ouers speel ‘n belangrike rol in die emosionele ontwikkeling van hul kind, nie net om ‘n band met die kind te vorm nie, maar ook om vanweë hul kognitiewe en emosionele kennis hul kind die nodige riglyne te gee rakende die gebruik van emosionele etikette, waarderings, uitdrukkings en emosionele regulasiestrategieë (Von Salisch, 2001:310).

As primêre figure in hul jong kind se lewe speel ouers ‘n groot rol in hul kind se sielkundige funksionering. Die ouers se optrede teenoor die kind se stres-verwante emosies toon oor die algemeen of hulle hul ouers se aandag werd is of nie. Wanneer ‘n ouer hierdie emosies dikwels ignoreer, leer hulle die kind om nie eerlik te kommunikeer nie en om by die responsstyl van die ouer aan te pas (Von Salisch, 2001:311).

Ouers wat wel op hul kind se strestoestand of frustrasie reageer, verminder die kind se strestoestand. Ouers wat kinders help om tydelike negatiewe emosies te hanteer, help kinders om in ‘n moeilike situasie te kan seëvier (Von Salisch, 2001:311). Ouers het dus ‘n invloed op die emosionele regulasievermoëns van hul kinders.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.6.2 Die Groenskrif vir Families en die skepping van gunstige huishoudelike omgewings vir kinderontwikkeling

Na aanleiding van bogenoemde beskrywings van die rol van die huishoudelike omgewing, veral met betrekking tot die rol van die ouers as versorgers in die kind se emosionele ontwikkeling, is dit belangrik dat ‘n kind in ‘n gesonde, stabiele gesinsomgewing grootword om positiewe emosionele ontwikkeling in die kind te bewerkstellig. Die Groenskrif vir Families (Republic of South Africa, 2011) stel wetlike riglyne vir die bevordering van die familielewe, versterking van die familie as ‘n sisteem en die rol van die regering sowel as professionele persone in die bevordering van gesonde huishoudelike omgewings om positiewe emosionele ontwikkeling in die jong kind moontlik te maak.

In die Groenskrif vir Families (2011) word voorstelle gemaak oor hoe die regering Suid-Afrikaanse gesinne kan ondersteun sodat hulle optimaal as ‘n sisteem kan funksioneer. Gedeeltes van die Groenskrif vir Families wat gebaseer is op die skepping van gunstige huishoudelike omgewings wat kinderontwikkeling bevorder, gaan volgende bespreek word.

Die hoofdoel van die Groenskrif vir Families (2011) is om die familielewe te bevorder en om die familie as ‘n sisteem in Suid-Afrika te versterk. Die doelstellings van die Groenskrif vir Families (Republic of South Africa, 2011:21,45) is die volgende:

- ontwikkeling van die sosialisering-, omgee-, vertroeteling-, liefde- en ondersteuningsvermoëns van families;
- die bemagtiging van familielede om geleenthede in die arbeidsmark te identifiseer en in die arbeidsmark te kan onderhandel; en
- die verbetering van families se kapasiteit om deur mens-tot-mens-interaksies tot ‘n gevoel van gemeenskap, sosiale kohesie en menslike solidariteit by te dra.

Die visie van die Groenskrif vir Families behels dat families goed sal funksioneer, toegang tot die nodige bronne sal hê, en suksesvol sal wees om ‘n belangrike rol in Suid-Afrika se ontwikkeling te kan speel (Republic of South Africa, 2011:21).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die missie van die Groenskrif vir Families is om families te bemagtig om hul rol in die Suid-Afrikaanse samelewing te kan vertolk en hul verantwoordelikhede te kan nakom (Republic of South Africa, 2011:21).

Om hierdie visie, missie en doelstellings van die Groenskrif vir Families te kan bereik, moet die familie en perspektiewe rakende die familie as kern dien vir die vorming en implementering van beleide. Hierdie beleide ten opsigte van die familie sal drie komponente bevat (Republic of South Africa, 2011:46):

- ‘n sensitiwiteit teenoor veranderende familiepatrone en –verhoudinge;
- volle erkenning van die familie se rolle en funksies;
- monitering en evaluering van die effek van beleide op families.

Dit is duidelik dat families, wat deel van elke jong kind se vroeë huishoudelike omgewing en daaglike blootstelling vorm, baie belangrik in die Suid-Afrikaanse beleid en wetgewing geword het.

Die regering ag die familielewe as baie belangrik en wil families daarom in hul funksionering ondersteun. Die regering poog om familie-ondersteuning deur middel van ontwikkeling, vergoeding en beskerming te verskaf (Republic of South Africa, 2011:47-48).

Familie-ondersteuning verwys na die ondersteuning van kinderontwikkeling in moeilike omstandighede (Republic of South Africa, 2011:47). Ontwikkeling-ondersteuning (*developmental family support*) verwys na die regering se ondersteuning aan families ten opsigte van sosiale vaardighede en hanteringsmeganismes wat kinders en volwassenes in die konteks van hul huishoudelike omgewing en hul gemeenskap sal help (Republic of South Africa, 2011:47). Vorms van hierdie ondersteuning sluit in persoonlike ontwikkelingsgroepe, ontspanningsprojekte, jeugprogramme en ouerskap-opleidingsprogramme (Republic of South Africa, 2011).

Die regering se poging om families te vergoed vir die invloed van teëspoed op hul huidige lewe, of op hulle vroeë familielewe, en die funksionering daarvan, staan bekend as vergoeding-ondersteuning [*compensatory family support* (Republic of South Africa, 2011:47-48). Voorbeelde van hierdie vorm van ondersteuning sluit in goeie kwaliteit-kinderprogramme vir voorskoolse kinders wat uit minderbevoorregte

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

omstandighede en huishoudelike omgewings kom, asook jeugprogramme vir kinders wat in hoë risikogemeenskappe grootword waar 'n sterk neiging tot skoolverlating voorkom (Republic of South Africa, 2011:47-48). Beskermende ondersteuning (*protective family support*) behels die versterking van hanteringsmeganismes en die veerkragtigheid van kinders en volwassenes met betrekking tot risiko's wat by die betrokke individu- of familiesisteme geïdentifiseer is (Republic of South Africa, 2011:48). Voorbeelde van beskermende ondersteuning sluit in dagprogramme vir kinders van dwelmverslaafde ouers, ondersteuningsgroepe vir vrouens wat slagoffers van huishoudelike geweld is en ondersteuningsgroepe vir ouers in die hantering van kindergedrag (Republic of South Africa, 2011:48). Beskermende familie-ondersteuning sal erkenning gee aan die waarde van verhoudings, roetines en rituele om meer struktuur aan en stabiliteit in die huishoudelike omgewing van kinders wat in stresvolle huisomstandighede woon en grootword, te skep (Republic of South Africa, 2011:48).

2.6.3 Die aard van intervensieprogramme voorbehou in die Groenskrif vir Families

Programme wat poog om die familie as sisteem te versterk, fokus op die mees behoeftige en kwesbare families. Aksies wat in hierdie programme geneem sal word om families te versterk, behels die volgende (Republic of South Africa, 2011:54):

- identifisering van die familie se behoeftes en uitdagings;
- identifisering en erkenning van die familie se beskikbare bronne;
- identifisering van die familie se sterktes en prioriteite;
- koördinering van verskillende agentskappe in die area;
- identifisering van onbevredigde behoeftes van die familie waar 'n tekort aan ondersteuning is; en
- die ontwikkeling van strategieë vir intervensie.

Uit bostaande beskrywings van die Groenskrif vir Families (Republic of South Africa, 2011) is dit duidelik dat die Suid-Afrikaanse regering die invloed van die huishoudelike omgewing op die kind se ontwikkeling erken en poog om families te bemagtig en die familiesisteem te versterk om sodoende gunstige huisomstandighede vir kinders te skep.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.7 SAMEVATTING

Die Suid-Afrikaanse beleid en wetgewing beskou die beskerming en bevordering van kinders se welstand as belangrik. Daarom word die formulering van sodanige beleid en wetgewing op die bereiking van hierdie uitkoms gerig. Die Handves van Menseregte (1996), die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997), die Kinderwet 38 van 2005, die Wysiging op die Kinderwet 41 van 2007 sowel as die Groenskrif vir Families (2011), bevat almal gedeeltes en artikels wat gronde stel vir die beskerming van kinders, bevordering van die welstand van kinders, en die skepping van gunstige omgewings wat gesonde kinderontwikkeling ondersteun. Intervensieriglyne vir die verskaffing van dienste aan kinders, ouers van kinders en versorgers van kinders, word ook in die beleid en wetgewing aangespreek. Deurdat soveel klem op die beskerming en bevordering van kinderontwikkeling in die Suid-Afrikaanse beleid en wetgewing geplaas word, is dit dus duidelik dat die emosionele ontwikkeling van kinders, veral by die voorskoolse kind, wel van belang is; dat dit meriete dra in die Suid-Afrikaanse beleid en wetgewing; en dat ontwikkeling op ’n gesonde wyse deur die moeder of versorger van die kind gefasiliteer moet word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

‘N VOORSKOOLSE KIND SE EMOSIONELE ONTWIKKELING: TEORIEë EN PERSPEKTIEWE

3.1 INLEIDING

Emosionele ontwikkeling verwys na ’n geleidelike toename in die kapasiteit om die volle reeks van emosies te ervaar, uit te druk en te interpreteer (VandenBos, 2007:325). Emosionele ontwikkeling is egter ’n komplekse verskynsel om te verklaar. Volgens Sigmund Freud geskied die grondslagfase vir emosionele ontwikkeling reeds in die vroeë kinderjare (Fonagy, 2005:77). Verskeie teorieë en benaderings poog om hierdie emosionele ontwikkeling wat in ’n voorskoolse kind plaasvind, te verklaar (Lafreniere, 2000; Wait et al., 2005; Swartz, De la Rey, Duncan & Townsend, 2008). Sommige van hierdie teorieë fokus op die bevrediging van basiese behoeftes vir ontwikkeling. Ander fokus op die bemeestering van take. Die impak van die omgewing, sowel as die psige, word in hierdie teorieë in ag geneem. Om elke teorie en benadering te bespreek, sal te omvattend vir die doel van hierdie hoofstuk wees. Die doel is om ‘n agtergrond rakende die teoretiese verklarings vir die emosionele ontwikkeling wat in die voorskoolse kind plaasvind, te verskaf. Daarom sal ses van die mees bekende teorieë en benaderings bespreek word wat ’n sorgvuldige begrip rakende die emosionele ontwikkeling in ’n voorskoolse kind sal verskaf en wat daartoe sal bydra dat die tweede doelwit vir die studie, om die emosionele ontwikkeling van ’n voorskoolse kind met behulp van ontwikkelingsteorieë te beskryf, bereik word.

3.2 DIE MENSLIKE ONTWIKKELINGSPERSPEKTIEF

Die menslike ontwikkelingsperspektief is een van die bekendste benaderings in die verklaring van ‘n voorskoolse kind se emosionele ontwikkeling. Hierdie benadering fokus op die vereistes vir emosionele ontwikkeling om te kan geskied. Die bekendste teoretici in hierdie benadering is Charlotte Towle en Abraham Harold Maslow.

Charlotte Towle (1957) het die belangrike rol wat basiese behoeftes in die proses van menslike ontwikkeling speel, ondersoek. Vir ’n mens om tot sy/ haar volle potensiaal

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

te kan ontwikkel, is daar sekere behoeftes wat eers bevredig moet word (Towle, 1957; Johnson &Yanca, 2007:7; Johnson & Yanca, 2010). Hierdie behoeftes sluit onder andere die volgende in:

- die behoefte aan fisiese welstand, soos byvoorbeeld kos, water, skuiling en wat in die Grondwet van Suid-Afrika verskans is;
- die geleentheid vir emosionele en intellektuele groei;
- die behoefte om ‘n verhouding met ander persone te kan ontwikkel; en
- die bevrediging van spirituele behoeftes.

Abraham Maslow (1954) het ‘n hiërargie van behoeftes ontwikkel (Maslow, 1970:97-104). Hierdie hiërargie berus op dieselfde prinsiep as Towle (1957) se gemeenskaplike menslike behoeftesbenadering. Volgens Maslow moet ‘n kind se fisiologiese behoeftes eers bevredig word voordat ‘n kind emosioneel, kognitief of sosiaal kan ontwikkel (Maslow, 1970:97-98; Huitt, 2007; Poston, 2009:348). Om fisiologies te kan ontwikkel, moet die basiese behoeftes van die kind bevredig word. Hierdie basiese behoeftes sluit in onder meer honger, dors, die behoefte aan skuiling en beskerming (Towle, 1957; Huitt, 2007; Poston, 2009:348). Nadat hierdie fisiologiese behoeftes vir ontwikkeling bevredig is, is daar verdere behoeftes wat opeenvolgend bevredig moet word vir verdere gunstige ontwikkeling (Maslow, 1970). Maslow se uiteensetting van hierdie behoeftes word in Johnson en Yanca (2007:7) weergegee en vervat die volgende:

1. Fisiologiese behoeftes (honger, dors, die behoefte aan skuiling en beskerming)

2. Die behoefte aan veiligheid (vermyding van pyn en fisiese skade deur eksterne invloede)

3. Die behoefte om te behoort en iemand te hê wat ‘n mens lief het (soos in die vorming van die versorger-baba-band en latere intieme verhoudings in die persoon se lewe)

4. Selfbeeldbehoeftes (soos om deur ander aanvaar te word en oor ‘n sosiaal aanvaarbare status te beskik)

5. Die behoefte aan self-aktualisering (waar die persoon sy of haar potensiaal en vermoëns aan ander kan demonstreer, asook erkennig daarvoor kry)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6. Die behoefte aan ‘n kognitiewe begrip (waar die self en die ekstêrne wêreld verstaan word)

Vir elke volgende behoefte om te kan ontwikkel, moes die vorige behoefte bevredig word (Johnson & Yanca, 2007:7; Huitt, 2007; Poston, 2009:348). Dit is dus nodig dat ‘n kind se behoefte aan veiligheid, behoefte aan liefde en behoefte aan self-aktualisering bevredig word sodat die kind kognitief kan ontwikkel en sy/ haar volle potensiaal kan bereik.

Die voorafgaande gemeenskaplike behoeftes wat vir menslike ontwikkeling bevredig moet word, soos deur Towle (1957) en Maslow (1954) aangetoon, dien as basis vir die menslike ontwikkelingsperspektief. Die menslike ontwikkelingsperspektief beklemtoon dat mense fisies, kognitief, sosiaal, emosioneel en spiritueel in hul lewensiklus ontwikkel (Johnson & Yanca, 2007:7). Daar is sekere mylpale wat gebruik kan word om groei in verskeie lewensfases te meet, veral met die oog op emosionele en kognitiewe ontwikkeling (Wait et al., 2005:20; Johnson & Yanca, 2007:9). Hierdie mylpale dui sekere verwagtinge aan ten opsigte van ontwikkeling in verskillende ontwikkelingstadiums en vorm die basis vir die psigososiale teorie rakende menslike ontwikkeling.

3.3 ERIKSON SE PSIGOSOSIALE TEORIE

Volgens Erikson (1902-1994), wat as die vader van die psigososiale teorie beskou word, ontwikkel ‘n mens psigososiaal en kan hierdie ontwikkeling in verskillende fases verdeel word (Erikson, 1963:273). Erikson het agt fases van psigososiale ontwikkeling in ‘n mens se lewenstydperk geïdentifiseer (Erikson, 1963:273; LaFreniere, 2000:79; Wait et al., 2005:21; Swartz et al., 2008:63-64). In die oorspronklike werk van Erikson (Erikson, 1963:247-273) word hierdie fases geklassifiseer volgens fases wat in werke van ander outeurs (Wait et al., 2005:21) eerder as psigososiale krisisse gesien word. Aangesien navorsing deur Suid-Afrikaanse outeurs (Wait et al., 2005) as meer toepaslik beskou word, sal hierdie skrywers se werk as riglyn vir die bespreking van die psigososiale teorie dien.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Elke fase in die psigososiale teorie word gekenmerk deur spesifieke take wat ‘n individu moet bemeester, asook krisisse wat opgelos moet word. Wanneer die take en die krisisse van een fase bemeester en opgelos is, kan die individu na die volgende fase van ontwikkeling aanbeweeg (LaFreniere, 2000; Wait et al., 2005:17; Swartz et al., 2008:63-64).

Die fases van psigososiale ontwikkeling, sowel as die take wat bemeester moet word, word in tabelvorm in Wait et al. (2005) se boek “Human Development: a Psychosocial approach” voorgestel. In Tabel 3.1 word hierdie fases en take uiteengesit. Die ontwikkeling wat op die voorskoolse kind van toepassing is, sal daarna verder bespreek word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 3.1: Die psigososiale lewensfases en gepaardgaande ontwikkelingstake

Lewensfase	**Ontwikkelingstake**
Die babastadium	Die vorming van ‘n sosiale band Sensories-motoriese ontwikkeling Sensories-motoriese intelligensie Emosionele ontwikkeling
Die kleuterjare	Uitbreiding van beweging Fantasie en spel Taalontwikkeling Selfbeheer
Die vroeë skooljare	Geslagsrol-identifikasie Vroeë morele ontwikkeling Groepspel Selfwaarde
Middel-kinderjare	Vriendskap Self-evaluering Konkrete operasies Vaardigheidsleer Spanspel
Vroeë adolessensie	Fisieke ontwikkeling Formele operasies Emosionele ontwikkeling Lidmaatskap van groepe maats Seksuele verhoudings
Latere adolessensie	Outononomie Geslagsrol-identiteit Geïnternaliseerde moraliteit Beroepskeuse
Vroeë volwassenheid	Huwelik Kinders kry Werk Lewenstyl
Middel-volwassenheid	Versorging van huweliksverhouding Bestuur van huishouding Ouerskap Bestuur van loopbaan
Laat-volwassenehid	Bevordering van intellektuele ywer Nuwe rolle en aktiwiteite Lewensaanvaarding Ontwikkeling van standpunte oor die dood
Bejaardheid	Bestuur van fisieke veroudering Ontwikkeling van ‘n psigo-historiese perspektief Reis deur onvoorsiene terrein

Bron: Aangepas vanuit Wait et al. (2005:20).

Bogenoemde tabel wat ‘n bevestiging is van Erikson se fases en take in sy psigososiale teorie, verwys ook na die take van ‘n voorskoolse kind wat verband hou met sy/haar emosionele ontwikkeling. Hierdie take moet deur die kind bemeester word voordat verdere ontwikkeling (ook emosionele ontwikkeling) kan plaasvind. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

eerste drie fases wat as die vroeëkindjare bekend staan, behels die babastadium, die kleuterjare en die vroeë skooljare. Hierdie fases, asook die take wat bemeester moet word, gaan vervolgens bespreek word.

3.3.1 Die babastadium

Die babastadium verwys na die ontwikkelingsfase wat vanaf geboorte tot en met die ouderdom van 24 maande plaasvind (Wait et al., 2005:71). In hierdie stadium geskied verskeie metings van die baba se fisiese gesondheid, soos byvoorbeeld die Apgar-evaluasie wat onder andere hartspoed, asemhaling en spiertonus toets (Wait et al., 2005:72). Dit is belangrik om eers seker te maak dat die baba fisies gesond is, aangesien fisiese gesondheid en basiese behoefte-bevrediging nodig is vir verdere ontwikkeling om te kan geskied (Towle, 1957; Wait et al., 2005:71-77; Johnson & Yanca, 2007:7).

Behalwe vir die belangrikheid van die fisiese gesondheid van die baba, is daar ook sekere take wat die baba moet bemeester om hierdie ontwikkelingsfase af te handel. Hierdie take sluit in die ontwikkeling van die versorger-baba-band (sosiale gehegtheid), sensories-motoriese maturasie, sensories-motoriese intelligensie en emosionele ontwikkeling (Wait et al., 2007:20). As gevolg van die belangrike verwantskap tussen sosiale gehegtheid en emosionele ontwikkeling vir die algehele emosionele ontwikkeling van die voorskoolse kind, sal hierdie twee take bespreek word.

3.3.1.1 Sosiale gehegtheid

Die versorger-baba-band verwys na die interafhanklikheid tussen die versorger en die baba, intense wedersydse gevoelens en ‘n sterk emosionele verbintenis tussen die versorger en die kind (Craig, 1992:188). Die vorming van hierdie band staan bekend as sosiale gehegtheid (Wait et al., 2005:78). Dit is belangrik dat hierdie band gevorm word, aangesien hierdie emosionele band wat ‘n baba met sy of haar moeder as versorger vorm, as ‘n basis vir ander latere verhoudings in die baba se lewe dien (Craig, 1992:188; Berk, 2009:425). Omdat die proses ten opsigte van die vorming van hierdie band, sowel as die meting daarvan, in hoofstuk vier bespreek sal word, word daar slegs na hierdie ontwikkelingstaak verwys.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3.1.2 Emosionele ontwikkeling

In die babastadium is emosies ‘n vorm van kommunikasie vir die baba (Wait et al., 2005:87). Verskillende skrywers van kinderontwikkelingsboeke plaas klem op verskillende emosionele ontwikkelinge in die baba (Craig, 1992; Hetherington & Parke, 1993; Wait et al., 2005; Berk, 2009; Papalia, Olds & Feldman, 2009). Hierdie ontwikkelinge word gemeet aan die verskillende emosies wat die baba toon. Tabel 3.2 dui op ‘n samestelling van hierdie ontwikkelinge (emosionele uitdrukkings).

Tabel 3.2: Emosionele gedrag van ‘n baba

Ouderdom	**Uitdrukking van emosie**
0-4 maande	Huil, glimlag, lag
4-8 maande	Geluk, vrees, frustrasie, woede
18 maande-2 jr	Self-konsep word ontwikkel, skaamte, vernedering, trots, om te begeer, verbale kommunikasie van gevoelens

Bronne: Aangepas vanuit Craig (1992); Hetherington & Parke (1993); Wait et al. (2005); Berk (2009) en Papalia et al. (2009).

Die eerste stel emosies wat in ‘n baba ontwikkel, staan bekend as die basiese emosies, en vorm deel van die emosies in Tabel 3.2. Basiese emosionele ontwikkeling vind universeel plaas (Deater-Deckard et al., 2002:115; Berk, 2009:404). Dit beteken dat alle mense regoor die wêreld, ongeag ras, klas of kultuur, soortgelyke emosies ontwikkel.

Die ontwikkeling van sekondêre emosies of selfbewuste emosies volg nadat basiese emosies (byvoorbeeld huil, lag, vrees en woede) gevestig is. Sekondêre emosies is onder meer emosies soos skaamte, vernedering, skuld, trots en om te begeer. Hierdie emosies word eers aan die einde van die baba se tweede jaar van ontwikkeling waargeneem en vorm dus deel van die kleuterfase en die vroeë skooljare (Deater-Deckard et al., 2002:115; Berk, 2009:406).

Die baba word deur die emosies wat uitgedruk word, in staat gestel om met die versorger te kommunikeer. As die baba byvoorbeeld huil, wil hy/sy aandui dat iets verkeerd is, en dat die versorger se bystand in die situasie benodig word (Wait et al.,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2005:75). Die baba moet egter leer om hieredie emosies te beheer. Hierdie proses staan bekend as die emosionele regulasieproses (Wait et al., 2005:89; Berk, 2009:407). ‘n Ander belangrike faktor in die emosionele ontwikkeling van ‘n baba is die proses van sosiale verwysing, waar na ‘n ander persoon se emosionele reaksie in onbekende situasies gekyk word om te bepaal hoe die kind self moet reageer (Berk, 2009:412). Wanneer take rakende die emosionele ontwikkeling in ‘n baba ondersoek word, moet die invloed van die temperament van ‘n baba, wat verwys na die relatief-stabiele eienskappe van die baba se respons op die omgewing, ook in ag geneem word (Wait et al., 2005:77).

Omdat die proses van die emosionele ontwikkeling sowel as die take wat bemeester moet word, in hoofstuk vier in meer besonderhede bespreek word, is hier slegs kort verduidelikings van die belangrike prosesse en konsepte verskaf.

3.3.2 Die kleuterjare

Die kleutertydperk strek vanaf ongeveer die tweede jaar tot en met die vierde jaar in ‘n kind se ontwikkeling (Wait et al., 2005:95). In Tabel 4.1 (sien hoofstuk 4) word die take vir verdere ontwikkeling wat bemeester moet word, weergegee. Hierdie take behels verfyning van beweging (motoriese vaardighede), fantasie en spel (fantasiespel), taalontwikkeling en self-kontrole/ beheer (Wait et al., 2005:20). Die take wat in hierdie fase met die emosionele ontwikkeling van die voorskoolse kind verband hou, staan bekend as fantasiespel en self-kontrole. Daarom sal hierdie twee take volgende bespreek word.

3.3.2.1 Fantasiespel

Die vroeë kinderjare word as die pre-operasionele periode in die kind se ontwikkeling beskryf (Wait et al., 2005:100). In hierdie tydperk ontwikkel kinders die vaardigheid om voorwerpe figuurlik te kan voorstel, byvoorbeeld deur nabootsing, gedagtebeelding en simboliese spel (Wait et al., 2005:100). Die belangrikheid van hierdie periode is dat wanneer kinders fantasieë in ‘n denkbeeldige vorm skep, dit dikwels nie van die werklikheid geskei kan word nie (Louw, Van Ede & Louw, 1998:274-275). As daar byvoorbeeld ‘n storie oor monsters aan ‘n kind voorgelees word, sal ‘n kind ‘n denkbeeldige voorstelling van hierdie monsters vorm. Die kind

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sal fantasieë rakende hierdie monsters skep, wat die kind later as die werklikheid sien. Hierdie proses lei daartoe dat die kind glo daar woon ‘n monster onder sy/haar bed en die monster begin vrees. Hierdie tipe fantasieë kan angs by die kind laat ontstaan (Louw et al., 1998:274-275).

Emosionele regulasiestrategieë moet gebruik word om gevoelens van angs te reguleer (Berk, 2009). Soos die kind ontwikkel, is dit belangrik dat hy/sy geleer word om tussen die werklikheid en fantasie te onderskei sodat vrese kan verdwyn en gesonde emosionele ontwikkeling kan geskied. Indien die kind uitwendige vrese ontwikkel en nie die gepaardgaande gevoelens van angs kan reguleer nie, kan dit tot latere emosionele versteurings in die kind lei (Mian, Wainwright, Briggs-Gowan & Carter, 2011:501).

3.3.2.2 Self-kontrole (Selfbeheer)

Die term self-kontrole of selfbeheer word gedefinieer as “die vermoë om impulse te beheer en om voorgenome uitkomstes te bereik” (Newman & Newman, 1995 in Wait et al., 2005:109). Hierdie definisie hou verband met dié van emosionele regulasie. Emosionele regulasie word gedefinieer as die strategieë wat individue gebruik om die intensiteit of duur van emosionele reaksies op ‘n hanteerbare vlak te kry, sodat doelwitte bereik kan word (Berk, 2009:407). Kleuters pas selfbeheer toe deur middel van die proses van emosionele regulasie (Deater-Deckard et al., 2002:216).

Selfbeheer is reeds in die babastadium aanwesig. Babas kan hulself byvoorbeeld kalmeer deur te suig, te wieg of van oor-stimulering weg te draai (Wait et al., 2005:109). Kleuters beskik egter oor meer gevorderde selfbeheer-strategieë en het die vermoë om die uitstel van impulsbevrediging te handhaaf (Wait et al., 2005:110). Wanneer kleuters impulsbevrediging uitstel, kan dit daartoe lei dat groter doelwitte bereik kan word. Wanneer ‘n kleuter en ‘n versorger byvoorbeeld inkopies doen en die kleuter word honger, kan die versorger nie dadelik die kleuter se behoefte tot kos bevredig nie. Indien die kleuter huil en ‘n woedeuitbarsting volg, kan dit ‘n negatiewe respons vanaf die versorger ontlok. Indien die kleuter egter geduldig wag totdat hierdie behoefte later bevredig kan word, mag die kleuter beloon word, deur byvoorbeeld sy gunstelingpoeding saam met ‘n maaltyd te ontvang. Deurdat die kleuter die interne impuls tot honger-bevrediging uitgestel het, het die kleuter ‘n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

groter doelwit bereik, naamlik die beloning vir gunstige gedrag met sy gunstelingpoeding.

Selfbeheer deur die proses van emosionele regulasie kan intern of ekstern plaasvind (Deater-Deckard et al., 2002:117; Gullone, Hughes, King & Tonge, 2010:567). By interne beheer deur middel van selfregulasie, verander of pas die kind sy denke rondom ‘n spesifieke situasie aan. Die beheer wat ekstern geskied, behels dat die kind by die situasie aanpas deur byvoorbeeld homself uit die situasie te verwyder (Deater-Deckard et al., 2002:117). As ‘n kind nie daarin slaag om sy of haar emosies te reguleer nie, kan dit tot gedrags- en emosionele probleme by die kind lei (Deater-Deckard et al., 2002:117).

Studies het bevind dat daar ‘n verband is tussen kinders wat emosies kan reguleer en die gepaste gedrag in ‘n sosiale konteks toon (Onchwari & Keengwe, 2011:283). ‘n Kleuter moet dus leer om sy/ haar emosies te reguleer deur selfbeheer toe te pas om by die omgewing, soos byvoorbeeld die kleuterskool, aan te pas. ‘n Kind moet emosies kan reguleer en gepaste gedrag kan uitvoer om tot die volgende stadium van ontwikkeling, die vroeë skooljare, te kan aanbeweeg.

3.3.3 Die vroeë skooljare

Die vroeë skooljare strek vanaf die ouderdom van vier jaar tot en met ses jaar en vorm die laaste fase van die voorskoolse kind se ontwikkeling (Wait et al., 2005:115). Take wat ‘n voorskoolse kind in die vroeë skooljare moet bemeester, sluit in die proses van geslagsrol-identifikasie, vroeë morele ontwikkeling, groepspel en self-waarde. Al hierdie take hou verband met die emosionele ontwikkeling wat in ‘n voorskoolse kind plaasvind. Al vier hierdie take sal kortliks bespreek word.

3.3.3.1 Geslagsrol-identifikasie

Omdat verskillende rolle met die verskillende geslagte geassosieer word, bestaan daar ‘n reeks verwagte rolle vir seuns en meisies onderskeidelik (Wait et al., 2005:117). Die geslagsrolidentifikasieproses word beskryf as ‘n proses wat kognitiewe, affektiewe, liggaamlike en interpersoonlike elemente insluit (Wait et al., 2005:117). Deur middel van interaksie met die sosiale omgewing vorm kinders persepsies van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wat die rolle van ‘n seun of meisie behels. Die internalisering van hierdie oortuigings skep die geslagsrol-identiteit en dien as ‘n kernelement in die vorming van ‘n kind se latere persoonlikheid (Wait et al., 2005:117).

3.3.3.2 Vroeë morele ontwikkeling

Vroeë morele ontwikkeling verwys na die proses waar die standaarde en waardes van die versorger (byvoorbeeld ouers) geïnternaliseer word en as ‘n basis waarvolgens die kind sy/ haar eie waardes skep, dien (Wait et al., 2005:120). Hierdie waardes wat geskep word, dien as ‘n riglyn vir gedrag. Daarvolgens kan die kind byvoorbeeld evalueer wat goeie gedrag en slegte gedrag is.

Volgens Newman en Newman (1995) sluit morele ontwikkeling veranderinge in wat deur middel van drie prosesse plaasvind, naamlik die aanleer van ‘n gemeenskap se morele kode, die belewing van emosies en die neem van gepaste stappe om impulse te beheer (Wait et al., 2005:120). Die aanleer van die gemeenskap se morele kode verwys na die proses waar gedrag beoordeel word, byvoorbeeld om tussen goeie gedrag en slegte gedrag te kan onderskei. Die belewing van emosies hou verband met emosies wat beleef word wanneer ‘n morele standaard geïmplementeer word al dan nie, byvoorbeeld die ervaring van trots of die ervaring van skuld. Gepaste stappe om impulse te beheer, verwys na die strategie wat ‘n kind sal implementeer om negatiewe impulse te beheer en sosiaal aanvaarbare gedrag te openbaar (Wait et al., 2005:120).

Morele ontwikkeling in die voorskoolse kind help die kind om sosiaal aanvaarbare gedrag uit te oefen en sodoende die goedkeuring van ander te verkry. Hierdie goedkeuring lei tot die vorming van vriendskappe en groepspel.

3.3.3.3 Groepspel

Groepspel behels dat ‘n kind saam met ander kinders speel. Kinders speel voor hierdie fase dikwels alleen en baseer hierdie speletjies op hul eie fantasieë. Speletjies is nou egter meer deel van ‘n span en bevat reëls en riglyne (Wait et al., 2005:123).

Groepspel vorm deel van ‘n kind se ontwikkelingstake aangesien dit die kind leer om pro-sosiale gedrag ten toon te stel; vriendskappe te vorm; en emosionele

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ondersteuning van maats te ontvang en aan maats te verskaf (Wait et al., 2005:123). Ook bied dit die geleentheid vir sosiale leer. Hierdie aktiwiteite wat saam met ander kinders uitgevoer word, verskaf ook die geleentheid aan die kind om sekondêre emosies te kan ervaar, soos byvoorbeeld skaamte of trots. Groepspel en interaksie met ander maats dra by tot die proses van self-evaluering en die vorming van ‘n selfkonsep (Wait et al., 2005:122; Berk, 2009:406-407).

3.3.3.4 Selfwaarde (Die selfkonsep)

Selfbewuste emosies (sekondêre emosies) word aan self-evaluering gekoppel. Self-evaluering lei tot die vestiging van ‘n selfkonsep. Ouers oefen gewoonlik die sterkste invloed uit op die ontwikkeling van ‘n kind se selfkonsep (Wait et al., 2005:122). Die kwaliteit van ouers se terugvoer beïnvloed die self-evaluering van ‘n kind. Wanneer ouers herhaaldelik kommentaar lewer op die waarde van die kind en die kind se prestasie, begin die kind meer intense self-bewuste emosies te ervaar, byvoorbeeld om meer skaam te voel nadat hy/sy in ‘n taak gefaal het of om ‘n groter mate van trots te ervaar nadat ‘n taak suksesvol uitgevoer is (Berk, 2009:407). ‘n Oormaat van negatiewe emosies kan tot die ontwikkeling van ‘n negatiewe selfkonsep lei, wat ‘n kind se emosionele ontwikkeling negatief kan beïnvloed. Daarom is die vorming van ‘n gesonde selfkonsep deel van ‘n voorskoolse kind se take in die proses van gesonde emosionele ontwikkeling (Wait et al., 2005:20).

3.4 Psigososiale krisisse

Behalwe vir die noodsaaklikheid dat spesifieke take in elke ontwikkelingsfase afgehandel moet word voordat verdere ontwikkeling kan geskied, is daar ook ‘n spesifieke psigososiale krisis in elke ontwikkelingsfase wat opgelos moet word (Erikson, 1963: 247-274; Wait et al., 2005:19; Johnson & Yanca, 2007:9; Swartz et al., 2008:64). Die konsep psigososiale krisis verwys na die spanning wat tussen die individu se eie behoeftes en die verwagtinge rakende die individu vanuit die omgewing ontstaan (Wait et al., 2005:19). Die psigosiale krisisse wat die voorskoolse kind moet oplos, behels die volgende: vertroue teenoor wantroue; outonomie teenoor skaamte en twyfel; en inisiatief teenoor skuld (Erikson, 1995:222-232). Elke psigososiale krisis met betrekking tot die spesifieke ontwikkelingstadium sal

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vervolgens bespreek word, asook die sentrale proses wat moet plaasvind om ‘n krisis te kan oplos.

3.4.1 Die babastadium: Vertroue teenoor wantroue

In die babafase word die krisis gekoppel aan die mate van vertroue wat die baba in haar versorger ontwikkel om haar behoeftes te bevredig en in tye van distres te reageer (Erikson, 1963:247; Erikson, 1995:222-225; Wait et al., 2005:90; Johnson & Yanca, 2007:9). Vertroue word beskryf as ‘n geloof in die versorger-baba-verhouding waar die baba glo dat die verhouding onsekerhede en uitdagings in die toekoms sal kan weerstaan (Wait et al., 2005:90).

Wantroue berus op die baba se onsekerheid of die versorger in tye van distres daar gaan wees en op die baba se behoeftes sal reageer. Wanneer ‘n baba wantroue ervaar, vertrou die baba nie die motiewe van ander mense nie. Hierdie wantroue kan ontstaan wanneer die versorger op ‘n harde en ongevoelige manier op die baba se behoeftes reageer (Wait et al., 2005:90).

Die psigososiale krisis van vertroue teenoor wantroue kan opgelos word deur die sentrale proses van wederkerigheid met die versorger (Erikson, 1963:247; Wait et al., 2005:92). Wederkerigheid ontwikkel wanneer die versorger konstant positief en met toepaslikheid op die baba se behoeftes reageer (Erikson, 1963:247; Wait et al., 2005:92).

3.4.2 Die kleuterjare: Outonomie teenoor skaamte en twyfel

Die kleuter streef na outonomiteit wanneer hy/sy take op sy/haar eie wil uitvoer en onafhanklikheid van die versorger versoek (Erikson, 1995:229; Wait et al., 2005:112). Skaamte verwys na ‘n gevoel waar ‘n persoon uitgelewer voel aan die omgewing, selfbewus is en dit vir die persoon voel asof almal na hom/haar kyk (Erikson, 1963:252; Erikson, 1995). Kinders sal dikwels sukkel om die take wat hul aanpak, onafhanklik te bemeester. Ouers wat kinders gereeld kritiseer, ontmoedig kinders en dit kan daartoe lei dat kinders ‘n oormatige gevoel van skaamte en selftwyfel ontwikkel (Louw et al., 1998; Wait et al., 2005;113). Skaamte kan ook ontstaan wanneer die kleuter kritiek van maats ontvang, of gespot word. Om die negatiewe

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gevoelens wat met skaamte gepaardgaan, te vermy, kan kinders hulself daarvan weerhou om aan enige nuwe aktiwiteite deel te neem (Wait et al., 2005:113). Dit kan lei tot ‘n gebrek aan selfvertroue in hul eie vermoëns en ‘n verwagting om te misluk, wat ‘n kind se emosionele ontwikkeling negatief kan beïnvloed (Wait et al., 2005:113).

Die sentrale proses vir die oplossing van hierdie krisis, is dié van nabootsing (Wait et al., 2005:113). Omdat die kind tydens die proses van nabootsing poog om die gedrag van ander na te boots, kan nuwe vaardighede op hierdie wyse aangeleer word. Later word hierdie vaardighede geïnternaliseer en vorm deel van die kind se funksionering, waar take op ‘n unieke manier suksesvol uitgevoer word (Wait et al., 2005:113).

3.4.3 Die vroeë skooljare: Inisiatief teenoor skuld

Erikson (1963) het na inisiatief verwys as die aktiewe konseptuele verkenning van die wêreld (Erikson, 1995:229; Wait et al., 2005:125). Dit verwys dus na die proses waar die voorskoolse kind ondersoek instel na sy/ haar omgewing en waar eksplorasie geskied. Uitdrukkings van inisiatief sal byvoorbeeld vrae oor die fisieke en die metaforiese insluit. Dit behels ook die speelse verkenning van hul eie en hul vriende se liggame deur die bekende dokter-pasiënt-speletjie (Wait et al., 2005:125).

Die term skuld verwys na die emosie wanneer ‘n mens verantwoordelik voel vir ‘n onaanvaarbare gedagte, fantasie en/ of daad (Newman & Newman, 1995 verwys in Wait et al., 2005:125-126). Hierdie emosies speel ‘n belangrike rol om kinders van hul eie gedrag bewus te maak en van die implikasies wat hul handelinge vir ander inhou (Wait et al., 2005:126). Uiterse vlakke van skuld kan egter daartoe lei dat kinders begin dink dat al hulle handelinge onvanpas is (Wait et al., 2005:126). Daarom moet ‘n balans tussen inisiatief en ‘n gesonde ervaring van skuld in die voorskoolse kind gefasiliteer word.

Die sentrale proses vir die oplossing van hierdie krisis behels identifikasie (Erikson, 1995:215,232; Wait et al., 2005:126). Wanneer kinders ‘n band met hul ouers (versorgers) ontwikkel en deur middel van identifikasie die ouers se waardes en eienskappe in hul eie gedrag inkorporeer, ervaar die kinders ‘n gevoel van sekuriteit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en word hulle selfbeeld versterk (Wait et al., 2005:126). Die ouers vorm dus ’n riglyn vir gedrag wat deur inisiatiewe gekenmerk word.

3.4 DIE PSIGOBIOLOGIESE BENADERING TOT EMOSIE

Die sentrale senuweestelsel (die brein en die rugmurg) en die periferale senuweestelsel vorm die psigobiologiese basis van emosie in die mens (LaFreniere, 2000:46). Hierdie twee sisteme verskaf interaktiewe terugvoer wat verantwoordelik is vir die gedrag van die mens wat deur die verband tussen sensoriese insette in die omgewing en die ervarings in die mens beïnvloed word (LaFreniere, 2000:46). Die brein speel ‘n belangrike funksie in die ervaring van emosie, maar so ook die hart en hormone in die menslike liggaam (LaFreniere, 2000:46-70). Wanneer die emosionele ontwikkeling van ‘n voorskoolse kind bestudeer word, is dit dus belangrik om die rol van fisiologiese faktore in die ontwikkeling en ervaring van emosie in ag te neem.

3.5 FREUD SE PSIGOANALITIESE TEORIE

Sigmund Freud is die vader van die psigoanalitiese teorie (Hetherington & Parke, 1993; Elliott, 2002; Wait et al., 2006; Berk, 2009) en is van mening dat mense oor die algemeen onbewus is van die strukture waaruit hul persoonlikheid bestaan, asook die redes vir hul gedrag (Swartz et al., 2008:118). Volgens Freud word gedrag deur instinkte, onbewustelike motiewe, vorige ervarings en sosiale norme beïnvloed (Swartz et al., 2008:118). Laasgenoemde gedrag, die ontwikkeling van die persoonlikheid en die emosionele ontwikkeling in kinders, word volgende bespreek.

3.5.1 Freud se psigoanalitiese teorie en die fases van ontwikkeling in ‘n voorskoolse kind

Die psigoanalitiese teorie poog om die ontwikkeling van die persoonlikheid en die dryfkrag agter gedrag te verklaar (Toman, 1960; Hetherington & Parke, 1993; Wait et al., 2005). Freud is van mening dat menslike gedrag deur onbewustelike kragte en instinkte gedryf word (Freud, 1961; Hetherington & Parke, 1993:14). Hy plaas klem op die kritieke rol van die voorskoolse jare in die ontwikkeling van die persoonlikheid

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en in die emosionele ontwikkeling van ‘n kind (Hetherington & Parke, 1993:14) en is van mening dat die grondslagfase vir emosionele ontwikkeling reeds in die vroeë kinderjare geskied (Fonagy, 2005:77).

3.5.1.1 Die orale fase van ontwikkeling

Volgens Freud se psigoanalitiese teorie is daar verskeie fases in die sielkundige/ emosionele ontwikkeling van ‘n kind. Die eerste fase waarna Freud verwys, is die suigelingfase (of orale fase) tussen geboorte en 18 maande (LaFreniere, 2000:79; Freud, 2001:98; Swartz et al., 2008:120). In hierdie fase drink die baba uit‘n bottel of aan die ma se bors, neem semi-soliede voedsel in deur ‘n bottel of vanaf ‘n lepel, suig sy eie duime of suig aan ander voorwerpe (Toman, 1960:138). Die baba se mond en die suig-aksie verskaf plesier aan die baba en dien as stimulasie vir die baba (Freud, 2001:98; Wait et al., 2005:34). Laasgenoemde stimulasie staan ook bekend as orale stimulasie (Toman, 1960:138). Die baba leer om hierdie orale stimulasie te beheer en te manipuleer om sy/haar eie behoefte te bevredig (Toman, 1960:138).

Behalwe vir orale stimulasie, is daar ook ander vorms van stimulasie wat plesier of ongemak aan die baba kan verskaf. Hierdie vorms van stimulasie sluit onder andere in die aanraking van ‘n ander persoon, klank of sig (Toman, 1960:138). Om laasgenoemde stimulasie te kan ervaar, moet die moeder as versorger ‘n gepaste omgewing vir die baba skep. Hierdie omgewing moet ruimte vir eksplorasie, sowel as ‘n gevoel van veiligheid en gemak, aan die baba verskaf.

Die moeder speel ‘n belangrike rol in die psigoanalitiese ontwikkeling van haar baba. As die moeder haar baba verwaarloos deur nie aan haar baba se behoeftes te voldoen nie, soos om die baba te los om sy eie ongemak uit te huil, kan die baba se vermoë om behoeftes te ontwikkel en uit te druk in die eerste jaar vanaf geboorte, belemmer word (Toman, 1960:139). Laasgenoemde inperking/ belemmering kan daartoe lei dat die baba slegter eet en nie op eksterne stimuli soos harde geluide in die omgewing of die gesig van sy versorger reageer nie (Toman, 1960:139). Vir verdere ontwikkeling om te kan geskied, is reaksie op stimuli nodig vir eksterne eksplorasie.

Die verbrokkeling van die baba se sielkundige lewe en dus emosionele ontwikkeling kan reeds in die eerste paar maande na geboorte geskied (Toman, 1960:139). Omdat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

onherstelbare skade reeds teen drie maande kan plaasvind (Toman, 1960:139), is dit belangrik vir die baba dat die moeder beskikbaar is en sensitief vir die behoeftes van die baba moet wees.

Freud verbind die orale fase van ontwikkeling met die vorming van twee tipes persoonlikhede in volwassenes: die oraal-passiewe en die oraal-aggressiewe volwassene (Swartz et al., 2008).

As ‘n baba te veel aangename aandag geniet, kan die baba ontwikkel om oor-optimisties of baie afhanklik te wees. Volwassenes wat die oraal-passiewe persoonlikheid ontwikkel het, is geneig om liggelowig en afhanklik van ander vir hul eie geluk te wees (Swartz et al., 2008:120). Hierdie persone is geneig om heeltyd die aanvaarding van ander na te strewe en aandag en vertroeteling van die mense om hulle te soek (Swartz et al., 2008:120). Die oraal-aggressiewe persoonlikheid aan die ander kant, ervaar frustrasies wat byvoorbeeld deur tandekners deur die baba gekenmerk word (Swartz et al., 2008;120). Volwassenes wat neig na die oraal-aggressiewe persoonlikheid is geneig om oormatig pessimisties, aggressief en nie goed vir ander mense te wees nie (Swartz et al., 2008:120). Hierdie tipe persone is dikwels manipulerend, uitbuitend en streef na dominansie oor ander (Swartz et al., 2008:120).

3.5.1.2 Die anale fase van ontwikkeling

Die tweede fase van ontwikkeling word die anale fase genoem (Toman, 1960:156; LaFreniere, 2000:79; Freud, 2001;98; Wait et al., 2005:34; Swartz et al., 2008:120). Hierdie fase geskied ongeveer vanaf die eerste jaar na geboorte tot en met die derde jaar van ontwikkeling (Toman, 1960:156; Lafreniere, 2000:79 Wait et al., 2005:34). In hierdie fase het die baba die behoefte aan eliminasie, asook die manipulering van die hande (Toman, 1960:156). Dit is die fase waar toilet-opvoeding geskied (Toman, 1960; Hetherington & Parke, 1993:15, Wait et al., 2005:34). Die kind het die interne dryfkrag om uiting aan liggaamlike afval te gee, waar en wanneer hy/sy wil, maar moet ook die sosiale norme rakende hierdie uitskeiding aanleer en gehoorsaam (Swartz et al., 2008:120). Die plesier in die onmiddellike bevrediging van interne dryfkragte word dus onderbreek (Swartz et al., 2008:120). Die kind moet leer om onmiddellike bevrediging van dryfkragte te reguleer. Indien die kind nie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

laasgenoemde taak bemeester nie, kan dit tot verskerpte optrede van die ouers teenoor die kind lei (Swartz et al., 2008:120-121).

Die kind kan op een van twee maniere op die streng ouerskap reageer. Die kind kan tot groot frustrasie van die ouers liggaamlike afvalstowwe in onvanpaste situasies of plekke begin uitskei. As die kind gereeld so optree, kan dit tot die anale aggressiewe persoonlikheidstipe in volwassenheid lei (Swartz et al., 2008:121). Laasgenoemde volwassenes is dikwels impulsief, sadisties en vyandig (Swartz et al., 2008:121). Die ander manier waarop die kind kan reageer, is om nie die liggaamlike afvalstowwe soos nodig uit te skei nie. Laasgenoemde gedrag kan 'n gevoel van beheer aan die kind verskaf (Swartz et al., 2008:121). Volgens Freud kan hierdie tipe kinders grootword om anaal-inhoudende volwassenes te wees wat hardkoppig en rigied is. Hierdie tipe persone kan ook kompulsief netjies en pligsgetrou in hul daaglikse funksionering wees (Swartz et al., 2008:121).

3.5.1.3 Die falliese fase van ontwikkeling

Die volgende fase in die emosionele ontwikkeling van die voorskoolse kind is die falliese fase (Toman, 1960; Hetherington & Parke, 1993, Freud, 2001:98; Wait et al., 2005; Swartz et al., 2008). Hierdie fase geskied ongeveer vanaf die ouderdom van vier jaar tot en met ses jaar in die kind se ontwikkeling (LaFreniere, 2000:79; Wait et al., 2005:34). In hierdie fase ervaar die kind 'n verhoogde graad van nuuskierigheid rakende sy/haar eie geslagsdele (Hetherington & Parke, 1993:15). Kinders in hierdie fase raak bewus van die anatomie van verskillende geslagsdele en plesier word verkry deur die stimulasie van die geslagsdele (Hetherington & Parke, 1993:15). In hierdie fase moet die kind leer om met die ouer van dieselfde geslag te identifiseer (De la Rey., 2008:121). Dit vereis dat die oediplus-kompleks in seuns en die elektra-kompleks in meisies aangespreek moet word.

Die oediplus-kompleks by seuns verwys na die seun se seksuele gevoelens teenoor sy eie moeder en die jaloerse gevoelens teenoor die vader, wat aandag van die moeder geniet (Hetherington & Parke, 1993:15; Freud, 2001:129). Die seun wil ontslae raak van sy vader om die volle aandag van sy moeder te kan geniet (Freud, 2001:129; Swartz et al., 2008:121). Die seun kom egter agter dat sy vader hierdie gedrag nie sal verdra nie. Freud het geglo dit lei tot die ontwikkeling van vrees in seuns dat hulle

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vader hulle penis sal afsny. Die resultaat kan lei tot kastrasie-angs wat seuns forseer om te erken dat hul seks met hulle moeders verlang (Freud, 1966:56-57; Freud, 2001:129; Swartz et al., 2008:121). Wanneer die seuns ongeveer tussen vyf en sewe jaar oud word, begin die seuns hulle seksuele begeertes teenoor hulle moeders te onderdruk, met hulle vaders te identifiseer en word die oediplus-kompleks sodoende opgelos (Toman, 1960; Freud, 1966:31; Freud, 2001:129; Swartz et al., 2008:121).

Latere teoretikusse verwys na die elektra-kompleks by meisies (Hetherington & Parke, 1993:15; Swartz et al., 2008:121), alhoewel Freud se oorspronklike werk na die oediplus-kompleks in meisies verwys (Freud, 1966:173-179; Freud, 2001:129). In hierdie kompleks dien die moeder as primêre bron van liefde en sorg sedert geboorte, maar meisies kom agter dat die moeder nie oor ‘n penis beskik nie. Hulle begin dan ‘n penis te begeer en hulle moeders te blameer dat hulle moeders nie oor ‘n penis beskik nie (Toman, 1960:170; Freud, 2001:129). Die meisies raak openlik vyandig teenoor hulle moeders en wil eienaarskap oor hulle vaders hê (Freud, 1966; Swartz et al., 2008:121). Hierdie kompleks word gewoonlik in die volgende stadium van ontwikkeling opgelos, die latente periode, wat vanaf die ouderdom van ses jaar tot en met twaalf jaar plaasvind (Toman, 1960:175,191).

Albei geslagte kinders aanvaar dat hulle nie die volle aandag van die teenoorgestelde geslag kan geniet nie, maar tog ook nie heeltemal die teenoorgestelde geslag se aandag hoef te verloor nie (Toman, 1960:175). Kinders besef dat hul teenoorgestelde geslag ouer net so baie in hulle belangstel, soos wat hulle in mekaar belangstel (Toman, 1960:175-176). Die kind besef ook dat dieselfde geslag ouer sterker is as die kind en dat die kind heel moontlik die geveg sal verloor (Toman, 1960). Laasgenoemde fases van ontwikkeling van die kind word geassosieer met die ontwikkeling van persoonlikheidseienskappe wat met verhoudings en seksualiteit verband hou (Wait et al., 2005).

Alhoewel moeders nie altyd oor die psigoanalitiese perspektief rakende kinderontwikkeling ingelig is nie, is dit tog van belang dat die moeder as versorger sensitief sal optree teenoor die kind se ontwikkelingsfase en dat sy gedragsveranderinge in die kind met kennis moet ondersoek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.5.2 Freud se psigoanalitiese teorie: Die id, ego en die superego

Die ontwikkeling van ‘n persoonlikheid vorm deel van ‘n kind se emosionele ontwikkeling (Louw et al., 1998; LaFreniere, 2000). Freud beskou die kleuterfase as die fase waarin die grondslag vir die ontwikkeling van die persoonlikheid gelê word (Louw et al., 1998:271). Die konteks waarin persoonlikheidsontwikkeling geskied, speel ‘n belangrike rol (Elliott, 2002:9; Wait et al., 2005:34-35).

Die siening wat mense oor die algemeen van hulself het, verwys na die elemente van hul persoonlikheid en karakter (Elliott, 2002:9). Mense sien gewoonlik nie ‘n individu se selfkonsep as konflikterend of teenstrydig nie, maar as rasioneel, konflik-vry en verenigend (Elliott, 2002:9). Dit is egter hier waar die psigoanalitiese teorie rakende die ontwikkeling van die self, as deel van emosionele ontwikkeling, verskil. Wanneer die self as ‘n element van die persoonlikheid geëvalueer word, verdeel Freud dit in drie komponente, naamlik die id, die ego en die superego (Freud, 1966; Freud, 2001; Wait et al., 2005; Meyer, Moore & Viljoen, 2008). Elkeen van laasgenoemde komponente speel ‘n rol in die ontwikkeling van die persoonlikheid, die self en die proses van emosionele ontwikkeling in die voorskoolse kind. Hierdie komponente is egter dikwels in stryd met mekaar (Toman, 1960; Freud, 2001:77; Wait et al., 2005:33). Beskermingsmeganismes kan die persoonlikheids- sowel as emosionele ontwikkeling van die kind beïnvloed. Laasgenoemde aspekte word volgende bespreek.

3.5.2.1 Die id

Die id word beskryf as ‘n komponent in die ontwikkeling van die persoonlikheid wat deur instinkte en libido gedryf word (Freud, 1966:29, 45-46; Freud, 2001:73-74; Wait et al., 2005:32; Swartz et al., 2008:119). Die id is reeds by geboorte aanwesig en funksioneer volgens die beginsel van plesier wat ter bevrediging deur impulse versoek word (Freud, 1966:147; Freud, 2001:73; Wait et al., 2005:33). Die id is selfsugtig en versoek onmiddellike bevrediging van behoeftes, ongeag die wense van ander (Freud, 2001; Meyer et al., 2008; Swartz et al., 2008). Die id is nie bewus van die sosiale realiteit nie. Die enigste manier waarop die id sy behoeftes kan vervul, is deur refleks-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aksies wat Freud "primêre-proses gedagtes" noem (Freud, 1966; Swartz et al., 2008:119).

Alhoewel die id dikwels gedrag in jong kinders motiveer, leer kinders dat hulle nie altyd uiting aan hierdie motiverings kan gee nie. Dit is nodig om in interaksie met die eksterne wêreld te tree, en om verstandelike vermoëns te ontwikkel soos persepsie, oordeel en geheue. Freud het hierdie verstandelike vermoëns "sekondêre-proses gedagtes" genoem (Freud, 1966; Meyer et al., 2008; Swartz et al., 2008:119) en verwys na gevorderde kognitiewe funksionering in 'n kind.

3.5.2.2 Die ego

Die ego word as die rasionele komponent van die persoonlikheid beskryf en motiveer die individu om by die norme van die samelewing aan te pas (Freud, 1966:25; Wait et al., 2005:33). Die ego word deur interpersoonlike verhoudings en intense emosionele ervarings, veral ervarings in die jong kinderdae, gevorm (Elliott, 2002:10). Die ego help om die wrywing tussen die begeertes van die id en die realiteit te verminder (Freud, 2001:77; Swartz et al., 2008). Deurdat die ego heeltyd in kontak met die realiteit is, help dit die id om steeds interne dryfkragte te bevredig, maar op 'n sosiaal aanvaarbare wyse (Freud, 1966:25; Freud, 2001:77; Swartz et al., 2008:119).

3.5.2.3 Die superego

Die superego verwys na 'n persoon se interne ervarings, asook interne morele standaarde (Freud, 1966:34-35; Gedo & Goldberg, 1973:36; Wait et al., 2005:33; Swartz et al., 2008:119). Die superego word ook die ego-ideaal genoem (Freud, 1961:28). Hierdie standaarde ontwikkel in die jong kinderdae wanneer kinders geleer word om tussen wat reg en wat verkeerd is, te onderskei (Freud, 2001:65-66; Swartz et al., 2008:119). 'n Kind se interne behoeftes kan teenstrydig wees met die ouers se verwagtinge van die kind se gedrag. Dit kan lei tot straf deur en afkeur van die ouer as die kind eerder interne behoeftes bevredig as aan die eksterne verwagtinge van die ouer voldoen (Toman, 1960:81). Gedrag wat deur die versorger geprys en beloon word, dra by tot die ontwikkeling van die ego-ideaal, 'n komponent van die superego (Freud, 2001:63-64; Swartz et al., 2008:120). Die beloning en straf deur ouers lei tot die internalisering in kinders rakende wat reg en wat verkeerd is. Kinders ontwikkel

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

so dat hulle self hierdie standaarde van reg en verkeerd kan toepas, en in die proses minder leiding van hul ouer nodig het (Swartz et al., 2008:120). Die superego vereis morele gedrag wat tussen reg en verkeerd onderskei. Die id, die ego en die superego is dus konstant onbewustelik in konflik en stryd met mekaar. Wanneer die ego nie aan die vereistes van die id en dié van die superego kan voldoen nie, ontwikkel angs (Freud, 1966:56-58; Swartz et al., 2008:120).

3.*5.2.4 Beskermingsmeganismes*

Kinders ontwikkel dikwels strategieë om hierdie teenstrydighede te hanteer. Hierdie strategieë word beskermende/ verdedigende meganismes genoem (Wait et al., 2005:33). Beskermende meganismes word benut om angs, wat as gevolg van wedersydse konflikterende belange ontwikkel, te verlaag. Freud is van mening dat alle mense beskermingsmeganismes in verskillende tye van hulle lewe gebruik om meer effektief te kan funksioneer (Wait et al., 2005:33). Voorbeelde van beskermingsmeganismes behels die volgende (Wait et al., 2005:33):

- onttrekking, waar die kind (of ‘n volwassene) hom- of haarself op sosiale vlak, emosionele vlak of beide losmaak;
- identifikasie, waar die persoon iemand anders wil wees en die spesifieke persoon se gedrag namaak;
- ontkenning, waar sekere dele van die eksterne realiteit bloot geïgnoreer word, asof dit nie bestaan nie en nie deel van die persoon se realiteit vorm nie;
- regressie, waar die persoon ongepaste gedrag toon wat aan vorige lewensfases verbind word, en nie geskik is vir die huidige fase van ontwikkeling nie; en
- isolasie, waar gevoelens van gedagtes geskei word.

As individue egter te veel van bogenoemde strategieë gebruik maak, kan dit volgens Freud tot oneffektiewe funksionering en ontwikkeling bydra (Wait et al., 2005:33). Hierdie ontwikkeling is van toepasssing op die voorskoolse kind en die kind se ervaringe. Volgens die psigoanalitiese teorie het vroeë-kindervaringe ‘n groot invloed op latere gedrag en vorm dit die basis vir die ontwikkeling van die persoonlikheid (Wait et al., 2005:34).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die evaluering van die self in persoonlikheidsontwikkeling, as deel van emosionele ontwikkeling, het dramatiese veranderinge vanaf die Freud-era ondergaan (Elliott, 2002:25). Die aandag het van die stryd tussen die ego en die superego na die interpersoonlike area van funksionering verskuif (Elliott, 2002:25). Post-Freudian teorieë fokus nou eerder op die interpersoonlike verwantskap, soos die meting van die self teen ander, eerder as die interne wêreld van die individu (Elliott, 2002:25).

3.6 BANDURA SE SOSIALE LEERTEORIE

Emosionele ontwikkeling geskied deur middel van die ervaring van emosies en die uitbeelding daarvan deur gedrag. Die ontwikkeling van gedragspatrone is daarom deel van die proses van emosionele ontwikkeling. Omdat die respons op gedrag weer na die ervaring van emosies lei, vorm dit deel van die proses van emosionele ontwikkeling. Alfred Bandura (1977) se sosiale leerteorie dien as ‘n geskikte beskrywing van die proses van emosionele ontwikkeling in ‘n voorskoolse kind omdat dit op die aanleer van gedragspatrone en die ervaring van die reaksies op daardie gedrag fokus. Verskeie ander outeurs beskou ook die sosiale leerteorie as ‘n geskikte teorie vir die beskrywing van emosionele ontwikkeling in kinders (Bukatko & Daehler, 2004; Wait et al., 2005; Berk, 2009). Hierdie teorie sal kortliks bespreek word om ‘n agtergrond rakende hierdie skool van denke te gee.

3.6.1 Definiëring en verduideliking van die sosiale leerteorie

Die sosiale leerteorie beklemtoon die prominente rol wat deur mildelike, simboliese en self-regulerende prosesse in sielkundige funksionering gespeel word (Bandura, 1977:vii). Die gedagtes, emosies en gedrag van mense kan deur observasie en modellering, sowel as deur ervaring beïnvloed word (Bandura, 1977:vii; Payne, 1991). Die sosiale omgewing dien dus as ‘n stimulus vir leer (Wait et al., 2005:37).

Die sosiale leerteorie verduidelik menslike gedrag in terme van die aanhoudende wedersydse interaksie tussen kognitiewe, gedrags- en omgewingsdeterminante (Bandura, 1977:vii). Binne hierdie proses van wedersydse interaksie bestaan die geleentheid vir mense om hul eie lot te beïnvloed, maar tog ook beperk te word (Bandura, 1977:vii). Die konseptualisering van menslike ontwikkeling verseker dus

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dat mense nie deur omgewingsfaktore beheer word nie, maar ook nie as vrye agente kan word wie hulle wil nie. Beide mens en sy omgewing is wedersydse determinante van mekaar en beïnvloed mekaar (Bandura, 1977:vii). Hierdie proses lei tot die internalisering van gedrag.

Die sosiale leerteorie is van mening dat mense nie met interne "repertoires" van gedrag gebore word nie (Bandura, 1977:16), maar dat gedrag eerder deur interaksie met die omgewing aangeleer word. Mense kan nuwe reaktiewe gedrag deur direkte ervarings of deur middel van observasie en modellering aanleer (Bandura, 1977:16), en nie slegs deur op instinkte te reageer nie. Die sosiale leerteorie erken dat biologiese faktore, soos genetiese samestelling en hormone, tog 'n rol in gedrag en ontwikkeling kan speel, maar dat dit egter meer 'n leerproses as 'n interne geboreproses is (Bandura, 1977:16). Die sosiale leerteorie beklemtoon dus die prosesse waar gedrag deur die omgewing aangeleer word (Wait et al., 2005). Hierdie prosesse geskied deur middel van reaksies op gedrag en die gevolge van gedrag wat ervaar word (Bandura, 1977:17).

3.6.2 Die leerproses van gedrag deur middel van reaksies op gedrag en gevolge van gedrag

Die meer rudimentêre middel van leer is die resultaat van die positiewe en negatiewe effekte wat aksies tot gevolg het (Bandura, 1977:17). Wanneer mense met alledaagse gebeure omgaan, blyk sekere aksies om meer suksesvol as ander te wees. Party aksies lei tot straf, wat as onaangenaam ervaar kan word. Deur hierdie proses van onderskeie versterkings, word suksesvolle vorme van gedrag geselekteer om weer in die alledaagse handeling en aksies wat uitgevoer word, toegepas te word. Onsuksesvolle gedrag word uitgeskakel en suksevolle gedrag word geïmplementeer (Bandura, 1977:17).

Die reaksies wat mense ten opsigte van die gevolge van hul gedrag toon, het verskeie funksies (Bandura, 1977:17). Eerstens verleen dit informasie aan die persoon. Tweedens dien dit as 'n motivering vir verdere gedrag, en derdens versterk dit suksesvolle of positiewe gedrag wat tot die gewenste reaksies by ander lei (Bandura, 1977:17).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wanneer mense inligting oor die gevolge van hul gedrag kry, ontwikkel daar ‘n begrip rakende die gepaste gedrag in verskeie kontekse (Bandura, 1977:17). Hierdie informasie wat ingewin word deur reaksies op hul eie gedrag te observeer, dien as riglyn vir toekomstige gedrag (Bandura, 1977:17). Die observasie van die gevolge van gedrag skep ‘n sekere verwagting ten opsigte van die gevolge van hierdie gedrag in die toekoms. Gedrag wat die gewenste uitwerking gehad het, sal herhaal word om dieselfde gevolge te verseker. Hierdie herhaling van gedrag om ‘n sekere uitkoms te verkry, dien as motivering vir ‘n persoon se keuse van gedrag (Bandura, 1977:18). Wanneer die gevolge van mense se gedrag ‘n gewenste uitkoms voortbring, word positiewe emosies ervaar en word die gedrag deur middel van herhaling versterk. Positiewe gevolge versterk toekomstige gedrag, terwyl negatiewe gevolge kan verseker dat gedrag nie weer herhaal sal word nie.

3.6.3 Die aanleer van gedrag deur middel van modellering (observasie-leer)

Die meeste mense se gedrag word tydens observasie deur die proses van modellering aangeleer (Bandura, 1977). Modellering behels dat die gedrag van ander persone in die individu se omgewing waargeneem word om te verstaan hoe nuwe gedrag ontwikkel. Hierdie observasies dien later as riglyne vir toekomstige gedrag (Bandura, 1977:22). Omdat observasie-leer wat op vorige ontwikkeling gebaseer is, volwassenheid en ervaring vereis (Bandura, 1977), is kognitiewe maturasie ‘n voorvereiste vir die implementering van die sosiale leerteorie.

Wanneer ‘n persoon gedrag waarneem sonder om ook die spesifieke gedrag of respons uit te voer, word die gedrag slegs in die vorm van ‘n voorstel in sy geheue gestoor (Parke, 1972:40). Die sosiale leerteorie neem aan dat mense meestal slegs oor hierdie simboliese voorstellings van gedrag beskik, eerder as spesifieke stimulus-respons-verwantskappe (Parke, 1972:40).

Die sosiale leerteorie se beskrywing van emosionele ontwikkeling in kinders kan saamgevat word as die invloed wat reaksies op ‘n mens se gedrag, of gevolge van mens se gedrag, op toekomstige gedrag het. Wanneer hierdie teorie op die emosionele ontwikkeling van ‘n voorskoolse kind toegepas word, beteken dit dat sekere vorms van gedrag deur die kind herhaal sal word omdat dit positiewe gevolge gehad het. Dit word versterking van gedrag genoem. Sekere gedrag sal nie herhaal word nie omdat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dit negatiewe gevolge vir die kind ingehou het. Hierdie herhaling of nie-herhaling van gedrag word bepaal deur die ervaring van die kind toe die gedrag uitgevoer is, of die observasie van die gevolge wat hierdie gedrag moontlik vir die kind kan inhou.

Volgens Alfred Bandura se observasie-leer leer kinders gedrag aan deur dit waar te neem. Laasgenoemde teorie wys op die belangrikheid van die vroeë huisomgewing, en redeneer dat die kind dit wat hy/sy sien, sal herhaal (Berk, 2009). Die rol van die versorger is dus om gesonde en sosiaal aanvaarbare gedrag uit te beeld en positiewe gedrag in die kind te bewerkstelling deur middel van positiewe reaksies op korrekte gedrag en negatiewe reaksies of straf op wangedrag.

3.7 DIE EKOLOGIESE SISTEEMTEORIE

Die ekologiese sisteemteorie bestaan uit twee komponente, naamlik die ekologiese perspektief en die sisteemteorie. Die ekologiese perspektief en sisteemteorie sal afsonderlik bespreek word. Hierdie twee sienings sal dan gekombineer word om die ekologiese sisteemteorie te vorm. In die bespreking sal veral na die toepassing hiervan op die voorskoolse kind gekyk word.

3.7.1 Die ekologiese perspektief

Die term “ekologie“ het sy oorsprong vanuit die biologiese teorie wat die verhouding tussen organismes en hul omgewing bestudeer (Germain & Gitterman, 1980:4; Johnson & Yanca, 2007:13). Vanuit die ekologiese perspektief word ‘n behoefte beskryf as die toestand van die verhouding wat tussen die mens en sy omgewing ontstaan (Johnson & Yanca, 2007:13). Mense en hul omgewing het beide behoeftes sowel as bronne wat daardie behoeftes bevredig. Die behoeftes van ‘n individu word bevredig na aanleiding van die omgewing se reaksie daarop en die mate waarin aan die persoon se behoeftes voldoen word. Dieselfde beginsel geld by die bevrediging van die omgewing se behoeftes deur die persoon se reaksie daarop (Germain & Gitterman, 1980:80; Johnson & Yanca, 2007:13). Deur in mekaar se wedersydse behoefte te voorsien, is daar harmonie en sodoende ontstaan ’n gesonde balans tussen die persoon en sy/ haar omgewing (Johnson & Yanca, 2007:13).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die omgewings van individue word gekenmerk deur verskeie sisteme wat hul funksionering beïnvloed en wat hul behoeftes bevredig, al dan nie (Germain & Gitterman, 1980:137; Beyer, Du Preez, Eskell-Blokland, Freeman, Gcabo, Govender, Kaldine, Makgathi, Moleko, Petersen, Radebe, Ratele & Viljoen, 2007).

3.7.2 Die sisteemteorie

In die bespreking van die sisteemteorie sal daar gekyk word na die definiëring van sisteme, die verhouding tussen sisteme en die belangrike aspekte rakende die funksionering van ‘n sisteem.

3.7.2.1 Definisie van ‘n sisteem

‘n Sisteem kan gedefinieer word as twee of meer dele wat in so ‘n mate aan mekaar verwant is, dat verandering in enige een deel, verandering in alle dele tot gevolg het (Hanson, 1995, aangehaal in Beyer et al., 2007:23). ‘n Sisteem is deel van ‘n groter sisteem, wat die suprasisteem genoem word (Beyer et al., 2007:23), maar kan in ander sisteme verdeel word, wat sub-sisteme genoem word (Beyer et al., 2007:24). Omdat hierdie sisteme in interaksie met mekaar is, beïnvloed hulle mekaar, asook die algehele funksionering van die sisteem (Beyer et al., 2007:23).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 3.1 Die interaksie tussen sisteme

Bron: Aangepas vanuit Beyer et al. (2007:25).

Sisteme vorm deel van ‘n netwerk van sisteme wat in mikro-, meso-, exo- en makro-sisteme verdeel kan word (Beyer et al., 2007:24-25). Omdat hierdie netwerke heeltyd in interaksie met mekaar is, sal verandering in die een sisteem tot verandering in ‘n ander lei (Beyer et al., 2007:23).

3.7.2.2 Die breër netwerke van sisteme

Soos reeds genoem, vorm alle sisteme deel van ‘n breër netwerk van sisteme. Hierdie sisteme wat op verskeie vlakke van funksionering voorkom, beïnvloed die individu se reaksies. Bronfenbrenner (1979) het vier vlakke aangedui waarop sistemiese funksionering plaasvind (Bronfenbrenner, 2005; Beyer et al., 2007:25; Berk, 2009:26). Hierdie netwerke van sisteme behels die volgende:

- <u>Die mikrosisteem</u> verwys na die situasies waar die individu ‘n onmiddellike ondervinding of interaksie op ‘n direkte manier ervaar (Bronfenbrenner, 2005:80; Beyer et al., 2007). Die mens se mikrosisteem hang ten nouste saam met sy interpersoonlike verhoudings. Vir ‘n kind sal dit interaksie in die familie, verhoudings met maats en die verhouding tussen die kleuterskooljuffrou en die kind behels (Beyer et al., 2007:25).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Die mesosisteem hou verband met die aard van die verhouding tussen mikrosisteme wat ‘n persoon direk beïnvloed (Bronfenbrenner, 2005:80; Beyer et al., 2007:25). Vir ‘n kind kan dit byvoorbeeld verwys na die waardes wat die kind deur die kind se familie of kleuterskoolonderwyser geleer word. Die verskille en verwantskappe tussen daardie bande vorm die mesosisteem.
- Die eksosisteem word gedefinieer as die konneksie tussen mikrosisteme en mesosisteme met wie ‘n persoon nie direkte kontak het nie, maar wat wel sy/haar ondervindings en funksionering beïnvloed (Bronfenbrenner, 2005:80-81; Beyer et al., 2007:25). Die kind se versorger kan byvoorbeeld probleme by die werksplek ervaar en gevolglik aggressief teenoor die kind optree. Alhoewel die kind geen direkte kontak met die werksplek het nie, beïnvloed die situasie tog die kind.
- Die makrosisteem word beskou as die wyer sisteem van ideologieë en die organisasie van sosiale instellings wat deel vorm van ‘n bepaalde sosiale klas, etniese groep of kultuur waaraan die persoon behoort (Bronfenbrenner, 2005:81; Beyer et al., 2007:25). Hierdie sisteem sal veral die funksionering op die mikrovlak beïnvloed. ’n Voorbeeld van so ’n sisteem is die morele kode van ’n gemeenskap rakende sosiaal aanvaarbare gedrag.

Die volgende figuur dien as illustrasie van hoe hierdie sisteme in ‘n breër netwerk funksioneer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 3.2 Die breër netwerk van sisteme

Bron: Aangepas vanuit Beyer et al. (2007:25).

Tydens daaglikse funksionering word ‘n kind deur die invloede van al die sisteme, soos geïllustreer in Figuur 3.2, aangeraak. As daar ‘n balans tussen al hierdie sisteme bestaan, word die kind se behoeftes op verskeie vlakke van funksionering bevredig en moedig dit gesonde funksionering aan. As ‘n kind ‘n wanbalans tussen verskeie sisteme ervaar, of die kind se behoeftes word nie bevredig nie, kan dit die kind se ontwikkeling negatief beïnvloed.

Ter illustrasie van bogenoemde stelling word die volgende twee voorbeelde gebruik:

1. ‘n Kind word op die mikrovlak in die interpersoonlike verhouding tussen die kind en haar ma geleer hoe om op ‘n sosiaal aanvaarbare manier in ‘n spesifieke situasie op te tree. Wanneer die kind egter skool toe gaan, observeer die kind die gedrag van haar eweknieë wat in hierdie situasies anders optree. Omdat die kind nou nie weet watter gedrag die korrekte gedrag is nie, is die mesosisteem in wanbalans. Dit beïnvloed die kind se verhoudings op die mikrovlak en versteur die balans tussen alle sisteme waarbinne die kind funksioneer.

2. Wanneeer daar van ’n kind verwag word om aan akademiese standaarde in ‘n skoolopset te voldoen, maar sy/haar basiese behoefte aan kos word nie by die huis

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bevredig nie, kan die kind nie in die klas konsentreer nie. Dit gee daartoe aanleiding dat'n wanbalans ontstaan tussen die makro-sisteem wat skoolstandaarde voorhou en die mikrovlak waar 'n tekort aan behoeftebevrediging bestaan.

3.7.2.3 Die funksionering van sisteme

Wanneer 'n kind funksioneer as 'n sisteem wat deel van 'n groter network van sisteme vorm, kan die kind of met ander sisteme kommunikeer, of geen kommunikasie met hulle hê nie. Indien die kind oop is om te kommunikeer, kan die kind se behoeftes deur die omgewing bevredig word. Indien die kind egter nie met die omgewing kommunikeer nie, sal dit daartoe lei dat sekere behoeftes van die kind, byvoorbeeld sosiale en emosionele behoeftes, nie bevredig word nie (Johnson & Yanca, 2007:12,13; Beyer et al., 2007:24).

Oop sisteme is self-regulerend. Dit beteken dat terugvoer van die omgewing rakende funksionering verkry word, sodat aanpassings kan geskied om disfunksionele gedrag aan te pas (Beyer et al., 2007:24, 26). Indien terugvoer nie geskied nie, kan'n kind onbewus wees van die aard van sy eie funksionering.

Terugvoer kan negatief of positief wees (Beyer et al., 2007:26). By negatiewe terugvoer geskied aanpassings in die funksionering van die sisteem sodanig dat die balans herstel word (Beyer et al., 2007:26). As 'n kind byvoorbeeld in 'n aktiwiteit swak doen, sal die kind volgende keer beter voorberei om beter in die aktiwiteit te vaar. Positiewe terugvoer fasiliteer verandering in die sisteem wat reeds besig was om te geskied (Beyer et al., 2007:26). 'n Voorbeeld hiervan is die kind wat in 'n aktiwiteit swak vaar en as gevolg daarvan aanhou om 'n halwe poging aan te wend om beter te vaar as gevolg van 'n tekort aan motivering.

Interaksie met die omgewing vir die bevrediging van behoeftes is nodig vir 'n kind om emosioneel te kan ontwikkel. Dit is belangrik aangesien behoeftes bevredig moet word en take bemeester moet word. Dit is ook nodig vir die verdere ontwikkeling van 'n kind (Wait et al., 2005:14; Johnson & Yanca, 2007:8-9). By self-regulering deur middel van terugvoer is dit belangrik vir 'n kind om in interaksie te tree met sy of haar omgewing. Sodoende kan die kind sy/ haar funksionering tot 'n vlak van gesonde ontwikkeling aanpas (Beyer et al., 2007:26).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.7.3 Die ekologiese sisteemteorie

Die ekologiese perspektief en sisteemteorie vorm die basis van die ekologiese sisteemteorie. Die ekologiese sisteemteorie beskou die ontwikkeling van die kind binne ‘n komplekse sisteem van verhoudings, wat deur verskeie vlakke van funksionering in die omgewing beïnvloed word (Berk, 2009:26). Die ekologiese sisteemteorie dui daarop dat verskeie sisteme op verskeie vlakke van funksionering die individu, sy gedrag en sy ontwikkeling beïnvloed. Vir ‘n kind om gesond te kan ontwikkel, moet die kind se behoeftes deur die kind se omgewing bevredig word. Die omgewing moet voldoende terugvoer rakende die kind se funksionering aan hom of haar verskaf (Beyer et al., 2007:26-27; Johnson & Yanca, 2007:11-14). Wanneer emosionele ontwikkeling van kinders bestudeer word, moet invloede van al hierdie vlakke van sistemiese funkionering in ag geneem word. Hierdie teorie dien dus as ‘n riglyn vir die evaluering van invloede op die voorskoolse kind se emosionele ontwikkeling.

3.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is verskeie teorieë en perspektiewe weergegee wat poog om die emosionele ontwikkeling in die voorskoolse kind te verklaar. Elk van bogenoemde teorieë en perspektiewe verskaf ’n ander verklaring vir die emosionele ontwikkeling wat in die voorskoolse kind geskied. Sommige verklarings fokus op die prosesse wat in die emosionele ontwikkeling van ‘n voorskoolse kind plaasvind. Ander fokus op die vereistes vir ontwikkeling en die impak van die omgewing op ontwikkeling. Aspekte van elke benadering moet gekombineer word om ’n beter begrip te kan vorm rakende die emosionele ontwikkeling van ’n voorskoolse kind. Die aard van ontwikkeling word vervolgens in hoofstuk vier van hierdie tesis bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

DIE PROSES VAN BASIESE EMOSIONELE ONTWIKKELING IN 'N VOORSKOOLSE KIND EN DIE INVLOED VAN DIE MOEDER AS VERSORGER

4.1 INLEIDING

Emosie is 'n waardering van die persoonlike betekenis van 'n situasie, wat 'n mens vir aksie voorberei (Berk, 2009:400). Emosie ontstaan as gevolg van gereelde uitruilings wat tussen die persoon en sy of haar omgewing geskied (Berk, 2009:400). Teoretici neem 'n funksionele benadering aan wanneer hul poog om die nut van emosies te beskryf. 'n Funksionele benadering beklemtoon die breë funksie van emosie, naamlik om gedrag te skep wat daarop gemik is om persoonlike doelwitte te bereik (Berk, 2009:400). Emosionele reaksies en – ontwikkeling geskied oor tyd en dra by tot die leerproses wat belangrik is vir die oorlewing van die mens (Berk, 2009:400).

Emosionele ontwikkeling verwys na 'n geleidelike toename in die kapasiteit om die volle reeks van emosies te ervaar, uit te druk en te interpreteer (VandenBos, 2007:325). Die volle reeks van emosies behels basiese sowel as sekondêre emosies (Jordaan & Jordaan, 1998:551-552; Deater-Deckard et al., 2002:115, Berk, 2009:404, 406). Basiese emosies staan ook bekend as primêre emosies en is die emosies wat eerste ontwikkel. Hierdie emosies sluit in vreugde, droefheid, woede, vrees, belangstelling, verbasing, walging, aanvaarding en afwagting (Jordaan & Jordaan, 1998:552; Deater-Deckard et al., 2002:115; Berk, 2009:404).

In hierdie hoofstuk sal die derde doelwit van die studie bereik word, naamlik om die rol van die moeder as versorger, vir die fasilitering van die voorskoolse kind se basiese emosionele ontwikkeling, te beskryf. Klem sal op die ontwikkeling van die band tussen die moeder as versorger en die voorskoolse kind geplaas word, juis omdat die kwaliteit van die interaksie tussen die versorger en die baba in die vroeë maande van ontwikkeling die basis vir die emosionele sekuriteit vir die baba vorm (Bion,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1991; Bowlby, 1969; Lyons-Ruth, 1998). Die ontwikkeling van vier basiese emosies wat die meeste aandag in literatuur geniet, sal ook bespreek word en sal as ‘n riglyn dien vir die ondersoek na moeders as versorgers se kennis van vreugde, droefheid, aggressie en angs (Louw et al., 1998:271; Deater-Deckard et al., 2002:115; Berk, 2009:404). Daar sal ook verwys word na invloede op ‘n kind se persoonlikheidsontwikkeling, wat deel vorm van die proses van emosionele ontwikkeling (LaFreniere, 2000). Verdere belangrike aspekte rakende ‘n voorskoolse kind se emosionele ontwikkeling sowel as die rol van die moeder as versorger sal in hierdie hoofstuk bespreek word.

4.2 DIE VORMING VAN DIE VERSORGER-BABA-BAND

Die rede vir die belangrikheid van die versorger-baba-band, die mylpale in die ontwikkeling van die versorger-baba-band, stadiums in die ontwikkeling van die versorger-baba-band en die meting van die aard van hierdie band sal volgende bespreek word.

4.2.1 Die belangrikheid van die versorger-baba-band en die invloed van die versorger

Gedurende die dertiger- en veertigerjare het verskeie navorsers die nadelige effek wat langdurige institutionele sorg en gereelde verandering van moedersfigure op die emosionele ontwikkeling van ‘n kind het, waargeneem (Bowlby, 1988:20-21). Die rede hiervoor is dat die eerste en die mees beïnvloedbare verhouding in ‘n kind se lewe die verhouding is wat tussen die kind en die moeder of die versorger van die kind ontwikkel (Craig, 1992:187). Daar is bevind dat die kapasiteit van die versorger en die manier waarop die versorger teenoor die baba se behoeftes in die vroeë maande van ontwikkeling reageer, asook hoe voorspelbaar hierdie reaksies van die versorger is, uiteindelik die verbindingsekuriteit van die baba vorm (Landman, 2009). Hierdie verbindingsekuriteit dien as ‘n aanduiding van die band wat tussen die moeder as versorger en die baba vorm (Craig, 1992; LaFreniere, 2000; Deater-Deckard et al., 2002; Wait et al., 2005; Berk, 2009).

‘n Band word beskryf as ‘n sterk verbinding wat ‘n persoon met ‘n ander persoon het. Interaksie tussen die individue is aangenaam en word as kalmerend ervaar (Berk,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2009:425). Die versorger-baba-band word gekenmerk deur ‘n interafhanklikheid tussen die versorger en die baba, intense wedersydse gevoelens en ‘n sterk emosionele verbintenis tussen die versorger en die baba (Craig, 1992:188). Daar word geredeneer dat hierdie emosionele band wat ‘n baba met sy of haar moeder as versorger vorm, as die basis vir latere verhoudings in die baba se lewe dien (Berk, 2009:425).

Die eerste lewensjaar is ‘n sensitiewe periode vir die ontwikkeling van die band tussen die versorger en die baba (Wait et al., 2005:80). Die periode vanaf ses maande tot en met 24 maande is ‘n kritieke tyd vir die vestiging van die versorger-baba-band (Wait et al., 2005:82). As die baba in hierdie tydperk van die bindingsfiguur geskei word, kan dit traumaties vir die baba wees (Hardy, Heyes, Crews, Rookes & Wren, 1990; Wait et al., 2005:81). John Bowlby het geredeneer dat die interaktiewe geskiedenis tussen die baba en die versorger ‘n bepalende faktor is vir die kwaliteit van die versorger-baba-band tydens die eerste jaar (LaFreniere, 2000). Die rede hiervoor is dat die baba ‘n verwagting het rakende die beskikbaarheid van die versorger in tye van spanning en dus die aard van sekuriteit wat die baba kan ervaar (LaFreniere, 2000). Daar is verskeie sienings rakende die ontstaan en ontwikkeling van hierdie band. Die mylpale in die ontwikkeling van hierdie band, sowel as die proses van die ontwikkeling van hierdie band, sal kortlike weergegee word.

4.2.2 Mylpale in die ontwikkeling van die versorger-baba-band

Die emosionele ontwikkeling van die baba in die eerste verhouding met ‘n ander mens (die band tussen versorger en baba) vind in ses fases plaas (Craig, 1992:190-191).

- <u>Selfregulering en belangstelling in die buitewêreld</u> (Die baba wil kalm en gereguleerd voel, maar wil ook sy sintuie gebruik om die buitewêreld te eksploreer. Die baba versoek ‘n balans tussen oorstimulasie en onderstimulasie.)
- <u>Om verlief te raak op bekende figure</u> (Die baba begin die gesig van die versorger herken en begin om meer aandag aan die versorger se gesig as aan ander persone se gesigte te gee.)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Doelbewuste kommunikasie tussen die baba en die moeder (Die baba en die moeder as versorger ontwikkel ‘n dialoog. Hierdie dialoog behels dat die baba en die versorger ‘n volgorde van gedrag skep, asook reaksies op gedrag vorm wat op ‘n gereelde basis teenoor mekaar getoon word.)
- Die organisering van die self (Die baba kom agter dat hy/sy ‘n entiteit op sy/haar eie is en neem meer verantwoordelikheid in die emosionele vennootskap tussen die baba en die versorger.)
- Die vorming van emosionele idees rakende ander (Die baba kan prente en simbole in sy kop vorm rakende ander mense, byvoorbeeld sy versorger. Die baba ervaar die dubbelsinnige behoefte aan onafhanklikheid, waar die baba onafhanklik wil funksioneer, maar steeds die nodige bystand en versorging van die versorger benodig.)
- Die begin van emosionele denke en die ontwikkeling van ‘n begrip van wat die versorger van die kind verwag (Hierdie mylpaal vind eers plaas in die periode 30-48 maande. Die jong kind ontwikkel ‘n begrip van wat die versorger van hom verwag en probeer sy eie gedrag aanpas om die behoeftes van die versorger te bevredig.)

Bogenoemde fases is belangrik vir die vorming van die versorger-baba-band. Hierdie fases wat as mylpale dien, kom in die eerste 24 maande in vyf stadiums van ontwikkeling voor. Hierdie stadiums in die eerste 24 maande waartydens die versorger-baba-band gevorm word, staan bekend as die baba-fase (Wait et al., 2005:71).

4.2.3 Stadiums in die ontwikkeling van die versorger-baba-band

Newman en Newman (1999) het vyf stadiums in die ontwikkeling van die versorger-baba-band voorgestel. Hierdie stadiums word in Wait et al. (2005:81) weergegee en behels die volgende:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 4.1: Die opeenvolgende stadiums in die ontwikkeling van die versorger-baba-band

Stadium van ontwikkeling	**Ouderdom**	**Eienskappe**
Stadium 1	Geboorte tot 3 maande	Baba gebruik suig-, soek-, gryp-, glimlag-reflekse en staar, vashou en visuele volging om kontak met versorger te behou.
Stadium 2	3 tot 6 maande	Baba reageer meer op bekende as onbekende persone.
Stadium 3	6 tot 9 maande	Baba soek fisieke nabyheid en kontak met bindingsfigure.
Stadium 4	9 tot 12 maande	Baba vorm interne verstandelike voorstelling van bindingsfiguur, en verwag sekere kenmerkende reaksies van die moederfiguur op die baba se stres-seine. Baba voel hartseer en/of kwaad indien versorger van die baba af weggaan.
Stadium 5	12 maande en daarna	Baba doen verskeie dinge om kontak met versorger te behou, en sy behoefte aan veiligheid te bevredig.

Bron: Aangepas vanuit Wait et al. (2005:81).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bogenoemde tabel dui aan dat babas verskillende eienskappe toon tydens verskillende stadiums van ontwikkeling in die proses van die vorming van die versorger-baba-band. Kennis van hierdie eienskappe stel die moeder as versorger in staat om ‘n gesonde band met haar baba te vorm deur sensitief teenoor die aard van haar baba se behoeftes te wees.

4.2.4 Die meting van die aard van die versorger-baba-band

Om te kan bepaal of die baba wel oor hierdie band met die versorger beskik, of wat die aard van hierdie band is, moet ‘n basis vir die toetsing of meting van die band ontwikkel word. Die meting van die baba se gevoel van sekuriteit rakende hierdie moeder- of versorger-kind-band is oorspronklik deur Mary Ainsworth se “vreemdeling-situasie“-studie getoets (Hardy et al., 1990; Craig, 1992; Deater-Deckard et al., 2002; Swartz et al., 2008; Berk, 2009; Landman, 2009). In hierdie studie word babas blootgestel aan ‘n situasie waar die baba en die versorger in ‘n kamer sit en ‘n vreemdeling die toneel betree. Die vreemdeling gesels met die versorger, en die versorger verlaat dan die kamer. Die baba word vir ‘n rukkie alleen met die vreemdeling gelaat, totdat die versorger weer terugkeer. Die baba se reaksies teenoor die versorger na haar terugkoms word gedokumenteer. Hierdie reaksie teenoor die versorger dien as die basis waarvolgens die verbinding tussen die versorger en die baba geklassifiseer word (Deater-Deckard et al., 2002:122-123; Bukatko & Daehler, 2004:404-405; Berk, 2009:427-428). Klassifikasies van die tipe band wat tussen die baba en die versorger bestaan, sluit in die versekerde band, die vermydende band, die weestandige band en die gedisoriënteerde band (Deater-Deckard et al., 2002:123-124; Berk, 2009:428). In die volgende paragraaf gaan die versekerde band en die vermydende band bespreek word. In die paragraaf wat daarna volg, gaan die weerstandige band en die gedisoriënteerde band bespreek word.

In die *versekerde band* gebruik babas hul ouer of versorger as ‘n versekerde basis. Wanneer die versorger terugkeer, soek die baba kontak met die versorger. Die baba huil onmiddellik minder in die nabyheid van die versorger (Deater-Deckard et al., 2002:123-124; Bukatko & Daehler, 2004:404; Berk, 2009:427). In die *vermydendende band* lyk dit egter of die baba nie teenoor die versorger reageer wanneer die versorger aanwesig is nie en nie ongelukkig is wanneer die versorger die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

baba verlaat nie (Bukatko & Daehler, 2004:404-405; Berk, 2009:428). Die baba reageer teenoor ‘n vreemdeling op baie dieselfde manier as wat die baba teenoor die versorger reageer. Wanneer die versorger terugkeer, vermy die baba die versorger of is stadig om kontak met die versorger te maak. As die baba opgetel word, is die baba ook minder geneig om aan die versorger te klou (Berk, 2009:428).

Daar word na ‘n *weerstandige band* tussen ‘n versorger en ‘n baba verwys, wanneer die baba nabyheid met die versorger soek voordat die versorger die kamer verlaat, ontsteld is wanneer die versorger die kamer verlaat, maar ‘n kombinasie van gedrag toon wanneer die versorger terugkeer. Hierdie kombinasie van gedrag sluit in woede, weerstandigheid en soms self fisiese aggressie teenoor die versorger wanneer die baba opgetel word, terwyl die baba tog ook ‘n mate van nabyheid soek (Bukatko & Daehler, 2004:405; Berk, 2009:428). ‘n *Gedisoriënteerde band* dui op groot onsekerheid tussen die baba en die versorger (Bowlby, 1988:124-125; Berk, 2009:428). Wanneer die versorger die kamer verlaat, en dan weer later terugkeer, lyk die baba deurmekaar. Die baba kyk soms weg as die versorger die baba optel, of vertoon apatiese emosies teenoor die versorger (Bukatko & Daehler, 2004:405; Berk, 2009:428).

‘n Studie in Khayelitsha (Suid-Afrika) het die aard van die band tussen versorgers en babas getoets. Die steekproef wat gebuik is, het bestaan uit 98 babas wat 18 maande oud was (Swartz et al., 2008:63). Daar is bevind dat 61.9% van die 98 babas tog oor ‘n versekerede binding met hul versorgers beskik het, maar dat 31.8% nie oor hierdie versekerde binding beskik het nie (Swartz et al., 2008:63). Redes wat hiervoor aangegee is, het na materne na-geboortedepressie en ‘n tekort aan ondersteuning (aan die moeder) van die moeder se lewensmaat verwys (Swartz et al., 2008:63).

Die toetsing van die aard van die band tussen die baba en die versorger is later deur die “Attachment Q-Sort“ metode aangepas (Berk, 2009:428). Hierdie metode word op kinders tussen die ouderdom van een jaar en vier jaar toegepas en word geïmplementeer deur die assessering van die band tussen die kind en die versorger in die huisomgewing. ‘n Punt word dan toegeken wat wissel tussen ‘n hoë en ‘n lae merking ten opsigte van sekuriteit tussen die kind en die versorger (Berk, 2009:428). Daar word gekyk of die kind die ma sal agtervolg as die ma die kamer verlaat, of die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kind die ma met ‘n groot glimlag groet as die ma na ‘n periode van afwesigheid terugkeer, en of die kind na die ma kyk wanneer ‘n situasie vir die kind bedreigend lyk (Berk, 2009:428).

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat ‘n versekerde band met die versorger wat as ‘n basis vir emosionele ontwikkeling dien, ‘n voorvereiste vir die algemene psigiese welstand van ‘n kind is (Bowlby, 1988:121). Indien die moeder en die kind nie oor hierdie band beskik nie, kan dit kindermishandeling en verwaarlosing tot gevolg hê en die kind beperk om te kan floreer (Berk, 2009:431). Die aard van die moeder se persoonlikheid en die vroeë stimulasie wat die moeder aan die baba gedurende die vorming van hierdie band verskaf, beïnvloed die ontwikkelingstempo van die baba (Wait et al., 2005:71). Daarom is dit belangrik vir die versorger (moeder) om ‘n versekerde band met die baba te vorm om verdere positiewe emosionele ontwikkeling in die kind te fasiliteer.

4.3 DIE PROSES VAN BASIESE EMOSIONELE ONTWIKKELING IN ‘N VOORSKOOLSE KIND EN DIE INVLOED VAN DIE VERSORGER AS FASILITEERDER

Die basiese emosionele ontwikkeling word bespreek aangesien dit as ‘n riglyn sal dien vir die ondersoek na moeders se kennis rakende hul voorskoolse kind se emosionele ontwikkeling. Die ontwikkeling van hierdie emosies en die ondersoek daarvan word die meeste in die literatuur bespreek en dien as die mees realistiese emosies vir die bepaling van moeders se kennis. Die ontwikkeling van die vier basiese emosies wat as fokus sal dien vir die ondersoek na moeders se kennis in hierdie studie, sluit droefheid, vreugde, aggressie en angs in.

4.3.1 Die ontwikkeling van droefheid en die invloed van die versorger

Die volgende aspekte ten opsigte van droefheid word nou bespreek: huil as ‘n teken van droefheid; die redes waarom mense huil; die fisiologiese reaksie wat plaasvind wanneer mense huil; en die huilgedrag in babas. Daar sal deurlopend verwys word na die rol van die versorger in die ontwikkeling van droefheid in die voorskoolse kind.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.1.1 Huil as 'n teken van droefheid

Om te huil, is die eerste poging van 'n baba om met sy versorger te kommunikeer (Wait et al., 2005:77). Hierdie teken dui daarop dat iets verkeerd is. Dit dien as 'n poging om die versorger daarvan bewus te maak dat die baba iets nodig het en dat die versorger op die baba se behoefte moet reageer (Wait et al., 2005:77). Droefheid in babas kom die meeste voor wanneer hulle ontneem word van 'n bekende versorger of wanneer die versorger-baba-kommunikasie ernstig geskaad is (Berk, 2009:405). Die meeste babas wys hoe hulle voel deur te huil. Dit is hul enigste manier van kommunikasie (Deater-Deckard et al., 2002:112). Babas het ten minste drie tot vyf maniere van huil waartussen versorgers leer om te onderskei. Hulle huil as gevolg van honger, woede, vrees, droefheid en pyn (Borgquist, 1906:152-153; Deater-Deckard, 2002:112; Wait et al., 2005:75). Versorgers (moeders) wat gedurende die eerste jaar van die baba se ontwikkeling onmiddellik reageer wanneer hul babas huil, kweek 'n gevoel van vertroue by hul baba (Deater-Deckard et al., 2002:112).

4.3.1.2 Die redes waarom mense huil

Die frekwensie van huil neem af met ouderdom (Borgquist, 1906:155). Die redes waarom mense huil, verander ook met die verloop van tyd. Babas huil as gevolg van honger, woede, vrees, droefheid en pyn (Borgquist, 1906:152-153; Deater-Deckard et al., 2002:112; Bukatko & Daehler, 2004:387). Namate kinders ouer word, huil hulle egter meer as gevolg van eksterne gebeure (Borgquist, 1906:156), byvoorbeeld wanneer 'n maat lelik is met die kind of as die kind se gunsteling-speelding breek. Jong kinders huil meer omdat hulle simpatie soek as wat hulle simpatie wil toon (Borgquist, 1906:156). Kinders huil dikwels as gevolg van woede wanneer hulle nie hulle sin kry nie (Borgquist, 1906:156).Volwassenes aan die ander kant huil dikwels meer as 'n simpatieke reaksie teenoor 'n ander se leed, of as gevolg van berou, bejammering en verlies wat ervaar word (Borgquist, 1906:156). Hierdie redes vir huil is nie noodwendig die redes waarom jong kinders huil nie. Die redes vir huil word dus deur die ontwikkelingsfases en ouderdomsgroep van die kind bepaal.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.1.3 Die fisiologiese reaksie wanneer mense huil

Om te huil, is ‘n fisiologiese reaksie (Borgquist, 1906:168; Bukatko & Daehler, 2004:381). Wanneer ‘n persoon huil, vind daar motoriese en fisiologiese veranderinge in die menslike liggaam plaas. Hierdie veranderinge behels onder andere ‘n verandering in sirkulasie, ‘n verandering in die houding van die liggaam, ‘n knop in die keel, vokalisering, snik en trane (Borgquist, 1906:168). Tydens ‘n verandering in sirkulasie neem die hartklop toe. Dit voel of ‘n persoon se kop “klop“. Die lippe voel droog en die oë brand (Borgquist, 1906:169). Wanneer die liggaamlike houding van ‘n persoon wat huil, bestudeer word, is mense wat as gevolg van droefheid huil, meer geneig om liggaamlike ervarings te beskryf. Hierdie liggaamlike ervarings sluit in knieë wat lam word, ‘n swakheid in die bors en ‘n ekstreme gevoel van uitputting. Mense wat egter huil as gevolg van woede, toon hulle emosies op ander wyses, soos om te wil skop, op ‘n aggressiewe manier te wil slaan, of hul kop op die vloer te wil kap (Borgquist, 1906:169).

Wanneer vokalisering in die fisiologiese reaksie van huil bestudeer word, is die klank van huil by die baba die roep vir aandag (Borgquist, 1906:171). Vir ‘n ouer persoon verskil die nut van die klank egter en is die huil ‘n uiting van gevoelens (Borgquist, 1906:171). Daar is bevind dat namate kinders ouer word, hulle meer probeer om die vokalisering van hul huil te onderdruk (Borgquist, 1906:171).

Sekere fisiologiese tekens kom reeds voor voordat die emosionele reaksie van huil intree (Borgquist, 1906:174). Die knop in die keel wat tydens huil vorm, word deur baie as die eerste teken van huil beskryf. Dit voel onder meer vir die persoon of hy/sy nie kan sluk nie en pyn word in die keel ervaar (Borgquist, 1906:174). Wat as ‘n snik beskryf word, is vir baie mense ‘n snak na asem (Borgquist, 1906:175). Wanneer ‘n jong kind huil, word sy/haar mond in ‘n vierkantige vorm getrek, die oë word toegemaak, die ‘aaaa’-klank volg, die gesig word rooi en daarna kom die trane (Borgquist, 1906:176). Wanneer ‘n pasgebore baba huil, is daar egter nie trane nie. Trane kom eers tussen die periode van 2 tot 5 maande in die baba se ontwikkeling voor (Borgquist, 1906:178).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.1.4 Huilgedrag in babas

In ‘n studie waar die stabiliteit van babas se huilgedrag getoets is, is daar bevind dat drie-maande-oue-babas ongeveer 1.4 ure per dag huil. Op vier maande huil babas ongeveer 1 uur per dag. Teen die einde van die eerste jaar van die baba se ontwikkeling huil hy/sy al baie minder (Keller, Lohaus, Völker, Cappenberg & Chasiotis, 1998:389).

‘n Studie is deur Reijneveld, Brugman en Hirasing (2001) gedoen waar ouers van 3345 babas op ouderdomsintervalle van een maand, drie maande en ses maande getoets is rakende hul persepsie en definisie van hul baba se huilgedrag. Oor die algemeen verskil die definiëring van oormatige huilgedrag deur ouers baie, maar hulle stem merendeels saam dat die meeste huilgedrag op die ouderdom van een maand voorkom (Reijneveld et al., 2001:893). Oormatige huilgedrag van die jong baba is algemeen en ‘n ernstige probleem vir ouers (Reijneveld et al., 2001:893). Dit kan ouers se gevoelens teenoor hul baba negatief beïnvloed en veroorsaak dat die baba as “moeilik“ beskou word. Ouers kan allerhande aksies neem om die oormatige huil van die kind te stop, wat ‘n baie skadelike invloed op die baba se gesondheid kan hê. ‘n Voorbeeld van laasgenoemde gedrag behels om die kind te klap of te skud (Reijneveld et al., 2001:893), dus fisies seer te maak.

In ‘n studie deur Suzanne Smith (2010) is gekyk hoe verpleegsters by ‘n inbel-sentrum vir ouers wie se babas oormatig huil, advies gegee het (Smith, 2010:381). Bevindinge in hierdie studie het daarop gedui dat die verpleegsters meer gemaklik was om mediese raad aan die ouers te verskaf as om persoonlike vrae rakende gedrag aan die ouers te stel, soos byvoorbeeld: “Skud jy jou kind as hy/ sy huil?” Dit is egter belangrik dat ouers se reaksies teenoor oormatige huilgedrag in ag geneem word, aangesien dit die emosionele ontwikkeling van die kind beïnvloed.

4.3.2 Die ontwikkeling van vreugde en die invloed van die versorger

Die eerste teken van geluk word as die glimlag beskryf (Berk, 2009:404). Die glimlag speel ‘n rol in baie aspekte van die ontwikkeling by die kind. Hierdie glimlag bind die ouer en kind in ‘n warm, ondersteunende verhouding met mekaar wat die baba se

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontwikkelingsvermoë ondersteun (Berk, 2009:404). Vanaf ongeveer die middel van die eerste jaar glimlag die baba meer as die baba met bekende mense soos die versorger in interaksie tree, wat ook die ouer-kind-band versterk (Berk, 2009:405).

4.3.2.1 Die glimlag as 'n uitdrukking van vreugde

Vreugde bring universeel die psigomatiese grootspier in beweging wat tot gevolg het dat die mondhoeke na bo draai om 'n glimlag te vorm (Jordaan & Jordaan, 1998:555). Nie-verbale kommunikering van gevoel geskied deur gesigsuitdrukkings (Jordaan & Jordaan, 1998:554). Babas wys hulle is gelukkig deur te lag of te glimlag (Louw et al., 1998:271). Hierdie glimlag kom ongeveer tussen vier tot ses weke in die baba se ontwikkeling voor (Hetherington & Parke, 1993:209). 'n Glimlag is die eksterne of buitenste uitdrukking van komponente van die interne emosionele ervaring (Jones & Raag, 1989). 'n Glimlag word in alle lewenstadiums en binne 'n wye verskeidenheid van kulture as 'n uitdrukking van positiewe emosie beskou (Jones & Raag, 1989:811; Bukatko & Daehler, 2004:384).

- *Die ontwikkeling van die glimlag en die rol van die moeder as versorger*

'n Studie deur Jones en Raag (1989) het die hipotese getoets dat 'n baba se vorming van 'n glimlag van die beskikbaarheid van 'n sosiale ontvanger afhang (Jones & Raag, 1989:811). Hulle het bevind dat die glimlagfrekwensie laer was wanneer die potensiële ontvanger, die ma, nie oplettend was of aandag aan die baba verskaf het nie. Enige stimulus wat die opbou en vrystelling van spanning tot gevolg het, sal 'n glimlag in die jong baba tot gevolg hê (Jones & Raag, 1989:811). Die mens se gesig dien as stimulus vir die vroeë baba se glimlag (Jones & Raag, 1989:812). Daarom is die nabyheid van 'n versorger belangrik vir die jong baba.

'n Studie het bevind dat een-en-'n-halfjarige babas meer geglimlag het as hulle 'n sosiale maat gehad het om mee te speel, as wanneer die babas alleen moes speel. Die oplettende sosiale maat het 'n direkte invloed op die frekwensie van die baba se glimlag gehad (Jones & Raag, 1989:812). Dit is duidelik dat die mens as stimulus tot die ontwikkeling van die glimlag in babas bydra. Daarom is die moeder as versorger en haar nabyheid belangrik vir die vorming van die baba se glimlag.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.2.2 Die invloed van die baba se glimlag op die moeder as versorger

Die voorkoms van ‘n glimlag by ‘n baba is ‘n aangename en ‘n lonende ervaring vir enige moeder as versorger van ‘n baba (Strathearn, Li, Fonagy & Montague, 2008:47-48). Die glimlag word moontlik die meeste deur navorsers van die vroeë emosionele ontwikkeling in kinders bestudeer (Wolf, 1987). ‘n Paar studies rakende die invloed van die glimlag by die baba op die moeder as versorger sal kortlike bespreek word.

- *‘n Glimlag in babas en die breinrespons van die moeder*

‘n Studie het moeders se breinrespons as reaksie op hul babas se gesigsuitdrukkings getoets (Strathearn et al., 2008). Die breinrespons van moeders op onderskeidelik die gelukkige, neutrale en ongelukkige gesigte van hul babas is getoets en met mekaar vergelyk. Daar is bevind dat wanneer moeders hulle babas se gesig vir die eerste keer sien, alle dopamien-prosesse in die brein gestimuleer word. Die dopamien wat afgeskei word, word verbind met die aangename en lonende ervaring van moeders in die verhouding met hul babas (Strathearn et al., 2008:48). Die glimlag van die baba ontlok veral hierdie dopamien-verwante reaksies van plesier. Glimlagreaksies in babas lei tot die afskeiding van meer dopamien in die brein van hul moeders, veral meer as wat by die neutrale of die hartseer gesigsuitdrukking van die baba afgeskei word (Strathearn et al., 2008:48).

Hoe ‘n ma op haar baba se tekens van tevredenheid of ongelukkigheid reageer, kan ‘n belangrike rol in die vorming van haar kind se latere ontwikkeling speel (Strathearn et al., 2008:49). Wanneer die moeder op die baba se tekens reageer, ongeag of dit positief of negatief is, moet die moeder affektiewe sowel as kognitiewe informasie oor haar baba integreer voordat sy reageer (Strathearn et al., 2008:48). ‘n Baba wat ongelukkig is, ontlok gewoonlik ‘n empatiese respons by die ma. ‘n Baba wat glimlag, veroorsaak positiewe emosie in die ma wat met ‘n lonende ervaring geassosieer word. Laasgenoemde ervaring dra daartoe by dat die moeder die baba se tekens van geluk na-aap deur ook te glimlag, met die baba te begin speel en in interaksie met die baba te tree (Strathearn et al., 2008:48). Die breinrespons as gevolg van plesier in die moeder speel ‘n belangrike rol in die moeder se ervaring van haar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kind se emosionele toestand, asook die reaksie wat die moeder teenoor haar baba se gedrag sal toon.

- *Die eerste vorm van 'n glimlag wat 'n moeder in haar baba kan waarneem*

In 'n studie waar spontane glimlagte getoets is, is daar bevind dat uni-laterale glimlagte meer algemeen by pasgebore babas is, terwyl bi-laterale glimlagte meer algemeen by babas van twee maande oud is (Kawakami, Takai-Kawakami, Tomonga, Suzuki, Kusaka & Okai, 2006). In 'n soortgelyke studie wat twee jaar later afgelê is, is daar weereens bevind dat bi-laterale glimlagte meer by babas van twee maande voorkom as uni-laterale glimlagte, wat meer dikwels by pasgebore babas voorkom (Kawakami, Takai-Kawakami, Kawakami, Tomonga, Suzuki & Shimizu, 2008:518).

- *Persepsies van 'n moeder rakende 'n baba se glimlag en die baba se interne emosionele toestand*

'n Navorsingstudie het voorgraadse sielkundestudente en moeders van babas se persepsies rakende babas se glimlagte getoets (Messinger, Cassel, Acosta, Ambadar & Cohn, 2008). Hierdie studie wou vasstel of daar 'n verwantskap bestaan tussen 'n glimlag en die persepsie dat 'n positiewe emosie deur die baba ervaar word. Voorgraadse sielkundestudente en moeders van babas is 48 foto's van verskillende stadiums van glimlag by babas gewys. Die voorgraadse sielkundestudente sowel as die moeders het glimlagte wat sterker deurkom met 'n groter mondopening en wange wat lig, aan 'n meer positiewe emosionele ervaring in die baba gekoppel (Messinger et al., 2008:142-149). Dit dui daarop dat mense oor die algemeen dink die baba is gelukkiger as die baba 'n groter glimlag vertoon. Behalwe dat meer dopamien in die moeder as versorger se brein afgeskei word wanneer haar baba glimlag, is sy ook onder die indruk dat haar baba 'n positiewe emosionele ervaring het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3.3 Die ontwikkeling van aggressie en die invloed van die versorger

Die volgende gedeelte gaan die ontwikkeling van aggressie in die voorskoolse kind bespreek, die bydraende faktore tot aggressie in die voorskoolse kind, die invloed van die versorger, asook die toetsing van aggressie in die voorskoolse kind.

4.3.3.1 Die ontwikkeling van aggressie in die voorskoolse kind

‘n Studie het bevind dat die manifestasie van woede en aggressie selfs in babas in die eerste jaar van hul ontwikkeling voorkom (Hay, Perra, Hudson, Waters, Mundy, Phillips, Goodyer, Harold, Thapar, Van Goozen & CCDS span, 2010:351). Loeber en Hay (1997:374-375) bevestig dat die vroegste manifestasie van aggressie reeds in die babajare voorkom wanneer die baba aan die sosiale wêreld blootgestel word. Woede kom voor wanneer babas die oorsaak-en-effek-verwantskap in die wêreld om hulle ervaar (Loeber & Hay, 1997:375).

Gedurende die tweede en derde jaar van ontwikkeling kan woede-uitbarstings en aggressie teenoor volwassenes en eweknieë waargeneem word (Loeber & Hay, 1997:375). Daar is bevind dat meisies wat nie oor ‘n versekerde binding met hul moeder beskik het nie, moeiliker gedrag toon as seuns en meisies wat wel oor daardie versekerde binding beskik het (Loeber & Hay, 1997:375). Vanaf vier tot ses maande in die tweede jaar van ontwikkeling neem aggressiewe gedrag in frekwensie en intensiteit toe (Berk, 2009:405). Babas se uiting van woede op tweejarige ouderdom word deur negatiwiteit en hardkoppigheid gekenmerk (Louw et al., 1998:276). Sigmund Freud (1963) en Konrad Lorenz (1966) stel instink-teorieë voor as die oorsaak van aggressie en is van mening dat mense van nature geprogrammeer is om in sekere situasies aggressief op te tree (Louw et al., 1998:278).

Daar is verskeie sienings rakende die ontstaan van aggressie in kinders. Die biologiese standpunt is dat biologiese faktore in kinders ‘n rol in die ontwikkeling van aggressie speel. Laasgenoemde biologiese faktore sluit in die rol van geslagshormone. (Louw et al., 1998:279). Mans met die hormoon testosteroon blyk meer aggressief te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wees as vrouens met die hormoon estrogeen (Louw et al., 1998:279). Geslagsverskille ten opsigte van die vlak van aggressie wat waargeneem word, is duidelik tussen die ouderdom van drie jaar en ses jaar (Loeber & Hay, 1997:375). Seuns toon hoër vlakke van fisiese aggressie as meisies, terwyl meisies ander metodes gebruik om uiting aan aggressie te gee, naamlik verbale en indirekte metodes, soos vervreemding, uitsluiting van ander en skinder van ander (Loeber & Hay, 1997:376). Ander biologiese faktore behels die invloed van gene. Studies het aangedui dat gene ‘n rol in die oorsaak van aggressie speel en dat aggressie oorerflik kan wees (Louw et al., 1998:279).

Daar is ook ander verklarings rakende die ontwikkeling van aggressie. Laasgenoemde verklarings van aggressie verwys daarna dat frustrasie ervaar word wanneer bereiking van doelwitte geblokkeer word. Dit lei dan tot aggressie wat as die “frustrasie-aggressie-hipotese“ bekend staan (Dollard, Miller, Doob, Mowrer & Sears, 1939). Daar bestaan ook sosiale verklarings vir aggressie. Die sosiale leerteorie is byvoorbeeld van mening dat kinders aggressiewe gedrag aanleer deur die nabootsing van aggressiewe modelle soos hul ouers (Bandura, 1983 aangehaal in Louw et al., 1998:281).

4.3.3.2 Bydraende faktore tot aggressie in kinders en die invloed van die versorger (ouer)

Volgens navorsing wat oor aggressie gedoen is, is daar drie belangrike faktore wat tot die ontwikkeling van aggressie bydra (Cohen, 1971:71). Hierdie faktore is frustrasie (soos ervaar word deur beperking, inkrimping en verwerping), modellering van aggressiewe figure/persone in die omgewing, en norme oor aggressiewe gedrag wat toevallig deur die omgewing versterk word (Cohen, 1971:71). ‘n Studie deur Sears (1961), wat op aggressiewe voorskoolse seuns gebaseer is, het bevind dat ‘n hoë vlak van straf geneig is om meer pro-sosiale aggressie in vroeë adolessensie te ontlok. Seuns wie se gedrag egter nie gestraf is nie, was geneig om meer anti-sosiale aggressiewe gedrag in die vroeë adolessensie te demonstreer (Cohen, 1971:83). Dit is dus bewys dat ouerskapstyle tog die ontwikkeling van aggressie in kinders beïnvloed.

De Haan, Prinzie en Deković (2010) het ‘n studie gedoen oor die redes vir die verandering van aggressie en wangedrag tydens die oorgang van ‘n voorskoolse kind

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

na ‘n hoërskoolkind (De Haan et al., 2010). Hierdie studie het probeer vasstel of dit die kind se persoonlikheidseienskappe of die interaksie met die kind se ouers is wat aggressiewe of wangedrag voorspel. Die verwantskap tussen beide hierdie faktore is ook in ag geneem (De Haan et al., 2010:725). Daar is bevind dat die persoonlikheidseienskappe van die kind ‘n belangrike rol in die identifisering van risiko-uitwendige gedrag speel, maar dat die verwantskap tussen die kind se persoonlikheidseienskappe en die aard van ouerskap tog ook belangrik is (De Haan et al., 2010). Kinders wat minder van ‘n ekstrovert is, meer pligsgetrou is, minder welwillend is en meer verbeelding het, is meer kwesbaar vir ‘n disfunksionele ouerskapstyl (De Haan et al., 2010:731). Kinders van hierdie ouers het veral ‘n behoefte daaraan om in die ontwikkeling en handhawing van effektiewe dissiplineringstegnieke ondersteun te word (De Haan et al., 2010:731). ‘n Kombinasie van ‘n kwesbare kind en ‘n disfunksionele ouer kan tot uitwendige (aggressiewe) gedrag lei (De Haan et al., 2010). Teenspoedige ouerskap voorspel eweknie-aggressie tydens die vroeë skoolfase. Teenspoedige ouerskapgedrag, veral lyfstraf, is ‘n belangrike bydraende faktor tot die ontwikkeling van eweknie-aggressie in jong kinders (Olson, Lopez-Duran, Lunkenheimer, Chang & Sameroff, 2011:263).

4.3.3.3. Die toetsing van aggressie in die voorskoolse kind

‘n Studie is gedoen waar die aggressiewe gedrag van voorskoolse kinders deur beide geslagte, asook gekwalifiseerde individue, getoets is (Pellegrini, Bohn-Gettler, Dupuis, Hickey, Roseth & Solberg, 2011). In die eerste gedeelte van die studie het mans- sowel as vroue-waarnemers voorskoolse kinders se vlakke van aggressie aangetoon. Die navorsers het voorspel dat beide mans en vrouens ‘n hoër frekwensie van aggressiewe gedrag in seuns, eerder as in meisies, sal aantoon (Pellegrini et al., 2011:233). In die tweede gedeelte van die studie is die merking van aggressie by voorskoolse seuns en meisies verder getoets deur manlike en vroulike opgeleide waarnemers. In die laaste gedeelte van die studie is vroulike voorskoolse kleuterskool-onderwysers en vroulike navorsers se merking van aggressiewe gedrag in voorskoolse kinders getoets (Pellegrini et al., 2011:233). In die eerste geval het manlike waarnemers hoër vlakke van aggressie in voorskoolse kinders aangetoon as vroulike waarnemers. In die tweede geval het opgeleide manlike waarnemers weereens hoër vlakke van aggressie as vroulike waarnemers aangedui. In die laaste

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geval het voorskoolse kleuterjuffrouens hoër vlakke van aggressie aangetoon as vroulike navorsers (Pellegrini et al., 2011:234-235). Laasgenoemde studie dui aan dat persepsies rakende aggressiewe gedrag verskil. Daarom is dit moeilik om aggressie te toets. Daar bestaan wel ‘n skaal vir die toetsing van aggressie in voorskoolse kinders, naamlik die “Cardiff Infant Contentiousness“ skaal (Hay et al., 2010). In hierdie skaal is ses items geïdentifiseer om fisiese vors in sosiale interaksies as uitdrukking van woede te toets. Hierdie ses items is die volgende:

1. Kinders wil nie van speelgoed laat gaan nie, al word hulle mooi gevra.
2. Kinders trek ander kinders se hare.
3. Gereelde woedebuie kom voor.
4. Kinders slaan ander persone.
5. Kinders byt ander persone.
6. Kinders het gereelde woede-uitbarstings.

Bogenoemde items in die betrokke skaal dien as ‘n riglyn vir die toetsing van aggressie in voorskoolse kinders en kan gebruik word in ‘n empiriese studie om die aard van aggressie, sowel as die versorger se persepsie van aggressie in hul kinders, te toets.

4.3.4 Die ontwikkeling van angs en die invloed van die versorger

Vrees word deur ‘n spesifieke objek of situasie veroorsaak. Angs aan die ander kant word veroorsaak deur gevoelens wat ervaar word (Louw et al., 1998:272). Sigmund Freud deel laasgenoemde beskrywing van angs. Hy beskryf angs as ‘n emosionele ervaring wat gevoelens van vrees, spanning, senuweeagtigheid en bekommernis insluit, en fisiologiese reaksies tot gevolg het (Spielberger, 2010). Omdat angs en vrees hand aan hand gaan, sal die term “angs“ gebruik word om ervarings van vrees by voorskoolse kinders te beskryf.

Volgens aanhangers van die verbindingsteorie kan die inisiële neiging tot angs vererger of verminder word in die konteks van die kind se verhouding met die primêre versorger (Manassis & Bradley, 1994). Uiterstes in die kind se temperament, of ‘n onsekere band met die versorger, kan genoeg wees om sekere vorms van angs te

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

veroorsaak (Manassis & Bradley, 1994:362). Indien daar geen manier is om situasies te hanteer wat bindings vereis nie, kan kroniese angs ontwikkel (Manassis & Bradley, 1994:356). Met die nodige kognitiewe maturasie en die ontwikkeling van kognitiewe strategieë, kan ‘n kwesbare kind se vermoë verbeter om situasies wat bindings vereis, te hanteer, wat tot ‘n toename in sosiale interaksie kan lei (Manassis & Bradley, 1994:359).

4.3.4.1 Vrese en die ontwikkeling van angs

Angs ontstaan gedurende die tweede helfte van die eerste jaar van ‘n babas se ontwikkeling (Berk, 2009:405). Uitdrukkings van angs geskied meestal as gevolg van kontak met die buite-wêreld. Hierdie kontak sluit in kontak met vreemdelinge, wat vreemdeling-angs genoem word (Berk, 2009:405). Jonger kinders blyk bang te wees vir spesifieke voorwerpe in hul eksterne omgewing, soos honde, geraas en vreemde apparate. Ouer kinders tussen die ouderdom van vyf en ses jaar toon aan die ander kant ‘n toename in vrees vir denkbeeldige of abstrakte dinge, soos monsters, die donker en diewe (Louw et al., 1998:273). Daar is dus ‘n korrelasie tussen ‘n kind se ontwikkelingstadium en die stimulus wat vrees veroorsaak. Kinders van verskillende ouderdomme het verskillende vrese. Hierdie vrese wat ervaar word, lei tot angs-ervarings in voorskoolse kinders.

4.3.4.2 Die ontwikkeling van vrees en ‘n gevoel van angstigheid in kinders

Louw et al. (1998) bespreek in hul boek “Menslike Ontwikkeling” verskeie verklarings vir die oorsake van vrees (angs) by kinders, soos die biologiese uitgangspunt, sosiale leerteorie en die kognitiewe teorie (Louw et al., 1998:273-274; Donovan & Spence, 2000:511). Die biologiese uitgangspunt rakende die oorsake van angs in kinders, beskryf angs as ‘n emosie met ‘n genetiese basis, terwyl die sosiale leerteorie die oorsake van angs as ‘n tipe gedrag wat aangeleer word, beskou. Voorstaanders van die kognitiewe teorie beskryf die oorsake van angs (in kleuters) as die verhoogde kognitiewe vermoëns wat kleuters ervaar, en wat lei tot die ontwikkeling van ‘n verbeelding en intense fantasieë wat deur die kleuter geskep word (Louw et al., 1998:274). In laasgenoemde geval beskik die kleuter oor ‘n onvermoë om tussen fantasie en werklikheid te onderskei, en dit ontlok dan vrees by

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die kleuter (Louw et al., 1998:274). Moeders as versorgers moet hul voorskoolse kinders fasiliteer om tussen die werklikheid en fantasieë te kan onderskei om vrese te reguleer. Daar is verskeie oorsake van vrees in voorskoolse kinders wat tot die ervaring van angs lei. Die oorsake van hierdie vrese en angstige ervarings word in die volgende tabel, Tabel 4.2, weergegee.

Die volgende tabel noem moontlike vrese van voorskoolse kinders van verskillende ouderdomme.

Tabel 4.2: Vrese in die voorskoolse kind vanaf geboorte tot en met ses jaar

Ouderdom	**Vrese**
Geboorte tot 6 maande	Verlies aan ondersteuning, harde geluide
7-12 maande	Vreemdeling, hoogtes, skielike en onverwagte voorwerpe
1 jaar	Skeiding van die ouers, toiletopvoeding, besering, vreemdelinge
2 jaar	‘n Verskeidenheid van stimuli soos harde geluide (stofsuiers, sirenes, alarms, donderweer), diere (bv. honde), donker kamers, skeiding van ouers, groot objekte of masjinerie, veranderinge in die persoonlike omgewing, vreemdelinge
3 jaar	Maskers, die donker, diere, skeiding van ouers
4 jaar	Skeiding van ouers, diere, die donker, geluide
5 jaar	Diere, “slegte“ mense, die donker, skeiding van ouers
6 jaar	Bonatuurlike wesens (bv. spoke en hekse), die donker, om alleen tuis te bly, liggaamlike beserings, skeiding van ouers

Bron: Aangepas vanuit Moris & Kratochwill (1983) verwys in Louw et al. (1998:274)

Uit bogenoemde tabel is dit duidelik dat die aard van vrese by kinders van verskillende ouderdomme verskil. Dit blyk ook hieruit dat sekere vrese in ‘n spesifieke ouderdomsperiode normaal is. Vrese wat tot angs lei, kan egter uitwendig wees. Angs in die vroeë kinderjare word met latere emosionele versteurings by

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kinders geassosieer (Mian, Wainwright, Briggs-Gowan & Carter, 2011:501). Daarom is ‘n ondersoek na ’n voorskoolse kind se ervaring van vrees (angs) relevant.

4.3.4.3 Die toetsing van vrees en angstige ervarings in kinders

Die temperamentele eienskappe van ‘n kind is ‘n moontlike vroeë teken van vreesversteurings in ‘n kind (Manassis & Bradley, 1994:362). Ongeag temperament, moet daar ook ander tekens bestaan wat op ‘n moontlike angsversteuring in ‘n kind kan dui. Om hierdie tekens te identifiseer, kan skale gebruik word. Sodanige skale om angsversteurings in kinders te toets, sal volgende bespreek word. Daar sal ook verwys word na die invloed van die versorger ten opsigte van die ervaring van angs-simptome in kinders.

- *Die gebruik van skale in die toetsing van angs*

Daar is verskeie skale wat gebruik kan word om angs in kinders te toets. Die hersiene voorskoolse angsskaal is ‘n voorbeeld van so ‘n skaal wat deur middel van ‘n 30-itemmeting simptome van angs in kinders tussen die ouderdom van drie jaar en vyf jaar assesseer. Hierdie skaal maak gebruik van die gedragsinhibisievraelys (Edwards, Rapee & Kennedy, 2010:314). Die gedragsinhibisievraelys assesseer inhibisies in kinders tussen die ouderdom van drie jaar en vyf jaar in verskeie kontekste. Daar word gekyk hoe die kind optree by onbekende volwassenes; by onbekende maats; in onbekende situasies; in prestasiegedrewe situasies; wanneer skeiding van die versorger in die voorskoolse fase geskied; en tydens fisiese uitdagings (Edwards et al., 2010:314). Die voorkoms van angstige gedrag gedurende inhibisies word dan gedokumenteer en geëvalueer.

Die depressie-angs-stres-skaal is ‘n skaal wat gebruik word om angs in volwassenes te toets, maar kan ook gebruik word om angssimptome in die algemeen of by kinders te toets (Edwards et al., 2010:314). Die ouer-oorbeskermingsmeting meet ouers se gedrag wat ‘n kind se blootstelling aan situasies wat as ‘n bedreiging gesien word, inperk (Edwards et al., 2010:314). ‘n Studie wat van laasgenoemde skale gebruik gemaak het, het hoë-risiko-gedragsfaktore wat tot angssimptome in voorskoolse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kinders kan lei, getoets. Metings het negatiewe affektiewe ouerskap, kinder-inhibisie, oorbeskerming van ouers en die impak van lewensgebeurtenisse geassesseer. Daar is bevind dat vanaf die ouderdom van 12 maande simptome van angs by die baba kan manifesteer as gevolg van materne oorbeskerming, die impak van negatiewe lewensgebeurtenisse, kinders se inhibisies en negatiewe materne affektiwiteit (Edwards et al., 2010:313).

Onlangse studies bevestig dat biologiese faktore soos ‘n kind se genetiese samestelling tot 50% van kinders se ervaring van angssimptome bydra (McLeod, Wood & Weisz, 2007). Ongeveer ‘n derde van angssimptome kan aan die omgewing toegeskryf word. Dit sluit in biologiese faktore soos nageboorte-komplikasies, asook nie-biologiese faktore soos die verhoudings met ander kinders en traumatiese gebeurtenisse in die kind se lewe (McLeod et al., 2007:166).

Angs in die vroeë kinderjare word met latere emosionele versteurings by kinders geassosieer (Mian et al., 2011:501). Die bestudering van risiko-faktore ten opsigte van angs in kinders kan vroeë identifisering van hoë-risiko-kinders moontlik maak. As hoë-risiko-kinders vroegtydig geïdentifiseer kan word, kan voorkomingstrategieë wat emosionele versteurings in kinders verhoed, geïmplementeer word (Mian et al., 2011:501). Affektiewe materne gedrag, geweld in die gemeenskap, die kind se temperament en vroeë simptome van angs in jong kinders, dien as die sterkste voorspelling van kleuterskool- en graad-twee-angssimptome (Mian et al., 2011:509). Dit is die moeder as versorger se verantwoordelikheid om hierdie angssimptome vroegtydig te identifiseer sodat die nodige intervensie kan geskied.

Donovan en Spence (2000) het na aanleiding van hul literatuuroorsig na angs in die kinderjare, sekere risikofaktore en beskermende faktore ten opsigte van angs geïdentifiseer. Risikofaktore wat angs in kinders kan ontlok, sluit in ‘n swak kwaliteitverbinding tussen die moeder en die kind (Donovan & Spence, 2000:510). Angs in die moeder as versorger van die kind kan ook lei tot angs in die kind as gevolg van ‘n temperamentele eienskap wat die kind oorerf. Traumatiese en negatiewe ervarings in die vroeë kinderjare kan tot angsversteurings in die jong kind bydra (Donovan & Spence, 2000:511). Ouerskapstyle, in interaksie met laasgenoemde faktore, kan angs in die jong kind verhoog (Donovan & Spence, 2000:512). Daarom is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

dit belangrik dat die moeder as versorger kennis van hierdie faktore dra en poog om beskermingsfaktore te implementeer wat latere emosionele skade in die kind kan verhoed.

Beskermende faktore wat veerkragtigheid bevorder ten opsigte van beide risiko-faktore en sielkunde versteurings, sluit in sosiale ondersteuning en gesonde hanteringsmeganismes wat die kind aanleer. Hierdie hanteringsmeganismes kan uit emosionele regulasie of vermydende hanteringsmeganismes bestaan (Donovan & Spence, 2000:514). Dit is belangrik dat die moeder as versorger die kind leer om ervarings van angs te reguleer, sodat die kind toekomstige vrese kan hanteer en angs kan verminder. Sosiale ondersteuning en die beskikbaarheid van die moeder as versorger in tye van nood is ‘n manier om die angs-ervarings in kinders te verlaag (Donovan & Spence, 2000).

4.4 DIE PROSES VAN SOSIALE VERWYSING EN DIE INVLOED VAN DIE MOEDER AS VERSORGER

In die volgende gedeelte gaan die proses van sosiale verwysing gedefinieer en bespreek word, asook die rol van die moeder as versorger in die proses van sosiale verwysing.

4.4.1 Die proses van sosiale verwysing

Sosiale verwysing is die proses waartydens die kind na die versorger (moeder) se emosionele reaksie kyk, om te bepaal hoe hy/sy in daardie spesifieke situasie moet optree (Feinman & Lewis, 1983:878; Berk, 2009:412). Tydens die ontwikkelingsperiode van ongeveer agt tot tien maande, begin die baba onbekende mense, voorwerpe en gebeure te evalueer deur middel van sosiale verwysing om sekuriteit en veiligheid te bepaal (Mumme et al., 2007 aangehaal in Berk, 2009:412). Sosiale vewysing word deur Craig (1992) beskryf as die proses waar die baba na die moeder as versorger se gesig kyk om ‘n emosionele teken te kry rakende die veiligheid van die situasie al dan nie (Craig, 1992:214-215). Ouers kan van hierdie proses van sosiale verwysing gebruik maak om hul jong kinders te leer hoe om op te tree. Tydens alledaagse gebeurtenisse kan die kind na die versorger kyk vir leiding ten

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

opsigte van gepaste optrede (Berk, 2009:412). Omdat die versorger dus ‘n belangrike rol in die fasilitering van die proses van sosiale verwysing in haar baba of jong kind speel, moet sy kennis van hierdie rol en verantwoordelikheid dra om positiewe ontwikkeling in haar voorskoolse kind te kan fasiliteer.

4.4.2 Die invloed van die moeder as versorger in die proses van sosiale verwysing

Indien twee versorgers van die baba, byvoorbeeld die moeder en die vader van die baba, konflikterende reaksies tydens ‘n vreemde situasie toon, sal dit die baba deurmekaar maak en angs in die baba ontlok (Craig, 1992:215). Indien ‘n baba na sy/haar versorger kyk in ‘n situasie waar ‘n vreemde persoon betrokke is, en die versorger lyk bang en ongemaklik, kan dit angs in die baba ontlok (Murray, De Rosnay, Pearson, Bergeron, Schofield, Royal-Lawson & Cooper, 2008:1048). Die baba maak gebruik van die versorger se optrede as ‘n riglyn vir emosionele reaksies en gedrag. Daarom is dit belangrik dat die versorger kennis dra van hierdie invloed en bewus is daarvan wanneer babas aan nuwe situasies blootgestel word. Bevindinge van studies rakende hierdie proses van sosiale verwysing sal volgende bespreek word.

‘n Studie deur Kim, Walden en Knieps (2010) het eienskappe van ouers se boodskappe tydens die proses van sosiale verwysing in kinders getoets. Daar is gebruik gemaak van positiewe sowel as negatiewe situasies waartydens ouers die geleentheid gegun is om hul kind te beïnvloed (Kim et al., 2010). Dit het geblyk dat ouers (moeders) se stem ‘n groter rol gespeel het in die regulering van gedrag tydens positiewe boodskappe, as negatiewe boodskappe. Daar is ook bevind dat tydens vreesbevange situasies ouers se liggaamlike tekens wel ‘n rol gespeel het, alhoewel dit nie regtig ‘n beduidende rol tydens positiewe boodskappe gespeel het nie (Kim et al., 2010:191-194). Ongeag die spesifikasies van die studie, is tot tog duidelik dat die reaksie van die ouer ‘n rol in die regulering van die jong kind se gedrag gespeel het en as ‘n bron van sosiale verwysing vir die kind gedien het.

Sosiale verwysing kan reeds in die tweede helfte van die eerste jaar van die baba se ontwikkeling plaasvind. ‘n Studie waar 87 babas (seuns en meisies) wat tien maande oud was, positiewe of neutrale boodskappe direk van hul moeders af ontvang het terwyl die moeders in interaksie met ‘n vreemdeling was, het bevind dat die babas

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

vriendeliker teenoor die vreemdeling was as die ma positief met die vreemdeling gekommunikeer het, eerder as neutraal (Feinman & Lewis, 1983:878). Hierdie bevindinge dui dus daarop dat die baba sensitief is vir die moeder se kommunikasie en houding teenoor vreemde persone en situasies. Dit dui op die belangrike rol van die moeder om die baba veilig te laat voel om simptome van angs in die baba sodoende te verlaag.

‘n Studie is gedoen waar die respons in babas wat ‘n ma met ‘n sosiale fobie het, ten opsigte van ‘n onbekende volwassene, getoets is (Murray et al., 2008). Hierdie babas is vergelyk met ander babas wie se ma nie ‘n sosiale fobie het nie. Die sosiale verwysing van babas tussen tien en veertien maande is getoets. Babas wie se ma ‘n sosiale fobie gehad het, het vermydende gedrag teenoor vreemdelinge getoon. Hierdie vermydende gedrag in babas is voorspel deurdat die ma angstig teenoor vreemdelinge opgtree het en nie interaksie met vreemdelinge aangemoedig het nie (Murray et al., 2008:1049). Die babas wie se ma nie angstig teenoor die vreemdeling opgetree het nie, en die baba aangemoedig het om in interaksie met die vreemdeling te tree, het nie sulke vermydende gedrag teenoor vreemdelinge getoon nie (Murray et al., 2008:1061). Hierdie studie dui weereens op die invloed van die moeder in die proses van sosiale verwysing, by emosionele regulering, by die regulering van toekomstige sosiale gedrag en by tekens van angs tydens interaksie met vreemdelinge.

4.5. DIE PROSES VAN EMOSIONELE REGULASIE EN DIE INVLOED VAN DIE MOEDER AS VERSORGER

In die volgende gedeelte gaan die proses van emosionele regulasie verduidelik en bespreek word. Die rol van die moeder en die proses van emosionele regulasie sal aandag geniet. Aandag sal ook gevestig word op studies wat emosionele regulasiestrategieë in kinders ondersoek het.

4.5.1 Definiëring van emosionele regulasie

Emosionele regulasie verwys na die proses waartydens individue hul eie emosies beïnvloed. Individue bepaal watter emosies hulle ervaar, wanneer hulle die emosies ervaar, hoe hulle hierdie emosies ervaar en hoe hulle die emosies wat hul ervaar, gaan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

uitdruk (Gross, 1998:275). Emosionele regulasie behels ook die strategieë wat individue gebruik om die intensiteit of duur van emosionele reaksies tot ‘n gemaklike vlak aan te pas, sodat doelwitte bereik kan word (Berk, 2009:407). Wanneer emosies op ‘n buigbare en beheerde manier ervaar word, soos deur regulasie van daardie emosies, kan hierdie emosies as gedragbron dien om doelwitte te bereik (Roque & Verissimo, 2011:617). ‘n Voorbeeld hiervan is die kind wat sy/ haar emosies reguleer, beheer daarvan neem en sodoende gunstige inter-persoonlike verhoudings vorm (Roque & Verissimo, 2011:617).

4.5.2 Die rol van die moeder as versorger

Babas moet leer om emosies te reguleer. In die vroeë maande van ontwikkeling het babas ‘n beperkte kapasiteit om hierdie emosies self te kan reguleer. Babas is dus afhanklik van die kalmerende intervensie van hul versorger om hul te help om hul emosies te kan reguleer (Berk, 2009:408). Teen die einde van die eerste jaar van ontwikkeling stel kruip en loop die baba in staat om na (of weg van) stimuli te beweeg, wat die baba help om emosies deur middel van fisiese aksie te reguleer (Berk, 2009:408). Babameisies kan hul eie emosionele toestand beter reguleer as babaseuns. Babaseuns vertrou meer op die bystand van hul moeders om hul emosies te kan reguleer (Hay & Loeber, 1997:375).

Babas wie se versorgers hul emosionele tekens lees en op ‘n gereelde basis daarop reageer, is geneig om kinders te wees wat minder suur voorkom; meer aangename emosies toon; meer belangstel om hul eksterne omgewing te ondersoek; en makliker deur die versorger in tye van stres gekalmeer word (Berk, 2009:408). Daarenteen versterk versorgers wat ongeduldig of aggressief teenoor hul baba optree, of wag tot die baba erg verontrus is voordat hul intree, latere intense reaksies van die baba en bemoeilik dit vir die baba om in die toekoms deur die versorger gekalmeer te kan word (Berk, 2009:408). Wanneer versorgers nie spanningsvolle ervarings in babas reguleer nie, kan breinstrukture wat as ‘n buffer teen stres dien, faal om genoegsaam te ontwikkel. Die resultaat is angstige, emosioneel reaktiewe kinders met ‘n verminderde kapasiteit om self emosies te kan reguleer (Berk, 2009:408).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Wanneer ‘n jong kind ‘n emosie ervaar, moet die kind leer om dit te beheer deur middel van emosionele regulasie, wat intern of ekstern kan gesied (Deater-Deckard et al., 2002:117). Hierdie beheer wat intern geskied, behels dat die kind sy denke verander of aanpas. Die beheer wat ekstern geskied, beteken dat die kind die situasie by sy eie vermoëns aanpas, of homself uit die situasie verwyder (Deater-Deckard et al., 2002:117; Gullone et al., 2010:569). As ‘n kind nie daarin slaag om sy of haar emosies te reguleer nie, kan dit tot gedrags- en emosionele probleme in die kind lei (Deater-Deckard et al., 2002:117).

‘n Studie deur Alink, Cicchetti, Fred en Rogosch (2009) het bevind dat die aard van die verbinding tussen ‘n kind en sy moeder ‘n rol speel in die kind se vermoë om emosies te kan reguleer (Alink et al., 2009:831). In die studie is daar bevind dat 35 uit 111 kinders wat deur hul ma verwaarloos of mishandel was, maar wat wel in latere stadiums van ontwikkeling daarin geslaag het om ‘n positiewe patroon van verwantskap met hul moeders te vestig, se vermoë tot emosionele regulasie nie beïnvloed is nie (Alink et al., 2009:840). Kinders wat mishandel of verwaarloos was en wat nie in latere stadiums van ontwikkeling hierdie patroon van verwantskap met hul moeders kon vestig nie, is deur hul moeder se gedrag beïnvloed en het laer vlakke van emosionele regulasie gehad (Alink et al., 2009:831).

4.5.3 Die invloed van konteks op emosionele regulering

Roque en Verissimo (2011) het ‘n studie gedoen waar hul ondersoek ingestel het na die invloede op die emosionele ontlokkingskonteks (positiewe en negatiewe emosies) van kleuters om te bepaal hoe die kleuter emosies sal uitdruk en hoe die kleuter reguleringsgedrag sal toon. Daar is bevind dat kleuters se gedrag gevarieer het na gelang van die emosionele ontlokkingskonteks (Roque & Verissimo, 2011). Kleuters het meer gebruik gemaak van reguleringstrategieë tydens positiewe emosionele situasies en episodes van frustrasie of woede, as tydens situasies wat vrees ontlok (Roque & Verissimo, 2011:624). Dit is betekenisvol aangesien daar verwag sou word dat ‘n kind meer reguleringstegnieke tydens vreesaanjaende situasies sou implementeer as tydens situasies waar positiewe emosies ontlok word. Dit is egter bewys dat die konteks verband hou met die aard van reguleringstrategieë wat kinders gebruik.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.5.4 Navorsingstudies rakende emosionele regulasie strategieë in kinders

Emosionele regulasie kan deur die die ERQ-CA vraelys (emosionele regulasievraelys vir kinders en adolessente) getoets word. Hierdie vraelys bestaan uit tien vrae en die meting van emosionele regulasie geskied deur van ‘n sewepunt Likert-tipe skaal gebruik te maak (Gullone et al., 2010:569).

Emosionele regulasiestrategieë speel ‘n rol regdeur die lewenstydperk. Depressiewe simptome is gevind by adolessente wat nie emosies kan reguleer wanneer hul in interaksie met hul ouers is nie (Yap, Allen, O’Shea, Di Parsia, Simmons & Sheeber, 2011:279). ‘n Adolessent wat byvoorbeeld nie op ‘n jong ouderdom geleer het om emosies te reguleer nie, kan beheer oor sy gevoelens verloor en aggressief teenoor die ouer optree, wat ‘n aggressiewe teenreaksie of straf van die ouer se kant af kan uitlok en die adolessent se poging om doelwitte te bereik, blokkeer (Yap et al., 2011:279). Laasgenoemde gedrag kan bydra tot ‘n negatiewe affektiewe klimaat in die famlie-omgewing wat verdere depressiewe simptome in die adolessent kan ontlok (Yap et al., 2011:279).

Onchwari en Keengwe (2011) het ondersoek ingestel na die verband tussen emosionele regulasie in kinders en gepaste sosiale gedrag. Laasgenoemde navorsers wou ook bepaal of daar ‘n verskil is in emosionele regulasievermoëns by seuns en meisies. Daar is bevind dat daar ‘n verband bestaan tussen kinders wat emosies kan reguleer en gepaste gedrag in ‘n sosiale konteks openbaar (Onchwari & Keengwe, 2011:283). Daar is ook bevind dat daar geslagsverskille in emosionele regulasiestrategieë in kinders bestaan. Meisies toon ‘n hoër meting in emosionele regulasievermoëns as seuns. Die aard van hierdie emosionele regulasievermoëns tussen seuns en meisies verskil ook. Meisies sukkel meer met verbale emosionele regulasie, terwyl seuns meer sukkel om fisiese emosionele regulasie toe te pas (Onchwari & Keengwe, 2011:283).

Uit bogenoemde navorsingstudies is dit dus duidelik dat daar verskille bestaan in individue se vermoëns om emosies te kan reguleer. Daar is ook bewys dat versorgers van kinders ‘n belangrike invloed het op hul kind se vermoë om emosies te kan

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

reguleer. Daarom is dit belangrik dat versorgers van hierdie emosionele reguleringsproses in hul voorskoolse kind kennis dra om hul kind te kan bystaan en die proses te kan fasiliteer.

4.6 TEMPERAMENT EN DIE INVLOED VAN DIE MOEDER AS VERSORGER

In die volgende gedeelte gaan die voorkoms van temperament in voorskoolse kinders, en die meting van die aard van daardie temperament, bespreek word.

4.6.1 Die voorkoms van ‘n temperament in voorskoolse kinders

Temperament is ‘n konstruk wat na die relatief stabiele eienskappe van ‘n baba se respons op die omgewing verwys (Wait et al., 2005:79). ‘n Baba se temperament beïnvloed die aard en frekwensie van die baba se interaksies met ander persone (Wait et al., 2005:79). ‘n Temperament word beskryf as individuele verskille in self-regulasie en reaktiwiteit wat vroeg in ‘n kind se ontwikkeling te voorskyn kom en wat oor ‘n genetiese basis kan beskik (Braungart, Plomin, De Fries & Fulker, 1992; Berk, 2009:417). Navorsing het bevind dat die temperament van ‘n kind tussen 35% tot 57% oorerflik is en dat die kind dus die temperament van die ouers kan deel (Braungart et al., 1992:40). Hier het ouers ‘n indirekte invloed op die temperament van hul kind. Navorsing deur Thomas en Chess (1956) het bevind dat ‘n kind se temperament sy/ haar kanse om sielkundige probleme te ervaar, kan vergroot. Dit kan egter ook dien as ‘n beskermende faktor wat die kind teen die negatiewe invloede van ‘n gespanne huisomgewing kan buffer (Berk, 2009:417). ‘n Temperament van ‘n kind speel ‘n groot rol in die emosionele ontwikkeling van die kind en is ‘n belangrike aspek om in ag te neem wanneer emosionele ontwikkeling van ‘n voorskoolse kind bespreek word.

4.6.2 Die meting van ‘n temperament in die voorskoolse kind

Thomas en Chess (1977) het ‘n model ontwikkel waarvolgens ‘n kind se temperament geklassifiseer kan word (Berk, 2009:418). Sekere eienskappe het in die toetsing van ‘n kind se temperament voorgekom. Volgens Thomas en Chess is daar nege dimensies waarvolgens ‘n kind se temperament geklassifiseer kan word. Uit hierdie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nege dimensies word drie groepe/ soorte temperamente gevorm. Hierdie groepe sluit in ‘n maklike kind, ‘n moeilike kind en ‘n stadig-om-op-te-warm-kind (Bukatko & Daehler, 2004:397; Berk, 2009:417-418).

Thomas en Chess (1977) se model van die nege dimensies van die temperament, en die drie tipes kinders wie se temperament volgens gemeenskaplike eienskappe, ingedeel is, word in die volgende twee tabelle voorgestel (Deater-Deckard et al., 2002:118; Berk, 2009).

Tabel 4.3 Thomas en Chess se model: Die nege dimensies van die temperament

Dimensie	**Beskrywing**
Vlak van bedrywigheid	Verhouding tussen aktiewe periodes en onaktiewe periodes
Gereeldheid	Gereeldheid van liggaamlike funksies soos slaap, om wakker te wees, honger, en uitskeiding
Afleibaarheid	Die graad van aangepaste gedrag as gevolg van eksterne stimuli
Nadering of wegtrekking	Respons op ‘n nuwe voorwerp, persoon of soort kos
Aanpasbaarheid	Aard van gemak ten opsigte van die kind se aanpassing teenoor veranderinge in die kind se omgewing
Aandagspan en vlak van volharding	Hoeveelheid tyd wat aan ‘n spesifieke aktiwiteit afgestaan word
Intensiteit van reaksie	Energievlakke van ‘n kind se respons
Aanvang van response	Intensiteit van stimulasie wat benodig word om ‘n respons in die kind te ontlok
Kwaliteit van gemoedstoestand	Hoeveelheid vriendelike en gelukkige gedrag teenoor onplesierige, onvriendelike gedrag.

Bron: Aangepas vanuit Berk (2009:417-418)

Uit die bogenoemde tabel van Thomas en Chess (1977) blyk dit dat as ‘n kind sekere gedragseienskappe toon, die kind se gedrag in sekere dimensies verdeel kan word. Thomas en Chess (1977) gaan dan verder, en klassifiseer hierdie dimensies in drie “tipe kinders“.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 4.4 Klassifikasies van ‘n temperament: 3 Tipes kinders

Tipe kind	Beskrywing
Maklike kind	Vorm gou gereelde roetines, is oor die algemeen blymoedig of opgewek en pas maklik by veranderings in sy/haar omgewing aan.
Moeilike kind	Ongereelde roetines, aanvaar nie gou nuwe ervarings nie en is geneig om negatief en intens op te tree.
Stadig-om-op-te-warm-kind	Onaktief, toon min reaksie op eksterne stimuli, is negatief in gemoedstoestand en pas stadig aan by nuwe ervarings.

Bronne: Aangepas vanuit Deater-Deckard et al. (2002:118); Berk (2009:417-418).

Bogenoemde tabel dui aan dat beskrywings van kinders se gedrag tot ‘n klassifisering van ‘n kind se temperament kan lei. Verdere studies rakende die meting van ‘n temperament word volgende bespreek.

Gleason, Gower, Gleason en Hohmann (2005) het ‘n studie gedoen na die invloed van ‘n kind se temperament op sy/haar keuse van voorskoolse maats. Hierdie studie het 40 meisies en 35 seuns tussen die ouderdom van 43 en 69 maande betrek. Daar is gebruik gemaak van ‘n sosio-metriese onderhoud om drie komponente van ‘n temperament in die kinders te toets. Hierdie komponente sluit in die bedrywigheidsvlak van die kind, impulsiwiteit en troosbaarheid van die kind (Gleason et al., 2005:336). Bevindinge het getoon dat die keuse van vriende in die voorskoolse fase van die geslag van die ander kind afhang, sowel as die temperament van die ander kind (Gleason et al., 2005:336). Meisies het maats gekies met ‘n lae bedrywigheidsvlak. Seuns het maats gekies met ‘n hoër bedrywigheidsvlak. Albei geslagte het maats wat hoë impulsiwiteit en hoë troosbaarheid getoon het, verkies (Gleason et al., 2005:336). Omdat dit blyk dat ‘n temperament in kinders interpersoonlike verhoudings beïnvloed, moet ‘n sosiaal aanvaarbare temperament in kinders deur hul versorgers gekweek word.

In ‘n studie deur Van den Akker, Dekovic, Prinzie en Asscher (2010) is temperamentprofiele in tweejariges tot vierjariges getoets. Moeders het hul kind se vlak van sosialiteit, neiging tot woede en bedrywigheidsvlak vier keer in ‘n jaar geskat. Drie tipes profiele in kinders is deur die moeders geïdentifiseer: ‘n goed-aangepaste tipe profile, ‘n profiel met hoë uitwendige gedrag en ‘n vreesbevange

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

profiel met hoë internaliseringsprobleme (Van den Akker et al., 2010:485). Temperamente van kinders is in hierdie studie as stabiel gesien gedurende die tydperk van observasie en hou verband met Wait et al. (2006:79) se beskrywing van ‘n temperament. Daar is ook bevind dat, behalwe vir die genetiese basis van ‘n temperament, ervarings oor tyd ook ‘n rol in die vorming van ‘n temperament speel (Van den Akker et al., 2010). Kinders wat meer geneig was om as “tipies“ geklassifiseer te word, het ouers gehad wat meer positiewe ouerskapsgedrag ten toon gestel het. Kinders wat as meer uitwendig en bang geklassifiseer is, het ouers gehad wat minder positiewe ouerskapsgedrag ten toon gestel het (Van den Akker et al., 2010:492). Daar is ook bevind dat, wanneer kinders se temperament van “bang“ tot meer “tipies“ verander het, het ouers wat voorheen minder positiewe ouerskapsgedrag teenoor die kind getoon het, nou meer positiewe ouerskapsgedrag getoon (Van den Akker et al., 2010:492). Hierdie studie bewys dat daar dus ‘n duidelike korrelasie tussen ‘n temperament en die ouerskapsgedrag van die kind se ouers/versorgers is.

4.7 DIE INVLOED VAN ‘N KLEUTERSKOOL OP ‘N VOORSKOOLSE KIND SE ONTWIKKELING

Suid-Afrikaanse wetgewing plaas klem op die belangrikheid van kwaliteit-vroeëkindontwikkelingsprogramme. In die Wysiging op die Kinderwet (Republic of South Africa, 2007:28-32) word ‘n gedeelte gewy aan die aard van vroeëkindontwikkelingsdienste, die nasionale norme en standaarde van hierdie tipe programme, asook die kwalifikasies en registrasie van diensverskaffers van sodanige programme (Republic of South Africa, 2007:28-43). Programme wat geloods word, moet die emosionele, kognitiewe, sensoriese, morele, fisiese, sosiale en kommunikasie-ontwikkelingsbehoeftes van jong kinders bevredig (Republic of South Africa, 2007:34). Deurdat die Suid-Afrikaanse wetgewing klem op kwaliteit-vroeëkindontwikelingsprogramme plaas, word die belangrikheid van hierdie programme, soos deur kleuterskole aangebied word, bevestig.

Vroeëkindontwikkelingsprogramme speel ‘n belangrike rol in die ondersteuning van die jong kind se leerproses. Hierdie programme beoog om die kind by te staan om sy/

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

haar volle kognitiewe, emosionele, sosiale en fisiese potensiaal te bereik (Swartz et al., 2008:69).

Wanneer die kwaliteit van vroeë kindersorg en kinderontwikkeling ondersoek word, word daar na twee tipes kwaliteit verwys: strukturele kwaliteit en proseskwaliteit (Marshall, 2004:166). Strukturele kwaliteit verwys na die personeel-kind-verhouding, die aantal kinders in die program en die opvoeding en kwalifikasie van die onderwyser of verskaffer van die diens. Proseskwaliteit verwys na die aard van die sorg wat ‘n kind ontvang. Hierdie aard van sorg behels die warmte, sensitiwiteit en emosionele klimaat van die omgewing waarin die kind homself bevind; die responsiwiteit van die versorger of onderwyser; die aktiwiteite beskikbaar vir kinders; die gepastheid van hierdie aktiwiteite vir hul ouderdom en ontwikkelingstadium; asook die leergeleenthede wat vir kinders beskikbaar is (Marshall, 2004:166). Studies het bevind dat hoe hoër die proseskwaliteit is wat aan die kind verskaf word, hoe minder gedragsprobleme toon die kind en hoe beter is die kind se sosiale vaardighede. Die kind beskik ook oor beter taalvaardighede en kognitiewe vermoëns (Marshall, 2004:167). Daarom is dit belangrik dat kinders aan hierdie omgewing blootgestel word sodat die kind sy/ haar volle potensiaal kan bereik deur middel van ‘n gepaste omgewing vir vroeë ontwikkeling, soos ‘n kleuterskool waar vroeëkindontwikkelingsprogramme geloods word.

‘n Kwaliteitsentrum met gebaseerde dagsorg (geregistreerde kleuterskool) verhoog die graad van positiewe sowel as negatiewe kommunikasie van die jong kind met sy eweknieë (Belsky & Steinberg, 1978:929). Kommunikasie is belangrik vir die ontwikkeling van sosiale vaardighede. ‘n Studie met etiese diverse vierjarige kleuters het bevind dat vierjariges wat in armoede lewe en wat deur middel van ‘n toelae’n kleuterskool vir ‘n jaar bygewoon het, in beide sosio-emosionele vaardighede en ten opsigte van gedragsprobleme volgens hulle ouers en onderwysers verbeter het (Winsler, Tran, Hartman, Madigan, Manfra & Bleiker, 2008:324). Daar is dus oënskynlike voordele daaraan verbonde om ‘n kind aan die kleuterskool-omgewing waar vroeëkindontwikkelingsprogramme geloods word, bloot te stel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.8 SAMEVATTING

Wanneer die emosionele ontwikkeling van ‘n voorskoolse kind bestudeer word, is daar verskeie aspekte in die ontwikkelingsproses wat beklemtoon word. Hierdie aspekte sluit in die band wat tussen die moeder en die kind vorm, die basiese uitdrukking van emosies in die kind, die sosiale verwysing- en emosionele regulasievermoëns van die kind, sowel as die invloed van ‘n temperament in ‘n kind se ontwikkeling (Deater-Deckard et al., 2002, Bukatko & Daehler, 2004, Wait et al., 2005; Swartz et al., 2008 & Berk, 2009). Omdat die moeder as versorger ‘n belangrike rol in die fasilitering van voorskoolse kinders se gesonde emosionele ontwikkeling speel, is dit belangrik dat hulle kennis dra van wat die emosionele ontwikkelingsmylpale in hul voorskoolse kinders is en wat die moeder se invloed op hierdie emosionele ontwikkeling is. Indien moeders kennis hiervan dra, beskik hulle oor ‘n beter kapasiteit om emosionele ontwikkeling in die kind te fasiliteer en emosionele probleme of - versteurings vir vroeë intervensie te identifiseer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5

’N EMPIRIESE ONDERSOEK NA WAT MOEDERS SE KENNIS VAN BASIESE VOORSKOOLSE EMOSIONELE ONTWIKKELING IS

5.1 INLEIDING

Die vierde doelwit vir hierdie studie is om deur middel van ‘n empiriese studie ondersoek in te stel na die aard van moeders se kennis van die basiese voorskoolse emosionele ontwikkeling van hulle kinders, om dit te kan fasiliteer. In hierdie hoofstuk word die bevindinge van die empiriese ondersoek weergegee waardeur die vierde doelwit van die studie bereik word.

Die navorsingsproses wat in hierdie ondersoek gevolg is, sal kortliks bespreek word. Die profiel van die deelnemers wat in hierdie studie weergegee word, is ’n aanduiding van wie hierdie deelnemers is en wat hulle in gemeen het. Die studiebevindinge sal vervolgens weergegee en bespreek word en sal ook met die literatuur vergelyk word om ooreenkomste en verskille tussen die bevindinge en literatuur aan te toon.

5.2 DIE NAVORSINGSPROSES

Die empiriese ondersoek na moeders se kennis van die basiese voorskoolse emosionele ontwikkeling van hulle kinders het gebruik gemaak van ‘n kwantitatiewe en ’n kwalitatiewe benadering (Creswell, 2009:28). By die kwantitatiewe benadering (Brynard & Hanekom, 1997:29; Creswell, 2009:27; Gravetter & Forzano, 2009:147; De Vos et al., 2011:91) moes die moeders by die tabelle op ‘n vraelys die korrekte opsies kies as antwoorde op literatuur-gebaseerde vrae. Dit het gedien as ‘n ondersoek na die moeders se kennis van die basiese voorskoolse emosionele ontwikkeling van hulle kinders. Die kwalitatiewe benadering (Cresswell, 2009:26; De Vos et al., 2011:91) is benut om moeders die geleentheid te gee om hul persepsies oor emosionele ontwikkeling en behoeftes aan kennis rakende die voorskoolse emosionele ontwikkeling van hulle kinders, asook die Kinderwet 38 van 2005, weer te gee. Deur hierdie kombinasie kon die navorser statistieke na aanleiding van die response verkry, sowel as kategorieë vir analise identifiseer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

In hierdie studie het die populasie bestaan uit moeders wat ‘n Suid-Afrikaanse burger is; wat die primêre versorger van ‘n kind tussen geboorte en 6 jaar was; wat deel vorm van die betrokke gesinsorgorganisasie se kliëntebasis; en wat in een van die twee gekose gebiede in Stellenbosch woon (Black, 1999:111; Bless et al., 2006:98). Daar is van ‘n doelgerigte, nie-waarskynlikheidsteekproef (Black, 1999:116; Bless et al., 2006:100; De Vos et al., 2011:48) in hierdie studie gebruik gemaak deurdat die betrokke gesinsorganisasie een-en-tagtig name van moontlike deelnemers wat aan die insluitingskriteria voldoen, aan die navorser verskaf het, waarvan die navorser dertig bekombare en gewillige deelnemers in die studie kon gebruik.

Die navorser het semi-gestruktureerde een-tot-een-onderhoude (Bless et al., 2006:119) met elke deelnemer in die studie gevoer, waar kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe vrae benut is. Hierdie onderhoude is oor ‘n periode van ‘n week en ‘n half (24 Mei 2012 tot 3 Junie 2012) gevoer en die onderhoud is of by die deelnemer se huis, of by die deelnemer se plek van werk gevoer. Data wat deur die ondersoek verkry is, ondersteun die doelwit om verkennende data (Creswell, 2009:26; De Vos et al., 2011:95) te identifiseer aangesien hierdie informasie as nuwe inligting in die betrokke studieveld dien. Dit dien ook as beskrywende data (De Vos et al., 2011:95), aangesien dit ‘n raamwerk oor moeders se kennis van basiese voorskoolse emosionele ontwikkeling aan die navorser verskaf.

Die data-analise van hierdie studie sal behels die invoer van al die kwantitatiewe response van deelnemers in die rekenaar deur middel van die program “Excell” vanwaar die numeriese data deur statistieke, tabelle en figure aan die hand van ’n vraelys (Bylae 2) weergegee sal word. Dit sal vervolgens in hierdie hoofstuk aangedui en bespreek word. Kwalitatiewe data sal getranskribeer word vanwaar kategorieë geïdentifiseer sal word en vervolgens bespreek sal word. Bevindinge sal in dieselfde volgorde bespreek word as die vraelys in Bylae 2.

5.3 BEVINDINGE VAN DIE STUDIE: PROFIEL VAN DEELNEMERS

Die navorser het gedurende elke onderhoud wat gevoer is, sekere identifiserende besonderhede van elke deelnemer versoek. Hierdie identifiserende besonderhede skep ‘n profiel van al die deelnemers wat aan die insluitingskriteria van die studie voldoen

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

het en wat by hierdie studie betrokke was. In Tabel 5.1 en Tabel 5.2 word die profiel van elke deelnemer weergegee, met verwysing na hulle ouderdom, huwelikstatus, opvoedkundige kwalifikasie, werksomstandighede, inkomstegroep van hulle huishouding per maand, die getal kinders van ses jaar en ouer wat hulle grootgemaak het en die getal kinders wat in ‘n kleuterskool was.

Tabel 5.1 Profiel van deelnemers

Deelnemer	Ouderdom	Huwelikstatus	Hoogste skoolstanderd geslaag	Werks-omstandighede	Beroep wat tans beoefen word, of in die verlede beoefen is
1	40	Getroud	St. 6	Werk nie op die oomblik nie, maar het in die verlede gewerk	Plaaswerker en pakker by ‘n winkel
2	39	Saamleef-maat	St. 6	Werkloos	Skoonmaker en kok
3	44	Getroud	St. 8	Werkloos	Kinderoppasser
4	43	Ongetroud	St. 6	Werkloos	Skoonmaker en kok
5	30	Getroud	St. 8	Werkloos	Skoonmaker
6	40	Saamleef-maat	St. 6	Werkloos	Skoonmaker
7	45	Saamleef-maat	St. 7	Werkloos	Seisoenwerker (op ‘n plaas)
8	31	Geskei	St. 9	Werkloos	Deli-assistent en Kassier
9	27	Getroud	St. 8	Werkloos	Kelnerin
10	45	Ongetroud	St. 7	Werkloos	Haarkapper
11	43	Saamleef-maat	St. 4	Werkloos	Verpakker van slaaie
12	32	Ongetroud	St. 6	Werkloos	Skoonmaker
13	44	Getroud	St. 7	Werk tans	Skoonmaker
14	35	Ongetroud	St. 7	Werk tans	Skoonmaker
15	45	Ongetroud	St. 8	Werk tans	Plak plakkers op wyne wat uitgevoer moet word
16	27	Ongetroud	St. 8	Werk tans	Skoonmaker
17	22	Ongetroud	St. 9	Werk tans	Kelnerin
18	33	Saamleef-maat	St. 5	Werkloos	Seisoenwerker (op ‘n plaas)
19	41	Ongetroud	St. 8	Werk tans	Skoonmaker
20	36	Geskei	St. 8	Werk tans	Assistent by ‘n kleuterskool
21	30	Saamleef-maat	St. 7	Werkloos	Seisoenwerker (op ‘n plaas)
22	58	Weduwee	St. 6	Werkloos	Verkoopsdame van klere by ‘n winkel
23	57	Getroud	St. 5	Onbevoeg	Geen weens onbevoegdheid
24	23	Saamleef-maat	St. 8	Werkloos	Skoonmaker
25	51	Ongetroud	St. 10	Werkloos	Toesighouer by eksamens
26	44	Getroud	St. 9	Werk tans	Supervisor by ‘n winkel
27	42	Ongetroud	St. 7	Werk tans	Kassier
28	47	Geskei	St. 10	Werk tans	Verpleegster
29	56	Geskei	St. 7	Werk tans	Skoonmaker (algemene werker)
30	52	Geskei	St. 8	Werk tans	Administratiewe werk

(n=30)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5.2 Profiel van deelnemers *vervolg*

Deelnemer	Huishouding se inkomste per maand	Hoeveel kinders is vanaf geboorte tot en met 6 jaar versorg	Hoeveel van versorgde kinders was in 'n kleuterskool	Kleuterskole wat versorgde kinders bygewoon het
1	<R5000	4	2	Rietenbosch (Idas Valley)
2	<R5000	2	0	Geen
3	<R5000	2	2	St Joseph's Eekhorinkie
4	<R5000	4	1	Pumpkin Patch
5	<R5000	1	0	Geen
6	<R5000	3	2	Jessy Keet
7	<R5000	2	0	Geen
8	R5000 – R10 000	2	2	Idas Primêr
9	<R5000	2	1	Jessy Keet
10	<R5000	1	1	Babben
11	<R5000	4	0	Geen
12	<R5000	1	0	Geen
13	<R5000	2	2	Jessy Keet Speelkring
14	<R5000	2	0	Geen
15	<R5000	4	0	Geen
16	<R5000	1	0	Geen
17	<R5000	1	1	St. Joseph's
18	R10 000-R15 000	1	0	Geen
19	<R5000	2	2	St. Joseph's Pumpkin Patch
20	<R5000	1	1	Jessy Keet
21	<R5000	1	1	Plaasnasorg (Glen Alley)
22	<R5000	4	4	Bruckner de Villiers se primêre skool Speelkring
23	<R5000	3	0	Geen
24	<R5000	1	1	Jessy Keet
25	<R5000	1	1	St. Idas Primêr
26	R5000-R10 000	4	4	Jessy Keet Islamic kleuterskool in Idas Vallei
27	<R5000	2	2	Jessy Keet Stellenbosch Laerskool (Babben)
28	R15 000+	3	3	Speelkring Idas Vallei Primêr
29	<R5000	3	2	Speelskool in Transvaal
30	R5000-R10 000	2	2	Jessy Keet

(n=30)

Die onderskeie veranderlikes in die profiel van die deelnemers word vervolgens bespreek.

5.3.1 Ouderdom

Elke deelnemer (moeder) is gevra hoe oud sy is. Ouderdomme van deelnemers in hierdie studie het vanaf 22 jaar tot en met 58 jaar gewissel. Moeders is in hul twintiger- (4 of 13%), dertiger- (8 of 27%), veertiger- (13 of 43%) en vyftigerjare (5

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

of 17%) en die gemiddelde ouderdom van die 30 moeders was 40 jaar. Ouderdomme word in die volgende figuur, Figuur 5.1, voorgestel.



(n=30)

Figuur 5.1 Ouderdomme van deelnemers

Uit die bostaande figuur kan afgelei word dat die meeste van die deelnemers in hul veertigerjare was. Hierdie stadium word deur Erikson (1902-1994) as die middel-volwassenheid beskou (Wait et al., 2005:199) en behels onder andere dat intieme verhoudinge gevestig moet word, loopbane behartig moet word en versorging van ander moet plaasvind. Die tabel dui aan dat dertigjariges die tweede meeste voorgekom het, terwyl deelnemers in hul vyftiger- en twintigerjare die kleinste gedeelte van die steekproef uitgemaak het. Versorging van ander soos byvoorbeeld kinders (Wait et al., 2005:208) is een van die hooftake van heelwat deelnemers in hierdie studie en daarom is ’n ondersoek na hul kennis van laasgenoemde versorging van belang.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.2 Huwelikstatus

Deelnemers in hierdie studie is gevra of hulle getroud is, ongetroud is, vervreemd is, geskei is, ‘n saamleef-maat het of ‘n weduwee is. Die huwelikstatus van deelnemers word in die volgende figuur, Figuur 5.2, voorgestel.



(n=30)

Figuur 5.2 Huwelikstatus van deelnemers

Sewe (23%) van die deelnemers was getroud, tien (33%) was ongetroud, vyf (17%) was geskei, sewe (23%) het ‘n saamleef-maat gehad en een (3%) was ‘n weduwee. Geen deelnemer was vervreemd nie. Amper die helfte (46%) van die deelnemers in hierdie studie was óf getroud, óf het ‘n saamleef-maat gehad. Laasgenoemde bevinding toon positief te wees, aangesien ’n lewensmaat kan bydra tot die versorging van ’n voorskoolse kind en die fasilitering van gesonde voorskoolse emosionele ontwikkeling.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.3 Opvoedkundige kwalifikasie: Hoogste skoolstanderd geslaag

Deelnemers is gevra wat die hoogste standerd is wat hulle op skool geslaag het. Figuur 5.3 verskaf 'n visuele aanduiding van deelnemers se hoogste skolastiese kwalifikasie.

Opvoedkundige kwalifikasie

(n=30)

Figuur 5.3 Hoogste skoolstanderd geslaag

Slegs twee (7%) van die deelnemers het standerd tien (graad 12 in die huidige skoolsisteem) geslaag. Van die oorblywende 28 deelnemers het een (3%) standerd vier (graad ses in die huidige skoolsisteem), twee (7%) standerd vyf (graad sewe in die huidige skoolsisteem), ses (20%) standerd ses (graad agt in die huidige skoolsisteem), sewe (23%) standerd sewe (graad nege in die huidige skoolsisteem), nege (30%) standerd agt (graad tien in die huidige skoolsisteem) en drie (10%) standerd nege (graad 11 in die huidige skoolsisteem) as die hoogste standerd geslaag. Die skolastiese opleiding van deelnemers in hierdie studie is laag aangesien slegs twee deelnemers hul skoolloopbaan voltooi het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.4 Werksomstandighede van deelnemers

Deelnemers in hierdie studie is gevra of hul tans werk, nie tans werk nie maar wel voorheen gewerk het, nog nooit gewerk het nie, of as onbevoeg vir werk verklaar is. Figuur 5.4 stel die aantal deelnemers wat tans werk en werkloos is, voor.



(n=30)

Figuur 5.4 Werksomstandighede van deelnemers

Dertien (43%) van die deelnemers het gemeld dat hul tans werk. Sestien (53%) van die deelnemers het aangedui dat hul nie tans werk nie (werkloos), maar wel voorheen gewerk het en een deelnemer (3%) het genoem dat sy nie kan werk nie weens gestremdheid. Die werkloosheidsyfer in hierdie studie is hoog en aangesien die meeste deelnemers tans kinders het om te versorg, is dit negatief.

Deelnemers aan hierdie studie het ‘n groot verskeidenheid van beroepe beoefen. Beroepe wat deelnemers beoefen het, het gewissel van plaaswerker, pakker, skoonmaker, kok, kinderoppaser, kassier, kelnerin, deli-assistent, haarkapper, verkoopsdame, kleuterskool-assistent, eksamen-toesighouer, winkel-supervisor, kassier en verpleegster tot administratiewe werker.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.3.5 Huishoudelike inkomste van deelnemer per maand

Deelnemers in hierdie studie is gevra wat hul huishoudelike inkomste per maand is. Figuur 5.5 stel deelnemers se huishoudelike inkomstegroep per maand voor.



(n=30)

Figuur 5.5 Huishoudelike inkomste van deelnemer per maand

Vyf-en-twintig (83%) deelnemers het gemeld dat hul huishoudelike inkomste minder as R5000 per maand is, drie (10%) het aangetoon dat dit tussen R5000 en R10 000 per maand is en twee (7%) dat dit meer as R10 000 per maand is. Laasgenoemde inligting dui daarop dat die huishoudelike inkomste per maand van deelnemers in hierdie studie laag is, wat vererger word deurdat 16 (53%) van die deelnemers tans werkloos is.

5.3.6 Aantal kinders versorg vanaf geboorte tot en met 6 jaar

Deelnemers is gevra hoeveel kinders hulle van geboorte af tot en met ses jaar versorg het, waarvan hulle die primêre versorger was. In Figuur 5.6 word hierdie data voorgestel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



(n=30)

Figuur 5.6 Aantal kinders versorg vanaf geboorte tot en met 6 jaar

Tien (33%) van die deelnemers was die primêre versorger van slegs een kind, 10 (33%) was die primêre versorger van twee kinders, vier (13%) was die primêre versorger van drie kinders en ses (20%) was die primêre versorger van vier kinders. Dit kom voor asof die meeste deelnemers slegs een of twee kinders van geboorte af tot en met ses jaar versorg het.

5.3.7 Aantal versorgde kinders in ‘n kleuterskool

Deelnemers is gevra hoeveel van hulle kinders was in ‘n kleuterskool, asook watter kleuterskool bygewoon is. Die aantal deelnemers wie se kinders ‘n kleuterskool bygewoon het, word in Figuur 5.7 aangetoon.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



(n=30)

Figuur 5.7 Die aantal versorgde kinders wat in ’n kleuterskool was

Van die 66 kinders in die ondersoek wat deur die deelnemers versorg is, was 39 (59%) in ‘n kleuterskool. Die betrokke kleuterskole wat deur die versorgde kinders bygewoon is, het onder andere die volgende ingesluit: Eekhorinkie, Jessy Keet, St. Joseph’s, Speelkring, Pumpkin Patch, Babben en Idas Vallei Primêr. Of die kind in ‘n kleuterskool was al dan nie, is van belang, aangesien navorsing bewys dat die bywoning van ‘n kleuterskool tot verbeterde sosio-emosionele vaardighede, sowel as verminderde gedragsprobleme kan lei (Winsler et al., 2008:324). Aangesien’n redelike aantal (27 of 41%) kinders in hierdie studie nie ’n kleuterskool bygewoon het nie, kan dit moontlik nadelige gevolge vir die kind inhou.

5.4 BEVINDINGE VAN STUDIE: KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE RESULTATE

In die volgende gedeelte gaan moeders se kennis van basiese voorskoolse emosionele ontwikkeling bespreek word. Data is verkry uit die antwoorde van die deelnemers op die kwantitatiewe vrae, waar die deelnemer ‘n keuse van verskeie antwoorde gegee is en die korrekte opsie moes kies. Vrae wat gevra is, is gebaseer op literatuur wat as ‘n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

maatstaf vir die beoordeling van antwoorde dien. Persentasies wat vervolgens aangedui word, dien as ‘n voorstelling van moeders se kennis ten opsigte van basiese emosionele ontwikkeling ooreenkomstig die betrokke literatuur.

Kwalitatiewe data in hierdie studie is verkry deur oop vrae aan deelnemers te stel, dit met ‘n bandopnemer op te neem en te transkribeer (May, 1993:104-105). Na aanleiding van hierdie data is kategorieë geïdentifiseer.

5.4.1 Redes waarom babas huil

Deelnemers in hierdie studie is gevra waarom babas huil. Daar is aan elke deelnemer vyf moontlike redes verskaf waarom babas huil, waarop die deelnemer “ja” of “nee” moes antwoord. Hierdie redes vir “huil” het ingesluit: honger, pyn, moegheid, woede en ongemak. Volgens deelnemers se antwoorde kon hul kennis van die redes waarom babas huil, ondersoek word. Deelnemers se antwoorde en afgeleide kennis rakende die redes vir babas wat huil, word in die volgende tabel, Tabel 5.3, aangedui.

Tabel 5.3 Deelnemers (moeders) se kennis van die redes waarom babas huil

Redes waarom babas huil	**Ja (f)**	**Persentasie**	**Nee (f)**	**Persentasie**
Honger	28	93%	2	7%
Pyn	30	100%	0	0%
Moegheid	25	83%	5	17%
Woede (kwaad)	22	73%	8	27
Ongemak	30	100%	0	0%
Totaal	**30**	**100%**	**30**	**100%**

(n=30)

Literatuur dui daarop dat babas onder andere as gevolg van vyf redes huil: honger, woede, vrees, droefheid en pyn (Borgquist, 1906:152-153; Deater-Deckard et al., Wait et al., 2005:75). Babas kan ook huil as gevolg van ongemak, soos wanneer hulle doek nat is, as gevolg van harde geluide of as gevolg van moegheid (Borgquist, 1906:176; Wait et al., 2005:75). Om te huil, is die eerste poging van ‘n baba om met sy versorger te kommunikeer (Wait et al., 2005:77). Hierdie teken dui daarop dat iets verkeerd is. Dit dien as ‘n poging om die versorger daarvan bewus te maak dat die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

baba iets nodig het en dat die versorger op die baba se behoefte moet reageer (Wait et al., 2005:77). Dit is dus belangrik dat versorgers kennis dra van die verskillende soorte huile in hul babas sodat hulle toepaslik op babas se behoeftes kan reageer. Volgens die bogenoemde tabel het 28 (93%) van die moeders in hierdie studie kennis daarvan gedra dat babas as gevolg van hongerte huil; het 30 (100%) kennis gedra daarvan dat babas as gevolg van pyn huil; het 25 (83%) kennis daarvan gedra dat babas as gevolg van moegheid huil; het 22 (73%) kennis daarvan gedra dat babas as gevolg van woede huil; en het 30 (100%) kennis daarvan gedra dat babas as gevolg van ongemak huil. Al die moeders het geweet dat babas as gevolg van pyn en ongemak huil, terwyl slegs 22 (73%) van die moeders besef het dat babas as gevolg van woede huil. Wanneer na hierdie response gekyk word, blyk dit dat moeders in hierdie studie se kennis van die redes waarom babas huil ooreenkomstig die literatuur goed is en kan hierdie kennis benut word om huil in babas te reguleer.

5.4.2 Redes waarom voorskoolse kinders huil

Deelnemers in hierdie studie is vervolgens gevra waarom voorskoolse kinders huil. Om te bepaal wat hul kennis is van die redes waarom jong kinders huil, moes hulle op vier opsies "ja" of "nee" antwoord. Deelnemers se response op die redes waarom voorskoolse kinders huil, word in die volgende tabel weergegee.

Tabel 5.4 Moeders se response op die redes waarom voorskoolse kinders huil

Redes waarom kinders huil	**Ja, dit lei tot trane in 'n voorskoolse kind (f)**	**Persentasie**	**Nee, dit lei nie tot trane in 'n voorskoolse kind nie (f)**	**Persentasie**
Woede	26	87%	4	13%
Ongelukkigheid	30	100%	0	0%
Vrees	30	100%	0	0%
Pyn	30	100%	0	0%
Totaal	**30**	**100%**	**30**	**100%**

(n=30)

Borgquist (1906) het navorsing gedoen oor die redes waarom mense huil. Die redes waarom mense huil, verander met die verloop van tyd. Kinders (insluitend babas) huil

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

as gevolg van hongerte, woede, vrees, droefheid en pyn (Borgquist, 1906:152-153; Deater-Deckard et al., 2002:112; Bukatko & Daehler, 2004:387). Kinders huil dikwels as gevolg van woede wanneer hulle nie hulle sin kry nie (Borgquist, 1906:156). Volwassenes aan die ander kant huil dikwels meer as ‘n simpatieke reaksie op ‘n ander se leed, of as gevolg van berou, bejammering en verlies wat ervaar word (Borgquist, 1906:156). Die redes waarom voorskoolse kinders huil verskil van die redes waarom tieners of volwassenes huil. Om hierdie rede is dit nodig om te bepaal of moeders weet waarom voorskoolse kinders sal huil, sodat hulle hierdie emosies in kinders kan reguleer.

Volgens laasgenoemde tabel (Tabel 5.4) het 26 (87%) van die deelnemers (moeders) kennis daarvan gedra dat voorskoolse kinders as gevolg van woede huil; het 30 (100%) kennis daarvan gedra dat voorskoolse kinders as gevolg van ongelukkigheid huil; het 30 (100%) kennis daarvan gedra dat voorskoolse kinders as gevolg van vrees huil; en het 30 (100%) kennis daarvan gedra dat voorskoolse kinders as gevolg van pyn huil. Moeders in hierdie studie se kennis van die redes waarom voorskoolse kinders huil, toon om baie goed te wees. Hierdie bevindings is positief en dui daarop dat moeders ‘n basiese begrip het vir die oorsake wat tot trane in voorskoolse kinders lei, om die regulasie daarvan te kan fasiliteer.

5.4.3 Aanduiding dat ‘n baba gelukkig is

Literatuur dui daarop dat vreugde universeel die psigomatiese grootspier in beweging bring wat tot gevolg het dat die mondhoeke na bo draai om ‘n glimlag te vorm (Jordaan & Jordaan, 1998:555). Babas oor die algemeen wys dat hulle gelukkig is, deur te lag of te glimlag (Louw et al., 1998:271). Daar is bevind dat ‘n glimlag die interne emosionele toestand kan aandui en gekoppel word aan ‘n positiewe emosionele ervaring, naamlik blydskap (Jones & Raag, 1989:811; Bukatko & Daehler, 2004:384).

Deelnemers in hierdie studie is gevra hoe ‘n baba wys dat hy/sy gelukkig is. Vir diégene wat die vraag nie verstaan het nie, is daar gevra hoe hulle weet dat ‘n baba gelukkig is. Die response wat die deelnemers verskaf het, is in kategorieë verdeel, naamlik glimlag, lag, speel, in baba-taal praat, nie huil nie, rustig voorkom, handjies klap en gesigsuitdrukkings oor die algemeen.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die volgende tabel, Tabel 5.5, stel deelnemers se response deur middel van kategorieë voor.

Tabel 5.5 Aanduiding dat 'n baba gelukkig is

Aanduiding dat 'n baba gelukkig is	**Kategorieë**	**Aantal kere voorgekom (f)**	**Persentasie**
	Glimlag	8	27%
	Lag	16	53%
	Speel	7	23%
	Praat in baba-taal	5	17%
	Huil nie	2	7%
	Kom rustig voor	2	7%
	Klap handjies	2	7%
	Gesigsuitdrukkings oor die algemeen	5	17%
Totaal		**30**	**100%**

(n=30)

Bogenoemde Tabel 5.5 dui aan dat agt (27%) van die deelnemers glo dat 'n baba gelukkig is wanneer hy/sy glimlag, 16 (53%) wanneer hy/sy lag, sewe (23%) wanneer hy/sy speel, vyf (17%) wanneer hy/sy in baba-taal praat, twee (7%) wanneer die baba nie huil nie, twee (7%) wanneer die baba rustig voorkom, twee (7%) wanneer die baba sy/haar handjies klap en vyf (17%) deur gesigsuitdrukkings oor die algemeen. Hierdie kategorieë is verkry vanuit narratiewe soos die volgende:

*"As hy speel en **lag**...en as hulle gesels in hulle taal, hulle **babataal**."*

*"...Lê en gesels, **praat met homself.**"*

Die meerderheid van deelnemers glo dus dat 'n baba gelukkig is wanneer die baba lag of glimlag. Hierdie bevinding stem dus ooreen met die literatuurbevinding (Jordaan & Jordaan, 1998:555; Louw et al., 1998:271) dat laasgenoemde gesigsuitdrukkings vreugde aandui.

5.4.4 Dinge waarvoor babas bang is

Om te bepaal of deelnemers (moeders) weet waarvoor hulle baba bang is (sodat hierdie aspekte reguleer kan word), is deelnemers gevra om "ja" of "nee" op betrokke

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oorsake van vrees te antwoord. Die literatuur vanuit Louw et al. (1998:274) is as ‘n riglyn benut om moeders se kennis van moontlike vrese in babas te ondersoek. Moeders is gevra of babas bang is vir ‘n verlies aan ondersteuning, vir harde geluide, vreemdelinge, hoogtes, skielike en onverwagte voorwerpe, spoke, hekse en monsters waarvan slegs die eerste vyf op babas van toepassing is (Louw et al., 1998:274). Die antwoorde wat moeders verskaf het ten opsigte van die dinge waarvoor babas bang kan wees, word hieronder in tabel-vorm gelys.

Tabel 5.6 Dinge waarvoor babas bang is

Dinge waarvoor babas bang is	**Ja, dit lei tot vrees in my baba (f)**	**Persentasie**	**Nee, dit lei nie tot vrees in my baba nie (f)**	**Persentasie**
Verlies aan ondersteuning	27	90%	3	10%
Harde geluide	24	80%	6	20%
Vreemdelinge	24	80%	6	20%
Hoogtes	25	83%	5	17%
Skielike en onverwagte voorwerpe	27	90%	3	10%
Spoke	24	80%	6	20%
Hekse	23	77%	7	23%
Monsters	24	80%	6	20%
Totaal	**30**	**100%**	**30**	**100%**

(n=30)

Bogenoemde inligting is van belang aangesien angs in die vroeë kinderjare met latere emosionele versteurings by kinders geassosieer word (Mian et al., 2011:501). Die bestudering van risiko-faktore ten opsigte van angs in kinders kan vroeë identifisering van hoë-risiko-kinders moontlik maak. As hoë-risiko-kinders vroegtydig geïdentifiseer kan word, kan voorkomingstrategieë wat emosionele versteurings in kinders verhoed, geïmplementeer word (Mian et al., 2011:501). Volgens aanhangers van die verbindingsteorie kan die inisiële neiging tot angs vererger of verminder word in die konteks van die kind se verhouding met die primêre versorger (Manassis & Bradley, 1994). Daarom is dit belangrik dat deelnemers (moeders) kennis dra van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

moontlike oorsake van vrees in babas sodat hierdie aspekte gereguleer kan word om onnodige vrese in babas te vermy.

Uit die bogenoemde tabel (Tabel 5.6) kan afgelei word dat deelnemers wel oor goeie kennis beskik rakende moontlike oorsake van vrees in babas ooreenkomstig die literatuur. Sewe-en-twintig (90%) van die deelnemers dra kennis daarvan dat babas bang is vir ‘n *verlies aan ondersteuning*; 24 (80%) van die deelnemers dra kennis daarvan dat babas bang is vir *harde geluide*; 24 (80%) van deelnemers dra kennis daarvan dat babas bang is vir *vreemdelinge*; 25 (83%) dra kennis daarvan dat babas bang is vir *hoogtes*; en 27 (90%) dra kennis daarvan dat babas bang is vir *skielike en onverwagte voorwer*pe. Deelnemers se kennis van die eerste vyf oorsake van vrees (verlies aan ondersteuning, harde geluide, vreemdelinge, hoogtes en skielike en onverwagte voorwerpe) blyk goed te wees deurdat dit ooreenstem met bevindinge vanuit literatuur (Louw et al., 1998:274) wat in hierdie studie benut is as ‘n riglyn vir die beoordeling van deelnemers se kennis.

Voorstanders van die kognitiewe teorie glo dat kleuters vir spoke, hekse en mosters bang kan wees omdat hulle oor ‘n verhoogde kognitiewe vermoë beskik. Babas aan die anderkant beskik nog nie oor so ‘n vermoë nie en kan dus nie spoke, hekse of monsters vrees nie (Louw et al., 1998:274). Deelnemers se kennis van laasgenoemde toon min te wees deurdat slegs ses (20%) van die deelnemers kennis daarvan dra dat babas nie vir ‘n *spook* bang kan wees nie, sewe (23%) kennis daarvan dra dat babas nie vir ‘n *heks* bang is nie en ses (20%) kennis daarvan dra dat babas nog nie oor die vermoë beskik om *monsters* te kan vrees nie. Dit was opvallend gedurende hierdie onderhoude dat heelwat deelnemers gevra het of daar werklik spoke bestaan en sommiges aangevoer het dat as hul baba in die nag huil, dit moontlik as gevolg van spoke is. Dit dui aan dat deelnemers nie oor die kennis beskik dat laasgenoemde vrese (volgens literatuur) vir ‘n kleuter ‘n werklikheid kan wees nie en dat babas nie spoke, hekse of monsters kan vrees nie omdat hul nog nie oor die kognitiewe vermoëns beskik nie (Louw et al., 1998:274). Dus benodig moeders meer kennis oor laasgenoemde vrese (spoke, hekse en monsters) om dit ook in kleuters te kan reguleer en te weet dat dit nie van toepassing op babas is nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.4.5 Die verhouding tussen die moeder se interaksie met ander persone en die baba se reaksie (gevoelens)

In die studie is deelnemers gevra of hulle reaksie teenoor ander persone ‘n invloed op hul baba het indien die baba tydens die gesprek vasgehou word. Deelnemers is gevra om “ja“ of “nee“ te antwoord. Die deelnemers se response sal in die volgende tabel, Tabel 5.7, weergegee word.

Tabel 5.7 Verhouding tussen moeder se interaksie met ander persone en die baba se reaksie (gevoelens)

Reaksie teenoor ander en invloed op baba se gevoelens	**Ja**	**Persentasie**	**Nee**	**Persentasie**
	26	87%	4	13%
Totaal	**30**	**100%**	**30**	**100%**

(n=30)

Tydens die ontwikkelingsperiode van ongeveer agt maande tot tien maande, begin die baba onbekende mense, voorwerpe en gebeure te evalueer deur middel van sosiale verwysing om sekuriteit en veiligheid te bepaal (Mumme et al., 2007 aangehaal in Berk, 2009:412). Sosiale vewysing word deur Craig (1992) beskryf as die proses waar die baba na die moeder as versorger se gesig kyk om ‘n emosionele teken te kry rakende die veiligheid van die situasie al dan nie (Craig, 1992:214-215). Indien ‘n baba na sy/haar versorger in ‘n situasie waar ‘n vreemde persoon betrokke is, kyk, en die versorger lyk bang en ongemaklik, kan dit angs in die baba ontlok (Murray et al., 2008:1049). Die baba maak gebruik van die versorger se reaksie as ‘n riglyn vir eie emosionele reaksies en gedrag. Die versorger is die baba se rolmodel vir ‘n reaksie teenoor ‘n ander persoon en word deur die baba nageboots.

Ses-en-twintig (87%) van die deelnemers in hierdie studie het kennis daarvan gedra dat hul reaksie teenoor ander persone hul baba se reaksie teenoor daardie persone, asook gevoelens wat ervaar sal word, beïnvloed. Vier (13%) van die deelnemers het nie oor hierdie kennis beskik nie. Deelnemers (moeders) in hierdie studie het oor die algemeen besef dat die manier waarop hulle optree terwyl hulle hulle baba vashou,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

wel soos ook in die literatuur aangedui word (Craig, 1992; Berk, 2009), ‘n invloed op hul baba het en kan hierdie kennis benut om hul baba tydens interaksies met ander in ag te neem.

5.4.6 Deelnemers se persepsie van die meer aggressiewe geslag by kinders

Pellegrini et al. (2011) het aangedui dat die persepsie van aggressie in seuns en meisies verskil. Na aanleiding hiervan is deelnemers gevra watter geslag van voorskoolse kinders, seuns of meisies, hulle oor die algemeen as meer aggressief beskou. Deelnemers se antwoorde word in die volgende figuur, Figuur 5.8, aangedui.



(n=30)

Figuur 5.8 Deelnemers se persepsie van watter geslag meer aggressief voorkom

Die bostaande figuur dui aan dat 15 (50%) van die deelnemers seuns oor die algemeen as meer aggressief beskou en 15 (50%) van die deelnemers meisies as meer aggressief beskou. Die resultate stem ooreen met die literatuur (Pellegrini et al., 2011) dat persepsies rakende die voorkoms van aggressiwiteit by seuns of meisies verskil deurdat bevindinge in hierdie studie, sowel as ander literatuurstudies (Pellegrini et al., 2011), dui op verskillende persepsies rakende die meer aggressiewe geslag.

5.4.7 Deelnemers se persepsie van eie kinders se vlak van aggressie

Aggressie is ‘n moeilike emosie om in ‘n voorskoolse kind te meet. Daar bestaan wel ‘n skaal vir die toetsing van aggressie in voorskoolse kinders, naamlik die “Cardiff Infant Contentiousness“ skaal (Hay et al., 2010). In hierdie skaal is ses items

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

geïdentifiseer om fisiese gedrag in sosiale interaksies as uitdrukking van woede te toets. Hierdie ses items verwys na die gedrag by kinders wat nie van speelgoed wil laat gaan nie, al word hul mooi gevra. Dit behels ook gedrag waar kinders ander kinders se hare trek; waar gereelde woedebuie voorkom; waar kinders ander slaan; waar kinders ander persone byt; en waar kinders gereeld "woedeuitbarstings" vertoon. In hierdie studie is deelnemers eers gevra of hulle hul eie kind(ers) vanaf geboorte tot en met ses jaar as aggressief beskou het. Daarna moes hulle die gedrag wat kinders getoon het, met betrekking tot die "Cardiff Infant Contentiousness" skaal, aandui. In die volgende tabel word die deelnemers se antwoorde op die vraag rakende die aggressiwiteit van hulle eie kind(ers) vanaf geboorte tot en met ses jaar saamgevat. Die gedrag wat aggressie weerspieël, word in afdeling 5.4.8 ondersoek.

Tabel 5.8 Deelnemers se persepsie van eie kinders se vlak van aggressie

Kind as aggressief beskou	**Ja (f)**	**Persentasie**	**Nee (f)**	**Persentasie**
	9	30%	21	70%
Totaal	**30**	**100%**	**30**	**100%**

(n=30)

Die bostaande tabel dui aan dat 9 (30%) van deelnemers hul eie kinders van geboorte af tot en met sesjarige ouderdom as aggressief beskou het en 21 (70%) hul kind nie as aggressief beskou het nie. Hierdie persepsie van aggressie word vergelyk met die aard van gedrag wat kinders onder andere van geboorte af tot en met sesjarige ouderdom getoon het. Deelnemers se perspesie van aggressie en die gedrag wat hul kinders getoon het, sal vervolgens bespreek word.

5.4.8 Meting van eie kinders se aggressie

Om te bepaal of die moeders as deelnemers in hierdie studie die begrip "aggressiewe gedrag" korrek verstaan, is die "Cardiff Infant Contentiousness" skaal as 'n riglyn benut. Vyf tipes van aggressiewe gedrag is aan elke moeder in die vorm van 'n "ja"-of "nee"-vraag voorgehou. Tabel 5.9 dui deelnemers se antwoorde aan ten opsigte van die aggressiewe gedrag wat hul kind vanaf geboorte tot en met ses jaar getoon het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5.9 Aggressiewe gedrag wat deelnemers se kinders getoon het

Gedrag wat kind getoon het	Ja (f)	Persentasie	Nee (f)	Persentasie
Wil nie van speelgoed laat gaan nie	21	70%	9	30%
Trek ander kinders se hare	13	43%	17	57%
Woedebuie	23	77%	7	23%
Slaan ander kinders of volwassenes	15	50%	15	50%
Byt ander kinders of volwassenes	13	43%	17	57%
Totaal	**30**	**100%**	**30**	**100%**

(n=30)

Uit die bostaande tabel kan afgelei word dat, alhoewel 21 (70%) van deelnemers nie hul kind as aggressief vanaf geboorte tot en met ses jaar beskou het nie, 21 (70%) van die betrokke kinders in die studie wel nie van speelgoed wou laat gaan nie, 13 (43%) ander kinders se hare getrek het, 23(77%) woedebuie getoon het, 15 (50%) ander kinders of volwassenes geslaan het en 13 (43%) ander kinders of volwassenes gebyt het. Bogenoemde data is onvoldoende om ‘n kind as “aggressief“ te klassifiseer, maar dit is wel van belang dat, alhoewel heelwat kinders van deelnemers nie as aggressief beskou is nie, hulle wel baie aggressiewe gedrag getoon het.

5.4.9 Emosionele regulasievermoëns van ‘n tweejarige

Babas moet leer om emosies te reguleer. In die vroeë maande van ontwikkeling het babas ‘n beperkte kapasiteit om hierdie emosies self te kan reguleer. Babas is dus afhanklik van die kalmerende intervensie van hul versorger om hul te help om hul emosies te kan reguleer (Berk, 2009:408). Teen die einde van die eerste jaar van ontwikkeling stel kruip en loop die baba in staat om na (of weg van) stimuli te beweeg, wat die baba help om emosies deur middel van fisiese aksie te reguleer (Berk, 2009:408). Uit laasgenoemde literatuur is dit dus duidelik dat babas, asook kleuters, wel oor die vermoë beskik om emosies te kan reguleer mits hul ouerleiding

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ontvang. Deelnemers in hierdie studie is gevra of ‘n tweejarige sy/haar emosies kan reguleer (beheer), waarop die deelnemer “ja“ of “nee“ moes antwoord. Deelnemers se antwoorde word in die volgende tabel aangedui en die redes vir hul antwoorde word vervolgens bespreek.

Tabel 5.10 Emosionele regulasievermoëns van ‘n tweejarige

Emosionele regulasievermoëns van ‘n tweejarige	**Ja (f)**	**Persentasie**	**Nee (f)**	**Persentasie**
	10	33%	20	67%
Totaal	**30**	**100%**	**30**	**100%**

(n=30)

Slegs tien (33%) van die deelnemers in hierdie studie blyk te verstaan dat tweejariges wel oor die vermoë beskik om emosies te kan reguleer. Hierdie lae persentasie kan daaraan toegeskryf word dat die deelnemers se eie ervarings met hul kleuters getoon het dat emosies nie gereguleer kon word nie en hulle aangeneem het dat tweejariges in die algemeen nie oor hierdie vermoë beskik nie. Moeders moet egter ingelig word oor hierdie vermoë, sodat hulle gepaste ouerleiding in die proses van emosionele regulasie aan hul kind kan bied. Deelnemers se persepsie van tweejariges se emosionele regulasievermoëns stem dus nie ten volle ooreen met die literatuur nie, deurdat byna twee derdes van moeders nie glo dat tweejariges hul emosies kan reguleer nie, terwyl die literatuur staaf dat alle tweejariges (afgesien van afwykings) wel kan.

5.4.10 Motivering vir aanduiding van emosionele regulasievermoëns van ‘n tweejarige

Emosionele regulasie verwys na die proses waartydens individue hul eie emosies beïnvloed. Individue bepaal watter emosies hulle ervaar, wanneer hulle die emosies ervaar, hoe hulle hierdie emosies ervaar en hoe hulle die emosies wat hul ervaar, gaan toon (Gross, 1998:275). Literatuur het bevind dat kleuters, wat tweejariges insluit, wel hul eie emosies kan reguleer. Hierdie regulasie van emosies geskied met behulp van die versorger wat leiding aan die jong kind bied (Loeber & Hay, 1997:375; Deater-

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Deckard et al., 2002:117; Berk, 2009:408; Alink et al., 2009:831; Roque & Verissimo, 2011:624).

Deelnemers in hierdie studie is gevra of tweejariges hul emosies kan reguleer, asook waarom tweejariges kan, al dan nie. Die vooruitspruitende kategorieë en verdere sub-kategorieë verskaf die redes waarom moeders glo tweejariges kan of kan nie emosies reguleer nie, en word vervolgens in tabel-vorm weergegee.

Tabel 5.11 Motiverings vir aanduiding van emosionele regulasievermoëns van 'n tweejarige

Motivering vir aanduiding van emosionele regulasievermoëns van 'n tweejarige	**Kategorieë**	**Sub-kategorieë**	**Aantal kere voorgekom (f)**	**Persentasie**
	1) Redes waarom 'n tweejarige nie sy emosies kan reguleer nie	Tweejarige doen net wat hy wil	6	20%
		Hy is te klein	16	53%
	2) Redes waarom 'n tweejarige sy emosies kan reguleer	'n Tweejarige kan emosies beheer met ouerleiding	9	30%
Totaal			**30**	**100%**

(n=30)

Bogenoemde tabel dui aan dat die meerderheid (16 of 53%) van die deelnemers onder die indruk is dat tweejariges nie hulle emosies kan reguleer (beheer) nie omdat tweejariges te klein is.

*"Hy's maar **nog klein**...'n kind van nul tot twee jaar, hy weet nie wat hy doen nie."*

Ses (20%) van die deelnemers glo dat tweejariges net doen wat hulle wil doen.

*"As hy 'n ding **wil hê,** dan wil hy dit hê en hy **gaan dit vat.**"*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Alhoewel heelwat deelnemers geantwoord het dat tweejariges nie hul emosies kan reguleer nie (Tabel 5.10), is daar wel nege (30%) wat tot die gevolgtrekking gekom het dat tweejariges eintlik kan, mits hul ouerleiding ontvang.

*"**Hang af** hoe jy wat **ouers** is jou kind van **kleinsaf grootmaak** om sy **woede** en goed te **control** ne..."*

Die navorser het tydens die onderhoude die indruk gekry dat antwoorde van deelnemers in die bogenoemde tabel gebaseer is op hulle eie ervarings van hul tweejarige kinders en nie vanuit die literatuur nie, aangesien die meeste deelnemers eers aan hul eie kind(ers), of kinders vanuit hul gemeenskap, gedink het.

5.4.11 Persepsie van eie kinders se temperament

Volgens Wait et al., (2005:79) is temperament 'n konstruk wat na die relatief stabiele eienskappe van 'n baba se respons op die omgewing verwys. 'n Temperament verwys ook na individuele verskille in self-regulasie en reaktiwiteit wat vroeg in 'n kind se ontwikkeling na vore kom en wat oor 'n genetiese basis kan beskik (Braungart et al., 1992; Berk, 2009:417). Thomas en Chess (1977) het 'n model ontwikkel waarvolgens 'n kind se temperament na aanleiding van die beskrywings van kinders se gedrag geklassifiseer kan word (Berk, 2009:418).

Hierdie model is benut om te bepaal hoe deelnemers hul kinders se temperament vanaf geboorte tot en met ses jaar waargeneem het. Deelnemers is gevra of hulle hul kind as "maklik" of as "moeilik" beskou het, en om "ja" of "nee" op die betrokke kategorieë wat daardie temperament aandui, te antwoord.

Die volgende tabel is 'n samevatting van die deelnemers se klassifikasie van hul kinders se temperament. Die redes vir daardie klassifikasie word vervolgens bespreek.

Tabel 5.12 Deelnemers se persepsie van hulle kinders se temperament

Temperament	**Ja (f)**	**Persentasie**
Maklik	22	73%
Moeilik	8	27%
Totaal	**30**	**100%**

(n=30)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uit bogenoemde bevindinge kan die afleiding gemaak word dat die meeste deelnemers (22 of 73%) hul kind van geboorte af tot en met sesjarige ouderdom as "maklik" beskou het. Die redes waarom voorskoolse kinders as maklik beskou word, word in Tabel 5.13 weergegee. Die redes waarom voorskoolse kinders as "moeilik" beskou word (Tabel 5.14), word volgens dieselfde kriteria deur deelnemers aangedui.

5.4.12 Meting van eie kinders se temperament

Die redes waarom deelnemers (moeders) hul kind as "maklik" beskou het, word in Tabel 5.13 aangedui. Dieselfde kriteria is gebruik om vas te stel waarom voorskoolse kinders as "moeilik" beskou kan word. Deelnemers se response word in Tabel 5.13 en Tabel. 5.14 weergegee.

Tabel 5.13 Rede vir klassifikasie van eie kind se temperament: Maklik

Kriteria vir maklike kind	**Ja (f)**	**Persentasie**	**Nee (f)**	**Persentasie**
Die kind het maklik in 'n roetine gekom (bad bv. op dieselfde tyd sonder tantrums, gaan slaap op 'n gereelde tyd, is min of meer gedurende dieselfde ure van die dag elke dag wakker).	21	95%	1	5%
Die kind het maklik by veranderings in sy/haar omgewing aangepas (pas bv. maklik aan as die kind in 'n vreemde huis moet gaan slaap vir 'n nag).	21	95%	1	5%
Die kind het oor die algemeen gelukkig gelyk.	20	91%	2	9%
Totaal	**22**	**100%**	**22**	**100%**

(n=22)

Van die 22 (73%) deelnemers wat hul kind as maklik beskou het, het 21 (95%) van die 22 deelnemers aangedui dat 'n maklike temperament geassosieer word met 'n kind wat maklik roetines vorm. Een-en-twintig (95%) van die 22 deelnemers glo dat 'n maklike kind maklik by veranderings in die omgewing aanpas en 20 (91%) meen dat 'n maklike kind oor die algemeen gelukkig lyk. Deelnemers wat hul kind as maklik beskou het verstaan dus wat dit beteken wanneer 'n kind as maklik (Berk, 2009:418) beskou word.

Deelnemers (moeders) wat hul kind as moeilik beskou het, het die volgende redes wat in Tabel 5.14 aangedui word, daarvoor verskaf.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5.14 Rede vir klassifikasie van eie kind se temperament: Moeilik

Kriteria vir moeilike kind	Ja (f)	Persentasie	Nee (f)	Persentasie
Die kind het nie maklik ‘n roetine gevorm nie (bv. het nie op dieselfde tye elke dag gaan slaap of geëet nie of was nie op dieselfde tye wakker nie).	7	88%	1	13%
Die kind was negatief teenoor nuwe ervarings (die kind wou bv. nie in ‘n nuwe plek of by ander mense slaap of eet nie).	5	63%	3	38%
Die kind het oor die algemeen ongelukkig gelyk.	3	38%	5	63%
Totaal	**8**	**100%**	**8**	**100%**

(n=8)

Van die agt (27%) deelnemers wat hul kind as moeilik beskou het, het sewe (88%) kennis daarvan gedra dat ‘n kind wat sukkel om ‘n roetine te vorm, as ‘n moeilike kind beskou word. Vyf van die agt (63%) deelnemers het aangetoon dat ‘n kind wat nie maklik by veranderings in die omgewing aanpas nie, as ‘n moeilike kind beskou word en drie (38%) dat ‘n kind wat as moeilik beskou word, oor die algemeen ongelukkig voorkom.

Wanneer die bostaande response ten opsigte van die gedrag van maklike en moeilike kinders met die literatuur (Berk, 2009:418) vergelyk word, blyk dit dat deelnemers ‘n beter begrip het van ‘n maklike temperament as ‘n moeilike temperament. Alle motiverings wat deelnemers verskaf het, is egter subjektief en moontlik gebaseer op hul eie kind(ers) en kan nie tot die groter populasie geëkstrapoleer word nie.

5.4.13 Die eerste emosie wat ‘n baba wys

Om te huil, is die eerste poging van ‘n baba om met sy versorger te kommunikeer (Wait et al., 2005:77). Van geboorte af tot en met vier maande bestaan die emosionele kommunikasie van ‘n baba uit huil (Deater-Deckard et al., 2002:112). Huil word as die eerste emosionele uitdrukking van ‘n baba beskou omdat hy/sy dadelik by geboorte begin huil.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Deelnemers is gevra watter emosie ‘n baba eerste wys om te bepaal of hulle weet dat die eerste vorm van kommunikasie van ‘n baba om te huil is. Deelnemers se response op wat die eerste emosionele uitdrukking van ‘n baba is, word in die volgende tabel, Tabel 5.15, aangedui.

Tabel 5.15 Die eerste emosie wat ‘n baba wys

Emosie wat eerste gewys word	**f**	**Persentasie**
Huil	19	63%
Lag	3	10%
Glimlag	8	27%
Soen	0	0%
Totaal	**30**	**100%**

(n=30)

Die bostaande tabel dui aan dat slegs 19 (63%) van deelnemers kennis daarvan dra dat die eerste emosie wat ‘n baba wys om met ander te kommunikeer, om te huil is (Deater-Deckard et al., 2002:112; Wait et al., 2005:77). Drie (10%) van die deelnemers is onder die indruk dat ‘n baba lag wanneer hy gebore word en agt (27%) dat ‘n baba glimlag. Deelnemers se antwoorde op die eerste emosie wat ’n baba wys, is nie in alle gevalle dieselfde as bogenoemde literatuur nie, en omdat die literatuur in hierdie studie as ’n maatstaf tot die beoordeling van kennis dien, blyk deelnemers se kennis onvoldoende te wees. Laasgenoemde bevindinge is van belang, want as moeders nie oor die basiese kennis van emosionele uitdrukkings in kinders beskik nie, kan dit die fasilitering van verdere emosionele ontwikkeling in kinders vertraag.

5.4.14 Die identifisering van die emosionele toestand van ‘n baba

Deelnemers is gevra om aan te dui hoe ‘n baba tussen geboorte en ses maande uitdrukking aan sy/haar gevoelens gee. Deelnemers moes aantoon of babas dit kan sê deur te praat (foutief), of deur gesigsuitdrukkings (korrek) of dit glad nie kan aandui nie (foutief). Deelnemers se response word in Tabel 5.16 weergegee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5.16 Aanduiding van hoe baba voel

Aanduiding van hoe baba voel	**f**	**Persentasie**
Die baba sê dit vir my	0	0%
Die baba se gesigsuitdrukkings wys dit	28	93%
Die baba kan dit nie vir my wys/aandui nie	2	7%
Totaal	**30**	**100%**

(n=30)

Navorsing het bevind dat nie-verbale kommunikering van gevoel deur middel van gesigsuitdrukkings geskied (Jordaan & Jordaan, 1998:554). Dit is dus belangrik dat moeders kennis daarvan dra dat hul baba met hulle deur middel van hierdie gesigsuitdrukking kommunikeer en dat moeders op hierdie uitdrukkings moet let om in hul babas se behoeftes te voorsien. In hierdie studie het 28 (93%) van die deelnemers wel aangedui dat babas deur middel van gesigsuitdrukkings kommunikeer, terwyl slegs twee (7%) onder ‘n wanindruk was dat babas nie kan wys hoe hulle voel nie. Bevindinge in hierdie studie stem meerendeels ooreen met die bevindinge in die literatuur (Jordaan & Jordaan, 1998:554) deurdat die meeste deelnemers, soos ook in die literatuur, gesigsuitdrukkings in babas as ‘n maatstaf vir die aanduiding van ‘n baba se gevoelens beskou. Laasgenoemde bevinding toon positief te wees omdat die meerderheid van deelnemers (moeders) weet dat babas deur gesigsuitdrukkings aandui hoe hulle voel en daarom sal deelnemers (moeders) weet om daarop te let in die proses om voorskoolse emosionele ontwikkeling te kan fasiliteer.

5.4.15 Die belangrikheid van die aandag van die moeders as versorgers in die eerste jaar na die baba se geboorte

Deelnemers is gevra of dit belangrik is om in die eerste jaar nadat die baba gebore is, self baie aandag aan die baba te gee asook waarom dit belangrik is. Deelnemers se antwoorde word in die volgende figuur, Figuur 5.9, weergee en hul motiverings word vervolgens in afdeling 5.4.16 bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



(n=30)

Figuur 5.9 Die belangrikheid van die aandag van moeders as versorgers in die eerste jaar na die baba se geboorte

Die eerste lewensjaar is ‘n sensitiewe periode vir die ontwikkeling van die band tussen die versorger en die baba (Wait et al., 2005:80). Die periode vanaf ses maande tot en met 24 maande is ‘n kritieke tyd vir die vorming van die versorger-baba-band (Wait et al., 2005:82). As die baba in hierdie tydperk van die bindingsfiguur geskei word, kan dit traumaties vir die baba wees (Hardy et al., 1990; Wait et al., 2005:81). John Bowlby het geredeneer dat die interaktiewe geskiedenis tussen die baba en die versorger ‘n bepalende faktor is vir die kwaliteit van die versorger-baba-band tydens die eerste jaar (LaFreniere, 2000). Daarom is dit belangrik dat moeders in die eerste jaar na geboorte self baie aandag aan hul babas moet gee om hierdie versorger-baba-band te kan vestig.

Al die deelnemers in hierdie studie het “ja“ geantwoord toe hul gevra is of dit belangrik is om in die eerste jaar na geboorte self baie aandag aan hul eie baba te gee, wat ooreenstem met die literatuur wat dit ook as belangrik ag (Hardy et al., 1990; LaFreniere, 2000; Wait et al., 2005). Hierdie bevinding is positief deurdat dit voorkom asof moeders weet dat dit van belang is om hulle eie aandag aan die baba te gee. Redes waarom dit egter nie altyd in die praktyk toegepas word nie, moet verder ondersoek word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.4.16 Redes vir die belangrikheid van die aandag van moeders as versorgers in die eerste jaar na geboorte

Die belangrikheid daarvan dat moeders in die eerste jaar na hul kind se geboorte self baie aandag aan hul baba moet gee, is in afdeling 5.4.15 aangedui. Die motiverings van deelnemers waarom dit belangrik is, word in die volgende tabel, Tabel 5.17, weergegee.

Tabel 5.17 Redes vir die belangrikheid van die aandag van moeders as versorgers in die eerste jaar na geboorte

Redes vir die belangrikheid van die aandag van moeders as versorgers in die eerste jaar na geboorte	**Kategorieë**	**Aantal kere voorgekom (f)**	**Persentasie**
	Babas het aandag nodig	3	10%
	Babas het die moeder se liefde nodig	12	40%
	Om ‘n band met jou baba te bou	19	63%
	Babas drink bors	3	10%
Totaal		**30**	**100%**

(n=30)

Die meerderheid (19 of 63%) van die deelnemers het geantwoord dat moeders in die eerste jaar na hul baba se geboorte self baie aandag aan die baba moet gee om [in ooreenstemming met die literatuur (LaFreniere, 2000; Wait et al., 2005:82) ‘n band met die baba te vestig.

*“Dat daar mos ‘n **“bond”** is.”*

*“Baba’s **drink bors** en daar moet ‘n **bond** wees, ma en kind...”*

Twaalf (40%) van die deelnemers het ook geantwoord dat babas die moeder se liefde benodig en sommige deelnemers het weergegee dat die versorger se aandag nodig is omdat babas baie aandag nodig het (3 of 10%) en bors drink (3 of 10%).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

*"Hy moet mos aandag hê as 'n baba, 'n baba het mos **baie aandag nodig.**"*

Omdat die literatuur die versorger-baba-band as so belangrik beskou, (Bowlby, 1988; Craig, 1992:187; LaFreniere, 2000; Deater-Deckard et al., 2002; Wait et al., 2005; Berk, 2009; Landman, 2009), is moeders se response wat die vestiging van hierdie band as belangrik uitlig, betekenisvol.

5.4.17 Gunstige omgewings vir kinderontwikkeling

Die kwaliteit van die huishoudelike omgewing in die vroeë ontwikkeling van die kind dien as 'n basis vir die voorspelling van die jong kind se kognitiewe, akademiese en gedragsontwikkeling (Harden & Whittaker, 2011:1392). Indien 'n kind aan 'n goeie kwaliteit-huishoudelike omgewing in die vroeë jare na geboorte blootgestel word, bevorder dit die welstand van die voorskoolse kind (Harden & Whittaker, 2011:1392). Met verwysing na voorafgaande stelling is deelnemers gevra wat hul persepsie is van 'n goeie omgewing waarin hul voorskoolse kind kan grootword en ontwikkel. Sewe kategorieë kon geïdentifiseer word, wat in die volgende tabel weergegee word.

Tabel 5.18 Gunstige omgewings vir kinderontwikkeling

Gunstige omgewings vir kinderontwikkeling	**Kategorieë**	**Aantal kere voorgekom (f)**	**Persentasie**
	Skool/ crèche	2	7%
	'n Huis met liefde	15	50%
	Veilige omgewing	7	23%
	Omgewing wat baie aandag aan die kind bied	6	20%
	Omgewing wat in fisiese behoeftes voorsien (kos, klere, slaapplek)	10	33%
	'n Rustige omgewing	6	20%
	Omgewing wat standvastigheid bied	3	10%
Totaal		**30**	**100%**

(n=30)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Uit die bostaande tabel is dit duidelik dat die meeste (15 of 50%) deelnemers aangedui het dat ‘n goeie omgewing vir ‘n kind om in groot te word, ‘n huishoudelike omgewing is waar liefde voorkom. Hierdie bevinding stem ooreen met die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005 deurdat hierdie Wet die aard van persoonlike verhoudings tussen die ouer en die kind in ag neem wanneer die beste belang van die kind oorweeg word, en waarvan liefde ‘n faktor in hierdie ouer-kind-verhouding kan wees (Republic of South Africa, 2005:32-34). Deelnemers het ook klem gelê op die belangrikheid van fisiese sorg (10 of 33%) wat ooreenstem met die Suid-Afrikaanse Grondwet (Republic of South Africa, 1996a:1255) wat kinders se reg tot basiese voeding beklemtoon. Veiligheid is deur sewe (23%) van die deelnemers as ‘n belangrike faktor vir ‘n gunstige omgewing genoem wat ooreenstem met die Kinderwet 38 van 2005 se aanname dat kinders teen fisiese en sielkundige leed beskerm moet word (Republic of South Africa, 2005:32-34).

*“’n Area wat **veilig** is, en **kos** en **liefde** en alles, want ‘n kind het dit alles nodig.”*

*“Daar nie kinders steel **nie** en dwelms gebruik, en **violenc**e en sulke goed* (nie).”

*“Kyk jy moet jou **huis** het, hulle moet ‘n **dak oor hulle kop** het, hulle moet **liefde** het, daar moet **kos** wees en natuurlik **standvastigheid** in die familie self, in die huisgesin.”*

Die volgende response van deelnemers ten opsigte van aandag (6 of 20%), rustigheid (6 of 20%) asook standvastigheid (3 of 10%) bevestig die Kinderwet se verwysing na ‘n stabiele gesinsomgewing (Republic of South Africa, 2005:32-34). Twee (7%) van die deelnemers het genoem dat ‘n kleuterskool ‘n waardevolle bydrae tot ‘n gunstige omgewing vir kinderontwikkeling kan lewer. In die Wysiging op die Kinderwet (41 van 2007) het hierdie ook aandag geniet. Die aspekte wat volgens die deelnemers tot ‘n goeie omgewing vir kinderontwikkeling bydra, is dus in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse beleid en wetgewing.

5.4.18 Die belangrikheid van emosionele ontwikkeling in ‘n voorskoolse kind

Vanuit al die literatuur wat in hoofstuk twee, drie en vier van hierdie tesis bespreek is, is dit duidelik dat voorskoolse emosionele ontwikkeling belangrik is (sien ook afdeling 5.4.19). Moeders se persepsie van hierdie belangrikheid word in die volgende

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

figuur (Figuur 5.10) aangedui. Redes waarom moeders dit as belangrik beskou, word vervolgens bespreek.



(n=30)

Figuur 5.10 Die belangrikheid van emosionele ontwikkeling in ‘n voorskoolse kind

Die bostaande figuur dui aan dat al die deelnemers in hierdie studie (30 of 100%) glo dat die emosionele ontwikkeling van ‘n voorskoolse kind belangrik is. Emosionele ontwikkeling is tydens onderhoude verduidelik aan deelnemers wat onseker was oor die term, sodat geen onduidelikheid oor hierdie term bestaan nie. Daar is aan deelnemers verduidelik dat ‘n kind fisies, kognitief en emosioneel ontwikkel. Nadat emosionele ontwikkeling verduidelik is, het alle deelnemers (100%) steeds aangedui dat dit belangrik is. Hierdie persepsie dat voorskoolse emosionele ontwikkeling belangrik is stem ooreen met die literatuur (Borgquist, 1906; Jordaan & Jordaan, 1998; Louw et al., 1998; Deater-Deckard, 2002; Bukatko & Daehler, 2004; Wait et al., 2005; Berk, 2009; Kim et al., 2011) wat dit ook as belangrik ag en dien as ‘n basis en ’n motivering vir moeders om hulle kennis verder uit te brei. Redes waarom deelnemers voorskoolse emosionele ontwikkeling as belangrik beskou, word vervolgens bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.4.19 Redes vir die belangrikheid van voorskoolse emosionele ontwikkeling

Navorsing het bevind (soos in hoostuk twee, drie en vier van hierdie tesis bespreek) dat die voorskoolse jare belangrik is vir die emosionele ontwikkeling van ‘n kind. Hierdie is die jare waarin die versorger-baba-band gevorm word en die kind sekuriteit en voorspelbaarheid in verhoudings aanleer (Bowlby, 1969; Bion, 1991; Craig, 1992; Lyons-Ruth, 1998; LaFreniere, 2000; Deater-Deckard et al., 2002; Wait et al., 2005; Berk, 2009). Die voorskoolse jare is ook die jare waarin sosiale verwysing, emosionele regulasievermoëns en die ontwikkeling van basiese sowel as sekondêre emosies plaasvind (Borgquist, 1906; Jordaan & Jordaan, 1998; Louw et al., 1998; Deater-Deckard, 2002; Bukatko & Daehler, 2004; Wait et al., 2005; Berk, 2009; Kim et al., 2011).

Deelnemers is gevra of die voorskoolse jare belangrik vir emosionele ontwikkeling is (Figuur 5.10) en waarom dit belangrik is. Hierdie antwoorde wat moeders verskaf het, word in ses kategorieë verdeel en word in Tabel 5.19 voorgestel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5.19 Redes vir die belangrikheid van voorskoolse emosionele ontwikkeling

Redes vir die belangrikheid van voorskoolse emosionele ontwikkeling	**Kategorieë**	**Aantal kere voorgekom (f)**	**Persentasie**
	Dit is die stadium waar die kind leer om tussen reg en verkeerd te onderskei	8	27%
	Skoolvoorbereiding	7	23%
	Leer om emosies op gepaste manier te wys	4	13%
	Die versorger moet leer hoe die kind voel (en gepas reageer)	4	13%
	Emosies en ervaringe vanaf geboorte tot ses jaar beïnvloed kind later	3	10%
	Roetines en voorspelbaarheid word aangeleer	2	7%
Totaal		**30**	**100%**

(n=30)

Meer as ’n kwart (8 of 27%) van die deelnemers beskou voorskoolse emosionele ontwikkeling as belangrik omdat dit die stadium is waar kinders leer om tussen reg en verkeerd te onderskei. Deelnemers beskou ook die voorskoolse stadium as die stadium wanneer kinders voorberei om skool toe te gaan (7 of 23%) en moet leer om hul emosies op ‘n gepaste wyse te toon (4 of 13%), wat dui op emosionele regulasie (Gross, 1998:275; Deater-Deckard et al., 2002:117; Roque & Verissimo, 2011:617). Deelnemers het veral klem gelê op hul eie rol in die proses om hul kinders te help om tussen reg en verkeerd te onderskei en hoe om emosies gepas (pro-sosiaal) te wys. Hierdie terugvoer dui daarop dat die deelnemers (moeders) hul verantwoordelikheid in die proses om voorskoolse emosionele ontwikkeling te fasiliteer, begryp.

*“Hy **leer** mos eers **by m**y voor hy miskien kleuter toe gaan of voor hy skool toe gaan, hy leer mos eers deur sy ma.”*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

"Wanneer hy nie tantrums moet gooi voor mense nie is vir my verskriklik belangrik...ek sal sê die emosioneel is baie belangrik dat hulle ***nie so tantrums gooi*** *en so nie."*

"want as hy nou vir die eerste jaar mos ***graad een toe gaan*** *dan weet hy mos* ***wat gat aan.****"*

Vier (13%) van die deelnemers beskou voorskoolse emosionele ontwikkeling as belangrik, juis omdat versorgers in hierdie stadium moet leer hoe kinders voel, sodat hulle gepas kan reageer. Hierdie inligting stem ooreen met literatuurstudies wat noem dat die optrede van die versorger teenoor 'n baba se behoeftes die verbindingsekuriteit tussen die versorger en die kind bepaal (Landman, 2009). Drie (10%) van die deelnemers het verder aangedui dat voorskoolse emosionele ontwikkeling belangrik is omdat dit die stadium is waar die kind gevorm word en 'n fondament vir die kind gelê word. Daar is ook deelnemers (2 of 7%) wat hierdie stadium as belangrik beskou vir kinders om roetines te kan aanleer en 'n gevoel van voorspelbaarheid by die kind te kweek.

"Om rede die ***grond wat jy daar gegee het****, hy gaan eintlik op 'n later stadium, gaan hy, is 'n* ***rol speel*** *in die* ***groter stadium*** *eintlik, dit wat jy vir hom daar gee, hy gaan dit dra van die res van sy lewe saam met hom, eintlik."*

5.4.20 Moeders se behoefte aan kennis ten opsigte van voorskoolse emosionele ontwikkeling

Deelnemers (moeders) in hierdie studie is gevra of hul 'n behoefte daaraan het om meer oor voorskoolse emosionele ontwikkeling te leer. Die aantal moeders wat kennis versoek, word in Tabel 5.20 aangedui. Deelnemers is ook gevra waarom hulle meer kennis versoek en wie moontlik hierdie kennis aan hulle kan verskaf. Laasgenoemde antwoorde word in afdeling 5.4.21 en afdeling 5.4.22 bespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5.20 Moeders se behoefte aan kennis ten opsigte van voorskoolse emosionele ontwikkeling

Behoefte aan kennis ten opsigte van voorskoolse emosionele ontwikkeling	**Ja (f)**	**Persentasie**	**Nee (f)**	**Persentasie**
	24	80%	6	20%
Totaal	**30**	**100%**	**30**	**100%**

(n=30)

Die meerderheid van die deelnemers (24 of 80%) het aangedui dat hul ‘n behoefte daaraan het om meer oor voorskoolse emosionele ontwikkeling te leer. Hierdie inligting is positief, aangesien dit daarop dui dat moeders ‘n begeerte het om meer te leer om hulle kinders, hulle kleinkinders, asook hulle gemeenskap se kinders, te fasiliteer om positiewe voorskoolse emosionele ontwikkelings te ondergaan. Daar is wel ses (20%) van die deelnemers wat nie ‘n behoefte daaraan het nie, maar dit blyk die minderheid te wees.

5.4.21 Motivering vir moeder se behoefte aan kennis oor voorskoolse emosionele ontwikkeling

Deelnemers (moeders) is gevra of hul ‘n behoefte daaraan het om meer oor voorskoolse emosionele ontwikkeling te leer (Tabel 5.20). Diégene wat “ja” geantwoord het, is gevra waarom hulle oor hierdie behoefte beskik. Redes wat deelnemers verskaf het, word in die volgende tabel, Tabel 5.21, deur middel van kategorieë voorgestel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5.21 Motivering vir moeder se behoefte aan kennis oor voorskoolse emosionele ontwikkeling

Motivering vir moeder se behoefte aan kennis oor voorskoolse emosionele ontwikkeling	**Kategorieë (response)**	**Aantal kere voorgekom (f)**	**Persentasie**
	Wil ander kinders (gemeenskap se kinders, familie se kinders en kleinkinders) kan grootmaak en hulle ontwikkeling kan fasiliteer	9	30%
	Omdat alle kinders nie dieselfde is nie	3	10%
	Benodig meer inligting	12	40%
Totaal		**24**	**100%**

(n=24)

Die meerderheid van die 24 deelnemers (12 of 50%) het aangevoer dat hul ‘n behoefte het om meer oor voorskoolse emosionele ontwikkeling te leer omdat hulle te min kennis daarvan het.

*“Ek **weet nie eintlik** van kleuter af nie.”*

Nege (37.5%) van die 24 deelnemers het aangedui dat hulle steeds kinders grootmaak en wil grootmaak, en daarom ‘n behoefte daaraan het.

*“Want ek **maak** nog **kinders groot** want almal is nie dieselfde nie, sien?”*

Drie (12.5%) van die 24 deelnemers het gesê dat alle kinders verskil, en hulle daarom meer oor algehele voorskoolse emosionele ontwikkeling sal wil leer. Alhoewel deelnemers se antwoorde in drie kategorieë verdeel is, is die algemene behoefte om meer oor voorskoolse emosionele ontwikkeling te leer as gevolg van ‘n tekort aan voldoende kennis rakende hierdie onderwerp. Hierdie terugvoer is positief, aangesien deelnemers ‘n behoefte aan kennis het en gemotiveerd is om meer oor voorskoolse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

emosionele ontwikkeling te leer, sodat hierdie kennis in hulle eie gemeenskap benut en toegepas kan word.

5.4.22 Verskaffers van kennis oor voorskoolse emosionele ontwikkeling aan moeders

Deelnemers (moeders) is gevra wie aan hulle kennis oor voorskoolse emosionele ontwikkeling kan verskaf. Bronne wat moeders genoem het, is in Tabel 5.22 as kategorieë gelys.

Tabel 5.22 Verskaffers van kennis oor voorskoolse emosionele ontwikkeling aan moeders

Verskaffers van kennis oor voorskoolse emosionele ontwikkeling aan moeders	**Kategorieë (bronne)**	**Aantal kere voorgekom (f)**	**Persentasie**
	Kerk	3	10%
	Skool	4	13%
	Kleuterskool (crèche)	5	17%
	Welsynsorganisasie	12	40%
	Mense met kennis en ervaring	6	20%
Totaal		**30**	**100%**

(n=30)

Die meerderheid van die deelnemers (12 of 40%) het aangedui dat hulle meer kennis rakende voorskoolse emosionele ontwikkeling vanaf die welsyn versoek, wat van belang is omdat al die deelnemers deel van die betrokke gesinsorgorganisasie se kliëntebasis vorm.

*"O enige tyd die **welsyn**, enige tyd."*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Ander bronne wat moontlik hierdie kennis aan deelnemers kan verskaf, het ingesluit mense met kennis en ervaring (6 of 20%), 'n kleuterskool (5 of 17%), 'n skool [byvoorbeeld 'n laerskool (4 of 13%)] en 'n kerklike organisasie (3 of 10%).

*"Ek het **baie kerklike mense** wat my kan help."*

*Afhangende van waar ek geleer kan word, ek bedoel as ek 'n kans kry of 'n geleentheid kan kry, as iemand vir my byvoorbeeld by 'n **kleuterskool** of wat ookal sal ek dit doen, even by 'n **hospitaal** of waar ookal."*

Al die bronne wat deelnemers in hierdie studie genoem het, is bronne waartoe deelnemers toegang het, en is bronne wat in die gemeenskap benut kan word om in hierdie behoefte rakende meer kennis te voorsien. Daar is dus 'n aantal bronne wat benut kan word om deelnemers se kennis oor voorskoolse emosionele ontwikkeling te kan verbreed.

5.4.23 Moeders se optrede teenoor kinders in voorskoolse jare en latere verhoudings van die kind

Daar word geredeneer dat die emosionele band wat 'n baba met sy of haar moeder as versorger vorm, as 'n basis vir latere verhoudings in die kind se lewe dien (Berk, 2009:425). Volgens hierdie aanname is deelnemers in die studie gevra of hulle gedrag as versorger (moeder) vanaf geboorte tot en met sesjarige ouderdom as die basis vir latere verhoudings dien. Moeders se antwoorde word in die volgende tabel aangedui en hul motivering vir hul response word vervolgens bespreek.

Tabel 5.23 Versorger se gedrag teenoor die kind in die voorskoolse jare en die basis vir latere verhoudings

Versorger se gedrag teenoor die kind in die voorskoolse jare en die basis vir latere verhoudings	**Ja (f)**	**Persentasie**	**Nee (f)**	**Persentasie**
	26	87%	4	13%
Totaal	**30**	**100%**	**30**	**100%**

(n=30)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Die meerderheid van deelnemers (26 of 87%) het "ja" geantwoord op die vraag of die versorger se gedrag teenoor die kind in die voorskoolse jare as 'n basis vir latere verhoudings dien. Hierdie antwoorde stem ooreen met literatuur (Berk, 2009:425) en toon positief te wees, aangesien deelnemers se response dat hul gedrag in die voorskoolse jare van die kind latere verhoudings van die kind sal beïnvloed, deelnemers (moeders) moontlik sal motiveer om die kind aan positiewe gedrag en positiewe huishoudelike omgewings bloot te stel om die vestiging van positiewe toekomstige verhoudings te fasiliteer.

5.4.24 Waarom versorger se gedrag teenoor die kind in die voorskoolse jare dien as 'n basis vir latere verhoudings

In die voorskoolse jare is dit belangrik dat versorgers 'n band met hul baba vestig. Daar is bevind dat die kapasiteit van die versorger en die manier waarop die versorger teenoor die baba se behoeftes in die vroeë maande van ontwikkeling reageer, asook die voorspelbaarheid van die versorger se reaksies, uiteindelik die verbindingsekuriteit van die baba vorm (Landman, 2009). Hierdie sekuriteit wat gevestig word, al dan nie, kan ook as 'n riglyn vir sekuriteit in toekomstige verhoudings dien (Berk, 2009:425). Dit is belangrik dat versorgers in die vroeë jare gepaste gedrag aan hul kinders toon, want hierdie gedrag sal as 'n riglyn vir hul kinders in soortgelyke situasies dien (Berk, 2009:412) om vriendskappe en verhoudinge te kan vestig. Kinders moet dus die gepaste sosiale gedrag aanleer om dit in latere verhoudings te kan toepas.

Wanneer versorgers nie spanningsvolle ervarings in kinders reguleer nie, kan breinstrukture wat as 'n buffer teen stres dien, faal om genoegsaam te ontwikkel. Die resultaat is angstige, emosioneel reaktiewe kinders met 'n verminderde kapasiteit om self emosies te kan reguleer (Berk, 2009:408). Indien kinders nie hul eie emosies kan reguleer nie en vervolgens nie gepaste gedrag in sosiale kontekse kan toon nie, sal dit toekomstige eweknieë-verhoudings negatief beïnvloed. Die gedrag van die versorger wat voorskoolse emosionele ontwikkeling fasiliteer, is dus belangrik aangesien dit die basis vir die jong kind vir toekomstige emosionele ontwikkeling en verhoudings vorm.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Deelnemers se kennis ten opsigte van die belangrikheid van die versorger se gedrag in die voorskoolse jare as ‘n basis vir latere gedrag in kinders en die vestiging van verhoudings, is vervolgens ondersoek. Deelnemers moes “ja” of “nee” antwoord op die volgende vraag: “Sal die manier waarop u teenoor u voorskoolse kind optree, die basis vir alle latere verhoudings in die kind se lewe vorm?” Hulle moes ook ‘n motivering vir hul antwoord verskaf. Omdat die motiverings die redes is waarom moeders dink hulle gedrag dien as ‘n basis, al dan nie, vir die kinders se latere gedrag, is hierdie redes/motiverings verwerk om kategorieë te identifiseer, wat in die volgende tabel, Tabel 5.24, aangedui word.

Tabel 5.24 Waarom versorger se gedrag teenoor die kind in die voorskoolse jare dien as ’n basis vir latere verhoudings

Waarom versorger se gedrag teenoor die kind in die voorskoolse jare dien as ’n basis vir latere verhoudings	**Kategorieë**	**Sub-kategorieë**	**Aantal kere voorgekom (f)**	**Persentasie**
	1) Ja, dit sal ‘n basis vir latere verhoudings vorm (26)	Wat kind by versorger sien, hoor en leer, sal hy/sy later toepas	Kategorie= 26 Sub-kategorie=14	Kategorie= 87% Sub-kategorie= 47%
		Dit vorm die kind en lê die fondament	3	10%
	2) Nee, dit sal nie ‘n basis vir latere verhouding vorm nie (4)	Geen rede verskaf	3	10%
Totaal			**30**	**100%**

(n=30)

Van die deelnemers wat wel die versorger se optrede as ‘n basis vir latere verhoudings beskou het, het 14 (47%) hul antwoord gemotiveer deur te verduidelik dat dit wat ‘n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kind by die versorger sien, hoor en leer, die kind op ‘n latere stadium (in verhoudings ook) sal toepas.

“Dit wat hulle sien of dit wat hulle hoor, kyk ‘n kind, vandag se kinders is mos slim, hulle ***doen alles wat hulle sien en wat hulle hoor****.”*

Hierdie respons dui op sosiale verwysing (Feinman & Lewis, 1983:878; Berk, 2009:412) en stem ooreen met die literatuur. Drie (10%) van die deelnemers het aangevoer dat die manier waarop die ouer teenoor die kind in die voorskoolse jare optree, die kind vorm en ‘n fondament vir die kind lê.

“In hulle ***first ses jaar*** *eintlik, wat jy voorgee vir daai kind eintlik of as jy hom mishandel, of even stoot of as hy kom mamma, ek wil wou vir mamma iets vra en... wag eks gou besig* (ma se respons) *en hierdie soort van goed, jy vorm daai kind eintlik.”*

Van die vier (13%) deelnemers wat nie die versorger se optrede as ‘n basis vir latere verhoudings beskou het nie, kon drie (10%) geen rede hiervoor verskaf nie en een (3%) het aangevoer dat kinders se latere verhoudings deur hulself bepaal word.

5.4.25 Moeders se kennis oor vereistes van Suid-Afrikaanse Kinderwet (38 van 2005) vir gunstige omgewings vir kinderontwikkeling

Kinders se ontwikkelingstatus hou nou verband met die kwaliteit van die huishoudelike omgewing (Garrett et al., 1994:159). In die Kinderwet 38 van 2005 (Republic of South Africa, 2005:32-34), artikel sewe, word daar vereistes gestel om te bepaal wat in die beste belang van die kind is (Republic of South Africa, 2005:32-34). Hierdie vereistes beskerm die kind en fasiliteer positiewe emosionele ontwikkeling in kinders. Wanneer die beste belang van die kind bepaal word, moet daar gekyk word na die aard van die persoonlike verhoudings tussen die kind en sy/ haar ouers, of die kind en enige ander versorger of toepaslike persoon; die houding van die ouer(s) as versorger teenoor die kind; die vermoë van die ouer of versorger om in die kind se behoeftes, ook verwysend na emosionele en intellektuele behoeftes, te voorsien; die waarskynlike effek op die kind as gevolg van enige verandering in die kind se omstandighede; die kind se fisieke en emosionele sekerheid; die kind se behoefte om in ’n stabiele gesinsomgewing groot te word; en die behoefte om die kind te beskerm

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

teen fisieke of sielkundige leed wat as gevolg van mishandeling of verwaarlosing kan ontstaan. Al die laasgenoemde faktore dra by tot die skepping van 'n gunstige omgewing vir kinderontwikkeling. Dit is dus duidelik dat gunstige omgewings vir kinderontwikkeling van belang is en gewig in die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005 dra. Daarom is deelnemers gevra of hul weet dat die Kinderwet 38 van 2005 gunstige omgewings vir kinderontwikkeling vereis. Deelnemers se antwoorde word in die volgende figuur, Figuur 5.11, voorgestel.



(n=30)

Figuur 5.11 Moeders se kennis oor vereistes van die Suid-Afrikaanse Kinderwet (38 van 2005) vir gunstige omgewings vir kinderontwikkeling

Die bogenoemde figuur dui aan dat die meerderheid (25 of 83%) van deelnemers kennis daarvan dra dat die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005 vereis dat moeders (versorgers) gunstige omgewings vir kinderontwikkeling moet skep. Slegs vier (13%) van die deelnemers het nie oor hierdie kennis beskik nie. Laasgenoemde bevindinge mag egter te optimisties lyk wanneer dit in samehang met deelnemers se verdere kennis oor die Kinderwet (38 van 2005) soos wat in afdeling 5.4.26 bespreek word, beskou word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.4.26 Kennis van die Kinderwet 38 van 2005

Deelnemers is gevra wat hul kennis van die Kinderwet 38 van 2005 is. Sewentien (57%) van die deelnemers het oor hul kennis uitgebrei, terwyl nege (30%) slegs genoem het dat hul weet daar bestaan so ’n wet en dat die Wet gunstige omgewings vir kinderontwikkeling vereis.

Tabel 5.25 Kennis van die Kinderwet 38 van 2005

Kennis van die Kinderwet 38 van 2005	**Kategorieë**	**Sub-kategorieë**	**Aantal kere voorgekom (f)**	**Persentasie**
	Jy mag nie jou kind slaan nie		7	23%
	Jy moet jou kind reg opvoed		3	10%
	Jy mag nie jou kind mishandel nie		3	10%
	Kinders het ook regte (4)	‘n Kind het die reg om skool toe te gaan (2)	Subtema=4 Kategorie=2	Subtema= 13% Kategorie= 7%
	Weet slegs daar is ‘n Kinderwet (en dat gunstige omgewings geskep moet word volgens 3.1)		9	30%
	Weet niks		4	13%
Totaal			**30**	**100%**

(n=30)

Uit bostaande tabel kan afgelei word dat die deelnemers min kennis van die Kinderwet 38 van 2005 het. Vier (13%) van die deelnemers het aangedui dat hul geen kennis van hierdie Kinderwet 38 van 2005 dra nie en nege (30%) deelnemers weet slegs van die bestaan van so ’n Wet wat gunstige omgewings vir kinderontwikkeling vereis.

Van die oorblywende 17 (57%) deelnemers weet vier (13%) dat kinders regte het, drie (10%) dat ‘n versorger nie haar kind mag mishandel nie, drie (10%) dat ‘n

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

versorger haar kind reg moet opvoed en sewe (23%) dat versorgers kinders nie mag slaan nie.

*"Jy mag **nie** eers meer jou kind **slaan nie**, hy's geregtig om jou te gaan aangee...Dit hoor ek elke dag by die Welsyn."*

*"Kyk soos om **nie kinders te mishandel nie**, dit weet ek, al die basiese goed weet ek, maar daar's **nog baie wat ek nou nie weet nie**."*

Nadat die onderhoude voltooi is, het sommige deelnemers die navorser meegedeel dat die Kinderwet 38 van 2005 nie vir hulle 'n toeganklike bron van inligting is nie en dat hulle dikwels hoor wat daarin staan, maar dit nie self sien of lees nie.

5.4.27 Moeders se behoefte aan kennis oor die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005

Deelnemers is gevra of hul 'n behoefte daaraan het om meer oor die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005 te leer. Deelnemers moes "ja" of "nee" antwoord en 'n motivering vir hul antwoord verskaf. Die aantal deelnemers wat 'n behoefte daaraan het om meer oor die Suid-Afrikaanse Kinderwet te leer, asook diégene wat nie oor so 'n behoefte beskik nie, word in die volgende tabel, Tabel 5.26, aangedui. Motiverings vir antwoorde word vervolgens bespreek.

Tabel 5.26 Moeders se behoefte aan kennis oor die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005

Behoefte om meer te leer	Ja (f)	Persentasie	Nee (f)	Persentasie
Ja	26	87%	4	13%
Totaal	**30**	**100%**	**30**	**100%**

(n=30)

Die meerderheid (26 of 87%) van deelnemers in hierdie studie het 'n behoefte daaraan om meer oor die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005 te leer. Redes vir hierdie behoeftes word in afdeling 5.4.28 bespreek. Daar is wel vier (13%) deelnemers wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nie ‘n behoefte het aan meer kennis rakende hierdie Kinderwet 38 van 2005 nie en hul motivering hiervoor word vervolgens aangedui.

5.4.28 Redes waarom deelnemers meer wil leer oor die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005

Omdat die deelnemers min kennis ten opsigte van die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005 getoon het, soos weergegee in Tabel 5.25, is deelnemers gevra of hul ‘n behoefte daaraan het om meer oor die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005 te leer. Uit die opmerkings van die 26 (87%) deelnemers wat wel meer wil leer, is twee sub-kategorieë verkry. Daar is slegs een sub-kategorie verkry uit die vier (13%) response van die deelnemers dat hulle nie ‘n behoefte het om meer oor die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005 te leer nie. Kategorieë word in die onderstaande tabel, Tabel 5.27, weergegee.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Tabel 5.27 Redes waarom deelnemers meer wil leer oor die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005

Redes waarom deelnemers meer wil leer oor die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005	**Kategorieë**	**Sub-kategorieë**	**Aantal kere voorgekom (f)**	**Persentasie**
	1)Waarom die deelnemer meer wil leer oor die Kinderwet 38 van 2005		Kategorie=26	Kategorie= 87%
		Ek wil leer hoe om moeilike kinders, wangedrag en verwante situasies te hanteer	Sub-kategorie=5	Sub-kategorie= 17%
		Ek benodig meer inligting	Sub-kategorie=20	Sub-kategorie= 67%
	2)Waarom die deelnemer nie meer wil leer oor die Kinderwet 38 van 2005 nie		Kategorie=4	Kategorie= 13%
		Ek weet genoeg	Sub-kategorie=2	Sub-kategorie= 7%
Totaal			**30**	**100%**

(n=30)

Van die 26 (87%) deelnemers wat aangetoon het dat hulle meer oor die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005 wil leer, het vyf (17%) deelnemers genoem dat hulle wil leer om moeilike kinders, wangedrag en verwante situasies te hanteer.

*"Want **kinders** is **moeilik**, **jy moet leer**, baie moeilik met kinders (giggel)."*

Twintig (67%) van die deelnemers het gevoel dat hulle oor te min kennis beskik en meer inligting benodig.

"Ek weet van die Wet (Kinderwet 38 van 2005) *maar ek **weet nie wat daarin staan nie**."*

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Om meer van die Kinderwet 38 van 2005 te leer, is dus ‘n groot behoefte van die deelnemers. Van die vier (13%) deelnemers wat nie meer oor die Kinderwet 38 van 2005 wil leer nie, het twee (7%) van die deelnemers gesê dat hulle reeds oor genoeg kennis beskik.

*“Nee **ek dra baie kennis** eintlik daarvan.”*

Een van die deelnemers voel sy is te oud om nog te leer en ‘n ander het bloot gesê sy stel nie belang nie. Alhoewel laasgenoemde vier deelnemers nie ‘n behoefte het om meer oor die Kinderwet 38 van 2005 te leer nie, was hulle algehele kennis van die Kinderwet 38 van 2005 egter min en alhoewel hierdie deelnemers nie meer wil leer nie, word hulle steeds deur hierdie Wet geaffekteer.

5.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die bevindinge van die empiriese studie bespreek. ‘n Oorsig van die navorsingsproses wat gevolg is, is gegee en die profiel van die deelnemers aan hierdie studie is bespreek. Kwantitatiewe en kwalitatiewe data-bevindinge is volgens die volgorde van die vraelys (Bylae 2) bespreek en die data is deur middel van tabelle en figure visueel voorgestel. Daar is deurlopend na verwante literatuurstudies verwys om ‘n agtergrond rakende die betrokke vrae wat aan deelnemers gestel is, te verskaf, en om die literatuurbevindinge teenoor hierdie studie se bevindinge te meet. Gevolgtrekkings wat aangaande hierdie bevindinge gemaak kan word, sowel as toepaslike aanbevelings vir intervensie en toekomstige ondersoeke, sal in die volgende hoofstuk, hoofstuk ses, bespreek word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 6

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

Moeders speel ‘n belangrike rol in die fasilitering van hulle voorskoolse kinders se emosionele ontwikkeling. Kennis van voorskoolse emosionele ontwikkeling kan moeders help om hierdie ontwikkeling in hulle kinders te fasiliteer. Daarom is ‘n ondersoek na die kennis waaroor moeders beskik, van belang.

Emosionele ontwikkeling sluit basiese sowel as sekondêre emosies in. Hierdie ondersoek het slegs moeders se kennis van basiese emosies in voorskoolse kinders ondersoek. Relevante literatuur is benut om ‘n semi-gestruktureerde onderhoudskedule saam te stel om ondersoek in te stel na die kennis van moeders wat reeds ‘n kind van ses jaar en ouer versorg het, ten opsigte van basiese voorskoolse emosionele ontwikkeling om dit te kan fasiliteer. Moeders se behoefte aan verdere kennis, asook die rede vir hierdie behoefte, is ondersoek.

Hierdie hoofstuk verskaf gevolgtrekkings en aanbevelings nadat ‘n empiriese ondersoek na die kennis van moeders ten opsigte van basiese voorskoolse emosionele ontwikkeling voltooi is. Die vyfde doelwit van hierdie studie, naamlik om riglyne deur middel van aanbevelings vir ouerskapsopleidingsprogramme aan maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies te verskaf, is ook bereik.

Die doel van hierdie studie was om ‘n begrip te ontwikkel vir wat voorskoolse emosionele ontwikkeling behels, wat Suid-Afrikaanse beleid en wetgewing daaroor skryf en wat moeders se kennis van basiese voorskoolse emosionele ontwikkeling is. Daar is geslaag in die bereiking hiervan deur die volgende doelwitte uit te voer en te bereik:

- In hoofstuk twee is ‘n oorsig van die beleid en wetgewing van kinderbeskerming en- bevordering in Suid-Afrika gegee.
- In hoofstuk drie is die emosionele ontwikkeling van ‘n voorskoolse kind met behulp van ontwikkelingsteorieë beskryf.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- In hoofstuk vier is die rol van die moeder as versorger, vir die fasilitering van die voorskoolse kind se emosionele ontwikkeling, beskryf.
- In hoofstuk vyf is die kennis van moeders as versorgers ten opsigte van basiese voorskoolse emosionele ontwikkeling om dit te kan fasiliteer, empiries ondersoek.

In die volgende gedeelte gaan die gevolgtrekkings en aanbevelings vir hierdie studie weergegee word, ten einde riglyne vir ouerskapsopleidingsprogramme aan gesinsorgorganisasies te verskaf. Aanbevelings vir toekomstige navorsing sal ook gemaak word.

6.2 GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Die gevolgtrekkings en aanbevelings word vervolgens ooreenkomstig die semi-gestruktureerde vraelys (Bylae 2) aangebied. Afdelings behels: Kennis oor die redes waarom ‘n baba huil; kennis oor die redes waarom ‘n voorskoolse kind huil; maniere waarop ’n baba wys dat hy/sy gelukkig is; dinge waarvoor ‘n baba vanaf geboorte tot en met twaalf maande bang is; interaksie met ander persone en die baba se reaksie; moeders se persepsies rakende hulle kind se aggressie; emosionele regulasievermoëns van ‘n tweejarige kind; persepsie van eie kind se temperament; maniere waarop ‘n baba emosie wys; belangrikheid van die moeder se aandag in die eerste jaar na die baba se geboorte; gunstige omgewings vir kinderontwikkeling; die belangrikheid van voorskoolse emosionele ontwikkeling; behoefte aan kennis oor voorskoolse emosionele ontwikkeling; optrede teenoor die kind en latere verhoudings; kennis van die Kinderwet 38 van 2005; en ’n behoefte aan kennis oor die Kinderwet 38 van 2005.

Toepaslike gevolgtrekkings en aanbevelings sal onder elke afdeling bespreek word.

6.2.1 Profiel van die deelnemers: Identifiserende besonderhede

6.2.1.1 Ouderdom

Bevindinge dui aan dat die meeste van die deelnemers in hulle veertigerjare was. Alhoewel hierdie ouderdomsgroep middel-volwassenheid aandui, kan die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gevolgtrekking nie gemaak word dat hierdie deelnemers noodwendig meer blootstelling aan die versorging van kinders gehad het as jonger deelnemers nie.

6.2.1.2 Huwelikstatus

Die *bevindinge* dui aan dat amper die helfte (14 of 46%) van die deelnemers ’n lewensmaat het wat tot die versorging van die kind(ers) kon bydra en ondersteuning aan die moeders kon bied. Alhoewel ’n groot aantal deelnemers tans ’n lewensmaat het, kan daar nie met sekerheid tot die gevolgtrekking gekom word dat die huidige lewensmaat die moeder in die eerste ses jaar van haar kind(ers) se ontwikkeling ondersteun het nie.

6.2.1.3 Opvoedkundige kwalifikasie

Bevindinge dui daarop dat die meerderheid van deelnemers nie hulle skoolloopbaan voltooiingsyfer het nie en slegs een deelnemer ’n kursus na skool voltooi het. Redes vir die lae voltooing van skool is nie ondersoek nie, maar word wel oorweeg as ’n bydraende faktor tot die beoefening van laer-geskoolde werke. Alhoewel ’n laer vlak van geskooldheid tot ’n gevolgtrekking kan lei dat deelnemers oor minder kennis rakende basiese voorskoolse emosionele ontwikkeling beskik, was dit nie in hierdie studie die geval nie en het deelnemers oor goeie kennis rakende basiese voorskoolse emosionele ontwikkeling beskik, wat aan ervaring met hulle eie kinders toegeskryf kan word. Die *gevolgtrekking* kan gemaak word dat ervaring bydra tot bewese kennis.

6.2.1.4 Werksomstandighede en huishoudelike inkomste per maand

Bevindinge dui daarop dat alhoewel die meerderheid (16 of 53%) van deelnemers tans werkloos is,’n groot aantal (13 of 43%) van die deelnemers wel tans werk. Ongeag die groot aantal deelnemers wat tans werk, dui bevindinge steeds op ’n lae algehele inkomste van huishoudings per maand (<R5000 per maand), wat toegeskryf kan word aan die aard van deelnemers se (ongeskoolde) werke. Die *gevolgtrekking* kan gemaak word dat deelnemers oor ’n laer huishoudelike inkomste per maand beskik as gevolg van die beoefening van ongeskoolde werk.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

6.2.1.5 Aantal kinders versorg en aantal versorgde kinders in 'n kleuterskool

Die meeste van die deelnemers (20 of 66%) het slegs een of twee kinders vanaf geboorte tot en met ses jaar versorg. Alhoewel hierdie getal van kinders wat versorg is, nie hoog is nie, was moeders se kennis van basiese voorskoolse emosionele ontwikkeling egter steeds goed. Die *gevolgtrekking* kan gemaak word dat die versorging van min kinders steeds tot goeie kennis oor basiese voorskoolse emosionele ontwikkeling kan lei.

Ongeag die voordele wat kleuterskoolbywoning vir voorskoolse kinders kan inhou, dui *bevindinge* aan dat slegs 39 (59%) van die versorgde kinders die geleentheid gehad het om so 'n kleuterskool by te woon en alhoewel die redes hiervoor nie ondersoek is nie, kan die *gevolgtrekking* gemaak word dat lae huishoudelike inkomstes per maand van deelnemers as 'n bydraende faktor tot laer bywoning van kleuterskole kon dien.

6.2.2 Kennis oor die redes waarom 'n baba huil

Bevindinge dui daarop dat deelnemers in hierdie studie oor goeie kennis rakende die redes waarom babas huil, beskik het. Deelnemers in hierdie studie het egter almal reeds 'n kind van ses jaar en ouer grootgemaak, wat as rede vir hulle kennis waarom babas huil, kan dien, en daarom kan daar nie beweer word dat moeders wat nog nie 'n voorskoolse kind grootgemaak het, oor hierdie kennis sal beskik nie. Volgens bevindinge kan die *gevolgtrekking* gemaak word dat deelnemers in hierdie studie goeie kennis dra oor die redes waarom 'n baba huil as gevolg van die ervaring wat hul opgedoen het in die versorging van kinders. Hierdie kennis kan voordelig wees, deurdat dit deelnemers kan help om die verskillende tipes huil in hulle babas te onderskei en hoe om toepaslik op elke verskillende tipe huil te reageer, ten einde in hulle babas se verskeie behoeftes te voorsien.

Volgens die bogenoemde gevolgtrekking word dit *aanbeveel* dat maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies en klinieke moeders wat geboorte aan hulle eerste kind gee, nader om hulle in te lig waarom babas huil en hoe om tussen verskillende

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

tipes huil in babas te onderskei om die baba se behoeftes te kan bevredig. Hoe om gepas op hierdie tipes huil en behoeftes te reageer, moet deur middel van ouerskapsopleidingsprogramme aangespreek word. Hierdie kennis kan moeders help om ‘n band met hulle babas te vestig en ‘n vorm van sekuriteit aan die baba te verskaf wat gesonde ouer-kind-verhoudings tot gevolg kan hê.

6.2.3 Kennis oor die redes waarom ‘n voorskoolse kind huil

Bevindinge in hierdie studie (afdeling 5.4.2) toon dat deelnemers weet waarom voorskoolse kinders huil deurdat hulle goeie kennis rakende die oorsake van huil in voorskoolse kinders getoon het. Dit blyk egter dat deelnemers nie juis weet hoe om voorskoolse kinders te help om hierdie emosies (huil) te reguleer nie en hulp benodig in die fasilitering van huilregulasie. Die *gevolgtrekking* kan gemaak word dat deelnemers wel kennis dra oor die oorsake van huil in voorskoolse kinders deurdat hulle in die proses van versorging die oorsake tot trane observeer het, maar nie kennis dra van die regulering van huil nie omdat hulle nie geweet het hoe om hulle kinders te help om hulle trane te hanteer nie.

Die *aanbeveling* word gemaak dat maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies ouerskapsopleidingsprogramme aan moeders met voorskoolse kinders loods om moeders met voorskoolse kinders te help met die regulering van hulle kind se trane en hoe om met ‘n gepaste reaksie op voorskoolse kinders se trane te reageer. Bystand kan gebied word aan moeders met kinders wat baie huil en woedebuie gooi, om moeders met moeilike kinders te ondersteun in hierdie proses van emosionele-ontwikkelingsfasilitering en om moeders te help om kinders se trane gepas te hanteer.

6.2.4 Maniere waarop ‘n baba wys dat hy/sy gelukkig is

Bevindinge dui daarop dat deelnemers in hierdie studie oor goeie kennis beskik rakende uitdrukkings van geluk deur die aanduidings van gelukkigheid wat moeders aan die navorser verskaf het. Hierdie aanduidings verwys na die baba wat in baba-taal praat, rustig voorkom, nie huil nie, speel en handjies klap. Alhoewel dit blyk asof deelnemers ‘n begrip het vir wanneer hulle babas gelukkig is, beteken dit nie dat deelnemers in al die baba se behoeftes voorsien om gelukkigheid en tevredenheid te verseker nie. Dit beteken nie noodwendig dat deelnemers so sal optree dat babas

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gelukkig sal wees, juis omdat hulle weet wanneer ‘n baba gelukkig is nie. Deelnemers se kennis rakende die wyse waarop babas aandui dat hulle gelukkig is, kan toegeskryf word aan hulle eie ervarings wat opgedoen is deur kind(ers) groot te maak. Die *gevolgtrekking* dat moeders in die algemeen oor hierdie kennis beskik kan dus nie gemaak word nie.

Daarom word die *aanbeveling* gemaak dat maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies ouerskapsopleidingsprogramme aan moeders met voorskoolse kinders bied om moeders in te lig oor al die baba se behoeftes en hoe om daarin te voorsien, ten einde gelukkige babas en kinders te hê wat daagliks hierdie tekens van gelukkigheid en tevredenheid toon. Moeders wat nog nie ’n kind grootgemaak het nie, kan hierdie kennis benut om vooraf te weet watter tekens gelukkigheid in hulle baba aandui, om te verseker dat hulle babas ook gelukkig/tevrede is.

6.2.5 Dinge waarvoor ‘n baba vanaf geboorte tot en met twaalf maande bang is

Die response van deelnemers toon dat hulle goeie kennis dra daarvan dat ‘n baba bang sal wees as gevolg van ‘n verlies aan ondersteuning (vanaf die versorger); vir harde geluide; vir vreemdelinge; vir hoogtes en skielike en onverwagte voorwerpe deurdat die baba sal huil of ongelukkig voorkom. Omdat deelnemers hierdie kennis het, kan die *gevolgtrekking* gemaak word dat deelnemers oor goeie kennis rakende sommige oorsake van vrees in babas beskik, en dat hierdie kennis benut kan word om angs in babas te reguleer. Dit blyk egter dat deelnemers in hierdie studie nie geweet het dat die kind eers as kleuter oor die kognitiewe vermoëns beskik om bang vir ‘n monster te wees nie, en dat hierdie gebrek aan kennis moontlik ’n tekort in die fasilitering van hulle eie kinders se vrese tot gevolg kan hê. Dit was ook opvallend dat heelwat deelnemers gevra het of spoke en hekse werklik bestaan, en nie insig getoon het dat dit wel vir ‘n jong kind bestaan deurdat ‘n jong kind nog nie tussen fantasie en die werklikheid kan onderskei nie. Die *gevolgtrekking* kan gemaak word dat deelnemers se gebrek aan kennis rakende abstrakte vrese moontlik aan deelnemers se laer vlak van geskooldheid toegeskryf kan word, of weens ’n tekort aan inligting rakende kindervrese.

Na aanleiding van bogenoemde gevolgtrekkings word *aanbeveel* dat maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies ouerskapsopleidingsprogramme moet aanbied wat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

daarop fokus om moeders in te lig oor kindervrese, veral die vrese wat in die kleuterjare voorkom. Moeders moet geleer word dat, alhoewel monsters nie bestaan nie, hierdie dinge vir kinders ‘n werklikheid is en moeders daarom hierdie vrese en angs-verwante emosies in hulle kinders moet reguleer. Inligting rakende dit wat ‘n baba bang maak, kan ook aan moeders wat hulle eerste kind grootmaak, verskaf word sodat die moeder hierdie inligting tydens versorging kan toepas.

6.2.6 Interaksie met ander persone en die baba se reaksie

As ‘n moeder haar baba vashou terwyl sy met ‘n ander persoon praat en vrees toon, ontlok dit dieselfde reaksie in haar baba. Ander emosies, soos woede en hartseer, kan ook reaksies in die baba ontlok en tot gevolg hê dat die baba dieselfde reaksies toon. Volgens *bevindinge* in hierdie studie blyk dit dat nie alle deelnemers (vier of 13%) oor hierdie kennis beskik nie. Alhoewel sommige deelnemers (26 of 87%) in hierdie studie kennis hiervan dra, is dit nie ‘n feit dat hulle dit tydens interaksies met ander persone in ag sal neem nie en word die *gevolgtrekking* gemaak dat die belangrikheid van moeders se gedrag en die invloed daarvan op hulle baba, meer gedurende intervensies en opleidingsprogramme beklemtoon moet word.

Die *aanbeveling* word gemaak dat maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies moeders met pasgebore babas deur middel van ouerskapsopleidingsprogramme inlig oor die invloed van hulle optrede op die baba wanneer hulle hul baba vashou. Die toepassing daarvan moet gekontroleer word, omdat kennis nie noodwendig ‘n verandering in gedrag beteken nie.

6.2.7 Moeders se persepsies rakende hulle eie kinders se aggressie

Bevindinge dui aan dat deelnemers in hierdie studie meerendeels (15 of 50%) nie hulle kinders as aggressief beskou het nie, alhoewel die betrokke kinders volgens die deelnemers tog aggressiewe gedrag getoon het. Laasgenoemde bevindinge is betekenisvol en daarvolgens kan die *gevolgtrekking* gemaak word dat deelnemers se kennis van aggressie moontlik as onvoldoende beskou kan word omdat hulle nie oor die voldoende kennis beskik ten opsigte van gedrag wat as aggressie of aggressief beskou kan word nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit word *aanbeveel* dat maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies ouerskapsopleidingsprogramme aanbied wat daarop fokus om moeders in te lig oor die aard van aggressiewe gedrag in die voorskoolse jare, en hulle bewus te maak daarvan wanneer hierdie gedrag ‘n gevaar raak. Sodoende kan aggressiewe gedrag vroegtydig aangespreek word om wangedrag in die skool te verhoed.

6.2.8 Emosionele regulasievermoëns van ‘n tweejarige kind

Bevindinge dui daarop dat min deelnemers (10 of 33%) in hierdie studie kennis daarvan dra dat ‘n tweejarige kind wel emosies kan reguleer (beheer), indien die ouer die kind fasiliteer in die proses en wys hoe om dit te doen. Hierdie bevinding kan moontlik toegeskryf word aan deelnemers se ervaring van hulle eie tweejariges se gedrag waar tweejariges nie emosies kon reguleer nie. Die *gevolgtrekking* kan vervolgens gemaak word dat dit gelei het tot die deelnemers se aanname dat tweejariges in die algemeen nie hulle emosies kan reguleer nie.

Na aanleiding van die voorafgaande gevolgtrekking word *aanbeveel* dat maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies ouerskapsopleidingsprogramme aanbied wat moeders inlig dat voorskoolse kinders wel emosies kan reguleer, indien die versorger die kind help om dit te doen. Maniere waarop die versorger die kind kan help, byvoorbeeld deur met die kind daaroor te praat, die kind vir wangedrag te straf of ‘n voorbeeld aan die kind te verskaf deur middel van die proses van sosiale verwysing, moet aan versorgers (moeders) oorgedra word.

6.2.9 Moeders se persepsie van hulle eie kinders se temperament

Die meeste deelnemers in hierdie studie het hulle eie kinders as maklik beskou, en weet ook waarom kinders as maklik beskou word. Nie al die deelnemers wat egter hulle kinders as moeilik beskou het, het geweet waarom hulle so beskou word nie. Dit was opvallend in hierdie studie dat sommige deelnemers genoem het dat kinders verskil en dat deelnemers graag om daardie rede meer oor voorskoolse emosionele ontwikkeling sal wil leer. Hierdie verskille in kinders dui op die verskille in kinders se temperamente en die *gevolgtrekking* kan gemaak word dat deelnemers dus ’n behoefte aan inligting ten opsigte van die temperamentele eienskappe van voorskoolse kinders getoon het.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dit word *aanbeveel* dat maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies ouerskapsopleidingsprogramme aanbied wat moeders toerus met kennis oor ‘n kind se temperament, die verskille tussen kinders, en hoe om verskillende kinders met verskillende temperamente te hanteer sodat moeders se behoefte aan kennis bevredig kan word, en hierdie kennis toegepas kan word.

6.2.10 Maniere waarop ‘n baba emosie wys

Die meeste deelnemers in hierdie studie het geweet dat ‘n baba sy/haar emosies deur middel van gesigsuitdrukkings wys en het dus kennis gedra van die manier waarop ‘n baba emosie wys. Deur sommige deelnemers se foutiewe antwoorde, blyk dit egter dat daar wel deelnemers is wat nie oor hierdie kennis beskik dat gesigsuitdrukkings emosies aandui nie. Dit is kommerwekkend dat ‘n versorger wat ‘n baba vir langer as twee jaar versorg het, nie weet dat ‘n baba emosie deur middel van gesigsuitdrukkings wys nie. Hierdie waarneming skep ruimte vir spekulasie rakende die versorger se identifisering van anders emosionele toestande in die baba. Die *gevolgtrekking* word gemaak dat nie alle deelnemers in hierdie studie oor die nodige kennis rakende die manier waarop babas emosie wys, beskik het nie.

Gebaseer op laasgenoemde gevolgtrekking word die *aanbeveling* gemaak dat maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies ouerskapsopleidingsprogramme aanbied wat klem daarop plaas dat babas emosies deur middel van gesigsuitdrukkings wys, en dat moeders sensitief moet wees vir hulle babas se uitdrukkings ten einde in die baba se behoeftes te voorsien, sekuriteit aan die baba te verskaf en die baba te help om sy/haar emosies te kan reguleer.

6.2.11 Belangrikheid van die aandag van die moeder in die eerste jaar na die baba se geboorte

Bevindinge dui aan dat al die deelnemers in hierdie studie kennis daarvan gedra het dat dit belangrik is dat die moeder in die eerste jaar na geboorte self baie aandag aan haar eie baba moet gee, maar slegs 19 (63%) deelnemers kennis daarvan gedra het dat dit belangrik is omdat ‘n band met hulle baba gevorm moet word. Die *gevolgtrekking* word gemaak dat deelnemers se kennis van die versorger-baba-band wat in die baba

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

se eerste lewensjaar gevorm word, steeds min is deurdat 11 (37%) nie oor hierdie kennis beskik het nie.

Na aanleiding van die gevolgtrekking word *aanbeveel* dat maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies ouerskapsopleidingsprogramme aanbied wat moeders daarvan bewus maak dat hulle in die eerste jaar na hulle baba se geboorte self baie aandag aan hulle baba moet gee, om ‘n band met hulle baba te kan vestig. Moeders moet ingelig word oor die betekenis en die belangrikheid van hierdie band en hoe hierdie band met hulle baba gehandhaaf kan word.

6.2.12 Gunstige omgewings vir kinderontwikkeling

Gebaseer op die bevindinge van die studie word die *gevolgtrekking* gemaak dat deelnemers in hierdie studie se persepsie van ‘n goeie omgewing vir kinderontwikkeling ooreenstem met die Suid-Afrikaanse beleid en wetgewing deurdat deelnemers se antwoorde verwys het na die inhoud van sommige Suid-Afrikaanse wette en beleide, onder andere die Kinderwet 38 van 2005 en die Suid-Afrikaanse Grondwet (1996a). Alhoewel deelnemers se persepsies van gunstige omgewings vir kinderontwikkeling betekenisvol is, word daar volgens deelnemers se huishoudelike inkomste per maand afgelei dat die finansiële kapasiteit om gunstige fisiese omgewings vir kinderontwikkeling te skep, laag is.

Daarom word die *aanbeveling* gemaak dat maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies moeders ondersteun in die proses om ‘n vaste werk te kry en motiveer om daarin te volhard. Maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies wat ouerskapsopleidingsprogramme aanbied, moet moeders bewus maak van die verskeie behoeftes van ‘n baba en dat fisiese versorging en voeding van kardinale belang is wat slegs deur middel van ‘n inkomste aan die baba (en voorskoolse kind) verskaf kan word.

6.2.13 Die belangrikheid van voorskoolse emosionele ontwikkeling

Bevindinge dui aan dat al die deelnemers in hierdie studie verstaan het dat voorskoolse emosionele ontwikkeling belangrik is. Die redes wat daarvoor verskaf is, het ooreengestem met literatuur en het onder andere morele ontwikkeling,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

skoolvoorbereiding en emosionele regulasie ingesluit. Die *gevolgtrekking* word gemaak dat, alhoewel deelnemers goeie kennis van die belangrikheid van voorskoolse emosionele ontwikkeling toon, daar steeds ’n behoefte aan verdere kennis om hierdie ontwikkeling te kan fasiliteer, is.

Hiervolgens word *aanbeveel* dat maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies ouerskapsopleidingsprogramme aanbied wat moeders inlig oor al die emosionele ontwikkelinge wat in die voorskoolse jare plaasvind en oor hulle rol as versorger om dit positief te kan fasiliteer.

6.2.14 Moeders se behoefte aan kennis oor voorskoolse emosionele ontwikkeling

Daar is bevind dat deelnemers in hierdie studie ‘n groot behoefte aan kennis rakende voorskoolse emosionele ontwikkeling het. Deelnemers is baie gemotiveerd om meer oor hierdie ontwikkeling te leer om dit te kan fasiliteer en die kennis in hulle gemeenskap te kan toepas. Die *gevolgtrekking* word gemaak dat deelnemers ’n behoefte aan kennis oor voorskoolse emosionele ontwikkeling het en indien deelnemers se kennis van laasgenoemde uitgebrei word, dit tot voordeel van hulle gemeenskap kan wees.

Bronne wat deelnemers in hierdie studie vir die verskaffing van kennis rakende voorskoolse emosionele ontwikkeling gelys het, het ingesluit ‘n kerk, ‘n skool, ‘n kleuterskool en ‘n welsynsorganisasie. Die *gevolgtrekking* word gemaak dat vanuit laasgenoemde bronne ‘n multidimensionele benadering tot die uitbreiding van moeders se kennis oor voorskoolse emosionele ontwikkeling gevolg kan word.

Daar word *aanbeveel* dat maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies saam met plaaslike bronne moet werk om kennis oor voorskoolse emosionele ontwikkeling aan moeders te verskaf, asook oor die moeders se rol in die fasilitering daarvan, sodat hierdie kennis in gemeenskappe benut en toegepas kan word om voorskoolse emosionele ontwikkeling positief te kan fasiliteer.

6.2.15 Optrede teenoor die kind en latere verhoudings

Daar is bevind dat die meerderheid van deelnemers kennis daarvan dra dat die manier waarop ‘n versorger teenoor ‘n voorskoolse kind optree, die basis vir latere

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

verhoudings in die kind se lewe kan vorm. Daar was egter wel deelnemers wat nie oor hierdie kennis beskik het nie. Die *gevolgtrekking* word gemaak dat deelnemers kennis hieroor benodig, en daarom word die *aanbeveling* gemaak dat maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies ouerskapsopleidingsprogramme aanbied wat moeders daarvan bewus maak dat hulle optrede teenoor hulle kinders 'n effek op hulle kinders se latere vorming van verhoudings het. Moeders moet ingelig word oor wat die korrekte optrede is, sodat kinders pro-sosiale en gesonde verhoudings met ander kan vestig.

6.2.16 Kennis van die Kinderwet 38 van 2005

Bevindinge toon dat die kennis van deelnemers in hierdie studie ten opsigte van die Kinderwet 38 van 2005 min is, deurdat vier (13%) deelnemers nie kennis dra van 'n Kinderwet nie, nege (30%) van deelnemers slegs geweet het van die bestaan van so 'n Wet wat gunstige omgewings vir kinderontwikkeling vereis, en dat die oorblywende 17 (57%) min oor hulle kennis kon uitbrei. Die *gevolgtrekking* word gemaak dat deelnemers se kennis van die Kinderwet 38 van 2005 min is.

Na aanleiding van bogenoemde gevolgtrekking word dit *aanbeveel* dat maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies programme aanbied wat kennis aan moeders oor die Kinderwet 38 van 2005 verskaf om moeders se kennis van hierdie Wet te vermeerder, sodat moeders bewus is van hulle kind se regte, hulle eie regte en die nasionale standaarde vir kinderwelstand en -beskerming.

6.2.17 Moeders se behoefte aan kennis oor die Kinderwet 38 van 2005

Daar is bevind dat die meerderheid van die deelnemers (26 of 87%) in hierdie studie 'n behoefte daaraan het om meer oor die Suid-Afrikaanse Kinderwet 38 van 2005 te leer. Redes hiervoor het ingesluit dat deelnemers wil leer om moeilike kinders, wangedrag en verwante situasies te hanteer, en dat meer inligting rakende hierdie Kinderwet 38 van 2005 benodig word. Die *gevolgtrekking* word gemaak dat moeders 'n behoefte het aan kennis oor die Kinderwet 38 van 2005, en gemotiveerd is om hulle kennis oor die Kinderwet 38 van 2005 uit te brei.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Op grond van die bogenoemde gevolgtrekking word die *aanbeveling* gemaak dat maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies in die gemeenskap werkswinkels loods waar kennis oor die Kinderwet 38 van 2005 aan moeders in ‘n maklike, verstaanbare formaat verskaf kan word. Die Kinderwet 38 van 2005 moet ook meer toeganklik vir moeders wees, deur ‘n paar kopieë by elke plaaslike welsynsorganisasie te plaas waar moeders dit kan lees en hulp kan vra indien die inhoud kompleks of verwarrend voorkom.

6.3 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Hierdie studie het slegs die basiese emosionele ondersteuning van ‘n voorskoolse kind ondersoek. Studies rakende moeders se kennis van sekondêre emosionele ontwikkeling en die fasilitering daarvan moet ook uitgevoer word. Hierdie studie het ook slegs moeders se kennis van basiese voorskoolse emosionele ontwikkeling ondersoek en ‘n studie na vaders se kennis, asook hulle persepsie van hulle rol in die fasilitering van voorskoolse emosionele ontwikkeling, kan as waardevolle inligting dien.

6.4 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het ‘n oorsig rakende die doel van hierdie studie verskaf en aangedui dat die doelwitte vir hierdie studie suksesvol uitgevoer en bereik is. Die laaste doelwit vir hierdie studie, naamlik om riglyne deur middel van aanbevelings vir ouerskapsopleidingsprogramme aan maatskaplike werkers by gesinsorgorganisasies te verskaf, is bereik. Gevolgtrekkings en aanbevelings aangaande moeders se kennis om voorskoolse emosionele ontwikkeling te kan fasiliteer, is verskaf, en aanbevelings vir toekomstige navorsing is gemaak.

Alhoewel die navorser vooraf onder die indruk was dat deelnemers se kennis van basiese voorskoolse emosionele ontwikkeling moontlik as gevolg van hulle profiel laag sal wees, is die teendeel deur hierdie studie bewys. Die kennis van deelnemers in hierdie studie ten opsigte van basiese voorskoolse emosionele ontwikkeling was goed

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

en dit is betekenisvol om die rol wat lewenservaring as ’n vorm van kennis gespeel het, in ag te neem.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BIBLIOGRAFIE

Aardt, C.J. 2010. *Personal Income Estimates for South Africa* [Intyds]. Beskikbaar: http://www.unisa.ac.za/contents/faculties/ems/docs/Press396.pdf [2012, Julie 18].

Adejuwon, A.G. 2005. Mothers' Self-evaluation, Attribution in Parenting and Coping Strategies on Child Externalizing Behaviour in Ibadan, Nigeria. *Psychologia*, 13(1):101-112.

Addressing Missed Opportunities for Early Childhood Mental Health Intervention: Current Knowledge and Policy Implications. 2003. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.apa.org/pi/families/resources/early-mental-health.pdf [2012, Februarie 3].

Alink, A.L.R., Cicchetti, D., Fred, J.K. & Rogosch, A. 2009. Mediating and Moderating Processes in the Relation between Maltreatment and Psychopathology: Mother-child Relationship Quality and Emotion Regulation. *Journal of Abnormal Child Psychology*, 37 (6): 831-843.

Anderson, J. & Poole, M. 2009. *Assignment and Thesis Writing*. Kaapstad: Juta.

Atkinson, R.L., Atkinson, R.C., Smith, E.E. & Bem, D.J. 1990. *Introduction to Psychology*. 10de uitgawe. San Diego, Kalifornië: Harcourt Brace Jovanovich.

Aves, C. 2006. *Understanding 6-7-year-olds*. Londen: Jessica Kingsley.

Babbie, E. 1998. *Survey Research Methods*. 2de uitgawe. Belmont, Kalifornië: Wadsworth.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bak, N. 2004. *Completing your Thesis: A Practical Guide*. Pretoria: Van Schaik.

Bandura, A. 1977. *Social Learning Theory*. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

Barker, R.L. 2003. *The Social Work Dictionary*. 5de uitgawe. Washington, D.C.: NASW press.

Bar-On, R., Maree, K. & Elias, M. 2006. *Educating People to be Emotionally Intelligent*. Sandton: Heinemann.

Kritzinger, Eksteen (red.). *Beknopte Verklarende Woordeboek*. 1989. Kaapstad: Van Schaik.

Belsky, J. & Steinberg, L.D. 1978. The Effects of Day Care: A Critical Review. *Child Development*, 49(4): 929-949.

Berk, L.E. 2009. *Child Development*. 8ste uitgawe. Boston: Pearson Higher Education.

Bernard van Leer Foundation. 2004. *Submission to the United Nations Committee on the Rights of the Child Day of Discussion: Implementing Child Rights in Early Childhood. Children are our future* [Intyds]. Beskikbaar: http://www.bernardvanleer.org/files/crc//.B%20Peter_Laugharn (BVLF).pdf [2012, Februarie 3].

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Beyer, J., Du Preez, E., Eskell-Blokland, L., Freeman, M., Gcabo, R., Govender, K., Kaldine, F., Makgathi, M., Moleko, A. G., Petersen, I., Radebe, B., Ratele, K. & Viljoen, G. 2007. *Contextualizing Community Psychology in South Africa*. Pretoria: Van Schaik.

Bion, R.W. 1991. *Learning from Experience*. 3de uitgawe. Londen: H. Karnac.

Black, T.R. 1999. *Doing Quantitative Research in the Social Sciences*. Londen: SAGE.

Blaikie, N. 2000. *Designing Social Research*. Cambridge, UK: Polity Press.

Bless, C., Higson-Smith, C. & Kagee, A. 2006. *Fundamentals of Social Research Methods: An African Perspective*. 4de uitgawe. Kaapstad: Juta.

Boezaart, T. 2009. *Child Law in South Africa*. Kaapstad: Juta.

Borgquist, A. 1906. Crying. *The American Journal of Psychology*, 19(2):149-205.

Botha, A.D. 2005. *Ontmoet jou kind: 'n Handleiding vir ouers van 2 tot 6 jariges*. Pretoria: Millenium D.T.P. & Repro House CC.

Bowlby, J. 1969. *Attachment and Loss*. Vol.1. New York: Basic Books.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bowlby, J. 1988. *A Secure base: Clinical Applications of Attachment Theory*. Londen: Routledge.

Bråten, S. 2006. *Intersubjective Communication and Emotion in Early Ontogeny*. Cambridge: Cambridge University Press.

Braungart, J.M., Plomin, R., De Fries, C.J. & Fulker, D.W. 1992. Genetic Influence on Tester-rated Infant Temperament as assessed by Bayley's Infant Behavior Record: Nonadoptive and adoptive siblings and twins. *Developmental Psychology*, 28(1):40-47.

Bronfenbrenner, U. 2005. *Making Human Beings Human: Bioecological Perspectives on Human Development.* Thousand Oaks: Sage Publications.

Bruckel, S., Fitzgerald, E.H., Ham, H.P., Noll, B.R., Schneider, A.M. & Zucker, A.R. 1993. Prediction of Behaviour Problems in Three-year-old sons of Alcoholics: Early Evidence for the Onset of Risk. *Child Development*, 64(1):110-123.

Bukatko, D. & Daehler, M.W. 2004. *Child Development: A Thematic Approach*. 3de uitgawe. Boston, Mass: Houghton Mifflin.

Butterfield, J., Summers, E., Holmes, A., Daintith, J., Isaacs, A., Law, J. & Martin, E. 2003. *Collins Dictionary*. 6de uitgawe. Glasgow: HarperCollins Publishers.

Cohen, S. 1971. The Development of Aggression. *Review of Educational Research*, 41(1):71-85.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Collings, S.J. 2006. Familial Substance Abuse and Child Maltreatment: The Need for a Contextually Relevant and Systematic Exploration of the Problem in the South African Context. *Child Abuse Research in South Africa*, 7(2):8-11.

Cook, P. *Mothering Denied*: *The Sources of Love, and How our Culture Harms Infants, Women, and Society* [Intyds]. Beskikbaar: http://www.optusnet.com.au/pcook62/090424MDA4.pdf [2012, Februarie 3].

Corsini, R.J. 2002. *The Dictionary of Psychology*. New York, N.Y.: Brunner Mazel.

Craig, G.J. 1992. *Human Development*. 6de uitgawe. New Jersey: Prentice-Hall.

Creswell, J.W. 2009. *Research Design: Qualitative, Quantitative and Mixed Methods Approaches.* 3de uitgawe. Thousand Oaks: Sage.

Crockenberg, C.S. & Leerkes, E.M. 2004. Infant and Maternal Behaviors Regulate Infant Reactivity to Novelty at 6 Months. *Developmental Psychology*, 40: 1123-1132.

Damgaard, I.N., Jensen, T.K., Petersen, J.H., Skakkebaek, N.E., Toppari, J. & Main, K.M. 2007. Cryptorchidism and Maternal Alcohol Consumption During Pregnancy. *Environmental Health Perspectives*, 115(2): 272-277.

Deater-Deckard, K., Lefrancois, G.R., Hardman, D., Reid, V., Sirios, S. & Spencer, J. 2002. *Developmental Psychology*. Vol. 4. London: Brown Partworks.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

De Haan, A.D., Prinzie, P., & Deković, M. 2010. How and Why Children Change in Aggression and Delinquency from Childhood to Adolescence: Moderation of Overreactive Parenting by Child Personality. *Journal of Child Psychology*, 51(6): 725-733.

Denham, A.S. & Grout, L. 2002. Mothers' Emotional Expressiveness and Coping: Relations with Preschoolers' Social-Emotional Competence. *Merill-Palmer Quarterly*, 48(2): 133-159.

Denham, S.A., Mitchell-Copeland, J., Strandberg, K., Auerbach, S. & Blair, K. 1997. Parental Contributions to Preschoolers' Emotional Competence: Direct and Indirect Effects. *Motivation and Emotion*, 21(1):65-86.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2011. *Research At Grass Roots.* 4de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Dobson, J. 2004. *Praktiese ouerskap: Hanteer kinderopvoeding met selfvertroue*. Paarl: Paarl Print.

Dollard, J., Miller, E.N., Doob, L.W., Mowrer, H.O. & Sears, R.R. 1939. *Frustration and Aggression*. New Haven: Yale University Press.

Donovan, C.L. & Spence, H.S. 2000. Prevention of Childhood Anxiety Disorders. *Clinical Psychology Review*, 20(4): 509-531.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Edwards, L.S., Rapee, M.R. & Kennedy, S. 2010. Prediction of Anxiety Symptoms in Preschool-aged Children: Examination of Maternal and Paternal Perspectives. *Journal of Child Psychology and Psychiatry*, 51(3): 313-321.

Eisenberg, N., Cumberland, A. & Spinrad, L.T. 1998. Parental Socialization of Emotion. *Psychological Inquiry*, 9: 241-273.

Elliott, A. 2002. *Psychoanalytic Theory: An Introduction*. 2de uitgawe. Basingstoke: Palgrave.

Emanuel, L. 2005. *Understanding Your Three-year-old*. Londen: Jessica Kingsley Publishers.

Erikson, E. H. 1963. *Childhood and Society*. 2de uitgawe. New York, N.Y.: Norton.

Erikson, E. H. 1995. *Childhood and Society*. Hersiene uitgawe. Londen: Vintage.

Feinman, S. & Lewis, M. 1983. Social Referencing at Ten Months: A Second-order Effect on Infants' Responses to Strangers. *Child Development*, 54: 878-887.

Fitzgerald, E.H., Sullivan, L.S., Ham, H.P., Zucker, A.R., Bruckel, S., Noll, B.R. & Schneider, A.M. 1993. Prediction of Behaviour Problems in Three-year-old Sons of Alcoholics: Early Evidence for the Onset of Risk. *Child Development*, 64(1):110-123.

Foley, R.A. 1991. *The Origins of Human Behaviour*. Londen: Unwin Hyman.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Fonagy, P. 2005. Psychoanalytical Theories, in Hopkins, B. (red.). *The Cambridge Encyclopedia of Child Development.* Cambridge: Cambridge University Press: 77-80.

Freud, S. 1966. *The Standard Edition of the Complete Psychological Works of Sigmund Freud: The Ego and the ID and Other Works*. Vertaal deur James Strachey in samewerking met Anna Freud. Volume 19. Londen: Hogarth.

Freud, S. 2001. *The Standard Edition of the Complete Psychological Works of Sigmund Freud: New Introductory Lectures on Psycho-analysis and Other Works*. Vertaal deur James Strachey in samewerking met Anna Freud. Volume 22. Londen: Vintage.

Garner, P.W., Jones, C.D., Gaddy, G. & Rennie, K.M. 1997. Low-income Mothers' Conversations about Emotions and their Children's Emotional Competence. *Social Development,* 6(1): 37-52.

Garrett, P., Ferron, J., Ng'Andu, N., Bryant, D. & Harbin, G. 1994. A Structural Model for the Developmental Status of Young Children. *Journal of Marriage and Family*, 56(1):147-163.

Gedo, J.E. & Goldberg, A. 1973. *Models of the Mind: A Psychoanalytic Theory*. Chicago Ill.: University of Chicago Press.

Germain, C.B. & Gitterman, A. 1980. *The Life Model of Social Work Practice*. New York: Columbia University Press.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Glascoe, F.P. & MacLean, E.W. 1990. How Parents Appraise their Child's Development. *Family Relations*, 39(3): 280-283.

Gleason, R.T., Gower, A.L., Gleason, C.T. & Hohmann, L.M. 2005. Temperament and Friendship in Preschool-aged Children. *International Journal of Behavioral Development*, 29(4): 336-344.

Gordon, T. 2000. *Parent Effectiveness Training*: *The Proven Program for Raising Responsible Children*. 30ste uitgawe. New York: Three Rivers Press.

Gravetter, F.J. & Forzano, L.B. 2009. *Research Methods for the Behavioural Sciences*. 3de uitgawe. Belmont, CA: Wadsworth Cengage Learning.

Grobbelaar, A. & Ryke, E.H. 2004. Kennis- en leerbehoeftes van ouers met kleuters. *Koers*, 69(1): 81-100.

Gross, J.J. 1998. The Emerging Field of Emotion Regulation: An Integrative Review. *Review of General Psychology*, 2: 271-299.

Gullone, E., Hughes, E.K., King, J.N. & Tonge, B. 2010. The Normative Development of Emotion Regulation Strategy Use in Children and Adolescents: A 2-Year Follow-up Study. *Journal of Child Psychology and Psychiatry*, 51(5): 567-574.

Haefele, B. 2011. The Affect of Prenatal Methamphetamine Abuse on Children's Early Childhood Behaviour: An Explorative Study in Mitchells Plain. *Child Abuse Research*, 12(2): 36-44.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hampden-Turner, C. 1971. *Radical Man*. Garden City, N.Y.: Anchor Books.

Hampton, R.L. 1993. *Family Violence Prevention and Treatment*. Londen: Sage Publications.

Harden, B.J. & Whittaker, J.V. 2011. The Early Home Environment and Developmental Outcomes for Young Children in the Child Welfare System. *Children and Youth Services Review*, 33: 1392-1403.

Hardy, M., Heyes, S., Crews, J., Rookes, P. & Wren, K. 1990. *Studying Child Psychology*. Oxford: Oxford University Press.

Haugland, B.M.S. 2005. Recurrent Disruptions of Rituals and Routines in Families with Paternal Alcohol Abuse. *Family Relations*, 54(2): 225-241.

Hay, D.F., Perra, O., Hudson, K., Waters, C.S., Mundy, L., Phillips, R., Goodyer, I., Harold, G., Thapar, A., Van Goozen, S. & CCDS Team. 2010. Identifying Early Signs of Aggression: Psychometric Properties of the Cardiff Infant Contentiousness Scale. *Aggressive Behavior*, 36:351-357.

Hayes, N. 2000. *Foundations of Psychology*. 3de uitgawe. Londen: Thomson Learning.

Hetherington, E.M. & Parke, D.R. 1993. *Child Psychology: A Contemporary Viewpoint*. 4de uitgawe. New York: McGraw-Hill.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hornby, A.S. 2005. Oxford Advanced Learner's Dictionary. 7de uitgawe. Oxford: Oxford University Press.

Huitt, W. 2007. *Maslow's Hierarchy of Needs* [Intyds]. Beskikbaar: http://www.edpsycinteractive.org/topics/regsys/maslow.html [2011, Februarie 20].

Jerome, K. 1999. The Role of Parents in Children's Psychological Development. *Pediatric*, 104(12):164-167.

Joesch, J.M. & Hiedemann, B.G. 2002. The Demand for Nonrelative Child Care among Families with Infants and Toddlers: A double-hurdle approach. *Journal of Population Economics*, 15(3): 495-526.

Johnson, L.C. & Yanca, S.J. 2007. *Social Work Practice: A Generalist Approach*. 9de uitgawe. Boston: Allyn & Bacon.

Johnson, L.C. & Yanca, S.J. 2010. *Social Work Practice: A Generalist Approach*. 10de uitgawe. Boston: Allyn & Bacon.

Jones, G.S. 2004. *Understanding Your One-year-olds*. Londen: Jessica Kingsley.

Jones, S.S. & Raag, T. 1989. Smile Production in Older Infants: The Importance of a Social Recipient for the Facial Signal. *Child Development*, 60(4): 811-818.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Jordaan, J. & Jordaan, W. 1998. *Mense in Konteks*. 3de uitgawe. Sandton: Heinemann.

Kandel, B.D. 1990. Parenting Styles, Drug Use, and Children's Adjustment in Families of Young Adults. *Journal of Marriage and the Family*, 52(1): 183-196.

Kawakami, K., Takai-Kawakami, K., Kawakami, F., Tomonga, M., Suzuki, M. & Shimizu, Y. 2008. Roots of Smile: A Preterm Neonates' Study. *Infant Behaviours & Development*, 31: 518-522.

Kawakami, K., Takai-Kawakami, K., Tomonga, M., Suzuki, J., Kusaka, T. & Okai, T. 2006. Origins of Smile and Laughter: A Preliminary Study. *Early Human Development*, 82: 61-66.

Keller, H., Lohaus, A., Völker, S., Cappenberg, M. & Chasiotis, A. 1998. Relationships Between Infant Crying, Birth Complications and Maternal Variables. *Child: Care, Health and Development*, 24(5):377-394.

Kim, G., Walden, A T. & Knieps, L.J. 2010. Impact and Characteristics of Positive and Fearful Emotional Messages during Infant Social Referencing. *Infant Behavior & Development*, 33: 180-195.

LaFreniere, J.P. 2000. *Emotional Development: A Biosocial Perspective*. Belmont, CA: Wadsworth.

Landman, M. 2009. Inside the Black Box of a Successful Parent-infant Intervention in a South-African Informal Settlement: Mothers' and Counsellors' Accounts of the

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Process. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Lenze, N.S., Pautsch, J. & Luby, J. 2011. Parent-child Interaction Therapy Emotion Development: A Novel Treatment for Depression in Preschool Children. *Depression and Anxiety*, 28(2):153-159.

Little, C. & Carter, A.S. 2005. Negative Emotional Reactivity and Regulation in 12-Month-olds Following Emotional Challenge: Contributions of Maternal-infant Emotional Availability in a Low-income Sample. *Infant Mental Health Journal*, 26:354-368.

Loeber, R. & Hay, D. 1997. Key Issues in the Development of Aggression and Violence from Childhood to Early Adulthood. *Annual Review of Psychology*, 48: 371-410.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. *Menslike Ontwikkeling*. 3de uitgawe. Pretoria: Kagiso Tersiêr.

Lyons-Ruth, K. 1998. Implicit Relational Knowing: Its Role in Development and Psychoanalytic Treatment. *Infant Mental Health Journal*, 19: 282-289.

Manassis, K. & Bradley, J.S. 1994. The Development of Childhood Anxiety Disorders: Toward an Integrated Model. *Journal of Applied Developmental Psychology,* 15:345-366.

Maroni, L. 2007. *Understanding 4-5-year-olds*. Londen: Jessica Kingsley Publishers.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Marshall, L.N. 2004. The Quality of Early Child Care and Children's Development. *Current Directions in Psychological Science*, 13(4): 165-168.

Maslow, A.H. 1970. *Motivation and Personality*. 2de uitgawe. New York: Harper & Row Publishers.

May, T. 1993. *Social Research: Issues, Methods and Process*. Buckingham: Open University.

McKendrick, B. & Hoffmann, W. 1990. *People and Violence in South Africa*. Kaapstad: Oxford University Press.

McLeod, B.D., Wood, J.J. & Weisz, J.R. 2007. Examining the Association between Parenting and Childhood Anxiety: A Meta-analysis. *Clinical Psychology Review*, 27: 155-172.

Messinger, D.S., Cassel, D.T., Acosta, I.S., Ambadar, Z. & Cohn, F.J. 2008. Infant Smiling Dynamics and Perceived Positive Emotion. *Journal of Nonverbal Behavior*, 32:133-155.

Meyer, W.F., Moore, C. & Viljoen, H.G. 2008. *Personology: From Individual to Ecosystems.* 4de uitgawe. Johannesburg: Heinemann.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Mian, D.N., Wainwright, L., Briggs-Gowan, J.M. & Carter, A.S. 2011. An Ecological Risk Model for Early Childhood Anxiety: The Importance of Early Child Symptoms and Temperament. *Journal for Abnormal Child Psychology*, 39:501-512.

Morawska, A. & Sanders, M.R. 2005. Can Changing Parental Knowledge, Dysfunctional Expectations and Attributions, and Emotion Regulation Improve Outcomes for Children? in: Tremblay, R. E., Boivin, M. & DeV Peters, R. (red.). *Encyclopedia on Early Childhood Development*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.child-encyclopedia.com/documents/Sanders-MorawskaANGxp.pdf [2012, Maart 3].

Murray, L., De Rosnay, M., Pearson, J., Bergeron, C., Schofield, E., Royal-Lawson, M. & Cooper, J.P. 2008. Intergenerational Transmission of Social Anxiety: The Role of Social Referencing Processes in Infancy. *Child Development*, 79(4):1049-1064.

Newman, B.M. & Newman, P.R. 1999. *Development Through Life: A Psychosocial Approach*. 7de uitgawe. London: Brooks/Cole Wadsworth.

NICHD Early Child Care Research Network. 2002. Early Child Care and Children's Development Prior to School Entry: Results from the NICHD Study of Early Child Care. *American Educational Research Journal*, 39(1): 133-164.

Norman, D.A. 1969. *Memory and Attention: An Introduction to Human Information Processing.* 2de uitgawe. New York: John Wiley.

Oppenheim, A. N. 1992. *Questionnaire Design, Interviewing and Attitude Measurement*. 2de uitgawe. Londen: Pinter.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Olson, L.S., Lopez-Duran, N., Lunkenheimer, E.S., Chang, H. & Sameroff, A.J. 2011. Individual Differences in the Development of Early Peer Aggression: Integrating Contributions of Self-regulation, Theory of Mind, and Parenting. *Development and Psychopathology*, 23(1):253-266.

Onchwari, G. & Keengwe, J. 2011. Examining the Relationship of Children's Behaviour to Emotion Regulation Ability. *Early Childhood Education*, 39: 279-284.

Ovens, M. 2009. A Criminological Perspective on the Prenatal Abuse of Substances During Pregnancy and the Link to Child Abuse in South Africa. *Early Child Development and Care*, 179(4): 503-516.

Papalia, D.E., Olds, S.W. & Feldman, D.R. 2009. *A Child's World: Infancy through Adolescence.* 11de uitgawe. New York: McGraw-Hill.

Parke, R.D. 1972. *Recent Trends in Social Learning Theory*. New York: Academic Press.

Payne, M. 1991. *Modern Social Work Theory: A Critical Introduction*. Basing stoke, Hampshire: MacMillan.

Pellegrini, A.D., Bohn-Gettler, C.M., Dupuis, D., Hickey, M., Roseth, C. & Solberg, D. 2011. An Empirical Examination of Sex Differences in Scoring Preschool Children's Aggression. *Journal of Experimental Child Psychology*, 109:232-238.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Petropulos, M. 1980. *Baby and Child Care*. Kaapstad: Struik.

Plug, C., Louw, A.D.P., Gouws, A.L. & Meyer, F.W. 1997. *Verklarende en vertalende sielkunde woordeboek*. 3de uitgawe. Sandton: Heineman.

Poston, B. 2009. *An Exercise in Personal Exploration: Maslow's Hierarchy of Needs* [Intyds]. Beskikbaar: http://www.astd2007.ast.org/publications/Journal%20Archive/2009/8_August_2009/CE.pdf [2011, Februarie 20].

Reijneveld, A.S., Brugman, E. & Hirasing, A.R. 2001. Excessive Crying in Infants: The Impact of Varying Definitions. *Pediatrics,* 108(4):893.

Rensburg, I. 2001. *White Papers: Early Childhood* [Intyds]. Beskikbaar: http:www.pmg.org.za [2012, Februarie 20].

Republic of South Africa, 1978. *Social Service Professions Act 110 of 1978*. Pretoria: Staatsdrukkery.

Republic of South Africa. Department of Education. 1995. *Education White Paper on Education and Training*. [Intyds]. Beskikbaar: www.info.gov.za [2012, Februarie 22].

Republic of South Africa. 1996a. *Constitution of the Republic of South Africa, Act 108 of 1996*. Pretoria: Staatsdrukkery.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Republic of South Africa. 1996b. *Interim Policy for Early Childhood Development* [Intyds]. Beskikbaar: http://www.info.gov.za [2012, Februarie 21].

Republic of South Africa. Department of Social Development. 1997. *Whitepaper for Social Welfare* [Intyds]. Beskikbaar: http://www.gov.za/whitepaper/1997/soswel97.htm [2012, Maart 3].

Republic of South Africa. 2005. *Children's Act 38 of 2005*. Kaapstad: Staatsdrukkery.

Republic of South Africa. 2007. *Children's Amendment Act 41 of 2007*. Kaapstad: Staatsdrukkery.

Parliamentary Monitoring Group. 2009. *Domestic Violence Act, Child Justice Act & Children's Act Implementation: Briefing by Social Development Department; Department of Health Services to Victims of Domestic Violence & Abuse.* [Intyds]. Beskikbaar: http://www.pmg.org.za/report/20090916-department-social-development-status-implementation-domestic-violence [2012, Februarie 20].

Republic of South Africa. Department of Social Development. 2011. *Green Paper on Families.* [Intyds]. Beskikbaar: http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=152939 [2012, Februarie 20].

Rikhy, S., Tough, S., Trute, B., Benzies, K., Kehler, H. & Johnston, D.W. 2010. *Gauging Knowledge of Developmental Milestones among Alberton Adults: a Cross-sectional Survey* [Intyds]. Beskikbaar: http://www.biomedcentral.com/1471-2458/10/183. [2011, Januarie 31].

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Roosa, M.W., Tein, J., Groppenbacher, N., Michaels, M., & Dumka, L. 1993. Mothers' Parenting Behaviour and Child Mental Health in Families with a Problem Drinking Parent. *Journal of Marriage and the Family*, 55(1):107-118.

Rotenberg, J.K. 2010. *Interpersonal Trust During Childhood and Adolescence*. Cambridge: Cambridge University Press.

Roque, L. & Verissimo, M. 2011. Emotional Context, Maternal Behavior and Emotion Regulation. *Infant Behavior and Development*, 34: 617-626.

Rubin, H.J. 1983. *Applied Social Research*. Columbus, Ohio: Merill.

Rutter, M. 1972. *Maternal Deprivation Reassessed*. Harmondsworth, England: Penguin.

SASSA. 2011. Presentation to the University of Stellenbosch: 4th Year Social Work students. Overview by SASSA Western Cape Region – Operations Management Unit. Ongepubliseerde klasnotas (Maatskaplike Werk 1, 11-15). Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Skelton, A., Carnelley, M., Human, S., Robinson, A.J. & Smith, B. 2011. *Familiereg in Suid-Afrika*. Kaapstad: Oxford University Press.

Sloth-Nielsen, J. 2002. Children's Rights in the South African Courts: An Overview Since Ratification of the UN Convention on the Rights of the Child. *The International Journal of Children's Rights*, 10: 137-156.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Smith, R. 1989. *Speel met jou kind en berei hom voor vir die grootmenswêreld.* Kaapstad: Human & Rousseau.

Smith, S. 2010. Helping Parents Cope with Crying Babies: Decision-making and Interaction at NHS Direct. *Journal of Advanced Nursing*, 66(2): 381-391.

South Africa's children: A Review of Equity and Child Rights. 2011. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.pmg.org.za [2012, Februarie 20].

South African Human Rights Commision. 2011. *South Africa's Children: a Review of Equity and Child Rights.* [Intyds]. Beskikbaar: http://www.sahrc.org.za [2012, Februarie 20].

Spielberger, C.D. 2010. State-Trait Anxiety Inventory. *Corsini Encyclopedia of Psychology*. [Intyds]. Beskikbaar: http://onlinelibrary.wiley.com/doi/10.1002/9780470479216.corpsy0943/abstract [2012, Maart 2].

Stevens, H.J. 2005. Child Development Knowledge and Parenting Skills. *Infant Mental Health Journal*, 26: 143-156.

Strathearn, L., Li, J., Fonagy, P. & Montague, P.R. 2008. What's in a Smile? Maternal Brain Response to Infant Facial Cues. *Pediatrics*, 122(1): 40-51.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Swartz, L., De la Rey, C., Duncan, N. & Townsend, L. 2008. 2de uitgawe. *Psychology: An Introduction*. Kaapstad: Oxford University Press.

Thomas, A. & Chess, S. 1977. *Temperament and Development*. New York: Brunner/ Mazel .

Toman, W. 1960. *An Introduction to Psychoanalytic Theory of Motivation*. New York: Pergamon Press Inc.

Towle, C. 1957. *Common Human Needs*. Hersiene uitgawe. New York: National Association of Social Workers.

Tronick, D.E. 2007. *The Neurobehavioral and Social-emotional Development of Infants and Children.* New York: W. W. Norton.

Valentino, K. & Cicchetti, D. 2011. Mother-child Play and Maltreatment: A Longitudinal Analysis of Emerging Social Behaviour from Infancy to Toddlerhood. *Developmental Psychology*, 47(5):1280-1294.

Van Bakel, A.J.H. & Riksen-Walraven, J.M. 2002. Parenting and Development of One-year-olds: Links with Parental, Contextual and Child Characteristics. *Child Development*, 73(1): 256-273.

Van den Akker, A.L., Dekovic, M., Prinzie, P. & Asscher, J.J. 2010. Toddlers' Temperament Profiles: Stability and Relations to Negative and Positive Parenting. *Journal of Abnormal Child Psychology*, 38(4):485-495.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VandenBos, G.R. 2007. *APA Dictionary of Psychology*. Washington, D.C.: American Psychological Association.

Van Elfen, J. 1972. *Kindersorg: 'n Volledige handleiding oor kinders van ses tot veertien jaar*. Kaapstad: Tafelberg.

Vaughn, B.E., Kopp, B.C. & Krakow, B.J. 1984. The Emergence and Consolidation of Self-control from 18 to 30 Months of Age: Normative Trends and Individual Differences. *Child Development*, 55: 990-1004.

Vogel, D. 2008. Parent Involvement in Learning as Preventative Factor against Youth Misbehaviour. *Acta Criminologica*, 21(2): 16-26.

Volling, B.L., McElwain, L.N. & Miller, A.L. 2002. Emotion Regulation in Context: The Jealousy Complex between Young Siblings and its Relations with Child and Family Characteristics. *Child Development*, 73: 581-600.

Volling, B.L., McElwain, L.N., Notaro, C.P. & Herrera, C. 2002. Parents' Emotional Availability and Infant Emotional Competence: Predictors of Parent-infant-attachment and Emerging Self-regulation. *Journal of Family Psychology*, 16: 447-465.

Von Salisch, M. 2001. Children's Emotional Development: Challenges in their Relationships to Parents, Peers and Friends. *International Journal of Behavioural Development*, 25(4): 310-319.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Voydanoff, P. & Donnely, B.W. 1998. Parents' Risk and Protective Factors as Predictors of Parental Well-being and Behaviour. *Journal of Marriage and Family*, 60(2): 344-355.

Wait, J. Meyer, J. & Loxton, H. 2005. *Human Development: A Psychosocial Approach*. 3de uitgawe. Bellville: Ebony Books.

Weinberg, M.K., Tronick, E.Z., Cohn, F.J. & Olson, K.L. 1999. Gender Differences in Emotional Expressivity and Self-regulation during Early Infancy. *Developmental Psychology,* 35:175-188.

Winsler, A., Tran, H., Hartman, S.C., Madigan, A.L., Manfra, L. & Bleiker, C. 2008. School Readiness Gains made by Ethically Diverse Children in Poverty Attending Centre-based Childcare and Public School Pre-kindergarten Programs. *Early Childhood Research Quarterly*, 23:314-329.

Wolf, P. 1987. *The Development of Behavioural States and Expression of Emotion in Infancy.* Chicago: The University of Chicago Press.

Yap, B.H.M., Allen, B.N., O'Shea, M., Di Parsia, P., Simmons, G.J. & Sheeber, L. 2011. Early Adolescents' Temperament, Emotion Regulation during Mother-child Interactions, and Depressive Symptomology. *Development and Psychopathology*, 23:267-282.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 1

INWILLIGING OM DEEL TE NEEM AAN NAVORSING

MOEDERS SE FASILITERING VAN HULLE VOORSKOOLSE KINDERS SE EMOSIONELE ONTWIKKELING: 'N KINDERREGTE-PERSPEKTIEF

U word gevra om deel te neem aan 'n navorsingstudie wat uitgevoer word deur die navorser Angelique Albertyn [huidiglik besig met 'n meestersgraad in maatskaplike werk] aan die Universiteit van Stellenbosch. Resultate van hierdie studie sal deel vorm van 'n tesis.

U is as moontlike deelnemer aan die studie gekies omdat u vroulik is en oor 'n kind bo die ouderdom van ses jaar beskik, van wie u die primêre versorger is en deel vorm van Kindersorg Stellenbosch se kliëntebasis.

1. Doel van die studie

Die doel van hierdie studie is om vas te stel oor watter kennis moeders met 'n kind bo die ouderdom van ses jaar beskik rakende die kind se emosionele ontwikkeling. Indien daar areas bestaan waarin moeders onvolledige kennis rakende hulle kind se emosionele ontwikkeling het, of 'n behoefte aan meer kennis met die navorser meedeel, sal dit aangespreek word in aanbevelings vir dienslewering sodat organisasies wat dienste aan moeders lewer, bewus is daarvan en dit in ag kan neem wanneer toekomstige programme vir ouerskapsopleiding saamgestel word.

2. Prosedure

Indien u inwillig om aan die studie deel te neem, vra ons dat u die volgende moet doen:

U moet terugvoer verskaf oor vrae in die vorm van 'n semi-gestruktureerde onderhoud. Sommige vrae sal u 'n opsie uit 'n paar blokkies moet kies, ander vrae sal u moet uitbrei oor u sienings of behoeftes. Die vraelys sal ongeveer 30 minute neem en vrae sal met 'n bandspeler opgeneem word vir dataverwerking. Die hele proses is egter konfidensieel en u persoonlike inligting sal nie met ander persone meegedeel word nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3. Moontlike risiko's en ongemaklikheid

Daar is minimale risiko verbonde aan hierdie navorsing. Indien u in hierdie studie ongemaklik voel of indien dit enige negatiewe gevoelens ontlok, kan u na afloop daarvan vir ontlading en terapie aanmeld by die kindersorgvereniging (Kinder- en Gesinsorg Suid-Afrika) in Hammanshandweg Stellenbosch, of hul skakel by 021 887 2816. 'n Maatskaplike werker sal vir u aangewys word deur een van die direkteure van die organisasie, mevrou Cecile van Huysteen of mevrou Paula Rossouw. Ek verseker u dat hierdie navorsing egter anoniem is en dat niemand sal weet watter antwoorde u as persoon verskaf het nie. U sal slegs bekend staan as deelnemer een, twee, drie ensovoorts. Die doel van hierdie studie is om areas vir verbeterde dienslewering uit te lig en nie om u vermoëns te evalueer nie. Daarom sal u eerder hulp aan die navorser verleen as wat daar 'n evaluering van u geskied.

4. Vergoeding en moontlike voordele vir proefpersone en/of vir die samelewing

U sal nie betaal word om deel te neem aan hierdie navorsing nie, maar indien u deelneem aan hierdie navorsing, sal dit gesinsorgorganisasies wat dienste aan u gebied lewer help om areas vir verbetering in dienslewering uit te ken.

5. Vertroulikheid

Enige inligting wat deur middel van die navorsing verkry word en wat met u in verband gebring kan word, sal vertroulik bly en slegs met u toestemming bekend gemaak word of soos deur die wet vereis. Vertroulikheid sal gehandhaaf word deur u persoonlike inligting konfidensieel te hou en u as deelnemer anoniem bekend te stel, waar u slegs as deelnemer een, twee, drie ensovoorts bekend sal staan.

Inligting wat per band opgeneem is, sal ook na u verwys as deelnemer een, twee, drie ensovoorts en nie u naam of van bekend maak nie. Indien resultate publiseer word, sal u deel vorm van 'n statistiese voorstelling en weereens sal geen van u persoonlike inligting bekend gemaak word nie.

6. Deelname en onttrekking

U kan self besluit of u aan die studie wil deeneem of nie. Indien u inwillig om aan die studie deel te neem, kan u te eniger tyd u daaraan onttrek sonder enige nadelige

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gevolge. Die ondersoeker kan egter ook u aan die studie onttrek indien omstandighede dit noodsaaklik maak.

7. Identifikasie van ondersoekers

Indien u enige vrae of besorgdheid het, staan dit u vry om in verbinding te tree met die navorser, Angelique Albertyn, deur middel van epos: 15053903@sun.ac.za of telefonies 021 808 2069. U kan ook met die studieleier, professor Sulina Green, in verbinding tree per epos: sgreen@sun.ac.za of telefonies 021 808 2070.

8. Regte van proefpersone

U kan te eniger tyd u inwilliging terugtrek en u deelname beëindig, sonder enige nadelige gevolge vir u. Deur deel te neem aan die navorsing doen u geensins afstand van enige wetlike regte, eise of regsmiddel nie. Indien u vrae het oor u regte as proefpersoon by navorsing, skakel met Me. Maléne Fouché [mfouche@sun.ac.za; 021 808 4622] van die Afdeling Navorsingsontwikkeling, Universiteit Stellenbosch.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

BYLAE 2

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

DEPARTEMENT MAATSKAPLIKE WERK

SEMI-GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDSKEDULE

Titel van studie: Moeders se fasilitering van hul voorskoolse kinders se emosionele ontwikkeling: 'n Kinderregte-perspektief

Alle inligting wat deur die vraelys ingewin word, sal as konfidensieel beskou word. Individuele standpunte of deelnemers se name sal nie bekend gemaak word nie.

Deelnemer nommer ……..

Beste……..

Voordat hierdie vraelys voltooi word wil ek seker maak dat u aan die vereistes voldoen. Het u 'n kind bo die ouderdom van ses jaar? Was u die primêre versorger van die kind in die eerste ses lewensjare van die kind? Indien ja, voltooi u aan die nodige kriteria en sal ek graag 'n onderhoud met u wil voer.

1. IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE

1.1 Ouderdom

1.2 Huwelikstatus

Getroud	Saamleef	Ongetroud	Vervreemd	Geskei	Weduwee/ wewenaar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.3 Opvoedkundige kwalifikasie

Geen skolastiese opleiding	Skoolstanderd geslaag	Technikon, kollege, universiteit (spesifiseer)

1.4 Werksomstandighede

Werk tans (spesifiseer beroep)	Werk nie op die oomblik nie, maar het al gewerk (spesifiseer beroep)	Het nog nooit gewerk nie	Kan nie werk nie weens gestremdheid (spesifiseer gestremdheid)

1.5 Binne watter inkomstegroep van u huishouding per maand?

Inkomstegroep	**Merk die korrekte opsie (navorser)**
Onder R5000	
Tussen R5000 en R10 000	
Tussen R10 000 en R15 000	
Bo R15 000	

1.6 Kinders

1.6.1 Hoeveel kinders het u tussen die ouderdom van 0 en 6 jaar grootgemaak?

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.6.2 Was u kind(ers) in 'n kleuterskool?

Kind	Nee	Ja	Indien ja, spesifiseer kleuterskool
1			
2			
3			
4			
5			
6			

2. DIE EMOSIONELE ONTWIKKELING VAN 'N VOORSKOOLSE KIND

Die term "emosie" word soos volg aan die deelnemer verduidelik:

Emosies is ons gevoelens, soos om gelukkig te wees, ongelukkig te wees, kwaad te wees of bang te wees. Ons wys hoe ons voel deur ons gesigsuitdrukkings, byvoorbeeld om te huil, te lag of bang te lyk.

2.1 DROEFHEID

2.1.1 Om watter redes huil 'n baba?

Redes vir huil	Ja	Nee
Honger		
Pyn		
Moegheid		
Kwaad		
Ongemak		

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.1.2 Wat lei tot trane by 'n voorskoolse kind? Kies alle opsies wat u as korrek beskou.

Kriteria	Ja	Nee
Woede (om kwaad te wees)		
Ongelukkigheid		
Vrees (om bang te wees)		
Pyn		

2.2 GELUKKIGHEID

Hoe wys 'n baba dat hy/ sy gelukkig is? (Indien die deelnemer nie verstaan nie word die vraag gevra: Hoe weet u wanneer 'n baba gelukkig is?)

...
.....
.....

2.3 ANGS

2.3.1 Waarvoor is 'n baba tussen 0 en 12 maande bang?

	Ja	Nee
Verlies aan ondersteuning (sê nou maar jy as die versorger gaan weg)		
Harde geluide		
Vreemdelinge		
Hoogtes		
Skielike en onverwagte voorwerpe		
Spoke		
Hekse		
Monsters		

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.3.2 Het u reaksie teenoor ander mense 'n invloed op u baba se reaksie teenoor daardie mense? (As deelnemer nie verstaan nie word die volgende voorbeeld gebruik: As u u baba vashou terwyl u met iemand anders praat en u is bang vir daardie persoon, sal dit 'n invloed op u baba hê?)

Ja	
Nee	
Ek weet nie	

2.4 AGGRESSIE

2.4.1 Kom seuns of meisies meer aggressief (kwaai) voor?

Geslag	
Seuns	
Meisies	
Ek weet nie	

2.4.2 Was u kind tussen die ouderdom van 0 en 6 jaar aggressief (kwaai)?

Ja	
Nee	

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Watter van die volgende gedrag het u kind tussen die ouderdom van 0 en 6 jaar getoon?

Gedrag	Ja	Nee
Wil nie van sy/ haar speelgoed laat gaan nie		
Trek ander kinders se hare		
Woedebuie (tempertantrums)		
Slaan ander kinders of volwassenes		
Byt ander kinders of volwassenes		

2.5 EMOSIONELE REGULASIE

2.5.1 Kan 'n tweejarige kind sy/haar gevoelens beheer? (Indien deelnemer nie verstaan nie word die volgende voorbeeld gebruik: As 'n tweejarige kwaad word, kan hy/ sy dit beheer?)

Ja	
Nee	
Ek weet nie	

2.5.2 Motiveer u antwoord

.....

.....

2.6 TEMPERAMENT

2.6.1 Dink u u het 'n "maklike" of "moeilike" kind tussen die ouderdom van 0 en 6 jaar gehad?

Temperament	
Maklik	
Moeilik	

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.6.2 Indien u u kind as ‘n maklike kind beskou, was dit omdat:

Kriteria	Ja	Nee
die kind maklik in ‘n roetine gekom het (bad bv. op dieselfde tyd sonder tantrums, gaan slaap op ‘n gereelde tyd, is min of meer gedurende dieselfde ure van die dag elke dag wakker).		
die kind maklik by veranderings in sy/haar omgewing aangepas het (pas bv. maklik aan as die kind in ‘n vreemde huis moet gaan slaap vir ‘n nag).		
die kind oor die algemeen gelukkig gelyk het.		

Indien u u kind as ‘n moeilike kind beskou, was dit omdat:

Kriteria	Ja	Nee
die kind nie maklik ‘n roetine gevorm het nie (bv. nie op dieselfde tye elke dag gaan slaap of geëet het nie of wakker was nie).		
die kind negatief teenoor nuwe ervarings was (die kind wou bv. nie in ‘n nuwe plek of by ander mense slaap of eet nie).		
die kind oor die algemeen ongelukkig gelyk het.		

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.7 ALGEMENE VRAE

2.7.1 Watter emosie wys 'n baba eerste?

Huil	Lag	Glimlag	Soen

2.7.2 Hoe wys 'n baba tussen die ouderdom van 0 en 6 maande vir jou hoe hy/sy voel?

Die baba sê dit vir my.	Die baba se gesigsuitdrukkings wys dit.	Die baba wys dit nie vir my nie.

2.7.3.1 Is dit belangrik om in die eerste jaar na geboorte self baie aandag aan u baba te gee?

Ja	Nee	Ek weet nie

2.7.3.2 Motiveer

.....

.....

2.7.3.3 Wat beskou u as 'n goeie omgewing vir kinderontwikkeling? (Leiding: 'n Omgewing vir 'n kind om in groot te word – wat maak 'n goeie omgewing? Bv. kos, 'n bed om in te slaap, liefde, aandag?)

.....

.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.74.1 Is die <u>emosionele ontwikkeling</u> van 'n voorskoolse kind belangrik?

Ja	
Nee	

2.7.4.2 Waarom beskou u dit as belangrik of onbelangrik?

.....

.....

.....

2.7.5.1 Het u 'n behoefte om meer te leer oor 'n voorskoolse kind se emosionele ontwikkeling?

Ja	
Nee	

2.7.5.2 Indien ja, waarom wil u meer oor voorskoolse emosionele ontwikkeling leer?

.....

.....

2.7.5.3 Wie dink u moet hierdie kennis aan u verskaf? (Leiding: Soos 'n kerk of 'n skool of 'n creché of 'n welsyn)

.....

.....

.....

.....

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.7.6 Sal die manier waarop u teenoor u voorskoolse kind optree, die basis vir alle latere verhoudings in u kind se lewe vorm?

Ja	Nee	Ek weet nie

Motiveer

.....

.....

3. DIE SUID-AFRIKAANSE WETGEWING EN DIE BEHOEFTES VAN MOEDERS AS VERSORGERS

3.1. Weet u dat Suid-Afrika 'n Kinderwet 38 van 2005 het wat vereis dat u gunstige omgewings vir u voorskoolse kind se ontwikkeling moet skep?

Ja	
Nee	

3.2 Indien ja, wat weet u van hierdie Kinderwet?

……

……

3.3 Sal u meer wil leer oor die Suid-Afrikaanse Kinderwet?

Ja	
Nee	

3.4.1 Indien ja, waarom sal u meer wil leer van hierdie Suid-Afrikaanse Kinderwet?

……

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.4.2 Indien nee, waarom sal u nie meer wil leer oor hierdie Suid-Afrikaanse Kinderwet nie?

……

BAIE DANKIE VIR U TYD EN SAMEWERKING!